

**'N ONDERSOEK NA  
DIE TAAL- EN LITERÊR-  
HISTORIESE ARBEID VAN  
J. DU P. SCHOLTZ**

**deur**

**MARIETA NEL**

**voorgelê ter vervulling van die  
vereistes van die graad**

**MAGISTER ARTIUM**

**in die**

**DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD**

**STUDIELEIER: PROFESSOR R.H. PHEIFFER**

**DESEMBER 1990**

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

DANKBETUIGING

Ek wil graag die volgende mense en instansies bedank sonder wie hierdie tesis nie moontlik sou wees nie:

- Prof. R.H. Pfeiffer, my studieleier, vir sy waardevolle leiding, geduld en motivering, harde werk op die laaste minuut en sy gedurige vermaning tot sobere styl.
- Prof. E.H. Raidt van die Universiteit van die Witwatersrand vir haar waardevolle wenke, insigte en haar diepgaande kennis van Scholtz wat sy bereid was om met my te deel. Ek het 'n ellelange onderhoud met haar in Johannesburg gevoer en sy was altyd bereid om telefoniese navrae te beantwoord.
- Die dosente van die Departement Afrikaans/Nederlands van die Universiteit van Kaapstad vir hul belangstelling en ondersteuning.
- Mev. E. Swanepoel, sekretaresse van die Departement Afrikaans en Nederlands, vir haar daadwerklike bystand en praktiese raad.
- Die Jagger-Biblioteek van die Universiteit van Kaapstad, Bremner-Administrasie van die Universiteit van Kaapstad, die Stellenbosse Universiteitsadministrasie ('n spesiale dank aan mev. S. Beukes), die Suid-Afrikaanse Biblioteek en die J.S. Gericke-Biblioteek aan die Universiteit van Stellenbosch, waar ek die meeste van my materiaal versamel het. Scholtz se dokumente word in die Manuskrip-afdeling van lg. universiteit bewaar. 'n Spesiale dank aan mev. Hanneljie Botha wat my op kort kennisgewing gehelp het, fotokopieë tot my beskikking gestel het en my partykeer op 'n interessante spoor geplaas het.
- Mev. H.E.Z. Scholtz (Scholtz se eggenote) en prof. J.C. Kannemeyer (R.G.N.) vir waardevolle inligting veral oor

Scholtz se biografiese gegewens. Prof. J.C. Kannemeyer het my te midde van 'n uiters druk program te woord gestaan in Pretoria en waardevolle insette gelewer.

- Die volgende persone met wie ek almal onderhoude kon voer: Mev. M. Bax-Botha (oud-dosent aan die Universiteit van Kaapstad), mnr. J.L.M. du Plessis (oud-student), mnr. Jan Esterhuysen (dosent aan die Departement Opvoedkunde en oud-student aan die Universiteit van Kaapstad), Elsa Joubert (oud-student), mev. Helena (Jordaan) Lambrechts (oud-student), mnr. H.A. Lambrechts (oud-student), prof. T.H. Links (Universiteit van Wes-Kaapland), prof. J.E. Loubser (Universiteit van Port Elizabeth), prof. F.A. Ponelis (Universiteit van Stellenbosch), mnr. Klaas Steytler (oud-student) en dr. H. Waher (dosent aan die Universiteit van Kaapstad en oud-student) en die kurator van die Irma Stern-museum.
- Die volgende persone met wie ek telefoniese onderhoude gevoer het: mej. Nerina Ferreira (oud-student), prof. G.S. Nienaber (R.G.N.), Randall Wicomb en prof. P.W. Grobbelaar (Universiteit van Stellenbosch).
- Die volgende persone het vir my inligting per brief gestuur: dr. F.R. Bradlow van die V.R.V., mnr. J.L.M. du Plessis (oud-student), prof. F.A. Ponelis (Universiteit van Stellenbosch), mev. M. Rust (oud-student en dogter van wyle prof. D.B. Bosman), en mev. A. Smith (dogter van wyle prof. J.J. Smith). 'n Spesiale dank aan prof. G.S. Nienaber wat goedgegunstiglik 'n afskrif van 'n 1988-referaat voor publikasie aan my beskikbaar gestel het.
- Die volgende persone was as kontakpersone behulpsaam met vraelyste by die verskillende instansies: Universiteit van Kaapstad - dr. C. van der Merwe, Universiteit van Stellenbosch - prof. F.A. Ponelis, Universiteit van Port Elizabeth - mev. E.G. Boekkooi, prof. J.E. Loubser en

- mej. E. van As, Universiteit van Wes-Kaapland - prof. T.H. Links en mnr. Hendrickse, Die Hoërskool Gelvandale - mej. C. Nel, die Hoërskool Grey - mnr. A.M. van Staden, die Hoërskool Otto du Plessis - mej. D. Nel en die Hoërskool Pearson - mnr. J. Gerber.
- Die 1988-derdejaarstudente van die Universiteite van Kaapstad, Port Elizabeth, Stellenbosch en Wes-Kaapland vir die voltooiing van vraelyste.
  - Die 1988-Afrikaans T1-leerlinge van die Hoërskole Gelvandale, Grey, Otto du Plessis en Pearson vir die voltooiing van vraelyste.
  - Die onderwysers van 42 hoërskole in die Oos- en Wes-Kaapland vir die voltooiing van vraelyste.
  - Die volgende historiese taalkundiges wat 'n lang en tydroende vraelys voltooi het: C.J. Conradie (RAU), D.M. Wybenga (Potchefstroomse universiteit - Vaaldriehoek Kampus), J.E. Loubser (UPE), E.G. van der Merwe (Potchefstroomse universiteit - Potchefstroom), B. Bosch (Rhodes), T. du Plessis (UND), Ernst Kotzé (Zoeloeland), E.G. Boekkooi (UPE), L.P. van Eeden (UOVS), A.J. van Wyk (Durban - Westville), G.J. de Klerk (Unisa), B. Meiring (Unisa), W.A.M. Carstens (UK), R.H. Pheiffer (UK), T.H. Links (UWK), E.H. Raidt (Universiteit van die Witwatersrand) en F.A. Ponelis (US). Lg. twee het dieselfde inligting as wat in die vraelys vervat is, tydens onderhoude verskaf.
  - Mnr. A. van Deventer (Departement Kommunikasiekunde van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat) en die Rekensentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir die statistiese verwerking van die vraelyste.
  - Mej. R. Els, mev. J. Knox en mev. S. Kingma vir die tik van die manuskrip.

- Mej. C. Viljoen vir vertaalwerk.
- Mnr. O.Y.R. Fléchais van die Departement Frans van die Universiteit van Kaapstad vir vertaalwerk en sy onderskraging.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Universiteit van Kaapstad en die Lestrade-nalatenskap vir finansiële hulp wat die uitgawes t.o.v. fotokopieë, kassette, reise, universiteitsgelde en akkommodasie ten volle gedek het.

Menings wat in hierdie tesis uitgespreek word of gevolgtrekkings waartoe ek gekom het, is my eie en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing of dié van die Universiteit van Kaapstad nie.

Nogmaals my hartlike dank aan bogenoemde persone en instansies.

Ek wil hierdie verhandeling opdra aan twee mense wat my na aan die hart lê en wat beide 'n ernstige siekbed deurgemaak het:

- (i) Johannes du Plessis Scholtz. Scholtz, wat nooit van sy siekbed herstel het nie en op 26 Januarie 1990 die tydelike met die ewige verwissel het. Ek het J. du P. Scholtz net eenkeer ontmoet, maar die indruk wat sy werk op my gelaat het, is 'n onuitwisbare een.
- (ii) Christina Jacoba (Nel) Verwey, my moeder, wat wonderbaarlik uit die kloue van die dood ontsnap het. Haar dapper poging om vrou-alleen vier dogters deur universiteit te sien, is net so merkwaardig.

Soli deo Gloria!  
Kaapstad  
September 1990

Marieta Nel

## Abstract

The problem postulate which has led to this investigation is the discrepancy between on the one hand the perception of Scholtz's research as the norm to which Afrikaans linguistics is gauged and on the other hand the self-evident ignorance of his work by the average Afrikaans/Nederlands graduate.

The subject is: An investigation into the linguistic and literary historic work of J. du P. Scholtz. The intention is to attempt to indicate the entire spectrum of Scholtz's research in these spheres. In order to give a complete picture of his contribution to Afrikaans one should describe the linguistic and literary historic contributions. His work as a cultural and art historian will be mentioned only briefly.

Chapter 1 contains the results and analysis of an empirical investigation which was directed into an evaluation of Scholtz's work. In doing so an attempt is made to indicate that the above-mentioned ignorance is not merely a personal and imagined scenario: Subsequently chapter 2 points out certain hitherto unknown biographical details and chapter 3 gives a comprehensive chronological outline of Scholtz's publications in an attempt to support the view of him as the norm according to which Afrikaans linguistics is gauged.

This is followed by a comprehensive spectrum of his contributions with the focus primarily on his linguistic contributions in chapter 4. Raidt viewed his work from a chronological perspective in order to trace his development but it is also important, however, to illustrate the various spheres in which he operated. The entire range, viz diachronic and synchronic linguistics, lexicology, lexicography, linguistic textual analyses, linguistic criticism, socio-historic linguistics and correspondence with linguists is illustrated.

His literary contributions are presented in chapter 5 under the

## Résumé

La problématique qui a conduit à cette présente étude montre le décalage entre, d'une part, le fait que l'oeuvre de Scholtz est perçue comme la référence par excellence tenant à toute recherche menée sur la langue afrikaans et, d'autre part, le fait que celle-ci soit méconnue de l'étudiant de troisième cycle d'afrikaans et néerlandais.

Le titre du sujet est: "Une étude des travaux de J. du P. Scholtz en histoire de la langue et de la littérature afrikaans". Cette étude visé à mettre en évidence la véritable dimension des recherches de Scholtz dans ces deux domaines. Afin de présenter fidèlement ses apports à l'afrikaans, il est apparu nécessaire de décrire ses contributions en histoire de la langue et de la littérature afrikaans. Ses travaux en tant qu'historien de la culture et de l'art afrikaans ne seront ici que brièvement présentés.

Dans le chapitre premier seront exposés les résultats et l'analyse d'une étude empirique ayant pour but d'évaluer la perception de l'oeuvre de Scholtz. Ainsi, il est prouvé que cette oeuvre est bel et bien méconnue. Dans le chapitre deux, on trouve certains détails biographiques qui n'avaient jamais été relevés auparavant et dans le chapitre trois, une bibliographie chronologique détaillée des publications de Scholtz afin de donner une mesure de l'ampleur de son oeuvre et de la norme dont elle est gratifiée en linguistique afrikaans.

Cela est suivi d'une étude détaillée et exhaustive sur ses contributions surtout linguistiques, dans le chapitre quatre. L'approche utilisée est différente de celle de Raidt qui les a appréhendées d'un angle chronologique. Elles sont perçues au moyen des disciplines dans lesquels Scholtz a poursuivi ses recherches. Les illustrations concernent donc: la linguistique synchronique et diachronique, la lexicologie, la lexicographie, l'analyse textuelle linguistique, la critique linguistique, la linguistique socio-historique et ses correspondances avec

following headings: literary historic contributions, literary criticism, his supportive role in the literary sphere and translations.

Subsequently, his role as a lecturer and study supervisor is considered in chapter 6. This is followed by an account of his culture-historic contributions in chapter 7.

The thesis is summarised and concluded in chapter 8 in a critical evaluation of his work. This comprises of a discussion of Scholtz as a scientific researcher in contrast with other researchers, his research methodology, the sources he exploited, recognition and criticism of his work and whether he made a lasting contribution.

To a considerable extent use was made of primary sources: the Scholtz collection as well as other documents in the Stellenbosch University Library and the South African Library; records which were made available by the administrations of the University of Stellenbosch and the University of Cape Town; and material from the archives of Die Burger and Huisgenoot.

Use was also made of qualitative and quantitative manipulation to investigate the problem:

- (i) qualitatively more than 30 former students, former colleagues, friends, relatives and experts were interviewed
- (ii) quantitatively more than 600 questionnaires were distributed for completion by matric pupils, third-year students of Afrikaans/Nederlands, teachers of Afrikaans and specialists in the history of the Afrikaans language. The questionnaires contain multiple choice, open-ended and "scaled" questions.

d'autres linguistes.

Ses contributions littéraires sont exposées au chapitre cinq sous les titres suivants : contributions en histoire littéraire, critique littéraire, son rôle en tant que promoteur dans le monde littéraire et ses traductions.

Ensuite, l'homme en tant qu'universitaire est étudié au chapitre six, suivi d'un commentaire sur ses apports en histoire culturelle au chapitre sept.

Le chapitre dix résume et conclut la thèse par une évaluation critique de son oeuvre qui comprend une description de Scholtz en tant que chercheur et de sa place parmi ses contemporains, ses méthodes de recherche, les sources exploitées, la perception de ses travaux et la mesure dans laquelle il a marqué la postérité.

Des documents originaux ont été largement utilisés tels la collection Scholtz ainsi que d'autres documents de la bibliothèque de l'université de Stellenbosch et de la bibliothèque nationale d'Afrique du Sud; les dossiers des administrations de l'université de Stellenbosch et de l'université du Cap, et les archives du quotidien Die Burger et de l'hebdomadaire Huisgenoot.

Les approches qualitative et quantitative ont été également utilisées pour l'étude de cette thèse.

- (i) méthode qualitative: plus d'une trentaine d'anciens étudiants, d'anciens collègues, d'amis, de proches et d'experts ont été interviewés.
- (ii) méthode quantitative: plus de 600 questionnaires ont été remplis par des lycéens de baccalauréat, des étudiants de troisième année d'afrikaans/néerlandais, des enseignants d'afrikaans et des spécialistes en histoire de la langue afrikaans. Les types de questionnaire utilisés sont: des Q.C.M., des questionnaires à questions ouvertes, des questionnaires en éventail.

## INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Inleiding : PROBLEEMSTELLING	1
Hoofstuk 1 : 'n EMPIRIESE ONDERSOEK NA 'n EVALUERINGS VAN SCHOLTZ SE TAAL- EN LITERÊRHISTORIESE BYDRAES	6
1.1 : Die matriekleerling	7
1.2 : Die derdejaargestudent	10
1.3 : Die taalonderwyser	16
1.4 : Die taaldosent	22
Hoofstuk 2 : BIOGRAFIESE GEGEWENS	26
2.1 : Geboorte, voorgeskiedenis, familie en : skooljare (1900-1916)	26
2.2 : Universiteitsopleiding op Stellenbosch (1917-1920)	28
2.3 : Werk by die pers (1921-1924)	32
2.4 : Studie in Amsterdam (1924-1927, 1929-1934 en 1939)	33
2.5 : Werk aan <u>Woordeboek van die Afrikaanse           Taal</u> (1927-1929, 1931-1933)	36
2.6 : Huwelik (1931)	37
2.7 : Lektor aan die Universiteit van Kaapstad (1934-1949)	38
2.8 : Departementshoof (1950-1965)	42
2.9 : Oorsese reise (1948, 1954, 1961, 1966, 1974 en 1976)	46
2.10 : Werksaamhede na aftrede (1965-1980)	49
Hoofstuk 3 : 'n CHRONOLOGIESE OORSIG VAN SY PUBLIKASIES	56
Hoofstuk 4 : 'n VOLLEDIGE OORSIG VAN SY TAALKUNDIGE BYDRAES	57

		(x)
4.1	: DIACHRONIESE BYDRAES	57
4.1.1	: Argivale navorsing	57
4.1.2	: Publikasies	63
4.1.2.1	: <u>Wording en ontwikkeling van Afrikaans</u>	63
4.1.2.2	: Fonologies	87
4.1.2.3	: Morfologies	101
4.1.2.4	: Sintakties	124
4.1.2.5	: Leksikologies	128
4.1.2.6	: Metodologies-oorsigtelik	130
4.1.2.7	: Algemeen	133
4.1.2.8	: Populer-taalhistories	140
4.1.2.9	: <u>Taalhistoriese opstelle</u>	144
4.1.2.10	: <u>Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu</u>	147
4.1.3	: Kennis van Nederlandse dialekte en ABN	150
4.1.4	: Doseerwerk	150
4.1.5	: Opleiding van historiese taalkundiges	150
4.2	: SINCHRONIESE BYDRAES	157
4.2.1	: Fonologiese studies	159
4.2.2	: Morfologiese studies	161
4.2.3	: Sintaktiese studies	164
4.2.4	: Dosent en studieleier	166
4.2.5	: Navorsing oor die algemene taalwetenskap	170
4.3	: LEKSIKOLOGIESE BYDRAES	172
4.4	: LEKSIKOGRAFIESE BYDRAES	194
4.5	: TAALKUNDIGE TEKSANALISES	206
4.6	: TAALKUNDIG-KRITIES	232

4.7	:	SOSIO-HISTORIES	252
4.8	:	TAALKUNDIGE KORRESPONDENSIE	273
Hoofstuk 5	:	LETTERKUNDIGE BYDRAES	
5.1	:	Literer-historiese bydraes	288
5.2	:	Literer-kritiese bydraes	311
5.3	:	Ondersteunende rol op letterkundige gebied	321
5.4	:	Vertalings	376
Hoofstuk 6	:	BYDRAE AS DOSENT EN STUDIELEIER	379
Hoofstuk 7	:	KULTUURHISTORIESE BYDRAES	399
Hoofstuk 8	:	POLEMIEKE	427
Hoofstuk 9	:	'n KRITIESE EVALUERING VAN SCHOLTZ SE TAAL- EN LITERÊRHISTORIESE BYDRAE	433
9.1	:	'n Vergelyking met ander navorsers	433
9.2	:	Scholtz as wetenskaplike navorsers	440
9.3	:	Sy navorsingsmetodiek	441
9.4	:	Bronne wat hy ontgin het	444
9.5	:	Kritiek teen Scholtz se werk	446
9.6	:	'n Positiewe bydrae	450
9.7	:	Erkenning	452
9.8	:	Moontlike invloede op Scholtz	454
9.9	:	'n Blywende bydrae?	456

BIBLIOGRAFIE		461
BYLAE		
Bylaag A -	Vraelys en tabelle: die matriekleerling	470
Bylaag B -	Vraelys en tabelle: die derdejaarstudent	476
Bylaag C -	Vraelys en tabelle: die taalonderwyser	487
Bylaag D -	Vraelys en tabelle: die dosent in historiese taalkunde	498
Bylaag E -	Chronologiese oorsig van J. du P. Scholtz se publikasies	507
Bylaag F -	Aantekeninge van Scholtz oor G.S. Nienaber se <u>Die Afrikaanse geskrifte van Samuel Zwaartman</u>	523
Bylaag G -	G.S. Nienaber se konsepvoorstel van 'n Voorwoord vir 'n uitgawe van die Patriotvereniging waarin hy erkenning aan Scholtz verleen	528
Bylaag H -	'n Lys van publikasies wat Scholtz geraadpleeg het by sy vyf teksontledings	530
Bylaag I -	Scholtz se korrespondensie met taalkundiges	537
Bylaag J -	Scholtz se korrespondensie met digters/skrywers	564
Bylaag K -	Lys van studente wat vanaf 1934 - 1965 onder Scholtz gestudeer het	575
Bylaag L -	Lys van V.R.V.-uitgawes wat onder Scholtz se voorsitterskap verskyn het	581

Verwysings na Scholtz se eie publikasies kan in bylaag E (en nie in die algemene bibliografie nie) nageslaan word.

## Canis major

**Jaloerse waghond van die hemelboë,  
jy skat die hemelinge na vermoë  
sodat hulle besorg kyk of die sterre  
flikker uit jou tande of jou oë.**

D.J. Opperman: die "Diereriem" - reeks in Engel uit die klip  
en die "Bewakers" - reeks in Blom en baaierd

## Inleiding: PROBLEEMSTELLING

### 'n Persoonlike noot

A "Scholtz, H. van der Merwe  
 Scholtz, Ingrid  
 Scholtz, J. du P.  
 Scholtz, Merwe  
 Scholtz, M.G.

Scholtz, J. du P. Waarvoor staan die J. du P.? Wat was sy bydrae tot die Afrikaanse vakterrein? Was hy taalkundige of letterkundige of...?

Ek het keer op keer gewonder wanneer ek die register van persoonsname agterin 'n boek of tydskrifreeks aangaande die Afrikaanse vakgebied geraadpleeg het. Dikwels was ek op soek na die naam Merwe Scholtz, maar nooit na J. du P. Scholtz nie.

Ek had vier jaar se skoling (weliswaar letterkundig-georiënteerd) in Afrikaans/Nederlands agter die rug sonder om ooit werklik ernstig te wonder of te besin wie J. du P. Scholtz nou werklik is. Ek het later vaagweg onthou dat die naam nogal prominent gefigureer het in E.H. Raidt se Afrikaans en sy Europese verlede. Dit was die somtotaal van my kennis oor Scholtz. Dalk ook die somtotaal van die gemiddelde gegradueerde met Afrikaans/Nederlands III of selfs 'n honneursgraad(?)

Toe my belangstelling in sy werk op 'n later stadium geprikkel is, het ek by my deurlees van Scholtz se werk tot die volgende drie ontdekkings gekom:

- 1) Scholtz gaan moeilik, indien ooit, deurgelees word. Hy het soveel gepubliseer (tien boeke, 97 artikels), sy publikasies dek 'n wye spektrum (van diachroniese taalkunde tot kuns- en kultuurgeskiedenis) en sy wetenskaplike werk is baie moeilik "verteerbaar". Sy hele oeuvre strek oor 'n tydperk van 61 jaar (vanaf 1920 tot 1981) en is alles werk wat gebaseer is

op diepgaande navorsing.

- 2) Dit lyk asof niemand Scholtz lees nie. By twee universiteitsbiblioteke en een stadsbiblioteek vertel die datumstempels die treurige verhaal van Scholtz-publikasies wat twee, drie, miskien vyf maal 'n dekade geraadpleeg word.
- 3) Scholtz se standaardwerke is omtrent nie in die handel verkrygbaar nie. Die enigste vrugte wat 'n moeisame soektog in Port Elizabeth opgelewer het, was 'n tweedehandse Wording en Ontwikkeling van Afrikaans. Noodgedwonge moes ek my tot 'n akademiese boekhandel in Johannesburg wend. My soektog is met meer sukses beloon, maar ek moes kennis neem van die volgende pessimistiese prentjie van Scholtz se publikasiesukses: Die eerste oplaag van Taalhistoriese opstelle (2 000 eksemplare) is eers in 1979 uitverkoop nadat dit sestien jaar vroeër verskyn het. Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu is nog nie herdruk nie. Die Afrikaner en sy taal is een keer herdruk, maar nou weer uitverkoop. Uit die geskiedenis van naamgewing aan plante en diere in Afrikaans is baie onbekend, hoewel dit in 1975 herdruk is nadat Scholtz dit drasties hersien het. Afrikaans uit die vroeë tyd is wel verkoop, maar nie herdruk nie."

## B

- 1) "J. du P. Scholtz is die maat waaraan die Afrikaanse taalkunde gemeet word" (F.A. Ponelis in 'n brief van 30 Oktober 1973 aan Scholtz).
- 2) "Daar is drie Afrikaners van wie ek en ander graag alles wil lees wat hulle geskryf het: N.P. van Wyk Louw, u en M.E.R." (J.C. Steyn in 'n brief van 10 Mei 1979 aan Scholtz).

Hoe rym bogenoemde twee uitsprake met my kennismaking met Scholtz? Hoekom word die "maat waaraan die Afrikaanse taalkunde gemeet (moet) word" so weinig bestudeer? Hoekom word die persoon van wie Steyn en ander graag alles wil lees, bykans nooit gelees nie?

- 1) Is Scholtz die maat waaraan die Afrikaanse taalkunde gemeet moet word? 'n Koor van kenners antwoord "ja".

E.H. Raidt bestempel hom as "die grootste Afrikaanse taalkundige en taalhistorikus; 'n baanbreker op die gebied van die Afrikaanse taalgeskiedenis; die vader van die Afrikaanse taalwetenskap." Komende van Raidt wat self deur haar navorsing en publikasies 'n bydrae van die eerste orde tot die Afrikaanse historiese taalkunde gemaak het, moet hierdie woorde veel gewig dra. Sy wys op sy vyf belangrike publikasies oor die Afrikaanse taalgeskiedenis en die nagenoeg vyftig wetenskaplike studies wat feitlik alle gebiede van die Afrikaanse taalontwikkeling bestryk.

R.H. Pfeiffer sien Scholtz as die "pionier van die Afrikaanse taalwetenskap..." wat die "grootste enkele wetenskaplike bydrae" tot die diachroniese taalkunde gelewer het (Die Burger, 14 Mei 1985).

H.J. Lubbe noem Scholtz "ons voorste diachroniese taalkundige" (Klasgids, Februarie 1981).

Die Beeld-redaksioneel praat van "...een van die grootste Afrikaanse taalkundiges - baie noem hom onomwonde die grootste" (Beeld, 17 Mei 1980).

- 2) Hoekom noem Steyn Scholtz in dieselfde asem as N.P. van Wyk Louw en M.E.R. as drie Afrikaners van wie hy en andere alles wil lees?

E.H. Raidt verskaf gedeeltelik die antwoord hierop deurdat sy Scholtz as 'n "veelsydige kultuurmens, n kunsliefhebber, -kenner en -kritikus en 'n groot Afrikaner van die twintigste eeu" beskryf (Burger, 19 Mei 1980). R.H. Pfeiffer antwoord verder deur te verwys na die tot nou nog onbeskrewe rol wat hy ter bevordering van die Afrikaanse letterkunde gespeel het (Burger, 14 Mei 1985). Scholtz het dus in die algemeen Afrikaans, die Afrikaner en Suid-Afrika se geesteslewe en geesteswetenskap verryk.

Die diskrepansie tussen A en B bring onwillekeurig vrae soos die volgende na vore:

- Is prof. Scholtz se taalkundige prestasies en die belangrikheid van sy werk na behore geskat?
- Het hy die erkenning en samewerking van sy Suid-Afrikaanse en oorsese kollegas gekry waarop hy geregtig was?
- Het sy werk ooit die nodige publisiteit gekry?
- Geniet sy studies oor die historiese taalkunde genoeg aandag op universiteit?

Ek wil op al bogenoemde vrae 'n antwoord soek en daarmee terselfdertyd die doel van my verhandeling verantwoord. Ek wil poog om 'n volledige, wydgeskakeerde, kritiese beskrywing van Scholtz se bydrae tot die Afrikaanse taal- en literêr-historiese wetenskap weer te gee. Ek reken dis nodig omdat daar buiten E.H. Raidt se 1980 Standpunte-artikel en R.H. Pfeiffer se Die Burger-artikels min geskryf is oor hom, hy relatief min erkenning geniet, hy nie sy regmatige plek as een van ons voorste taalkundiges beklee nie en omdat jong taalkundiges hom dikwels net uit voetnote ken. Lg. aspek word deeglik deur E.H. Raidt besef. Sy sê dan ook in haar Voorwoord tot Afrikaans en sy Europese verlede: "Miskien sal die talryke verwysings in hierdie boek daartoe bydrae dat sy werke meer onder die aandag van taalkundiges en studente kom."

Die vlag wat die lading van my tesis moet dek, is: "'n Onderzoek na die taal- en literêrhistoriese arbeid van J. du P. Scholtz". Hiermee wil ek die hele spektrum van Scholtz se navorsingswerk op dié gebiede probeer aantoon. Dis myns insiens wenslik om die taal- en literêrhistoriese bydraes te beskryf ten einde 'n afgeronde beeld te gee van sy bydrae tot Afrikaans. Sy werk as kuns- en kultuurhistorikus sal net kortliks ter sprake kom.

Ek begin hoofstuk 1 met die resultate en bespreking van 'n empiriese ondersoek wat ek geloods het na 'n evaluering van Scholtz se taal- en literêrhistoriese bydraes. Hiermee wil ek probeer aantoon dat A hierbo nie net 'n persoonlike en verbeelde scenario is nie.

Vervolgens wys ek in hoofstuk 2 op enkele biografiese gegewens en gee 'n volledige chronologiese oorsig van Scholtz se publikasies in hoofstuk 3 (bylaag E) ten einde die problematiek in B hierbo uiteengesit, te probeer oplos.

Dan volg daar in hoofstuk 4 'n volledige spektrum van sy bydraes waar daar eerstens en veral gefokus word op sy taalkundige bydraes. E.H. Raidt het hom chronologies bekyk (Raidt 1980) om die ontwikkeling te sien wat by hom plaasgevind het. Dis egter ook belangrik om die verskillende terreine waarop hy werksaam was, te belig. Die hele lading, nl. die diachroniese, sinchroniese, leksikologiese, leksikografiese, taalkundige teksanalises, taalkundig-kritiese, sosio-historiese en taalkundige korrespondensie word in hoofstuk 4 belig.

Sy letterkundige bydraes word in hoofstuk 5 bespreek onder die hofies: literêrhistoriese bydraes, literêrkritiese bydraes, ondersteunende rol op letterkundige gebied en vertalings.

Dan word daar in hoofstuk 6 gekyk na sy bydrae as dosent en studieleier en volg daar 'n oorsigtelike bespreking van sy kultuur- en kunshistoriese bydraes in hoofstukke 7 en die polemieke waarin hy betrokke was in hoofstuk 8.

Die tesis word in hoofstuk 9 saamgevat en afgesluit in 'n kritiese evaluering van Scholtz se taal- en literêrhistoriese bydrae. Dit behels onder meer Scholtz as wetenskaplike navorser, sy navorsingsmetodiek, die bronne wat hy ontgin het, 'n vergelyking met ander navorsers, kritiek op sy werk, erkenning daarvan en die vraag of hy wel 'n blywende bydrae gelewer het.

Hopelik sal hierdie tesis daartoe bydra om die mindere plek wat Scholtz dikwels tussen ander taalkundiges bekleed, op te hef en Scholtz voor te stel as "'n formidabele figuur wat kop en skouers bokant sy tydgenootlike kollegas uittroon" (E.H. Raidt in Standpunte, 1980).

Hoofstuk 1 : 'n EMPIRIESE ONDERSOEK NA 'n EVALUERING VAN SCHOLTZ  
SE TAAL- EN LITERÊRHISTORIESE BYDRAES

Volgens persoonlike ondervinding is Scholtz en sy bydrae tot die Afrikaanse taalwetenskap nie baie bekend nie.

Hierdie ondervinding word gedeel deur iemand soos prof. J.C. Kannemeyer. Toe Kannemeyer aan die einde van 1961 na die voltooiing van sy M.A. op Stellenbosch na die Universiteit van Kaapstad-kom, was Scholtz vir hom 'n onbekende faktor. Hy het vaagweg geweet van Scholtz, maar kon nie 'n mening oor hom as vakman vorm nie, want sy naam is nooit in die klasse van W. Kempen en Meyer de Villiers genoem nie. Sy eerste kennismaking met Scholtz was 'n toevallige, persoonlike een - hy het die Scholtz -publikasie, Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans, op 'n uitverkoop vir 'n halfkroon gekoop (onderhoud met J.C Kannemeyer).

Tot hoe 'n mate is hierdie twee persoonlike ervarings verteenwoordigend van die werklikheid? Is dit die deursnee-bevinding ten opsigte van Scholtz en sy bydrae tot Afrikaans? Is dit nie twee ekstreme gevalle - as ons die volgende twee uitsprake aangaande Scholtz en sy werk te berde bring - nie?

- 1) "Geen taalkundestudent het ooit 'n kursus voltooi sonder om met die veteraan (Scholtz) se werk kennis te maak nie" (H. Grobler, Hoofstad, 28 Aug 1980).
- 2) "Hieruit behoort te blyk dat die werk (Wording en ontwikkeling van Afrikaans) onontbeerlik is vir elke belangstellende in die taal, by name die taaldosent-, onderwyser en (eerstejaar-)- student" (H.J. Lubbe, Klasgids, Februarie 1981).

Die skryfster het 'n beperkte empiriese ondersoek geloods ('n aantal steekproewe) na 'n evaluering van Scholtz se taal- en literêrhistoriese bydrae ten einde na te gaan wat die deursnee-evaluering ten opsigte van Scholtz en sy bydrae tot Afrikaans is, of taalkundestudente wel met Scholtz se werk

kennis gemaak het en of taalbelangstellendes, t.w. die taal-dosent, -onderwyser, -student en matriekleerling al gebruik gemaak het van die Scholtz-publikasies, al is dit sy oorsig-werk Wording en ontwikkeling van Afrikaans.

Ek wil met my empiriese ondersoek fokus op:

### 1.1 Die matriekleerling (vraelys C) (verskyn as bylaag A)

Die skryfster het haar ondersoek in 1988 toegespits op Afrikaans T1-leerlinge in die Oos-Kaap. Die vier skole wat betrek is, was die Hoërskool Grey ('n Engelsmediumskool), die Hoërskool Pearson ('n dubbelmediumskool), die Hoërskool Otto du Plessis ('n Afrikaansmediumskool) en die Hoërskool Gelvendale ('n dubbelmediumskool). Daar was 112 respondente wat die hele spektrum van Afrikaans T1-onderrig verteenwoordig het.

Die vraelys was relatief kort (5 vrae) en was daarop gemik om die leerling se bekendheid met die naam J. du P. Scholtz vas te stel. Daar word pertinent gevra of hy/sy die naam al raakgeloop het in die skoolbiblioteek, handboeke, die Afrikaanse Kinderensiklopedie ens.

Die leerlinge het as volg op die vrae gereageer:

- 1) Het u al ooit die naam J. du P. Scholtz gehoor?

Slegs ongeveer 'n tiende van die leerlinge het die naam al gehoor (kyk tabel A.1).

- 2) In watter een van die volgende hoedanighede het Scholtz 'n bydrae tot die Afrikaanse Taal en Lettere gelewer?

Van die 18,7% wat bereid was om 'n uitspraak te waag en op 'n sekere kennis geroem het, was slegs 38% akkuraat, m.a.w. 7,1% van die totaal (kyk tabel A.2).

- 3) Het u Scholtz al ooit "raakgeloop" op een van die volgende plekke?

60,8% van die respondente het die naam nog nooit raakgeloop nie terwyl 22,5% nie kan onthou nie. M.a.w. slegs ongeveer 17% het die naam al iewers raakgeloop (kyk tabel A.3). Twee respondente het op die naam J. du P. Scholtz in die fakulteitsgids van die Universiteit van Kaapstad afgekom. Sewe respondente meen dat hulle op die naam J. du P. Scholtz in een van hul handboeke afgekom het. Die skryfster kon dit nie vind in die twee mees gebruikte handboeke, Ons Moedertaal, 9 en 10 en Afrikaans my taal, 9 - 10, nie. In Ons Moedertaal, 9 - 10 is daar egter 'n verwysing na Scholtz se bydrae oor die Afrikaanse taal in die Afrikaanse Kinderensiklopedie.

4) Rangskik die volgende name op grond van hoe bekend hulle aan u is.

4.1) D.B. Bosman.

Die "onbekend"-faktor by D.B. Bosman is 57,1%. Hy is m.a.w. by 42,9 van die respondente bekend. Die oorwig van positiewe response (56,3%) word by "tweede belangrikste" aangetref (kyk tabel A.4.1). Daar moet ag geslaan word op die feit dat Bosman, Van der Merwe en Hiemstra 'n huishoudelike naam geword het a.g.v. die Tweetalige Woordeboek. Dis dan geensins verbasend dat respondente van die Engels-mediumskool wat redelik dikwels aangewese is op die Tweetalige Woordeboek Bosman bykans deur die bank as "belangrikste" of "tweede belangrikste" tipeer nie.

4.2) E.H. Raidt.

Die "onbekend"-faktor by E.H. Raidt is 73,2%. Sy is dus by 26,8% van die respondente bekend. Die oorwig van positiewe response (23,3%) word by "sesde" en "sewende" belangrikste aangetref (kyk tabel A.4.2). Dit is dus duidelik dat taalkundiges baie laag op die leerlinge se lys van "bekende Afrikaanse vakmanne" is.

4.3) Merwe Scholtz.

Die "onbekend"-faktor by Merwe Scholtz is 72,3%. Hy is dus by 27,7% van die respondente bekend. Die oorwig van positiewe response wissel vanaf "tweede" (19,4%) tot by "vyfde belangrikste" (19,4%) (kyk tabel A.4.3).

4.4) J. du P. Scholtz.

Die "onbekend"-faktor by Scholtz is 75,0%. Hy is dus by 25% van die respondente bekend (daar moet in gedagte gehou word dat 'n gedeelte van hierdie bekendheid ook deur die vraelys in die hand gewerk is). Die oorwig van positiewe response word by die "vierde belangrikste" aangetref (kyk tabel A.4.4). Hy figureer dus sterker as die taalkundige, E.H. Raidt, maar nie so sterk as D.B. Bosman nie.

4.5) Dolf van Niekerk.

Die "onbekend"-faktor by Dolf van Niekerk is 68,8%. Hy is dus bekend by 31,2% van die respondente. Die oorwig van positiewe response word by die "derde belangrikste" aangetref (kyk tabel A.4.5).

4.6) N.P. van Wyk Louw.

Die "onbekend"-faktor by N.P van Wyk Louw is 32,1%. Hy is dus by 67,9% van die respondente bekend. Van hierdie respondente beskou 85,5% hom as die belangrikste (kyk tabel A.4.6).

4.7) A.P. Grové.

Die "onbekend"-faktor by A.P. Grove is 64,3%. Hy is dus by 35,7% van die respondente bekend. Die oorwig positiewe response wissel vanaf die "tweede belangrikste" (27,5%) tot die "vierde belangrikste" (25,0%) (kyk tabel A.4.7).

'n Lys op grond van bekendheid kan dus as volg saamgestel word (volgens die "onbekend"-faktor):

		% bekendheid
(1) bekendste	Van Wyk Louw	67,9%
(2)	D.B. Bosman	42,9%
(3)	A.P. Grové	35,7%
(4)	Dolf van Niekerk	31,2%
(5)	Merwe Scholtz	27,7%
(6)	E.H. Raidt	26,8%
(7)	J. du P. Scholtz	25,0%

'n Lys op grond van belangrikheid kan dus as volg saamgestel word (op grond van die "belangrikheid"-punt):

- |     |              |                  |
|-----|--------------|------------------|
| (1) | belangrikste | Van Wyk Louw     |
| (2) |              | D.B. Bosman      |
| (3) |              | A.P. Grové       |
| (4) |              | Dolf van Niekerk |
| (5) |              | Merwe Scholtz    |
| (6) |              | J. du P. Scholtz |
| (7) |              | E.H. Raidt       |

By hierdie vraag was daar ook die moontlikheid: te min kennis om rangorde weer te gee. Hierop het 29 respondente (25,9%) positief geantwoord en 83 (74,1%) negatief.

- 5) Het u al ooit gekyk na of gewerk uit die afdeling: "Die mens se taal" in die Afrikaanse Kinderensiklopedie?

Alhoewel 22 respondente blykbaar dié gedeelte uit die Afrikaanse Kinderensiklopedie ken, is hulle nie daarvan bewus dat dit deur J. du P. Scholtz geskryf is nie (kyk tabel A.5).

Gevolgtrekking: Daar kan dus aanvaar word dat die kans dat 'n matriekleerling wat miskien verder in Afrikaans/ Nederlands aan die universiteit wil gaan studeer, al ooit die naam J. du P. Scholtz gehoor het, baie skraal is.

## 1.2 Die derdejaargestudent (Vraelys A) (Verskyn as bylaag B)

Ek het my ondersoek in die middel van 1988 onderneem. Die studente had toe al 'n 2 1/2 jaar skoling in Afrikaans / Nederlands agter die rug. Die vier universiteite wat ek by my ondersoek betrek het, was die Universiteit van Kaapstad (Engelsmedium), Die Universiteit van Stellenbosch (Afrikaans-medium), die Universiteit van Port Elizabeth (dubbelmedium) en die Universiteit van Wes-Kaapland (dubbelmedium). Daar was 230 respondente wat die hele spektrum van Afrikaans/Nederlands III-studente gedek het.

Die vraelys was uitvoerig en was daarop gemik om die student se bekendheid met Scholtz se publikasies, die terreine waarop hy werkzaam was en die belangrikheid van sy bydrae vas te stel.

Die studente het as volg op die vrae gereageer:

- 1) In watter komponent van Afrikaans/Nedelands is u die meeste geïnteresseerd?

Bykans twee uit drie studente was meer geïnteresseerd in die letterkunde (kyk tabel B.1). Hulle kon\het heelwaarskynlik meer letterkunde-opsies gekies en kon dalk in die proses 'n kursus/kursusse historiese taalkunde misgeloop het. Op Stellenbosch, bv., kan die studente van die tweede jaar af spesialiseer in taalkunde of letterkunde en sodoende heelwat komponente van die ander opsie misloop.


- 2) Hoeveel kursusse in historiese taalkunde het u al gevolg?

76,1% van die respondente het al twee of meer semester-kursusse in historiese taalkunde gevolg, d.w.s. minstens een per jaar (kyk tabel B.2).

- 3) Hoe gereeld het die naam, J. du P. Scholtz, al opgeduik in u Afrikaans/Nederlandse studies? (hetsy in lesings, voetnote, voorgeskrewe leeswerk, aanbevole leeswerk, ens.) (kyk tabel B.3).

As dit op 'n kontinuum voorgestel word, blyk dit oor te hel na die "min" en "geensins", m.a.w. ongereeld (kyk grafiek B.2).

Grafiek B.3



Dit is insiggewend dat die vier universiteite hier beduidend verskil. Dit wil lyk asof Scholtz en sy werk redelik sterk by die Universiteite van Kaapstad en Port Elizabeth figureer terwyl hy bykans glad nie by die Universiteit van Stellenbosch figureer nie.

- 4) Op watter wyse het u al met J. du P. Scholtz se werk kennis gemaak?

25,7% van die studente is onseker of en waar hulle al ooit sy naam teëgekomp het. Van die 74,3% wat wel die een of ander tyd op hom afgekomp het, het 69,1% dit indirek gedoen, m.a.w. deur verwysings na hom in ander literatuur (kyk tabel B.4).

- 5) Watter van die volgende publikasies van Scholtz is aan u bekend?

50,8 van die respondente ken geeneen van Scholtz se vyf belangrikste taalhistoriese publikasies nie. Die bekendste is verreweg sy oorsigwerk Wording en ontwikkeling van Afrikaans en die onbekendste Afrikaans uit die vroeë tyd. Nie een van Scholtz se vier werklike wetenskaplike publikasies is selfs by 10% van die respondente bekend nie (kyk tabel B.5).

- 6) Watter van die volgende publikasies van Scholtz het u al tot 'n redelike mate ontgin/van gebruik gemaak in u studies?

Slegs 26,3% van die respondente het al Scholtz se publikasies ontgin in hul studies. Bykans een uit elke vier het al van Wording en ontwikkeling van Afrikaans gebruik gemaak, terwyl die ander bloedweinig gebruik is (kyk tabel B.6).

- 7) Het u al ooit gebruik gemaak van enige ander publikasies van Scholtz?

Twee van die drie respondente wat bevestigend antwoord, het die Scholtz -publikasie Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere gebruik (kyk tabel B.7).

8) Besit u enige van Scholtz se publikasies?

85,7% van die respondente het geen Scholtz-werk op hul rak nie (kyk tabel B.8).

9) Kies vyf uit die volgende taalkundiges wat u as die belangrikste op die gebied van die historiese taalkunde sal beskou.

'n Verspreidingstabel vir Scholtz lyk as volg:

9.9) <u>J. du P. Scholtz</u>	aantal	persentasie
-nie onder die eerste vyf nie	16,7	72,6
-eerste	11	4,8
-tweede	13	5,7
-derde	15	6,5
-vierde	14	6,1
-vyfde	10	4,3

Vir die res kyk tabel B.9.

66,1% van die respondente het aangedui dat hulle nie oor genoegsame kennis beskik om 'n beoordeling te maak nie terwyl die ander 33,9% as volg die volgorde van belangrikheid van historiese taalkundiges aangedui het:

- 1) F.A. Ponelis
- 2) E.H. Raidt
- 3) J. du P. Scholtz
- 4) G.S. Nienaber
- 5) J.H. Rademeyer
- 6) R.H. Pheiffer

10) Tot watter van die volgende gebiede het Scholtz 'n bydrae gelewer?

63,9% van die respondente het beluit dat hulle te min kennis het om werklik 'n uitspraak te lewer. Die orige 36,1% het gereageer soos uiteengesit in tabel B.10.

Volgens die respondente het hy geen bydrae gelewer op die politiek-historiese, leksikologiese en leksikografiese

gebiede nie. Hulle is dus nie bekend met sy bydrae op die leksikologiese en leksikografiese terreine nie. Vier respondente fouteer deur aan te dui dat hy ook 'n bydrae op die kreatief-literêre gebied gelewer het.

Die respondente beskou die volgende as sy belangrikste bydraes (in volgorde van belangrikheid):

- |    |                         |      |
|----|-------------------------|------|
| 1) | Kultuurhistories        | 9,6% |
| 2) | Taalkundig: diachronies | 8,7% |
| 3) | Taalkundig: sinchronies | 5,7% |
| 4) | Taalkundig: krities     | 5,2% |
| 5) | Sosio-histories         | 3,5% |

Dit is insiggewend dat slegs 7,3% van die respondente Scholtz met 'n bydrae op die gebied van die diachroniese taalkunde kan assosieer.

- 11) Scholtz se bydrae tot die Afrikaanse Taal en Lettere kan as volg getipeer word.

75,5% van die respondente kan nie 'n oordeel hieroor uitspreek nie, aangesien hulle te min kennis het. Die orige 24,5% reageer as volg (kyk tabel B.11). Die opsie wat deur niemand gekies is nie, is "oppervlakkig en middelmatig." 82,5% van die studente wat wel 'n oordeel waag, beskou Scholtz as belangrik.

- 12) Met watter van die volgende uitsprake omtrent Scholtz se werk stem u saam?

Die opsie "kan nie oordeel vel nie - te min kennis aangaande sy werk" is deur 76,3% van die respondente gekies. Die ander 23,7% het hulle oor sy werk uitgelaat soos uiteengesit in tabel B.12.

Die twee uitsprake wat voorkom by die studente wat reken dat hulle Scholtz se werk ken, is dat dit "wetenskaplik, objektief, nugter en saaklik is." Die moontlikheid wat deur niemand gekies is nie, is "verouderd". Scholtz se werk is dus, volgens die respondente, nog steeds relevant vir die huidige tydvak.

- 13) Sou u wil sien dat Scholtz meer aandag in u voorgraadse studie moet geniet?

Behalwe dié wat onseker is (46,5%) en die wat tevrede is (10%), het 37,8% bevestigend en 5,2% ontkennend geantwoord. Daar is dus 'n behoefte aan Scholtz se werk in voorgraadse studie (kyk tabel B.13).

In heelwat van die vrae was daar 'n ingeboude komponent van bekendheid met Scholtz en sy werk. Dat Scholtz baie onbekend by derdejaarstudente is, word weerspieël deur die ingeboude "onbekend"-faktor in die volgende vrae:

	"onbekend"-faktor
vraag 4	25,7%
vraag 9	66,1%
vraag 10	63,9%
vraag 11	75,5%
vraag 12	76,3%

Bg. statistiek weerspreek duidelik H. Grobler se aanname dat elke taalkunde-student definitief met Scholtz se werk kennis gemaak het nadat hy sy kursus voltooi het.

Hoe is die verwagtinge wat deur uitsprake soos die volgende aangaande Wording en ontwikkeling van Afrikaans geskep is, gerealiseer?:

- (i) "Ek sou baie graag hierdie boek deur my eerstejaarstudente wou laat gebruik " (Eksteen 1980: 26).
- (ii) "... 'n publikasie wat in geen enkele biblioteek of student, taalonderwyser, dosent (of watter belangstellende in die taal ook al) se boekery mag ontbreek nie" (Pheiffer 1980: s.p.).
- (iii) "Vir iemand wat in Afrikaans geïnteresseerd is en veral vir die universiteitstudent is daar nie 'n beter manier om kennis te maak met sy indringende en waardevolle studie oor Afrikaans nie" (Van Rensburg: Die Volksblad).

Volgens die ondersoek is Wording en ontwikkeling aan slegs 30,9% van die studente bekend en maak slegs 23% van die studente daarvan gebruik.

### 1.3 Die taalonderwyser (vraelys B) (bylaag C)

Die skryfster het haar ondersoek in 1988 toegespits op Afrikaans-onderwysers in die Oos-Kaap en Wes-Kaap. Sy het 69 onderwysers van 22 skole by haar ondersoek betrek. Die skole in die Wes-Kaap was: Die Hoërskool D.F. Malan, Die Hoërskool Tygerberg en die Hoërskool Belville (aldrie Afrikaansmedium). Die hoërskole in die Oos-Kaap was: die Hoërskool Grey, die Hoërskool Westering, die Hoër Meisieskool Victoria, die Hoërskool Collegiate en die Hoërskool Alexander Road (Engelsmedium), die Hoërskool Gelvandale, Die Hoër Tegniese Skool P.E., Die Dower Onderwyskollege en die Hoër Handelskool P.E. (dubbelmedium), die Hoërskool D.F. Malherbe, die Hoërskool Otto du Plessis, die Hoërskool Despatch, Die Hoërskool Brandwag, die Hoërskool Brandwag, die Hoërskool Paul Sauer, die Hoërskool Cillie, die Hoërskool Andrew Rabie, die Hoërskool Alexandrië en die Hoërskool Framesby (Afrikaansmedium).

Die vraelys is redelik uitvoerig en toets die taalonderwyser se bekendheid met Scholtz, sy kennis van Scholtz se bydrae tot Afrikaans en die noodsaaklikheid van 'n kennis van Scholtz se werk vir die mondering van die taalonderwyser.

Die respondente het as volg op die vrae gereageer:

- 1) Hoeveel jaarkursusse in Afrikaans/Nederlands het u suksesvol voltooi?

81,1% van die respondente het minstens Afrikaans/Nederlands III suksesvol voltooi (kyk tabel C.1 vir volledige resultate).

- 2) Watter jaar het u u finale eksamen in Afrikaans/Nederlands afgelê?

Die meeste respondente (76,8%) was besig met hul Afrikaans/Nederlands skoling nadat Scholtz se belangrikste wetenskaplike publikasies reeds verskyn het (1970) (kyk tabel C.2).


Die skryfster het probeer om 'n verband vas te stel tussen die tydperk waarin die respondente afgestudeer het en hul bestudering van Scholtz, maar kon geen beduidende verband vind nie.

- 3) In watter komponent van Afrikaans/Nederlands is u die meeste geïnteresseerd?

Die skryfster kon geen beduidende verband vind tussen die respondente wat meer in die taalkunde geïnteresseerd is (26,1%) en die wat meer bekend is/groter waardering het vir Scholtz nie (kyk tabel C.3).

- 4) Hoe gereeld het die naam J. du P. Scholtz opgeduik in u Afrikaans/Nederlands studies? (hetsy in lesings, voetnote, voorgeskrewe leeswerk, aanbevole leeswerk, ens.).

26,1% van die respondente kan nie onthou nie. Die ander 73,9% het gereageer soos aangedui in tabel C.4. Die resultate kan as volg op 'n kontinuum voorgestel word: Grafiek C.4



Volgens die mediaan het Scholtz se naam tussen "redelik" en "min" in hulle lesings opgeduik.

- 5) Op watter wyse het u al met J. du P. Scholtz se werk kennis gemaak?

21,2% van die respondente het nog nooit met sy werk kennis gemaak of, indien wel, kan nie onthou hoe nie. Die orige 78,8% het gereageer soos aangedui in tabel C.5. In 33,9% van die gevalle waar daar met hom kennis gemaak is, was dit met primêre bronne (sy publikasies) en in 97% van gevalle was dit sekondêre bronne (verwysings).

- 6) Watter van die volgende publikasies van Scholtz is aan u bekend?

31% van die respondente is glad nie bekend met enige van die Scholtz-publikasies nie. Die orige 69% ken die publikasies soos uiteengesit in tabel C.6. Bykans 'n derde van die respondente ken Wording en ontwikkeling van Afrikaans en bykans 'n kwart Taalhistoriese opstelle. Die respondente is dus redelik bekend met Scholtz se twee jongste wetenskaplike werke. Dit rym nog steeds nie met die volgende uitspraak van Die Burger-redaksioneel van 5 Julie 1980 nie: "Sy pas verskene Wording en ontwikkeling van Afrikaans behoort tenminste elke Afrikaans-onderwyser deeglik te lees as hy homself as beroepsmens wil beskou."

- 7) Is u bewus van/het u al ooit gebruik gemaak van enige ander publikasie van Scholtz? (kyk tabel C.7).

79,1% het ontkennend geantwoord. Die twee respondente wat "ja" geantwoord het, ken beide Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans.

- 8) Kies vyf uit die volgende taalkundiges wat u as die belangrikste op die gebied van die historiese taalkunde sal beskou.

56,5% van die respondente het "geen kennis om 'n sodanige beoordeling te maak nie." Die ander 43,5% het die volgende omtrent Scholtz besluit:

8.6) <u>J. du P. Scholtz</u>	frekwensie	persentasie
-nie genomineer (1-5) nie	53	76,8
-belangrikste	4	5,8
-tweede belangrikste	3	4,3
-derde belangrikste	3	4,3
-vierde belangrikste	3	4,3
-vyfde belangrikste	3	4,3

Hierdie rangorde stem redelik ooreen met dié van die taalkunde-studente. Dit is ironies dat F.A. Ponelis wat maar betreklik onlangs in die historiese taalkunde begin belangstel het, bo-aan beide rangordes verskyn. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan sy verbondenheid aan 'n groot Afrikaans/Nederlandse departement soos die Stellenbosse een wees of sy bekendheid as taalkundige in die algemeen. Dit is ook ironies dat seker die beste twee "studente" van Scholtz se werk, E.H. Raidt en F.A. Ponelis (volgens 'n onderhoud met mev. Scholtz), belangriker as hy geag word. Beide sal dadelik erken dat hulle Scholtz as die voorste historiese taalkundige beskou.

Vir 'n beoordeling van die ander kyk tabel C.8. Die volgorde van belangrikheid van historiese taalkundiges word as volg deur die respondente aangedui:

- (1) F.A. Ponelis
- (2) E.H. Raidt
- (3) G.S. Nienaber
- (4) J. du P. Scholtz
- (5) L.C. Eksteen
- (6) D.C. Hesseling

- 9) Tot watter van die volgende gebiede het Scholtz 'n bydrae gelewer?

45,5% van die respondente reken dat hulle te min kennis het om werklik 'n uitspraak te lewer. Twee respondente fouteer deur aan te dui dat hy ook 'n bydrae op politiek-historiese gebied gelewer het. Die orige 54,5% reken die volgende as Scholtz se belangrikste bydraes:

1)	Kultuurhistories	23,2%
2)	Taalkundig: diachronies	13,0%
3)	Literêrhistories	10,1%
4)	Sosio-histories	8,7%

(kyk tabel C.9)

Dit is insiggewend dat slegs 8% van die respondente van Scholtz se bydrae op die gebied van die diachroniese taalkunde bewus is en bykans onbewus is (1,8%) van sy bydrae tot die sinchroniese taalkunde. Dit is ook interessant dat die taalonderwysers, nes die taalstudente, Scholtz hoër aanslaan as kultuurhistorikus as diachroniese taalkundige.

- 10) Verwys u ooit na Scholtz in u lesings en/of verwys u ooit u leerlinge na Scholtz se publikasies in die biblioteek?

87% van die onderwysers doen dit nooit nie (kyk tabel C.10).

- 11) Weet u van enige van Scholtz se publikasies in u skoolbiblioteek en/of vakboekery?

28,9% reken minstens dat daar wel Scholtz-publikasies in hul skoolbiblioteek/vakboekery is (kyk tabel C.11).

- 12) Is u bewus van enige publikasies van Scholtz (hetsy dit in 'n bundel, versameling, ensiklopedie ens. vervat is) wat op leerlinge gerig is?

Van die twee respondente wat bevestigend geantwoord het, het slegs een van Scholtz se bydrae tot die Afrikaanse Kinderensiklopedie geweet (kyk tabel C.12).

By vrae 13-15 moes die respondente hul mening volgens 'n skaal van 1-5 (stem volkome saam tot stem beslis nie saam nie) weergee.

- 13) Scholtz se belangrike taalkundige bydrae moet al op skool ontgin word.

Die grootste gros, 71%, bly neutraal, 13% voel dat Scholtz al op skool ontgin moet word, terwyl 15,9% reken dat Scholtz se werk nie binne die skoolleerplan tuishoort nie (kyk tabel C.13).

- 14) Sommige van Scholtz se belangrikste publikasies (bv. Wording en ontwikkeling van Afrikaans en Taalhistoriese opstelle) hoort op elke taalonderwyser se boekrak.

Slegs 43,5% bly neutraal. 47,8% voel positief daaroor dat die taalonderwyser Scholtz-publikasies op sy boekrak moet hê, terwyl slegs 2,6% afwysend gereageer het (kyk tabel C.14).

- 15) Die leerlinge sal Scholtz se werk "onverteerbaar" en "moeilik leesbaar" vind.

59,4% van die respondente bly neutraal, 30,4% reken dat Scholtz "moeilik leesbaar" en "onverteerbaar" vir die leerlinge sal wees, terwyl 10,1% respondente nie die mening toegedaan is nie (kyk tabel C.15).

In 'n hele paar vrae is daar 'n ingeboude komponent van bekendheid met Scholtz en sy werk. Dit blyk dat die respondente redelik onbekend is met Scholtz soos blyk uit die "onbekend"-faktor in die volgende:

	"onbekend"-faktor
vraag 4	7,2%
vraag 5	21,2%
vraag 8	56,5%
vraag 9	45,5%

Die syfers vir die "onbekend"-faktor is heelwat laer as dié wat by taalstudente voorkom. Dit wil dus lyk asof taalonderwysers deur die praktiese beoefening van hul vakgebied meer vertrouwd is met Scholtz en sy werk. Daar is egter ook die faktor van "'n voorgee van alwetendheid" wat by die taalonderwyser te berde kom.

Ten slotte: Empiries in oënskou geneem, wil dit lyk asof Scholtz vir die taalbelangstellende en semi-vakman 'n onbekende faktor is. Die twee persoonlike ondervindings van Scholtz wat inleidend vermeld is, vind dus empiriese vergestaltung.

Die leser mag voel dat die vraelyste te gedetailleerd was en soms oorbodige vrae ingesluit het. Myns insiens was 'n sekondêre doel van die vraelys, behalwe die versamel van gegewens, om die respondente se aandag op Scholtz en sy werk te vestig.

Lg. behoort m.i. egter meer tot sy reg te kom wat die skoling van Afrikaans op universiteitsvlak betref. Die skryfster het dus ook 'n ondersoek geloods na die prominensie wat Scholtz geniet in die doseer van historiese taalkunde op universiteitsvlak.

#### 1.4 Die dosent in historiese taalkunde (vraelys D) (bylaag D)

Die skryfster het in die tweede helfte van 1988 vraelyste aan dosente in historiese taalkunde aan al die Suid-Afrikaanse universiteite gestuur en respons ontvang van die Universiteite van Zoeloeland, Port Elizabeth, Kaapstad, Oranje-Vrystaat, Durban-Westville, Suid-Afrika, Wes-Kaapland, Natal, Rhodes, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Randse Afrikaanse Universiteit. Sy het onderhoude gevoer met verteenwoordigers van die Universiteite van Stellenbosch en die Witwatersrand. Die meeste van hierdie historiese taalkundiges het hul taalkundige skoling aan die Universiteite van die Witwatersrand (19%) en Stellenbosch (22,7%) ontvang (kyk tabel D.1).

Slegs relevante vrae vir die empiriese hoofstuk sal hier bespreek word. Die res sal aandag geniet in 'n afsluitingshoofstuk. Die historiese taalkundiges het as volg op die vrae gereageer.

- 4) In watter stadium van u opleiding het u met J. du P. Scholtz se werk kennis gemaak?

Dis insiggewend dat slegs 33,5% (m.a.w. 'n derde) van die respondente voorgraads met Scholtz kennis gemaak het (kyk tabel D.4). Diegene wat op 'n stadium selfs later as honneursvlak met Scholtz kennis gemaak het, meld onder andere dat dit deur eie studie was (soos dit ook met F.A. Ponelis gesteld was), dat dit tydens die een respondent se Amsterdam-studiejare (1955-1959) was en by 'n ander tydens selfstandige werk aan 'n historiese proefskrif.

- 5) Watter een van sy publikasies het u die eerste maal leer ken?

Verreweg die meeste (73,3%) van die respondente se kennis-making was met Taalhistoriese opstelle (kyk tabel D.5).

- 6) Watter een van sy publikasies het u die eerste maal gebruik, hetsy in u eie studies of doseerwerk?

Taalhistoriese opstelle is ook die werk wat deur die meeste respondente (67%) vir die eerste keer gebruik is, alhoewel Wording en ontwikkeling van Afrikaans (13,4%) en Afrikaans uit die vroeë tyd (13,4%) ook sterk figureer (kyk tabel D.6).

- 9) Watter van die volgende publikasies van Scholtz het u al tot 'n redelike mate ontgin/van gebruik gemaak in u doseerwerk?

100% van die respondente gebruik Taalhistoriese opstelle en Wording en ontwikkeling van Afrikaans, terwyl Afrikaans uit die vroeë tyd (93,3%) en Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu (86,7%) sterk figureer. Die ander publikasie wat genoem word, is Uit die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans (kyk tabel D.9).

- 10) Watter J. du P. Scholtz-publikasies word as voorgeskrewe werke by u universiteit gebruik?

By 'n derde van die universiteite word geen Scholtz-publikasie voorgeskryf nie. Wording en ontwikkeling van Afrikaans word die meeste voorgeskryf (deur 'n derde van die universiteite) (kyk tabel D.10). Dit word o.a. ook deur UNISA

voorgeskryf, wat feitlik outomaties meebring dat die boek redelik goed sal verkoop.

- 11) Watter J. du P. Scholtz-publikasie word as aanbevole werk gebruik?

By vier uit die elf universiteite verskyn die naam, J. du P. Scholtz, nie op die lys van aanbevole werke nie. Taalhistoriese opstelle verskyn by bykans die helfte van die universiteite op die die lys (kyk tabel D.11).

- 16) Tot watter van die volgende gebiede het Scholtz, na u mening, 'n bydrae gelewer?

Volgens die aantal kere wat 'n spesifieke terrein genoem is, staan die volgende uit as die belangrikstes:

1)	Taalkundig: diachronies	100%
2)	Taalkundig-krities	80%
3)	Kultuurhistories	60%
4)	Dialektologies	53,3%
5)	Leksikologies	53,3%
6)	Leksikografies	53,3%

(kyk tabel D.16.1).

Volgens die belangrikheidswaarde/rangorde wat toegeken is, staan die volgende weer voorop:

- 1) Taalkundig: diachronies
- 2) Taalkundig-krities
- 3) Leksikologies
- 4) Kultuurhistories
- 5) Literêrhistories
- 6) Kunshistories

(kyk tabel D.16.2).

Dit wil lyk asof die historiese taalkundiges nie heeltemal seker is oor die gebiede wat Scholtz se bydrae bestryk nie: so word daar bv. gefouteer deur te beweer dat Scholtz literêr-skeppende en politiek-historiese bydraes gelewer het (alhoewel daar miskien 'n saak vir lg. uitgemaak kan word).

Die taalkundiges se korrekte oordeel kan ook bevraagteken word deur die onverklaarbare uitlating van taalkunde: sinchronies in beide bg. lyste.

- 17) Scholtz se bydrae tot die Afrikaanse Taal en Lettere kan as volg getipeer word:

80% van die taalkundiges beskou Scholtz as ons belangrikste taalkundige tot op hede en 40% reken dat hy onderskat is en nie na behore gewaardeer word nie (kyk tabel D.17). "Ander kommentaar" behels "beslis 'n formidabele persoon wie se onregstreekse invloed op digters (soos Louw) beslis onderskat word."

- 18) Met watter van die volgende uitsprake omtrent Scholtz se werk stem u saam?

Die volgende uitsprake omtrent Scholtz is baie beduidend: Die meerderheid van die respondente reken dat sy werk nugter en saaklik, wetenskaplik-deeglik en objektief is. Kritiek wat teen sy werk uitgespreek word, is dat dit nie genoeg voorsiening maak vir die rol wat ander etniese groepe in die ontstaan van Afrikaans gespeel het nie (kyk tabel D.18).

Ten slotte: Wat die bekendheid en waardering van Scholtz betref, moet daar dus onderskei word tussen die taalkundiges aan die een kant en die studente (derdejaars, onderwysers en matriekleerlinge) aan die ander kant. Soos F.A. Ponelis tereg opmerk (brief van Ponelis - 29/4/1988), was Scholtz geen taalkundige kleinhandelaar nie en het hy met die uitsondering van Wording en ontwikkeling van Afrikaans geen handboek geskryf nie.

Daar is egter empiries gesien genoeg aanduidings dat Scholtz se werk weinig bekendheid, erkenning en waardering geniet (behalwe miskien by sekere taalkundiges). Die vraag ontstaan dus of iemand wat soveel wetenskaplike grondwerk vir die historiese taalkunde gedoen het (soos blyk uit die empiriese ondersoek en die hoofstuk oor sy diachroniese bydrae) en iemand wat so 'n veelsydige bydrae tot Afrikaans gelewer het (soos sal blyk uit die volgende hoofstuk oor "Biografiese gegewens") nie sy regmatige plek behoort te kry as ons voorste historiese taalkundige (volgens empiriese ondersoek) en een van die groot Afrikaanse taalkundiges nie.

## Hoofstuk 2: BIOGRAFIESE GEGEWENS

Dis belangrik om na enkele biografiese gegewens oor Scholtz te kyk, ten einde 'n oorsig te kry van sy ryk geskakeerde werksaamhede en 'n idee te kry van sy skoling/opleiding/ondervinding en moontlike invloede op sy werk.

Hierdie biografiese gegewens word chronologies onder die volgende hoofies bespreek:

### 2.1 Geboorte, voorgeskiedenis, familie en skooljare (1900-1916)

Johannes du Plessis Scholtz is op 14 Mei 1900 gebore op 'n plaas buite Somerset-Wes in die distrik Hottentots-Holland. Hy het sy hele lewe lank in hart en siel 'n Bolander gebly (Raidt 1990:6).

Hy is vernoem na sy oupa aan moederskant - Johannes du Plessis. Sy moeder was 'n dorpsnooi van die Paarl wat nie aan die plaaslewe gewoond was nie. By die lees van Drie vertellings van M.E.R. het die aksent van haar sinne, haar styl en iets onaantasbaars in haar vertellinge Scholtz aan sy moeder herinner. Die dinge wat hy in sy moeder waardeer het, was soos 'n getuienis agter die verhale aanwesig ('n brief van M.E.R. - 27/2/1945)..

Sy vader was 'n boerseun wat nooit enige ander opleiding ontvang het nie. Hy is in 1863 op die plaas Nietvoorbij nou Scholtzenhof, in die wyk Helderberg, vroeër genoem Moddergat, gebore. F.W. Reitz het dikwels by hulle op die plaas kom kuier in die tydperk 1868-1869 toe hy nog advokaat in die Kaap was. Hy was bevriend met Scholtz se ouma, voor haar troue 'n nooi Hofmeyr, van Hofstraat, Kaapstad.

Scholtz is aan vaderskant verwant aan die skrywer Etienne Leroux van die plaas Wamakersdrift in die distrik Koffiefontein.

Scholtz se vader het definitiewe Afrikanersentimente openbaar. Paul Kruger het dan ook op 'n keer aan Scholtz se vader en sy vriende gesê dat hulle "Afrikanerharte" het (onderhoud met mev. Scholtz).

Scholtz se vader het op die plaas Vredenburg begin boer. Scholtzenhof was toe nog in die hande van die familie. Hy het ook vir 'n kort rukkie op Groot Perdevlei geboer, maar het met sy troue - op sewe-en-dertigjarige leeftyd - dorp toe verhuis. Hy het wel nog 'n plaas, Delta, onder in die dorp gehad waarop Scholtz baie hard gewerk het, o.a. deur pere te pluk.

Die families Scholtz en Fagan het digby mekaar op Somerset-Wes gewoon en was goed bevriend. Die Fagans het Scholtz Boy genoem, 'n naam wat later deur M.E.R. oorgeneem is (Scholtz 1979a:35). Blykbaar het Scholtz se moeder en mev. Fagan (die eggenote van 'n prokureur en moeder van wyle regter H.A. Fagan, die komponis Gideon Fagan en die vroeggestorwe Johannes Fagan wat 'n knap student was) altyd gewedwyer met die prestasies van hul kinders (onderhoud met J.M. du Toit). Scholtz het later kontak met Henry en Queenie Fagan behou.

Alhoewel Scholtz se familie en vriende fyn-beskaafde Bolandse Afrikaners was, was die kuns- en literêre wêreld vir hulle vreemd. Scholtz sê self die volgende hieroor (Scholtz 1979a: 116): "Ek het groot geword op 'n Bolandse dorp, toe nog maar klein, landelik, eenvoudig en mooi. Ons familie en vriende was beskaafde mense, net van die bestaan van iets soos kuns, in watter vorm dan ook, het hulle niks geweet en selfs nooit van gehoor nie."

Twee van sy susters het egter in die musiek belang gestel. Die oudste een Elizabeth het haar orrelopleiding op Stellenbosch voltooi en die jongste een het gaan skoolhou nadat sy musiek gestudeer het. Die ouer suster was as Ethel of Essie bekend, is later getroud en het haar in Holland gaan vestig. Sy was 'n vriendin van die moeder van J.M. du Toit, 'n latere student van Scholtz (onderhoud met J.M. du Toit). Die middelste suster, twee jaar ouer as Scholtz, was 'n opgeleide

laerskoolonderwyseres. Scholtz se enigste broer en die oudste kind Pieter Wynand het 'n opleiding vir die Meestershof (regskwalifikasie) gehad.

Scholtz het op vier skool toe gegaan. Aanvanklik het hy goed geleer, maar in st. 5 'n insinking beleef omdat hy nie van die onderwyseres gehou het nie. Hy het daarna vinnig reggekomen baie hard op skool gewerk (onderhoud met mev. Scholtz). Hy was op hoërskool ook op Somerset-Wes waar S.F. Immelman destyds skoolhoof was (onderhoud met J.M. d Toit).

Hy het Latyn op skool geneem, maar het later ongunstig daar teenoor gestaan dat studente dit moet neem. Hy voel dat dit geen waarde in vergelyking met die moderne tale het nie (onderhoud met mev. Scholtz).

Daar was niemand tydens Scholtz se skoolopleiding wat sy belangstelling in die letterkunde en kunste aangewakker het nie. Hy sê bv. dat hulle twee jaar lank aan Shakespeare se Hamlet geles het sonder om ooit tot die besef te kom dat hulle met iets groters as net 'n moeilike eksamenvoorgeskrewe boek te make het (Scholtz 1979a:116).

Hy lê in 1916 sy matrikulasie-eksamen in die eerste klas af en wen die Goold Adams-medalje vir natuurkunde, 'n aanduiding van Scholtz se groot belangstelling en aanleg in die natuurwetenskappe. Hy verwerf ook 'n groot beurs om aan die Universiteit van Stellenbosch te gaan studeer.

## 2.2 Universiteitsopleiding op Stellenbosch (1917-1920)

Scholtz wou aanvanklik predikant word (onderhoud met E.H. Raidt). Aan die einde van sy BA-jare wou hy weer sy ander groot belangstelling, die fisika, opvolg, maar was toe reeds op humanistiese gebied aan die studeer.

Scholtz se eerste jaar van registrasie (1917) was nog aan die ou Victoria-kollege (wat in 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword het).

Scholtz (studentenommer: 17-0485-0) was in sy eerste jaar saam met bekendes soos P.K. Albertijn, A.P. Basson, C.F. Beyers, J.H. de Waal en Marie P.L. Heese in die klas. In 1919 het die volgende bekendes 'n MA-kursus gevolg en moes aan Scholtz bekend gewees het: F.E.J. Malherbe (Hollands), D.G.P. Grosskopf (Duits) en T.E. Dönges (Wysbegeerte).

Die "B.A.-kursus-gemengd" het bestaan uit 'n senior klas (derdejaars), junior klas (tweedejaars) en 'n intermediêre klas (eerstejaars). Daar was 188 studente in Scholtz se intermediêre jaar. In 1918 was Scholtz lid van 'n tweedejaarsklas van 87 en in 1919 lid van 'n derdejaarsklas van 81.

In sy tweede jaar het Scholtz as volg in sy vakke geslaag: Hollands - A, Engels - C en Latyn - B (klas- sowel as eksamenpredikaat). In 1919 het hy geslaag in Hollands III (B), Engels III ('n klaspredikaat van 'n B, maar 'n A in die eksamen) en Duits I ('n B-klaspredikaat, maar 'n A in die eksamen). Scholtz het dus deeglik rekenskap van homself gegee in die eksamen deur sy punt te verbeter.

Dis interessant om daarop te let dat Scholtz sy kwalifikasies in Afrikaans/Nederlands behaal het in die jare voor die erkenning van Afrikaans as amptelike taal en dit dus net Hollands geheet het.

Scholtz se Nederlandse skoling het soos volg daar uitgesien: Intermediêr: Stel- en styloefeninge, bespreking van kunsvorme in prosa en poësie en 'n algemene oorsig van die Nederlandse letterkunde met nadere studie van enkele skrywers. Die dosente was prof. W.A.P. Joubert en mnr. J.P.J. le Roux (1917-Jaarboek: 120). Joubert het Scholtz se eerste bewuswording van die literatuur "byna totaal versmoor" (Scholtz 1979a:116). Hy was 'n teoloog met "min kennis of begrip van die Nederlandse letterkunde" (Scholtz 1979a:116).

Tweede jaar: Klankleer, taalgeskiedenis, middelnederlands en literatuurgeskiedenis met besondere studie van bepaalde tydperk of rigting, met tekste. Die dosente was prof. W.A.P. Joubert en dr. D.B. Bosman (1918-jaarboek: 80).

Derde jaar: 1) Geskiedenis van die Nederlandse letterkunde voor 1775, met die lees van tekste uit die 17de en 18de eeu. Twee uur per week. Prof. Joubert.

2) Middelnederlandse grammatika, met die lees van tekste. Een keer per week. Dr. Bosman.

3) Beginsels van die Gotiese taal. Een uur per week. Dr. Bosman (Hierdie kursus was net bedoel vir studente wat wou aangaan met hul studies in Afrikaans/Nederlands).

4) Nederlandse en Afrikaanse fonetiek. Historiese grammatika. Een uur per week. Prof. Smith. (1919-jaarboek).

Scholtz het dus in die historiese grammatika gestudeer in die tydperk toe verskeie teorieë oor die herkoms van Afrikaans aan die orde was. Blykbaar het Scholtz se dosente geen grondslag gelê vir sy latere wetenskaplike inslag nie (onderhoud met mev. Scholtz).

Scholtz het Smith 'n indrukwekkende en stimulerende leermeester gevind (onderhoud met mev. Scholtz) wat 'n groot invloed op sy lewe uitgeoefen het (onderhoud met E.H. Raidt). Hy het egter glad nie die publikasie van navorsing aangemoedig nie en wakker sodoende by Scholtz 'n publikasievrees vir sy latere navorsingsvrug aan (onderhoud met mev. Scholtz en E.H. Raidt).

Scholtz se ander hoofvak vir die B.A. was Engels. Een van sy Engelse lektore Jackson het 'n groot indruk op hom gemaak. Hy het met diep gevoel gedigte van Keats en Shelley voorgelê. Scholtz getuig as volg hiervan: "'n Nuwe, geheel onbekende wêreld het skielik voor my oopgegaan. Ek herinner my lewendig dat toe ek in die vakansie huis toe is, ek by myself gedink het, waar ek mense in die dorpstrate sien: "Hulle weet niks van die ander wêreld waarvan ek nou weet nie" (Scholtz 1979a:116). Scholtz het egter geen waardering gehad vir sy Engelse professor nie.

In sy vierde of MA-jaar is daar die volgende van Scholtz-hulle verwag:

1) Studie van 'n letterkundige soort of van die werke van 'n skrywer of skool. Twee uur per week. Dr. Lydia van Niekerk,

pas terug uit Amsterdam, was die dosent. Die onderwerp vir 1920 was: Die Tagtigers. Die geesdrif van die jong Nederlandse digters en prosaskrywers - "wij willen Holland hoog opstoten midden in de vaart der volkeren" (onthou Scholtz na 60 jaar) het hom weer laat vlam vat vir sy studie.

2) Middelnederlandse letterkunde. Een uur per week. Dr. van Niekerk.

3) Letterkundige estetika. Twee uur per week. Prof. Joubert.

4) Middelnederlandse tekste. Een uur per week. Prof. Joubert.

5) Goties. Twee uur per week. Prof. Smith.

6) Oudsaksies en Oudnederfrankies. Een uur per week. Prof. Smith.

7) Besondere studie van 'n onderwerp uit die Nederlands-Afrikaanse taalwetenskap. Een uur per week. Prof. Smith.

Onderwerp vir 1920: Buigingsleer en sinsbou van die Afrikaanse taal.

Die studente moes ook 'n skripsie voltooi. Scholtz het sy verhandeling oor leksikologiese aspekte en uitspraakkenmerke van die Afrikaanse visserstaal onder J.J. Smith voltooi. Hy het vir 'n lang ruk op Lambertsbaai tussen die vissers gaan woon om data te versamel. Die skripsie oor die visserstaal is origens nie teruggevind vir die doeleindes van hierdie studie nie. Nòg in die Universteitsbiblioteek van Stellenbosch, nòg by Scholtz self kon 'n eksemplaar daarvan opgespoor word. Ook nie in die nalatenskap van prof. Smith kon iets gevind word nie.

M.L. du Toit - beter bekend as kunsliefhebber en oprigter van Die nuwe brandwaq was 'n gerespekteerde klasmaat in Scholtz se MA-jaar. Scholtz sê van hom: "... die rypste en mees belese onder ons" (Scholtz 1979a:117).

Scholtz behaal die MA-graad (cum laude) in 1920 en verwerf daarmee die Croll-stipendium vir verdere studie aan 'n oorsese universiteit.

Volgens getuigenis was Scholtz 'n briljante student. R.W. Wilcocks beaam dit as hy in 'n getuigskrif van 1934 sê: "Hy het uitgemunt as 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch."

Scholtz was tydens sy studiejare 'n inwoner van die manskoshuis Wilgenhof en dis daar waar hy sy bynaam Canis wat D.J. Opperman in 'n gedig verewig het, gekry het. "Canis" is later oorgeneem deur vriende en kollegas. M.E.R. noem hom ook "Boy" en "Frikkie" en Le Roux "Oom Boy" (briewe van M.E.R. aan Scholtz).

### 2.3 Werk by die Pers (1921-1924)

Dit behels sy werk by die Huisgenoot, Die Burger en die uitgewersafdeling van die Nasionale Pers, om geld te spaar voordat hy oorsee gaan. Kenmerkend van hierdie tydperk is die kontak wat Scholtz met bekendes uit die literêre- en kunstwêreld maak (volgens die talryke briewe in die dokumente- versameling op Stellenbosch).

Die eerste ses maande van 1921 help hy J.J. Smith met die redaksie van die Huisgenoot en die insamel van materiaal vir die Afrikaanse Woordeboek. Deur Smith ontmoet hy die skrywer J.F.W. Grosskopf en die skilders, Pierneef en Erich Mayer.

Vanaf middel 1921 speel hy 'n stigtersrol by die totstandkoming en vroeë vestiging van die uitgewersafdeling van die Nasionale Pers. Hy word hoof van hierdie klein, maar belangrike afdeling.

Hy is ook verantwoordelik vir die redaksie van Die Burger-Nuwejaarsnommer (o.a. in 1923 en 1924), 'n teëhanger vir die Engelse koerante se "Christmas Annuals." Hy soek dikwels stof vir sy Nuwejaarsnommer en leer sodoende bekendes van naderby ken.

Hy nader o.a. vir D.C. Boonzaier om illustrasiewerk te lewer. M.E.R. is vroueredaktrise van Die Burger vanaf Mei 1922. Hy werk ook saam met Ida Theron, 'n redaksielid van die Huisgenoot.

Deur D.C. Boonzaier leer hy vir Bernard Lewis ('n vrysinnige Joodse kunskenner) ken en gaan gereeld vir besprekings van die kuns en literatuur na sy huis in Rondebosch waar hy ook vir Moses Kottler leer ken en hom by sy ateljee in Wynberg gaan besoek. Hy ontmoet ook die skilder Florence Zerffi. Hy raak bevriend met John Morrison, seun van die Skotse wiskunde-professor aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hy korrespondeer in die tyd met Eugène N. Marais, Gustav Preller en Jochem van Bruggen. Hy gaan dikwels smiddags of saans saam met C.J. Langenhoven en Sarah Goldblatt deurbring. Hy deel 'n jaar lank 'n kamer met Sangiro, eers in die Tuine en later in Tamboerskloof.

Scholtz het die Nasionale Pers op 30 Januarie 1923 van sy voorneme verwittig om hul diens te verlaat. Dat hulle ingenome was met Scholtz se diens blyk uit die feit dat hulle hom graag weer by sy ou lessenaar sal wil terug sien (brief aan Scholtz - 6/12/1923).

#### 2.4 Studie in Amsterdam (1924-1927, 1929-1931, 1939)

Buiten dat Scholtz 'n beurs vir oorsese studie gehad het, was hy van die oortuiging dat dit noodsaaklik is om oorsee te gaan studeer ten einde jou akademiese basis en verwysings-raamwerk te vergroot. Hy sê dan ook later aan sy studente dat hulle na 'n groot stad moet gaan vir verdere studie sodat hulle iets van die Europese beweging kan ervaar (onderhoud met mev. Scholtz). J.C. Kannemeyer meen dat daar by Scholtz 'n Europese aanhanklikheid bestaan wat hom opnuut by die oerbronne laat drink het (Kannemeyer 1986:283).

Scholtz wou baie graag onder Jespersen in Denemarke verder gaan studeer en doen in 1923 navraag. Jespersen sou hom graag as student wou hê (brief van Jespersen - 5/8/1923), maar raai hom aan om eerder in Duitsland te gaan studeer aangesien Jespersen niks te doen het met die algemene of vergelykende linguistiek nie.

Scholtz, van plan om Duitsland toe te gaan, bly vir 'n jaar of twee by 'n Duitse predikant om Duits te leer (onderhoud met mev. Scholtz). Hy gaan ook voor sy vertrek tuis by die Lewises om hom voor te berei vir sy Europese kunservering (brief van D.C. Boonzaier - 24/5/1926). Uit hierdie insidente blyk Scholtz se deeglike vooruitbeplanning en insamel van agtergrondskennis - 'n kenmerk van sy latere lewe en werk.

Hy besluit op die ou end om in Nederland te gaan studeer nadat hy reeds 'n toelatingseksamen van die Gemeentelike Universiteit te Amsterdam op 15 Februarie 1921 afgelê het. Hy begin sy studies in Februarie 1924 aan hierdie universiteit.

Hier ondergaan hy opleiding wat hy as "goed, maar ouderwets" bestempel (onderhoud met mev. Scholtz). Hy word onderrig deur bekende akademici soos F.A. Stoett, Prinsen en Boer. Stoett is veral bekend vir sy werk oor idiome. Prinsen het hom (volgens Scholtz) goed van sy taak gekwyd wat die onderrig van die letterkunde betref (onderhoud met mev. Scholtz). Scholtz was genoodsaak om baie aandag aan die letterkunde te spandeer aangesien jy geen krediet vir taalkunde kon kry alvorens letterkunde jou tweede vak was en op gelyke skaal gedoen is nie.

Scholtz ondergaan 'n diepgaande skoling in die trant van die Junggrammatiker en kom deeglik onder die indruk van Hermann Paul.

Hy kies sy byvakke onoordeelkundig en bestudeer vakke soos Oud-Noors, Oud-Yslands en moderne Deens, weliswaar nie om die hondjie nie, maar om die halsbandjie (d.w.s. dosente).

Scholtz was ook vas van plan om Frans te leer tydens sy Europese verblyf. Hy is onmiddellik Frankryk toe met sy aankoms in Europa, waar hy tuis gaan by 'n Franse dokter en sy familie in die hartjie van Parys. Hy het homself met behulp van Teach yourself French geleer. Tipies Scholtz begin hy met Franse boeke wat hom interesseer en die eerste boek wat hy in Frans lees, is 'n boek oor Japanese houtsnêë.

Hy bring sy eerste universiteitsvakansie in Amsterdam en Parys deur waar hy hom met sy groot stokperdjie, sy kunsbelangstelling, besig hou. Hy verbeter sy elementêre kennis van Frans deur dik Franse boeke oor skilders deur te werk. Tydens hierdie vakansie gaan hy by 'n dr. Delambert in die Rue de Mont Thabor in Parys tuis waar hy 'n groot deel van sy tyd in 'n boekwinkel om die hoek deurbring. In hierdie tyd voer hy 'n lewendige briewewisseling met D.C. Boonzaier wat hom uitvra oor sy kunservaring en hom raad gee oor wat om aan te koop (brief van Boonzaier - 14/9/1924).

Scholtz lê die doktorale eksamen in Amsterdam af begin 1927 en keer dan terug na Suid-Afrika. Sy graadsertifikaat word uitgereik op die agste Februarie 1927. Hy wou aanvanklik sy Ph.D. oor die Nederlandse dialekte doen en het 'n ongelooflike hoeveelheid dialekmateriaal deurgewerk wat vandag nog in sy privaatversameling is (onderhoud met E.H. Raidt).

In 1929 keer Scholtz terug na Nederland om ondersoekwerk oor die verhouding tussen Afrikaans en Nederlandse dialekte onder leiding van prof. Stoett te doen. Hy keer in 1931 terug.

Myns insiens is die grootste invloed tydens sy Nederlandse studiejare wel sy eerstehandse kennismaking met die verskillende Nederlandse dialekte sodat hy later as deskundige Afrikaans te midde van sewentiende-eeuse en dialektiese Nederlands kon situeer. Raidt beskou sy kennis van Nederlandse dialekte as "ver bo die normale volgens Nederlandse standaarde" (onderhoud met E.H. Raidt). Met hierdie besondere kennis gewapen, het Scholtz 'n agtergrond vir die bestudering van die Afrikaanse taalgeskiedenis gebied soos geeneen van sy voorgangers en opvolgers nie.

Scholtz het besluit om sy navorsing in 'n proefskrif te laat kristalliseer. Stoett skryf op 21/1/1936 aan hom dat hy bly is dat Scholtz weer "ontwaak" het wat sy studies betref en besluit het om dit tot 'n dissertasie te verwerk.

In 1939 behaal hy dan die graad D. Litt. et Phil. onder promotorskap van C.G.N. de Vooy aan die Universiteit van Utrecht (Serfontein 1954:68). Alhoewel Scholtz nie 'n cum laude daarvoor toegeken is nie (omdat dit nasionalisties-gekleurd was, volgens mev. Scholtz), is dit wel in 1943 met die Hertzog-prys vir wetenskaplike prosa bekroon.

Weens oorlogs- en ander omstandighede was dit vir Scholtz baie moeilik om Nederland toe te gaan, maar dit was 'n vereiste dat die promovendus persoonlik die proefskrif met die stellings sal verdedig teen die besware van die Fakulteit. Hy vertrek dus aan die einde van 1938 oorsee en ontmoet vir W.E.G. Louw en N. Diederichs (UOVS) daar.

Die promosie is vir 27 Januarie 1939 te Utrecht beplan (Serfontein 1954:68,82). E.J.M. Conradie skryf op 21/8/1938 dat sy sekerlik by die plegtigheid sal wees. Scholtz promoveer op Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 soos beplan.

## 2.5 Werk aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (1927-1929, 1931-1933)

Scholtz het vanaf 1924-1934 met tussenposes aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal gewerk. Hy was dus in die beginjare reeds verbonde aan hierdie groot onderneming en word deur J.J. Smith as "'n bekwame werker" beskryf (getuigskrif - 4/1/1934).

Sy eerste voltydse diens by die Woordeboek strek vanaf Maart 1927 tot Junie 1929. Hy werk as die hoofassistent van die hoofredakteur J.J. Smith. Die redaksie is saamgestel deur die Universiteit van Stellenbosch.

Sy tweede skof strek vanaf 1 September 1931 tot 31 Desember 1933 as medewerker van Smith, terwyl hy ook die laaste halfjaar van 1933 'n aantal van prof. Smith se voorlesings oor Nederlandse en Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit van Stellenbosch waarneem. Dit behels drie lesure per week. Prof. R.W. Wilcocks sê in 'n getuigskrif (27/2/1934) dat hulle Scholtz graag langer as dosent sou wou hê.

In 1946, na die aftrede van Smith, word Scholtz die hoofredakteurskap van die Woordeboek deur die Raad van Beheer aangebied, maar wys die aanbod van die hand "omdat omstandighede vir die doen van behoorlike wetenskaplike werk nie gewaarborg was nie" (Scholtz-curriculum vitae - 6/12/1949). Dit was 'n gesogte werkaanbod soos blyk uit 'n getuigskrif wat D.B. Bosman in 1949 vir Scholtz skryf: "Hierdie onderskeiding was miskien die belangrikste wat 'n Afrikaanse taalkundige volgens verdienste te beurt kon val."

## 2.6 Huwelik (1931)

Scholtz se huwelik met Helena Elisabeth Zoraïde Heyse was belangrik vir sy werk aangesien sy later sy klankbord word en haar hart en siel wy aan sy werk, hetsy proefleeswerk, vertaling, ens.

Scholtz ontmoet sy vrou in 1930 nadat hulle uitgerek het dat hulle in 1929 op see by mekaar verby gevaar het. Sy is op 12 Julie 1929 weg uit Southampton op pad na Suid-Afrika terwyl hy die begin Julie Suid-Afrika op 'n Hollandse boot verlaat. Sy het in Suid-Afrika kennis gemaak met Bettie Conradie wat haar later in Amsterdam opsoek. Sy, Bettie, Scholtz en 'n mediese student Dawie de Villiers begin gereeld saam brug speel.

Mev. Scholtz is in Junie 1907 gebore te Middelburg, die middelpunt van die eiland Walcheren in die provinsie Zeeland in Suidwes-Nederland. Soos alle Randprovinsiebewoners is sy baie geheg aan haar provinsie en beskou haar werklike tuis-koms wanneer sy die grens van haar provinsie en nie die grens van Nederland oorsteek nie.

Scholtz en Ena (afkorting vir Helena) trou op 13 Augustus 1931. Op 2 Oktober 1932 is hul enigste kind Jacob Jan du Plessis Scholtz gebore. Scholtz het later drie kleinkinders: Aletta, Marthina en Johannes.

Met Ena se huwelik het sy haar studies gestaak om na Suid-Afrika te kom. Van toe af is sy nou betrokke by Scholtz se

werk en belangstellings soos toe sy bv. Van Wyk Louw behulp-  
saam was met sy vertaling van Aimer (brief van Van Wyk Louw -  
31/1/1939).

Scholtz het dus noue, direkte bande met Nederland en keer  
gereeld terug soontoe: om familie te besoek, navorsing te  
doen en akademiese kontakte op te bou. Mev. Scholtz het ook  
'n tipiese Hollandse tuiste geskep. M.E.R. skryf aan haar  
dogter Anna (brief van Sondag, die 14de, s.j.) dat hul huis  
vol ou en mooi Hollandse goed is en 'n Hollandse atmosfeer  
het. Die linne is Vlaams en die servette van Bretagne-kant.

## 2.7 Lektor aan die Universiteit van Kaapstad (1934-1949)

Scholtz se groot vriend en mentor D.C. Boonzaier, het hom  
aangeraai om hom in Kaapstad of Johannesburg te vestig en ver  
weg te bly van Stellenbosch waar "highly educated, but very  
stupid people" aangetref word (brief gedateer 29/8/1925).  
Scholtz verleen dus voorkeur aan die Universiteit van Kaap-  
stad en word in 1934 as waarnemende lektor aangestel. D.B.  
Bosman sê in 'n getuigskrif van 23 September 1949 dat Scholtz  
by sy aanstelling "my bekend (was) as een van ons mees belo-  
wende jong taalkundiges".

Sy aanvanklike taak was om die volgende te doseer:

- 1) Nederlandse literatuur vanaf die Renaissance tot aan die  
Beweging van Tagtig.
- 2) Middelnederlands as taal vir die MA-studente. Hy het met  
die klas die Middelnederlandse fragmente in De Vooys, Van den  
Bosch en Tinbergen se Letterkundige Leesboek taalkundig be-  
handel. Hy het o.a. Van den Vos Reinaerde bespreek.

In 1935 word hy aangestel as taalkundige lektor en W.E.G.  
Louw as waarnemende lektor in sy plek.

Tydens sy eerste jare as dosent het hy studente gehad wat  
later vir hulle 'n eie nis in die Afrikaanse vakgebied  
verwerf het: W.E.G. Louw was in Scholtz se MA-klas en het  
onder sy aandag gekom a.g.v. sy groot waardering vir Van den

Vos Reinaerde. Meyer de Villiers wat later bekendheid as taalkundige verwerf het, was in sy klas, asook die digter S.V. Petersen, die skrywer-egpaar, Klaas Steytler en Elsa Joubert (1944-1945) en die egpaar Helena Jordaan (Lambrechts) - 'n uiters talentvolle MA-student - en Hugo Lambrechts - later Direkteur van Onderwys (beide was in 1948 MA-studente).

Die studentetal was nooit baie hoog nie. Klaas Steytler ont-hou bv. dat Afrikaans/Nederlands I in 1945 'n groterige klas van ongeveer 45 was, Afrikaans/Nederlands II ongeveer 20 en Afrikaans/Nederlands III ongeveer 12 met bekende studente soos Newmark, C.H. Poole en Helena Jordaan. In die MA-klas was daar slegs 'n Mej. du Toit.

Scholtz is in hierdie jare baie besig met argivale navorsing. Hy begin Julie 1934 publiseer en van toe af is daar 'n ononderbroke stroom van taalkundige en literêrhistoriese publikasies.

Sy kollegas by die universiteit was bekende name in die literêre wêreld en hulle het 'n groepie gevorm wat deur Klaas Steytler as "'n uithoek van die kultuur" beskryf is (onderhoud met hom). Hulle het in hul eie kringe beweeg wat betrokkenheid by die Nasionale Pers en die Woordeboek ingesluit het (Scholtz het die Nasionale Pers bv. gehelp met die keuring van manuskripte o.a. M.E.R. se Die Eindelose Waagstuk).

Met Scholtz se koms was Van Wyk Louw reeds 'n dosent in die Fakulteit Opvoedkunde en Scholtz en kollegas soos Boerneef en I.D. du Plessis het dikwels saam met Van Wyk Louw en Marthinus Versfeld van die departement Filosofie tee gedrink. Later het ook A.H. Murray en S.I.M. du Plessis van Filosofie en J.H.W. Rosteutscher(Duits) by hulle aangesluit. In 1947 het D.J. Opperman ook bygekom en het Scholtz se lang verbintenis met Opperman begin (Kannemeyer 1986:163).

Die groepie Afrikaanse vriende het min of meer dieselfde politieke sentimente gedeel. Scholtz, Van Wyk Louw, Boerneef en Opperman was almal lede van die Afrikaner-Broederbond.

Hulle strewe die Afrikaner-nasionalistiese ideaal na (Van Wyk Louw skryf o.a. in 'n brief gedateer 31/1/1939 aan Scholtz dat politici gehoor sal moet gee aan die beweging van Afrikaners om saam te staan en in briewe van 31/3/1948 en 31/1/1939 aan Scholtz is Van Wyk Louw baie sarkasties oor Smuts) en is dikwels anti-Engels ( in 'n brief aan Scholtz gedateer 31/3/1948 is Van Wyk Louw kwaad dat visums nie in Afrikaans of Frans nie, maar in Engels uitgereik word).

Tydens sy vroeë jare aan die Universiteit van Kaapstad was Scholtz woonagtig in 'n aantreklike ou huurhuis in die Campgroundweg, Rondebosch - genoem "Bucknalls" waar Van Wyk Louw 'n gereelde kuiergas was. Hulle het eindelose gesprekke oor Louw se werk, ander Afrikaanse literatuur en die politiek gevoer. Scholtz se betrokkenheid by die Afrikaanse literatuur in hierdie jare blyk ook verder uit die Afrikaanse Boekeweek wat hy saam met Van Wyk Louw, Boerneef en W.E.G. Louw in 1935 georganiseer het.

Elsa Joubert beskou Scholtz en sy kollegas van daardie jare as "'n deurlugtige klomp dosente". Daar was Boerneef vir gedigte, F.C.L. Bosman vir drama, I.D. du Plessis vir kortverhale en Scholtz vir die filosofie van taal en taalkunde. D.B. Bosman was die departementshoof.

Scholtz moes 'n aanbeveling en keuse doen uit die kandidatuur vir 'n dosentskap wat D.B. Bosman in 'n brief van 24/10/1947 aan hom voorlê:

1) J.J. Snyman 2) M. Bax-Botha 3) D.J. Opperman.  
Bosman vra Scholtz om 'n onderhoud te voer met Snyman met die oog op sy persoonlikheid en om Opperman se bevoegdheid t.o.v. Middelnederlands en sewentiende-eeuse Nederlands te bepaal. Scholtz beveel Bax-Botha aan - 'n keuse wat Boerneef as "uitstekend" bestempel (brief van 25/3/1948).

Scholtz het egter nie van Opperman vergeet nie en besoek hom in September 1948 om hom te pols oor die moontlikheid van 'n lektoraat in sy plek. D.B. Bosman was met lang verlof en daar was sprake dat hy as Suid-Afrikaanse ambassadeur na Nederland

sou gaan. As Bosman sou bedank, sou Scholtz, wat van die begin 1949 waarneem as departementshoof, 'n goeie kans staan om sy pos te kry. Scholtz het tydens die eerste halfjaar in 1944 feitlik al D.B. Bosman se werk oorgeneem tydens sy siekteverlof ('n brief van W.E.G. Louw - 5/8/1944). Scholtz was dus geen groentjie in hierdie verantwoordelike posisie nie. Volgens universiteitsvoorskrifte moes die pos opnuut geadverteer word, maar D.B. Bosman het aan Scholtz geskryf dat sy benoeming as professor feitlik verseker is as hy waarneem (brief van 15/4/1948).

Opperman begin sy werksaamhede as waarnemende lektor in Maart 1949. Afgesien van Scholtz het die departement bestaan uit Marie Bax-Botha (wie se eggenoot professor was in die Nederlandse kultuurgeskiedenis) en J.A. Verhage ('n Nederlander wat ook geïnteresseerd was in die historiese taalkunde) as lektore en Boerneef as senior lektor. Mev. Bax-Botha was verantwoordelik vir kursusse oor die fonetiek en historiese grammatika (onderhoud met mev. Bax-Botha).

Scholtz het in hierdie tydperk heelwat aanbiedinge van doseerposte by ander universiteite gekry. G. Dekker nader Scholtz om hom beskikbaar te stel vir 'n senior lektoraat in die taalkunde by die Potchefstroomse Universiteit. Hulle soek iemand wat neerlandikus is, 'n grondige opleiding in Nederland gehad het met 'n goeie ondergrond as germanis. Scholtz voldoen aan hierdie vereistes ('n brief van 26/6/1930).

Hy is in 1934 'n junior lektoraat by die Transvaalse Universiteitskollege (later die Universiteit van Pretoria) aangebied (brief van T.H. le Roux op 18/10/1934), maar het dit nie aanvaar nie.

Scholtz is in 1936 in die versoeking gestel om vir sy Alma Mater te gaan werk: die Universiteit van Stellenbosch het 'n taalkundige professoraat geadverteer. E.J.M. Conradie (brief van 5/9/1936) skryf aan Scholtz: "... dit spreek vir my van self dat jy dit kry." Sy skryf aan A.C. Bouman en J.J. Smith om Scholtz aan te beveel. Scholtz word egter op 14/11/1936

deur J. Basson daarvan in kennis gestel dat hulle hard probeer het om hom vir 'n professoraat benoem te kry, maar dat dit op niks uitgeloop het nie.

Scholtz stel ook baie belang in die taalkundige professoraat van T.H. le Roux wat in 1947 aan die Universiteit van Pretoria geadverteer word. Scholtz ontvang 'n brief van M.S.B. Kritzinger wat hom vra om vir die pos aansoek te doen, aangesien hy hom as "verreweg die beste kandidaat" beskou (brief van 5/3/1947). Hy reken ook dat die dekaan van die fakulteit, Isak Bosman, Scholtz se kandidatuur sal steun.

Scholtz ontvang ook 'n telegram van Henry Gonin (18/8/1947) wat hom vra om aansoek te doen vir die pos. Gonin skryf ook verder in 'n brief (26/8/1947) dat S.A. Louw 'n gedugte teenstander is en vra Scholtz om 'n curriculum vitae te stuur. Die uitslag is egter teleurstellend: die komitee van die fakulteit het Scholtz met 'n meerderheid van vier stemme teenoor twee aanbeveel, maar die fakulteit self het Louw aanbeveel. Daar is geappelleer by die Senaat, maar die Afrikaanse departementshoof het Louw gesteun. M.C. Botha van die Universiteit van Pretoria is baie geskok oor die verbygaan van Scholtz en Boshoff en voel dat die onreg georkestreer is deur Le Roux en "ander middelmatige apostels" van die Fakulteitsraad en Senaat ('n brief van 28/8/1947). Scholtz is ook in 1948 offisieel genader deur die liggaam verantwoordelik vir die instelling van 'n buitengewone professoraat in die Afrikaanse taal en letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam oor 'n benoeming tot die leerstoel, maar het negatief geantwoord a.g.v. sy werk en verpligtinge by die Universiteit van Kaapstad.

## 2.8 Departementshoof (1950-1965)

Scholtz was baie begaan om die pos as departementshoof te kry. Hy het selfs D.B. Bosman in die Noordweste gaan opsoek om hom te herinner aan sy belofte om die ambassadeurspos te aanvaar (onderhoud met J.C. Kannemeyer). Volgens E.H. Raidt (1980) moes Scholtz al vroeër departementshoof geword het. D.B. Bos-

man was veronderstel om aan die einde van 1948 na 'n lang siekteverlof af te tree (volgens 'n bekendmaking in 'n Huisgenoot-brief van Boerneef, datum onduidelik). Bosman het egter Scholtz se kandidatuur ten volle gesteun: "Ek is oortuig daarvan dat daar geen bekwamer kandidaat as dr. Scholtz vir die pos van professor in Nederlands en Afrikaans in Suid-Afrika of daarbuite te vinde is nie. Ek mag net byvoeg dat ek die volste vertroue in hom het as leier en organisator van 'n departement en twyfel daar nie aan nie of die samewerking met sy kollegas binne en buite sy departement van die hartlikste sal wees nie" (getuigskrif van D.B. Bosman, 23/9/1949).

Die pos moes egter volgens universiteitsregulasies geadverteer word. W.E.G. Louw, 'n oud-student van Scholtz, doen aansoek en dit veroorsaak groot wrywing tussen Scholtz en Opperman aan die een kant en Van Wyk Louw en W.E.G. Louw aan die ander kant (Kannemeyer 1986:198). Die aanstellingskomitee is egter deeglik bewus van Scholtz se hardwerkendheid en besluit eenparig om hom daarvoor te beloon.

D.B. Bosman skryf in Desember 1949 aan Scholtz om hom geluk te wens met sy aanstelling. Hy wens die Universiteit van Kaapstad geluk en reken dat hulle baie gelukkig is om sy dienste te bekom. M. Valkhoff wens Scholtz geluk met sy professoraat en sê dat dit 'n "mooie erkenning van je wetenskapelijk werk (is)" ('n brief van 19/2/1949).

Scholtz word dan met ingang Februarie 1950 die nuwe Hofmeyr-professor en hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad. Die salarisskaal behels 1,000 pond x 50 - 1,300 pond per jaar (volgens 'n koerantberig van 16/9/1949). D.J. Opperman word in sy plek as dosent aangestel. J.C. Kannemeyer reken dat met Scholtz se aanstelling die departement toevertrou is aan iemand wat sal sorg dat die hoë standaard deur sy bekende voorganger prof. dr. D.B. Bosman gestel, gehandhaaf bly (Kannemeyer 1986:165). Scholtz se intreelesing is: "Die Nederlandse invloed op die Afrikaanse woordeskat."

In hierdie tydperk was daar redelik veel personeelskommelings in die departement.

I.D. du Plessis laat weet Scholtz op 31/1/1951 dat hy gaan bedank en sal aanbly tot Junie indien hulle niemand van die begin van 1951 af kan kry nie. Scholtz stel Ernst Lindenberg bo Ernst van Heerden in die letterkunde-afdeling aan.

D.J. Opperman bedank in 1959 as lektor. Dit dra by tot 'n verder verwydering tussen Scholtz en Opperman (wat o.a. geïnisieer is deur die vreeslike ophef wat Scholtz van Van Wyk Louw se poësie in die teekamer maak terwyl hy Opperman s'n bykans en Boerneef s'n heeltemal oor die hoof sien - Kannemeyer 1986: 175). Scholtz dring daarop aan dat Opperman in Kaapstad en nie in Stellenbosch bly tot tyd en wyl sy termyn aan die Universiteit van Kaapstad verstryk. Die spanning word op die spits gedryf deurdat Opperman die rektor raadpleeg. Baie jare later is die kwaai-vriendskap tot 'n mate uit die weg geruim toe Scholtz vir Opperman Taalhistoriese opstelle en Opperman vir Scholtz Dolosse stuur (Kannemeyer 1986:306).

J.C. Kannemeyer word teen die einde van 1961 aangestel in die departement. Scholtz het baie waardering gehad vir Kannemeyer se geesdrif. Voorin Kannemeyer se eksemplaar van Afrikaans uit die vroeë tyd skryf hy: "... vir John wie se geesdrif vir die werk ek altyd bewonder het." Kannemeyer beskryf terugskouend Scholtz se departement as die bes georganiseerde waarin hy nog gewerk het (onderhoud met J.C. Kannemeyer).

Studente uit hierdie termyn wat later bekendheid verwerf het op die Afrikaanse vakgebied is: W.E.G. Louw, Leon Rousseau, Roswitha Geggus (Schutte), Adam Small, Edith Raidt, Breyten Breytenbach, Nerina Ferreira en Hester Waher.

Scholtz het baie aangename verhoudings met die Administrasie en sy hoofde - dekane en rektore - gehad. Scholtz het weinig, maar aangename kontak gehad met A.V.H. Carter en J.G. Benfield, die registrateurs. Scholtz het baie kontak met Sir Carruthers Beattie as Prinsipaal gehad. Beattie het Scholtz

baie ondersteun omdat hy vakwerk gedoen het. Hy het begrip gehad vir die feit dat Scholtz nie dekaan wou word nie omdat hy dan 'n jaar se werktyd sou verloor. Hy het ook goed met Faulkener en T.B. Davie oor die weg gekom, maar in 1960 'n openbare uitval met dr. J.P. Duminy gehad oor Republiekwording.

Scholtz was ook baie gekant teen die linkse optredes van studente. Hy het bv. by die onmiddellike universiteitsowerhede gaan protesteer teen die boikotpropaganda op universiteits-terrein en die verspreiding van boikotlyste teen Afrikaanse sake-ondernemings in die klaskamers van die Lettere-gebou.

Lg. was dus faktore wat vermoedelik by Scholtz 'n renons in die Universiteit van Kaapstad laat ontwikkel het sodat hy op 'n latere stadium eerder sy waardevolle dokumenteversameling en kunsskatte aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk het (onderhoude met mevv. Scholtz en Bax-Botha).

1950 het 'n waterskeiding in Scholtz se vakwerk verteenwoordig. Hy skryf sy bekende Kloeke-resensie waarin Scholtz kragte meet met die bekende Nederlandse dialektoloog en die beste daarvan afkom. In 1952 word Scholtz gevra om saam met D.B. Bosman (UK), J.L.M. Franken (US), T.H. le Roux (oud-UP), S.A. Louw (UP), en P. de V. Pienaar (Johannesburg) 'n bydrae tot die feesbundel ter ere van Kloeke se 65ste verjaardag te lewer. Hy verkry ook nuwe taalkundige gegewens van L.C. van Oordt. Hy wend hom tot die sinchroniese taalkunde en verdiep hom in die Europese en Amerikaanse strukturaliste.

In 1958 en 1962 word Scholtz vir 'n tweede en 'n derde maal oorweeg vir die Amsterdamse pos.

F.C.L. Bosman reken dat Scholtz met sy kennis van die Suid-Afrikaanse kuns en ander aspekte van ons kultuurgeskiedenis die ideale persoon vir die pos is, maar indien Scholtz nie sou belangstel nie, sou hy graag die pos wou hê (brief van 12/5/1958 aan Scholtz).

Van Wyk Louw beveel die volgende persone aan as sy opvolger in Nederland: G. Dekker, Scholtz, W.E.G. Louw, D.J. Opperman, Merwe Scholtz, A.P. Grové en P. du P. Grobler (brief van 27/1/1958 aan W. Hellinga). In briewe van G. Stuiveling vra lg. verlof van Dekker, Scholtz, W.E.G. Louw en Opperman om hulle te benoem vir die Amsterdamse professoraat. Hy verwittig Scholtz daarvan in 'n brief van 26/3/1958 en vertel hom dat die kursus uitgebrei is om 'n kandidaats- en doktooraatsamen in die Suid-Afrikaanse taal- en letterkunde in te stel. Merwe Scholtz word in die pos benoem.

In 1962 skryf Hellinga aan Scholtz om hom te vertel van die fakulteitskommissie van die Universiteit van Amsterdam se besluit om Dekker en Scholtz te benoem as Merwe Scholtz se moontlike opvolger (brief van 13/10/1962). Scholtz laat weet terug dat hy bly is dat hulle hom vir 'n derde maal vir die pos oorweeg, maar hy het besluit om aan te bly by die Universiteit van Kaapstad, nieteenstaande die voordele wat die nuwe pos sou inhou: 1) kontak met Hellinga en vakgenote 2) 'n ervaring van die beeldende kunste van Europa 3) 'n Amsterdamse verblyf en 4) naby aan sy Hollandse familie.

Scholtz tree in 1965 af as hoogleraar. Hy geniet nog goeie gesondheid alhoewel hy in 1960 'n groot operasie ondergaan het. Scholtz kry na sy aftrede 'n bietjie meer tyd vir vakansie by sy gunsteling-oord Waenhuiskrans. Hy gaan gewoonlik soontoe in Januarie wanneer die skole weer heropen het (onderhoud met mev. Scholtz). (Baie van die inligting in hierdie gedeelte is verkry uit 'n onderhoud met J.C. Kanne-meyer en uit Kannemeyer 1986).

## 2.9 Oorsese reise (1948, 1954, 1961, 1966)

Scholtz het bykans nooit beurse gehad om oorsee te gaan nie, maar het altyd sy langverlof daarvoor gebruik en dit dan 'n werkvakansie gemaak (onderhoud met mev. Scholtz).

### 2.9.1 1948

Scholtz vertrek aan die einde van 1947 oorsee. 'n Mej. du Toit neem waar in sy plek.

Hy lewer in 1948 'n referaat oor: "Die Afrikaanse taalkunde - 'n wetenskap in wording" by die twintigste Nederlandse filoloëkongres in Leiden. Dis baie geslaagd. Kloeke reageer as volg hierop; hy het gevoel dat hierdie voordrag "ten pleziere van mij georganiseerd was" ('n brief van 26/4/1950).

Scholtz hou ook ander voorlesings en voordragte waarvan Boerneef sê dat dit "deeglik soos altyd (is), dit weet ek" ('n brief van 23/3/1948).

### 2.9.2 1954

In 1954 kry Scholtz deur bemiddeling van die Departement van Onderwys 'n beurs van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing ('n voorloper van die R.G.N.) vir verdere studie in Nederland.

Hy vertrek alleen oorsee op die eerste Februarie 1954 en keer terug op die 31ste Julie 1954. Hy gaan tuis by dr. C. Bellaer Spruyt in Amsterdam. Hy word ook uitgenooi om C.B. van Haeringen in Utrecht en prof. de Vooyts te besoek (brief van 16/3/1954).

Scholtz het hom tydens hierdie studietoer met die hulp van A.J.B.N. Reichling hoofsaaklik toegespits op die prinsipes van die deskriptiewe linguistiek.

### 2.9.3 1961

Hy neem verlof vanaf die eerste Februarie 1961 tot die 31ste Julie 1961. E.H. Raidt neem waar in sy plek.

Hy het hoofsaaklik vanuit Amsterdam gewerk. Die doel van sy besoek was tweërlei van aard: 1) 'n Onderzoek in Nederlandse argiewe na die bestaan van nie-literêre bronne in die sewentiende- en vroeg agtiende-eeuse volkstaal wat meer lig kon werp op die taalvorme waaruit Afrikaans ontstaan het. 2) Die samewerking van Nederlandse vakgenote te ver-

kry by die bestudering en oplossing van taalhistoriese probleme (Scholtz se verslag aan die UK-administrasie, 1961).

Hy maak kontak met geleerdes soos W. Hellinga. H.J. Caron en P. Tuynman van die Universiteit van Amsterdam, C.B. van Haeringen van Utrecht, J. van Loey van Brussel (uitgebreide vakbesprekings op 18 Maart), G.G. Kloeke van Leiden en B. van den Berg van Haarlem. Lg. kontak word behou soos later blyk uit 'n kettingbrief waarin Scholtz deur Van den Berg gevra word om 'n afdruk van sy laaste publikasie aan vier geleerdes te stuur ten einde 56 ander resente publikasies te ontvang.

Scholtz voer samesprekings met dr. Ghijsen (redakteur van die Woordenboek der Zeeuwse dialecten, dr. Crena de Jongh (redakteur van die Woordenboek der Nederlandse taal) en afgevaardigdes van die Dialectburo van die Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen wat hom almal verdere hulp belooft.

Scholtz doen sy argivale navorsing in die gemeente-argiewe van Amsterdam, Leiden en Gouda met behulp van senior studente van Hellinga.

Hy word deur Hellinga uitgenooi na 'n "colloquium" op 8 Maart 1961 in Amsterdam oor "mechanisering in de taalkunde" waar o.a. prof. Reichling en dr. de Tollenaere (van die WNT) as sprekers optree. Scholtz self bied lesings oor capita selecta uit die geskiedenis van Afrikaans by die Universiteit van Amsterdam aan.

#### 2.9.4 1966

Scholtz besoek Europa, hoofsaaklik a.g.v. sy kunsbelangstelling, maar ook om kontak met vakgenote te behou. Hy besoek Breyten Breytenbach in Parys en bespreek van sy gedigte met hom (Scholtz 1979:24).

### 2.9.5 1974 en 1975

Tydens beide jare besoek Scholtz Europa en verwyl sy tyd met sy stokperdjie, nl. sy kunsbelangstelling. Hy fokus veral op Parys. Hy gaan weer 'n ou vriend besoek, die onderwetse boekwinkel "Aux musées d'Europe". Dit bestaan nog in 1974, maar nie meer in 1976 nie (onderhoud met mev. Scholtz).

### 2.10 Werksaamhede na aftrede (1966-1980)

Scholtz tree in 1965 af en word in 1966 benoem tot emeritus- professor. Hy gaan nog volstoom voort met sy werksaamhede. Hy wy hom tot 1970 nog aan die taal, maar daarna aan sy stokperdjie, die kuns en kunsgeskiedenis.

Hy word nog vanuit verskeie oorde oorval deur werk-aanbiedinge.

Die Regering wou Scholtz in 1966 kulturele attaché in Nederland maak. Hulle voel dat dit noodsaaklik is om "'n persoon van formaat, soos u, veral aanvanklik, in die betrekking te benoem om hegte grondslae te lê waarop jonger persone kan voortbou. U is self daarvan bewus dat die Nederlanders nie maklik iemand sal aanvaar in so 'n belangrike pos wat nie 'n gesaghebbende is nie" ('n brief van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap op 27/1/1966). Scholtz oorweeg dit aanvanklik, maar sal verder met minister J. de Klerk onderhandel wanneer hy terug is in die Kaap. Hy besluit egter daarteen omdat hy gekant is teen toesprake en ook omdat 'n afgesant van die Regering politieke teenkating sou moes verduur.

In 1967 nader L.W. Hiemstra vir Scholtz om as projekteier op te tree vir die R18 000-program om 'n deeglike ondersoek na die huidige stand van Afrikaans in te stel. Die Akademie wil 'n objektiewe en saaklike opname t.o.v. elke terrein maak en beskou Scholtz as die geskikste persoon daarvoor. Scholtz sou 'n honorarium van R4 000 p.j. oor 'n

tydperk van drie jaar ontvang en kon slegs halfdag werk. Hy was blykbaar te oorlaai met werk om die projek aan te pak (mev. Scholtz).

In 1967 tree Scholtz as eksterne eksaminator by die Universiteit van die Witwatersrand op op uitnoding van Van Wyk Louw.

Ook in 1967 nooi Van Wyk Louw Scholtz uit om die Hofmeyr-lesings by die Universiteit van die Witwatersrand te gee. Dit word vereis dat 'n senior vakman twee lesings moet gee: een in Afrikaans oor sy vak vir die studente en vakgenote; 'n tweede in Engels vir die publiek.

In 1971 word hy deur F.F. Odendal uitgenooi om die tweede N.P. van Wyk Louw-gedenklesing in 1972 aan te bied oor N.P. van Wyk Louw as taalbouer (brief van 25/6/1971). Scholtz is die tweede persoon, naas W.E.G. Louw, wat die eer te beurt val omdat hy Van Wyk Louw so goed geken het. Hy moes egter bedank omdat hy so toegegooi was onder die werk dat hy nie reg daaraan sou laat geskied nie. Odendal vra hom weer in 1973 om dit in 1975 te kom aanbied.

Geleidelik het Scholtz al hoe meer op sy kunsbelangstelling begin fokus. Hy keur o.a. skilderye vir Sanlam en stel in 1976 'n oorsigtentoonstelling van Herman van Nazareth saam vir die Pretoriase kunsmuseum.

Hy laat ook 'n verskeidenheid monografieë oor bekende kunstenaars die lig sien. Dit sluit 'n werk oor Stratt Caldecott (1970), D.C. Boonzaier en Pieter Wenning: verslag van 'n vriendskap (1972) asook die boek Moses Kotler, his Cape years (1971) in.

Scholtz raak aan die einde van Maart 1987 ernstig siek nadat hy nooit werklik afgetree en sy werksaamhede gestaak het nie. In 1989 kry hy 'n beroerte-aanval en sterf op die ouderdom van 90 op 26 Januarie 1990, na 'n lang siekbed.

## 2.11 Lid van kulturele en ander liggame

Scholtz se intense betrokkenheid by sy vakgebied en sy gemeenskap blyk verder uit die velerlei kulturele en ander liggame waarvan hy lid was:

- 2.11.1 Hy was tien jaar lank lid van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie. Hy is in 1944 gekies tot sekretaris waar hy "die allerbelangrikste werk verrig het" ('n getuigskrif van D.B. Bosman, 1949). Scholtz het nie geskroom om sy stem dik te maak as hy nie met die ander Kommissielede saamstem nie. Hy was bv. gekant teen hul onwetenskaplike beginsels i.s. spelreëls (vgl. J.J. Smith se spelbeginsels).

Hy was in 1953 saam met W. Kempen (sekretaris), dr. S.J. du Toit, D.F. Malherbe (voorsitter), T.H. le Roux, L.W. Hiemstra, S.P.E. Boshoff en P.C. Schoonees op die Taalkommissie. Hy was ook medeverantwoordelik vir die sesde uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en spelreëls.

- 2.11.2 Hy was ook op die breë letterkundige komitee van die Akademieraad. Die reglement by die toekenning van die Hertzogprys bepaal dat 'n breë komitee van tien lede benoem moet word indien die keurkomitee meer as een skrywer aanwys.

In 1965 moes hulle besluit tussen Tristia (Van Wyk Louw) en Dolosse (Opperman). Die komitee het bestaan uit G. Dekker, E. Lindenberg, F.I.J. van Rensburg, P.D. van der Walt, P. du P. Grobler, T.T. Cloete, Ampie Coetzee, S. Strydom, J. du P. Erlank en Scholtz. Scholtz het Tristia gesteun wat op die ou end met die louere weggestap het. In 1952 het hy saam met Opperman, W.E.G. Louw, Meyer de Villiers en I.W. van der Merwe standpunt ingeneem teenoor F.C.L. Bosman en Hermien Dommissie oor die toekenning van die Hertzogprys vir drama aan Gerhard J. Beukes en W.A. de Klerk. Hierdie polemie het ontketen tot die

felste nog in die Afrikaanse literêre wêreld. Van Wyk Louw bepleit dat hulle 'n keer "ernstig, waardig en sterk en sààm sou wou opstaan en praat" ('n brief van 13/10/1952).

- 2.11.3 Hy word verkies tot erelid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1972.
- 2.11.4 Hy was vanaf 1945 21 jaar lank lid van die raad van die Van Riebeeck-vereniging vir die publikasie van dokumente betreffende die geskiedenis van Suid-Afrika. Hy was sestien jaar lank voorsitter en word later tot erelid verkies.
- 2.11.5 Hy was lid van die Raad van Trustees van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad.
- 2.11.6 Hy was 21 jaar lank lid van die Historiese Monumente-kommissie (later Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede) en twintig jaar lank voorsitter. Hy het in 1957, 1959, 1961, 1963 en 1965 spesiale verlof van die Universiteit aangevra om hul vergaderings te gaan bywoon.
- 2.11.7 Hy is tien jaar lank lid van die Argiefkommissie en het baie tyd daaraan spandeer (onderhoud met E.H. Raidt).
- 2.11.8 Hy was mede-trustee van die Irma Stern-trust. Scholtz het 'n belangrike rol gespeel in die herbou en inrigting van "The Firs" in Chapelweg, Rosebank as die Irma Stern-museum. Hy het sy mede-trustee oorreed om alle pikturale werk van Stern wat as navorsingsmateriaal waarde het in permante bruikleen aan die Suid-Afrikaanse nasionale kunsmuseum in Kaapstad te skenk. Sodoende ontstaan die Irma Stern-argief in die museum.
- 2.11.9 Hy was voorsitter van die Vereniging vir die Vrye Boek. Lg. kom in 1936 tot stand onder leiding van Scholtz, Van Wyk en W.E.G. Louw, Boerneef, Abraham H. Jonker en F.E.J. Malherbe met die doel om die Afrikaanse letterkunde uit die eng beperkings van die voorskryfmark te bevry. Die V.V.B. publiseer vier werke.

- 2.11.10 In 1949 is Scholtz benoem tot lid van die Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden.
- 2.11.11 In 1966 is hy uitgenooi tot lid van die Internasionale sentrum van Onomastiek.
- 2.11.12 Hy is ook uitgenooi tot lidmaatskap van die groot en belangrike linguistevereniging Linguistic Society of America.

Scholtz het nie baie van internasionale kongresse gedink nie. Hy het altyd 'n bietjie spottend gesê dat die belangrikste besluit wat by so 'n kongres geneem word, is waar die volgende kongres gehou gaan word. Hy het ook min uitnodigings na Nederlandse kongresse aanvaar (onderhoud met mev. Scholtz).

(Inligting in hierdie gedeelte is gebaseer op skraps brokkies uit Dietse Studies en is aangevul deur onderhoude en terloopse inligting uit briewe uit die dokumenteversameling op Stellenbosch).

#### Toekennings/huldeblyke

Daar sal met hierdie studie betoog word dat Scholtz nie genoeg erkenning vir sy werk ontvang het nie. Die vraag ontstaan of die onderstaande lys van toekennings reg laat geskied het aan Scholtz se arbeid en bydrae tot die Afrikaanse Taal en Lettere.

In 1920 ontvang hy die Croll-stipendium van die Universiteit van Stellenbosch vir sy meestersgraad.

In 1943 ontvang Scholtz die Hertzogprys vir wetenskaplike prosa vir sy proefskrif Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875. Dit was die eerste maal dat 'n prys in die kategorie "wetenskaplike prosa" toegeken is en publikasies op die volgende gebiede is in ag geneem.

- 1) Taal- en literatuurwetenskap, kunsgeskiedenis en musiek,
- 2) geskiedenis en aardrykskunde,
- 3) wysbegeerte, sielkunde, opvoedkunde, teologie en
- 4) sosiale en staatswetenskappe.

Die volgende twee maatstawwe geld by die beoordeling van 'n werk: 1) Die wetenskaplike gehalte moet die hoofoorweging wees. 2) Taal en styl is 'n sekondêre oorweging ("die Hertzogprys", Die Brandwag, 12/8/1949). Die bekroning van Scholtz se werk het oral byval gevind. Die Huisgenoot-redaksie laat hom as volg hieroor uit: " Ons wil sowel die Akademie as dr. Scholtz gelukwens met die bekroning van hierdie voortreflike studie oor die voorgeskiedenis van Afrikaans. Vakmanne prys dit tereg as 'n baie deeglike en volledige stuk werk, uitmuntend gedokumenteer, fyn afgewerk wat die taalversorging betref en 'n bydrae van hoë wetenskaplike waarde tot ons kennis van die onderwerp" (Die Huisgenoot, 10 Maart 1944:3).

In 1954 ontvang hy 'n beurs van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing vir verdere studie in Nederland.

In 1965 met sy aftrede word die feesbundel Dietse studies saamgestel deur vriende en kollegas (ook Nederlandse geleerdes) as 'n huldeblyk aan hom. Nasou Beperk gee in dieselfde jaar die hersiene Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 uit as 'n feesuitgawe ter vyftigste herdenking van "De Nationale Pers Beperkt."

In 1970 ontvang Scholtz die eerste C.J. Langenhoven-prys vir taalwetenskap van die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy ontvang 'n persoonlike brief van Sarah Goldblatt waarin sy hom gelukwens en haar en Langenhoven se waardering vir sy werk uitspreek.

In 1972 ontvang hy 'n eretoekenning van die Kaapse Drie-eeue-stigting.

In 1974 word sy boek D.C. Boonzaier en Pieter Wenning, verslag van 'n vriendskap bekroon met die Stals-prys vir kunsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Op die tiende Desember 1975 ontvang hy 'n eredoktorsgraad (doktor in die Lettere honoris causa) van die Universiteit van Stellenbosch. Scholtz se kandidatuur is deur Meyer de Villiers 'n oudstudent geïnisieer ('n brief van Meyer de Villiers aan Scholtz, 19/10/1975). Die Universiteit van Stellenbosch het besluit om in

die Afrikaanse Taaljaar 1975 oud-Maties wat 'n besondere bydrae tot Afrikaans gelewer het, te vereer. Saam met Scholtz ontvang dan ook prof. F.E.J. Malherbe, mnr. P.J. Cillie en die digter Uys Krige eredoktersgrade. Elize Botha skryf aan Scholtz (brief van 14/12/1975) dat sy dankbaar is dat eer op die regte plek bekroon is. Scholtz ontvang ook 'n gelukwensing van prof. W.J. "Duke" Erlank (brief van 12/11/1975) wat reken dat daar al baie goeie taalkundiges was, maar nog niemand met Scholtz se vakkundige integriteit nie.

In 1980 met sy tagtigste verjaardag is Scholtz op verskeie maniere vereer. 'n Skemerpartytjie is vir hom in die klub Here XVII in Kaapstad gereël waartydens E.H. Raidt namens Tafelberg-uitgewers die eerste eksemplaar van sy Wording en ontwikkeling van Afrikaans aan hom oorhandig het. Standpunte no. 147 is ook in 1980 aan hom opgedra. E.H. Raidt bespreek in 'n artikel Scholtz se werk en status as taalkundige. Prof. G.M. Ballot van die Potchefstroomse Universiteit skryf in 'n ander artikel oor sy publikasie op kunshistoriese gebied. Dr. J.C. Kannemeyer, redaksie-sekretaris van Standpunte het die eerste eksemplaar aan hom oorhandig.

In 1985 is die graad D.Phil. (honoris causa) van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir sy bydrae tot die kunsgeskiedenis tydens 'n gradeplegtigheid in September aan hom oorhandig. Terselfdertyd is ook eredoktorsgrade aan prof. G.G. Cillie en Etienne le Roux toegeken.

Ook in 1985 publiseer E.H. Raidt en F.A. Ponelis Standpunte-artikels van Scholtz wat hy 55 jaar vroeër geskryf het as huldeblyk aan hom by geleentheid van sy 85ste verjaardag op 14 Mei 1985. Raidt redigeer die artikels (wat net die byvoeging van bronneverwysings behels) en dit verskyn onder die titels: "Inleiding", "Kwantiteit" en "Wesgermaans à in geslote lettergrepe."

Scholtz het dus wel in die skemer van sy lewe heelwat eer en toekenning te beurt geval. (Inligting in hierdie gedeelte is gebaseer op skaars brokkies uit Dietse studies en is aangevul deur briewe en onderhoude in die dokumenteversameling).

### Hoofstuk 3: 'n CHRONOLOGIESE OORSIG VAN SY PUBLIKASIES

'n Chronologiese oorsig van Scholtz se publikasies moet in samehang met sy biografiese gegewens bestudeer word ten einde 'n duidelike oorsigtelike beeld van sy taal- en literêrhistoriese arbeid te vorm.

Vir bg. doel is sy wetenskaplike en populêre werke saam groepeer met die oog op 'n chronologiese aanbod. Dit is die eerste keer dat 'n volledige lys van Scholtz se publikasies verskyn.

Twee inleidende opmerkings is nodig voordat 'n chronologiese lys van publikasies (bylaag E) met toeligting i.s. die aard van navorsing en die aard van die bronne volg:

- i) Scholtz het vanaf 1941-1943 verskillende taalkundige studies in die Huisgenoot gepubliseer omdat dit in die oorlogstyd onmoontlik was om uitvoerige artikels binne redelike tyd in 'n suiwer wetenskaplike tydskrif gepubliseer te kry (volgens 'n verduideliking by 'n lys van publikasies wat Scholtz in 1949 aan die UK-administrasie voorgelê het).
- ii) Alhoewel die Huisgenoot- en Die Burger-argiewe so deeglik moontlik deurgewerk is, bestaan die moontlikheid dat onderstaande lys nog steeds onvolledig is wat die artikels van populêre aard betref. Die skryfster dra bv. kennis van 'n artikel "Die toekoms van Afrikaans" wat volgens 'n brief van J.C. Steyn (4/10/1979) in Die Burger verskyn het, maar wat nie opgespoor kon word nie.

(Die chronologiese lys van Scholtz se publikasies verskyn agterin as Bylaag E (pp.507-522). Om dit onder hoofstuk 3 weer te gee, sou 'n onderbreking van die betoog wees).

## HOOFSTUK 4: 'n VOLLEDIGE OORSIG VAN SY TAALKUNDIGE BYDRAES

## Hoofstuk 4.1: DIACHRONIESE BYDRAES

"Daar kan met reg gesê word dat Scholtz die grootste enkele wetenskaplike bydrae gemaak het tot die Afrikaanse historiese taalwetenskap ..." (R.H. Pfeiffer, Die Burger, 14/5/1985).

Oor bg. mening bestaan daar konsensus onder die Afrikaanse taalkundiges. Vergelyk bv. ook die volgende uitsprake:

- i) -"the doyen of Afrikaans historical linguistics" (E.H. Raidt, Tydskrif vir geesteswetenskappe, Junie 1985).
- ii) "...ons mees vooraanstaande historiese taalkundige" (Meyer De Villiers).
- iii) "Scholtz is ons voorste diachroniese taalkundige" (H.J. Lubbe, Klasgids, Februarie 1981).
- iv) "...die heel grootste Afrikaanse taalkundige en hierdie mening word gedeel deur kollegas buite die historiese taalkunde" (F. A. Ponelis, 'n brief aan die skryfster, 29/4/1988).
- v) "...taalhistorikus by uitnemendheid" (C. van Rensburg, Die Volksblad, 9 Julie 1980:3).
- vi) "Ek dink hy is strate hoër en belangriker as enige van die taalkundiges van sy tyd" (J.C. Kannemeyer tydens 'n onderhoud).
- vii) "Hy loop heelvoor in Suid-Afrika wat verantwoordelikheid en betroubaarheid betref: hy gee altyd betroubaar weer" (telefoniese onderhoud met G.S. Nienaber).

Scholtz het 'n permanente stempel op die historiese taalkunde afgedruk deur sy bydraes veral op die volgende gebiede:

4.1.1 Argivale navorsing

Ter inleiding tot sy taalhistoriese publikasies moet daar eers gelet word op die aanvoorwerk, Scholtz se argivale navorsing. Kannemeyer het persoonlik ervaar dat 'n mens nie werklik geskiedenis kan beskryf as jy nie ook argivale navorsing - primêre bronne - doen nie (onderhoud met J.C. Kannemeyer). G.S. Nienaber sê dat Scholtz gedurig "te hooi en te gras" (hier en daar) gegewens bymekaar gemaak het (telefoniese onderhoud met G.S. Nienaber).

By sy argivale navorsing kan daar m.i. vier belangrike stadia uitgesonder word, nl:

- 4.1.1.1 Die deurwerk van 19de-eeuse koerante en tydskrifte.
  - 4.1.1.2 Die versamel van plant- en dierename uit die 17de, 18de en 19de eeu.
  - 4.1.1.3 Sy vennootskap met L.C.van Oordt.
  - 4.1.1.4 Argivale verkennings in Nederland.
- 4.1.1.1 In die dertigerjare het Kaapse koerante en tydskrifte uit die 19de eeu (wat in die Suid-Afrikaanse biblioteek in Kaapstad gehuisves is) die hoofbron vir Scholtz se navorsing gevorm. Hy het met eindelose geduld, speurwerk en tydszaamheid hierdie bron sistematies ontgin. Hy moes al die vroeë Afrikaanse tekste van belang met die hand kopieer omdat fotokopieerders nog lank nie bestaan het nie - 'n tydrawende proses. Die interessantste en vlotste tekste het hy volledig afgeskrywe en by die ander net die gedeeltes wat hy na taal en inhoud belangrik geag het. Hy het hierdie materiaal baie netjies en baie noukeurig in swart oefeningboeke opgeteken (volgens 'n onderhoud met mev. Scholtz). Transkripsies uit De Zuid-Afrikaan in twee swart aantekeningboeke en twee oefeningboeke word bewaar in die Scholtz-versameling in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek.

G.S. Nienaber het ook later (Januarie 1940) in die Suid-Afrikaanse biblioteek begin werk. Hy het ondersoekingswerk gedoen vir die eerste uitgawes van die Patriotvereniging, nl "Zamenspraak" en "Brieve van Klaas Waarzegger (Meurant)". Om Nienaber tyd te bespaar en duplisering te vermy, het Scholtz sy skryfboeke (twee dik, swart boeke, drie oefeningboeke, een getikte lys en 'n los velletjie oor Meurant se brieue en datums)-'n paar honderd bladsye waardevolle tekste aan hom ter insae gegee, aangesien hy nie binne afsienbare tyd van sy navorsing sou gebruik maak nie, 'n gebaar waarvan die onselfsugtigheid G.S. Nienaber diep tref ('n brief van G.S. Nienaber op 19 Oktober 1947). Dit was ook vir Nienaber 'n "metodiese skoling" (brief van Nienaber op 5 Mei 1943).

'n Meningsverskil ontstaan tussen Nienaber en Scholtz en dit is miskien wenslik om in breë trekke hierop in te gaan. 'n Eerste geskilpunt was die feit dat Nienaber Scholtz se aantekeninge aansienlik langer, nege i.p.v. twee maande (vergelyk persoonlike getuienis van Scholtz - bylaag F), gehou het as wat hy beloof het. As verskoning voer hy aan dat hy sy manuskrip teen Scholtz se tekste wou kontroleer (brief van 19/10/1940). Hy heg dus meer waarde aan Scholtz se kopiëring as aan sy eie.

"n Tweede geskilpunt ontstaan omdat Scholtz meen dat Nienaber nie genoeg erkenning aan sy materiaal verleen nie. Hy erken wel "volledig, tot oormaat toe" (bylaag F) alles wat hy van Scholtz gebruik het in die Inleiding en tekste van Klaas Waarsegger se "Zamenspraak" en "Brieve" van Klaas Waarzegger (Meurant)". In 'n latere uitgawe van die Patriotvereniging, Afrikaans tot 1860, bedank Nienaber Scholtz vir "sy raad en hulp betuig" (Nienaber 1942:Voorwoord), maar meld nie dat hy Scholtz se aantekeninge onder oë gehad het nie, sê nie vir watter voorheen ongepubliseerde stukke Scholtz vader staan nie en publiseer hy 'n lys (wat Scholtz saamgestel het) sodat "latere vorsers nie nodig het om weer eens dieselfde tydrawende arbeid te verrig nie" (Nienaber 1942:1). Dis wel duidelik Scholtz se "tydrawende arbeid."

Nienaber meld ook nêrens in Die Afrikaanse geskifte van Samuel Zwaartman (1942) dat hy Scholtz se aantekeninge onder oë gehad het nie. Nienaber poog om rekenskap hiervan te gee (brief aan Scholtz op 5 Mei 1943). Hy sê bv. dat sy tekste op fotostate en nie op Scholtz se handkopies berus nie en dat dit toevallig is dat sy aangehaalde sitate in die Inleiding en sy twee tabelle so verbasend met Scholtz s'n ooreenstem. Hy skryf lg. miskien toe aan die feit dat hy Scholtz se metodiek by die opstel van lyste nagevolg het. Hy is egter bereid om erkenning aan Scholtz te verleen in die slotgedeelte van die Voorwoord vir die uitgawe van die Patriotvereniging wat oor "Boustowwe" handel. Hy sluit 'n konsepvoorstel van hierdie erkenning by sy brief in (bylaag G). Scholtz

is egter nie tevrede nie; hy wys bv. op verklarende aantekeninge van hom wat Nienaber net so gebruik het. Hy eis 'n verskoning in die openbaar (brief van Scholtz op 26 April 1943) of stel alternatiewelik 'n regstelling voorin Nienaber se volgende Patriot-uitgawes voor. Hy skryf self die regstelling (bylaag F).

Die materiaal het saam 594 volgeskrewe bladsye beslaan (vgl. persoonlike getuienis van Scholtz - bylaag F). Dit het bestaan uit volledige afskrifte van 'n groot aantal van die vroegste stukke in Afrikaans (veral briewe, samesprake en enkele versies), uittreksels uit baie ander wat belangrik is vir die geskiedenis van Afrikaans as skryftaal tot 1875 en kort aantekeninge oor nog honderde ander stukke in Afrikaans met die datum van verskyning daarby in 38 verskillende koerante en tydskrifte wat tot 31 Desember 1875 gepubliseer is en wat Scholtz in die Suid-Afrikaanse biblioteek deurgewerk het (vgl. persoonlike getuienis van Scholtz - bylaag F). Hy het o.a. 45 jaargange van De Zuid-Afrikaan (1830-1875), twintig jaargange van Het Volksblad (1849, 1856-1875) en agtien jaargange van The Friend of the Free State (1855-1872) deurgewerk.

4.1.1.2 Na 'n ontginning van die 19de-eeuse bronne het Scholtz spesifiek gesoek na plant- en dierename. Hy het alle Kaapse reisbeskrywings, joernale en tekste uit die 17de, 18de en 19de eeu deurgewerk. As vrug van hierdie arbeid publiseer hy sy leksikologiese studies van 1941, Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans en 1947, "Leksikologiese aantekeninge uit ou Kaapse bronne", TWK.

4.1.1.3 Scholtz het later baie op L.C. van Oordt gesteun vir nuwe argiefmateriaal wat Van Oordt onder Scholtz se leiding in die Kaapse argief versamel het. Van Oordt het vyftien jaar lank in die Kaapse argief na voorbeelde van

omgangstaal aan die Kaap en buitedistrikte gesoek. Hy het o.a. briewe afkomstig van "criminale justitieën" (hofsake), die Ontvanger van Landinkomste, die Stellenbosse argief, die Swellendam-argief en die Graaf-Reinet-argief deurgewerk.

Van Oordt het later 'n reeks aflewings (1-10) uitgegee (1947-1956) waarin hierdie materiaal verwerk is. In die dankverskuldiging voorin aflewering 1 (November 1947) bedank hy vir Scholtz en D.B. Bosman vir "baie waardevolle hulp van meer tegniese aard".

Van Oordt verdeel sy materiaal in twee dele, nl.:

- 4.1.1.3.1 Veldwagtersbriewe, 1750-1800 (287 briewe). Briewe van handhawers van reg in die platteland, oftewel veldwagters, hoofsaaklik gerig aan landdroste.
- 4.1.1.3.2 Sy eie woordstudies gebaseer op hofsake en inventarisering (1652-1750) en veldwagtersbriewe.

In afdeling 10 publiseer Van Oordt 31 Afrikaans-Hollandse briewe (1712-1795) van veldwagters. Hierdie materiaal is met vrug gebruik deur Scholtz (in sy voorstudies oor voornaamwoorde), G.S. Nienaber in Oor Afrikaans II, Kloeke in Herkomst en groei van het Afrikaans en dr. van der Borgt in haar Natalse dissertasie. Van Oordt se materiaal was ook van belang vir Nederlandse dialektoloë en die opstellers van Het woordenboek der Nederlandsche taal.

Van Oordt verwys in sy reeks gedurig na Scholtz, veral eksplisiet in aflewering 9 na die volgende Scholtz-publikasies:

- "Boniface se Afrikaans, 1830-1832"; TWK, Desember 1943.
- "Leksikologiese aantekeninge uit ou Kaapse bronne," TWK, Oktober 1953.
- "Die intervokaliëse "d" in Afrikaans, TWK, Oktober 1950.

-Die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans, 1941.

Scholtz het 'n toelae van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing ontvang om vanaf April 1959 tot Maart 1962 die voltydse dienste van Van Oordt te verkry. Hy onderneem drie jaar lank op 'n voltydse basis 'n bronne-ondersoek in die Kaapse argief en diep 'n massa ongepubliseerde Kaapse taalmateriaal uit die tydperk voor 1780 op. Scholtz verwerk hierdie materiaal in studies wat in Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu (1972) opgeneem is.

Scholtz reken nie dat daar verdere belangrike vondse in die Kaapse argief gemaak kan word nie en rig 'n versoek tot die ander historici om op die uitkyk te wees vir materiaal van taalkundige belang (Scholtz 1972:33).

- 4.1.1.4 Tydens sy studieverlof in 1961 het Scholtz 'n ondersoek geloods in Nederlandse argiewe na die bestaan van nie-literêre bronne in die 17de-eeuse en vroeg 18de-eeuse volkstaal wat meer lig kon werp op die taalbronne waaruit Afrikaans ontwikkel het.

Scholtz het die hulp van die vierde- en vyfdejaarstudente van W.Gs. Hellinga verkry om argivale verkennings te onderneem in die gemeente-argiewe van Amsterdam, Leiden en Gouda. Die hoofargivarisse - dr. S. Hart (Amsterdam), mej. Versprille (Leiden) en mnr. Gezelschap (Gouda) - het hul speurtog na relevante afdelings gekanaliseer waar hulle heelwat foliante deurgegaan het.

Weens die tydsaspek kon Scholtz nie baie bruikbare materiaal versamel nie, maar hy reken tog dat sistematiese argivale navorsing wel lonend kan wees. Dis veral belangrik om vroeë Hollandse geskrifte van weinig geletterde mense op te spoor (Scholtz 1972:34).

Die gegewens wat Scholtz uit al sy argivale navorsing verkry het, het hy verwerk om die artikels en voorstudies te publiseer waarin die ontwikkeling van die klanksisteem, die grammatika en die woordeskat van Nederlands in Suid-Afrika uiteengesit word. Vir die eerste keer word die ontstaan van Afrikaans in die agtiende en beginneëntiende eeu wetenskaplik en gedokumenteerd beskryf. Die enigsins onvrugbare "ontstaansteorieë" word deur suiwer taalkundige beskrywings gebaseer op data, vervang. Dis dan ook geen wonder dat Scholtz in SESA (p.114) beskryf word as: "the most important researcher in regard to records is J. du P. Scholtz, who first made a statistical analysis of early Afrikaans writings and compared his findings in order to get a picture of Afrikaans as it was used between 1830 and 1860".

#### 4.1.2 Publikasies

Scholtz se taalhistoriese arbeid is grotendeels in die volgende publikasies gebundel:

- Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans (1941) (grondig hersiene uitgawe, 1975). Bespreek in hoofstuk oor leksikologiese bydraes.
- Taalhistoriese opstelle (1963).
- Afrikaans uit die vroeë tyd (1965).
- Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu (1972).
- Wording en ontwikkeling van Afrikaans (1980).

Met hierdie boeke en sy ander ongebundelde artikels, wat merendeels in die Tydskrif vir wetenskap en kuns, later die Tydskrif vir geesteswetenskappe, verskyn het, het Scholtz die historiese taalwetenskap in ons land op 'n nuwe en gedokumenteerd-wetenskaplike grondslag geplaas en daarmee 'n massa gegewens beskikbaar gestel wat van blywende waarde is. In hierdie opsig is sy prestasie uniek.

##### 4.1.2.1 Wording en ontwikkeling van Afrikaans

Alhoewel Wording en ontwikkeling van Afrikaans heelwat later as die ander drie werke geskryf is en verskyn het (1980 teenoor 1965-1972), ag die skryfster dit om die

volgende redes gerade om as 'n aanloop te dien tot 'n bespreking van Scholtz se taalhistoriese arbeid:

- a) Dit verskaf 'n sleutel tot Scholtz se taalhistoriese arbeid deurdat dit die leser kortliks oriënteer binne sy hele spektrum bydraes en dit binne 'n neutedop saamvat.
- b) Dis Scholtz se eerste oorsigstudie na sy vorige gedetailleerde studies. Vergelyk bv. die subtitels van sy ander publikasies (Taalhistoriese opstelle - voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans, Afrikaans uit die vroeë tyd - studies oor die Afrikaanse taal en literêre volkskultuur van voor 1875 en Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu - verdere voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans) in teenstelling tot Wording en ontwikkeling van Afrikaans wat 'n globale perspektief op die eksterne en interne ontwikkeling van Afrikaans bied en dit in voëlvlug beskou. Om hierdie rede bestempel E.H. Raidt Wording en ontwikkeling van Afrikaans as 'n "kragtoer" (Die Beeld, 15 Mei 1980).
- c) Dis die enigste van Scholtz se werke wat as handboek gebruik is/word deur universiteitstudente, alhoewel dit oorspronklik nie as handboek gekonsipieer is nie.
- d) Deur eerste hierdie werk te raadpleeg, laat die leser hom deur Scholtz self lei wat selekteer uit sy taalkundige universum, sekere fokuspunkte aandui, leemtes sinjaleer, ens.
- e) Wording en ontwikkeling van Afrikaans lees makliker (die leser word nie so toegegooi met 'n massa feitelike gegewens soos in Scholtz se ander taalstudies nie) en is dus meer toeganklik.
- f) Wording en ontwikkeling van Afrikaans verteenwoordig ook die sluitstuk van Scholtz se taalhistoriese oeuvre, aangesien hy hom daarna hoofsaaklik toegespits

het op 'n ander lewenslange belangstelling, nl. die beeldende kuns.

Wording en ontwikkeling van Afrikaans het 'n interessante agtergrondsgeskiedenis. Scholtz het dit in die maande Augustus 1966 tot Februarie 1967 geskryf met die oog op opname in 'n twaalfdelige ensiklopedie van Suider-Afrika. Alhoewel dit oorspronklik in Afrikaans geskryf is, het slegs die Engelse weergawe in 1970 in Standard Encyclopedia of Southern Africa verskyn weens hoë produksiekoste.

Wording en ontwikkeling van Afrikaans is persklaar gemaak as 'n huldigingsuitgawe ter geleentheid van Scholtz se 80ste verjaardag op 14 Mei 1980. Dit is 'n hersiene, uitgebreide weergawe van die SESA-manuskrip. Nuwe argiefmateriaal wat L.C. van Oordt in die Kaapse argief versamel en wat Scholtz verwerk het in sy bundel Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu het Scholtz tot hierdie hersiening en uitbreiding genoop. Gedurende die loop van die bespreking sal daar verwys word na sommige van die wysigings en aanvullings tot die SESA-weergawe.

Vervolgens moet daar kortliks gelet word op die ensiklopediese inslag van Wording en ontwikkeling van Afrikaans. Binne 'n beknopte ruimte kom daar heelwat datums (vgl. die datums waarop sekere standaardwerke oor die ontstaansteorieë gepubliseer is), feite, gegewens, teorieë (oor die ontstaan van Afrikaans), belangrike persone (vgl. bv. die bydraes van J.H.H. de Waal en S.J. du Toit) en belangrike gebeurtenisse (bv. die erkenning van Afrikaans as amptelike taal) aan bod.

Die styl is dan duidelik ensiklopedies: die aanbod is saaklik, van kort bestek en slegs oorsigtelik, maar boet nie in aan duidelikheid, leesbaarheid en gesaghebbendheid nie. Dit bied nie net vir die leek 'n "algemene inleiding tot een wetenskap" (Kramers' Nederlands Woordenboek se definisie van 'n ensiklopedie) nie, maar ook gespesialiseerde kennis vir die kundige.

Gewoonlik het ensiklopedie-stukke soos die SESA-weergawe geen voetnote, literatuurverwysings, verwysings na primêre bronne en/of aanvullende gegewens by die hoofteks nie. Wording en ontwikkeling van Afrikaans het egter plek-plek voetnote (vgl. die aantekeninge oor Boer, Afrikaner en Afrikaans), 'n uitvoerige bibliografie en verwysings na die primêre bronne in die Kaapse argief.

Wording en ontwikkeling van Afrikaans bestaan uit die volgende drie afdelings:

- i) Eksterne geskiedenis van Afrikaans,
- ii) interne geskiedenis van Afrikaans en
- iii) bylaes.

Afdelings (i) en (ii) is sosio-histories van aard en sal later in hoofstuk 4.7 bespreek word. Afdeling (i) hang egter ten nouste saam met (ii), omdat die houding van sprekers teenoor hul taal, die erkenning van hul spreektaal as kultuurmedium en as draer van literatuur en wetenskap (eksterne geskiedenis) die interne geskiedenis beïnvloed (volgens Scholtz in sy Voorwoord). Wording en ontwikkeling van Afrikaans toon 'n ontwikkelingsgang van eksterne taalgeskiedenis na die interne ontwikkeling van die taal as sodanig.

Afdeling (ii) - Interne geskiedenis - is egter die spil waarom Wording en ontwikkeling van Afrikaans draai - dit kan duidelik gesien word aan die feit dat 68% (76 uit 111 bladsye) daaraan gewy word.

Die interne geskiedenis word oor tien hoofstukke geskets. Na 'n kort bespreking van die ontstaansteorieë (hoofstuk 1) van nie-Nederlandse tale aan die Kaap (hoofstuk 2), stel Scholtz die beskikbare bronne (hoofstuk 3) aan die leser bekend en fokus op die Hollandse herkoms van Afrikaans (hoofstuk 4). Dan beweeg hy vanaf 'n bespreking van die klankleer (hoofstuk 5) al hoe dieper die grammatika in: die wording van die voornaamwoordelike stelsel (hoofstuk

6), naamwoordelike stelsel (hoofstuk 7), werkwoordelike stelsel (hoofstuk 8), opvallende sintaktiese verskynsels (hoofstuk 9) en woordeskat (hoofstuk 10).

#### 4.1.2.1.1 Teorieë oor die ontstaan van Afrikaans

In hierdie hoofstuk word die onderskeie ontstaansteorieë en hul aanhangers gemeld en hul meriete ondersoek en ontleed.

Scholtz bestempel alles wat in die 19de eeu oor die ontstaan van Afrikaans gesê is as behorende tot die voorwetenskaplike tydperk van die Afrikaanse taalgeskiedenis. Uit hierdie tydperk noem hy slegs die "pionier" dr. H. Lichtenstein met sy teorie van taalvereenvoudiging.

Scholtz neem die belangrikste teorieë onder die loep en laat hom op geen onduidelike wyse uit oor sy evaluering van hierdie ontstaansteorieë nie. Hy beskou Meyer-Benfey s'n as "ongemotiveerde verklarings", maar openbaar feller kritiek teen Franken ("radikale teorieë, "apodiktiese stellings" en "dogmatic postulates"). Hy het meer waardering vir die teorieë van D.B. Bosman en D.C. Hesseling ("meer beredeneerde teorieë") en vir S.A Louw ("sy bewysvoering (is) omvangryker as ooit tevore, al is dit nie altyd steekhoudend nie").

Hy beskou die hele dispuut oor die ontstaan van Afrikaans as hoofsaaklik taalsosiologies van aard en die teorieë eerder spekulatief en "voorbarig" as steekhoudend. Hy sien die begin van die jare veertig as 'n nuwe tydvak binne die Afrikaanse taalgeskiedenis en vat die hoofoorweging as volg saam: "Die nadruk val nou, ...op die versameling en bestudering van suiwer taalgegewens, sonder om die gevolgtrekkings daaruit in diens te stel van 'n voorbarige teorie wat tog nooit die 'ontstaan' van die hele taalsisteem kan 'verklar'

nie." Die klem behoort dus eerder op die beskrywing van onderdele van die grammatikale struktuur as op die formulering van teorieë te val.

Met Scholtz se rekonstruksie van 'n "teorie" uit die wetenskaplik-toetsbare taalgegewens sluit hy aan by die strukturalisme. Lg. denkrigting konsentreer net op die struktuur van die taal en skakel alle buitelin-guistiese faktore (bv. sosiologiese, politieke en ekonomiese faktore) uit.

Twee belangrike beginsels van Scholtz blyk ook uit die hoë premie wat hy op die versameling en bestudering van suiwer taalgegewens plaas, nl.:

- i) "Laat die feite self praat."
- ii) "Moenie 'n vooropgestelde teorie hê nie, maar laat jou feite 'n 'teorie' formuleer."

Hier kom Scholtz se empiriese werkmetode duidelik aan die lig.

Dit is myns insiens sinvol dat Scholtz die afdeling oor die Interne geskiedenis afskop met 'n oorsig oor die ontstaansteorieë. In die daaropvolgende hoofstukke keer hy telkens terug na sekere teorieë en verskaf bewysvoering ter ondersteuning/verwerping van die onderskeie teorieë. In hoofstuk twee kritiseer hy bv. Hesseling wat die ontstaan van Afrikaans in die tydperk 1658-1685 wil dateer, terwyl hy geen bewys het dat konstruksies van Maleis-Portugese oorsprong soos baie voor die middel van die 18de eeu in Kaaps-Hollands in gebruik was nie. Scholtz wys weer eens op die onwetenskaplike wyse waarop sommige van die wetenskaplikes te werk gegaan het. In hoofstuk 3 kritiseer hy Franken omdat lg. te verstriek was in die ontstaansteorieë, nie sistematies gepubliseer het of sy versamelde data in samehangende grammatikale studies verwerk het nie.

#### 4.1.2.1.2 Aanraking met nie-Nederlandse tale aan die Kaap

In hierdie hoofstuk neem Scholtz die werklike rol wat

nie-Nederlandse tale by die ontstaan van Afrikaans gespeel het onder die loep. Hy neem duidelik standpunt in en skroom nie om uit te wys dat nòg Frans en Duits (teen Blankes se verwagting in) nòg Hottentots (in vergelyking met Franken se teorie) nòg Maleis-Portugees (in kontras met Hesseling se teorie) 'n beduidende rol gespeel het.

Scholtz negeer die invloed van Duits op grond van sosiolinguistiese faktore en verskaf linguistiese data (die vernederlandsing van Duitse name en vanne) as bewysvoering vir sy sosiologiese aannames. Scholtz negeer ook die invloed van Frans op grond van demografiese faktore.

Scholtz meen dat daar eerder na die invloed van die gebroke Hollands van die Hottentotte gekyk moet word as na Hottentots self, omdat die Hottentotte reeds in 1656 begin Hollands praat het.

Hy wy meer uitvoerig uit oor moontlike beïnvloeding van Maleis-Portugees alhoewel hy ook 'n dominante Maleis-Portugese versteuringshipotese op grond van demografiese faktore negeer.

Twee van Scholtz se beginsels spreek baie duidelik uit hierdie hoofstuk, nl.:

- i) "Laat die linguistiese gegewens self praat" (vgl.: "Die vasstelling van hul werklike invloed op die Hollands van die burgers moet in laaste instansie op suiwer linguistiese gegewens berus" (Scholtz 1980: 36) en "Maar dan moet noukeurige taalvergelyking dit uitwys" (Scholtz 1980:37).
- ii) Scholtz is oorversigtig om gevolgtrekkings te maak ("Konklusies alleen op hierdie gegewens gebaseer, bly van twyfelagtige waarde" - Scholtz 1980:40. en "Die gevolgtrekking is gewettig dat as die kinders in die losie Nederlands praat, hul ouers dit ook gedoen het;" - Scholtz 1980:39).

Opsommenderwys kan dus afgelei word dat Scholtz die bydrae van taalkontak nie as so hoog aanslaan as kontinuïteit en natuurlike taalverandering nie.

#### 4.1.2.1.3 Bronne vir die studie van die geskiedenis van Afrikaans

Ter inleiding vermeld Scholtz die grootste probleme by die opbou van 'n infrastruktuur van wetenskaplik-toetsbare gegewens om die ontstaan van Afrikaans te probeer beskryf nl:

- a) gebrekkige kennis van 17de-eeuse Nederlands ('n gebied waarop Scholtz se kundigheid enige ander Afrikaanse vakman s'n ver oortref, soos later sal blyk uit Wording en ontwikkeling van Afrikaans en sy ander publikasies.
- b) 'n tekort aan Kaaps-getinte bronne oor die vroeë tydperk.

Myns insiens vorm hierdie hoofstuk oor die bronne, nl.:

- i) Mededelings oor Hollands aan die Kaap en
- ii) Kaaps-gekleurde tekste en voorbeelde van Kaaps-Hollandse taalgebruik, 'n gepaste komponent van 'n teksgerigte studie omdat 'n tekort aan bronne moontlike leemtes aan die leser sinjaleer.

Scholtz noem die belangrikste voorbeelde van mededelings oor Hollands aan die Kaap. Hy verwys slegs na tekste van grammatikale belang. Hy wys pertinent na Teenstra se "Zamenspraak" wat die plek beklee as die eerste stuk wat doelbewus in Afrikaans geskryf is en in druk verskyn het. Met 'n brief wat die jong C.H. Persoon uit Amsterdam aan sy ouers geskryf het, bewys Scholtz effektief dat "Afrikaans" nie net op die platteland gebesig is nie, maar ook in gegoede stedelike burgerkringe. Al bogenoemde mededelings kom tot die slotsom dat Afrikaans as 'n soort "verminkte" of "verbasterde" Nederlands beskou moet word. Gesien teen

Scholtz se oorversigtigheid om tot gevolgtrekkings te kom, maan hy die leser dat dit in elk geval die heersende mening van daardie tyd was.

Dit is insiggewend dat Scholtz die Daqboek van Tri-chardt noem wat 184 jaar na die volksplanting geskryf is. Hy voel dus sterk oor 'n geleidelike tempo van taalverandering in teenstelling tot 'n sg. "botsings"-teorie. Hy sê dan ook: "Dit mag nie aangeneem word dat die ontwikkeling van Afrikaans aan die einde van die 18de eeu afgelope was nie" (Scholtz:48).

#### 4.1.2.1.4 Die Hollandse herkoms van Afrikaans

Volgens F.A. Ponelis (1980:10) is een van Scholtz se grootste bydraes die beskrywing van die Hollandse herkoms van Afrikaans. M.i. vorm hierdie hoofstuk dan ook die hoogtepunt in Wording en ontwikkeling van Afrikaans en is dit 'n goeie sintese van Scholtz se siening van Hollands soos hy dit o.a. in sy Kloeke-resensie geformuleer het.

In teenstelling met Kloeke se afbakening van die herkomsgebied van Afrikaans as suidelike Suid-Hollands is Scholtz s'n meer genuanseerd: Hy onderskei geografiese en sosiale variante by afbakening. Volgens hom is dit egter baie moeilik om vas te stel wat alles uit volkstaal en wat uit "beskaafde" Hollands in Afrikaans gekom het. Hy laat hom nooit in die lokval van vereenvoudiging lei soos bv. Kloeke se vereenvoudigde siening dat alles wat nie dialektiese Hollands is nie, Bybel- of skooltaal moes wees. Hy wys ook verder op die noodsaaklikheid van die bestudering van ander Nederlandse dialekte, aangesien sekere vorme miskien in hierdie dialekte behoue gebly, maar uit Hollands verdwyn het.

Scholtz lê meer as enige van sy voorgangers klem op die kontinuïteit tussen Hollands en Afrikaans en probeer sosiologies en linguisties (d.m.v. 10 belang-

rike klankpatrone) bewys dat Afrikaans wel verouderde Hollands is. Hy maak vir die eerste keer van voetnote gebruik om interessantheide wat hy nie in sy SESA-manuskrip weer gegee het nie, onder die leser se aandag te bring.

In sy bespreking maak Scholtz slegs van woordvorme gebruik wat vandag as beskaafde Afrikaans erken word. Hy noem voorbeelde van sg. "onbeskaafde" Afrikaans soos "genog" (Afrikaans: genoeg), "juk" (Afrikaans: jeuk) en "leste" (Afrikaans: laaste) wat myns insiens 'n breedvoeriger bespreking verg omdat dit redelik algemeen in streektaal en die taal van die ouer garde voorkom. S.A. Louw wys bv. in Dialekvereniging en Taalontwikkeling op die aanknopingspunt tussen Nederlandse dialekte en 'n gewestelike eienaardigheid soos genog.

Wat imponeer in hierdie hoofstuk is die gesag waarmee Scholtz oor die Nederlandse omgangstaal en dialekte praat. Sy gespesialiseerde kennis word verduidelik deurdat hy deur die jare dele van die WNT en al die dialekwoordeboeke waarop hy sy hande kon lê, stelselmatig deurgewerk en moeisam relevante data versamel het (soos meegedeel deur mev. H.E.Z. Scholtz en E.H. Raidt). Dit lyk nie vergesog om te beweer dat Scholtz as dié groot kenner op die gebied van die Hollandse herkoms van Afrikaans beskou moet word nie.

Die vraag wat mens hier kan opper, is of Scholtz hom nie blind staar teen "beskaafde" Afrikaans as die enigste gangbare vorm van Afrikaans nie. Die "beskaafde" vorm het eers na 1910 sy erkenning gekry en in 1925 amptelike status. Voor die tyd was daar ongetwyfeld baie variante (ook onder bruin sprekers). Normatief is die taal eers in 1910 vasgelê: daarvóór kon die taal nie aan 1910 se norme beoordeel word nie. Die vraag ontstaan nou of Scholtz nie meer aandag aan die variante van Afrikaans vóór 1910 moes gegee het nie.

#### 4.1.2.1.5 Veranderings in die klankvorme van woorde

Scholtz skets kortliks die probleme waarvoor die historiese taalkundige te staan kom ('n gebrek aan materiaal en 'n gebrek aan die nodige voorstudies - 'n leemte wat Scholtz self met sy talryke voorstudies probeer uitskakel het). Hy gee dan 'n opsomming van die klankverskynsels wat hy in dié hoofstuk gaan bespreek ten einde meer lig te werp op die saak of 'n verskynsel aan die Kaap ontstaan het of nie. Hy bespreek dan elke verskynsel afsonderlik en probeer die verskynsel se kontinuïteit met Hollands aandui en sy "ontstaanstyd" aan die Kaap vasstel.

Hy bespreek huidige Afrikaanse sinchroniese strukture soos die sk-uitspraak, die stemloosheid van v en g, die uitstoting van t voor s en voor 'n liquida of nasalis, die verlies van [k] tussen vokaal en [s], die sinkopee van die velare frikatief, woorde met 'n sekondêre -inq, die veranderings wat by die intervokaliëse labiodentale en bilabiaie konsonante ingetree het en die Afrikaans [ə] naas die Nederlandse [ɛ] en [i].

Sy datering van die vestiging van die Afrikaanse vorme wissel tussen 1710 en 1812 met 1740 as 'n goeie gemiddelde. Een of twee verskynsels (bv. die Afrikaanse [ə] teenoor die Nederlandse [ɛ] en [i] kon hy nie terugvoer na Nederlands nie, maar die meeste vind hy wel terug by 17de-eeuse en spesifiek Hollandse, maar ook ander Nederlandse dialekte.

Scholtz sluit hierdie hoofstuk af met 'n potpourri verskynsels wat hy slegs noem weens 'n gebrek aan ruimte.

Hierdie hoofstuk sinjaleer duidelik 'n behoefte aan meer voorstudies oor die historiese ontwikkeling van die Afrikaanse klankleer. Scholtz praat dan ook van die "gebrek aan die nodige historiese en dialek-

geografiese studies." Hy wys ook op die nodigheid van 'n stelselmatige ondersoek van ou Nederlandse bronne. Dat hy homself deeglik ingegrawe het in Nederlandse bronne, blyk duidelik as hy by twee verskynsels in hierdie hoofstuk sê dat dit nêrens in enige Europees-Nederlandse bron opgeteken is nie.

#### 4.1.2.1.6 Wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse voornaamwoordelike stelsel

In hierdie hoofstuk neem Scholtz die voornaamwoordelike stelsel onder die loep om vas te stel of en wanneer 'n bepaalde v.nw. aan die Kaap ontstaan het.

Hy wys op die tendens in die Afrikaanse taalsisteem om nadruklik vorme bo gereduseerde vorme te verkies, 'n verskynsel wat vanaf 1750 ook tiperend van ons voornaamwoorde is. As uitsondering tot die tendens noem Scholtz die geval van die uitroepe bokrin! en bokruit! waar die gereduseerde [r] wel voorkom - 'n interesantheid wat nie in sy SESA-manuskrip gemeld word nie.

Scholtz skryf die neiging tot nadruklikheid toe aan enersyds 'n tipiese kenmerk van volkstaal en andersyds 'n natuurlike tendens wanneer 'n mens jou taal teenoor vreemdtaliges besig. Lg. is vir P.S. Bruyn (1981:90) 'n hoogs aanneemlike verklaring vir die vol vorme in Afrikaans.

Scholtz gaan dan oor tot 'n bespreking van al die voornaamwoorde. Hy behandel die voornaamwoorde sistematies, een vir een. Hy vergelyk eers die Afrikaanse vorm met die Nederlands en dan probeer hy die verskille wat hy konstateer se herkoms te bepaal en die ontwikkelingsgang van elk weer te gee. Hy dateer die verskynsels volgens gegewens wat hy uit sy bronne opgeteken het. Sy datering wissel van 1670 tot 1772 met 1730 as 'n goeie gemiddelde. Hy herlei die meeste tot Hollandse/Nederlandse oorsprong. Hy skryf slegs twee

voornaamwoorde aan "vreemde" invloed toe, nl. ons as onderwerp (Hottentots) en die moontlike beïnvloeding van Engels en die Portugese lingua franca by se.

Scholtz wys op die onsekerheid wat heers i.s. 'n datering van die verskynsel, aangesien baie van die Afrikaanse vorme reeds heelwat vroeër in die omgangstaal as in die skryftaal bestaan het. Sy skriftelike bronne dui in die algemeen op 1750.

Deur Scholtz se talryke verwysings na dialekte soos Noord- en Suid-Hollands, Seeus, Fries, die Saksiese dialekte van Noordoos-Nederlands, Suid-Brabants en mondeling-oorgelewerde Hollands, kom die leser wel deeglik onder die indruk van die wyd verspreide Nederlandse herkoms van Afrikaans. Scholtz se uitgebreide dialekkennis is van onskatbare waarde om hierdie gesakeerde herkomsgebied van Afrikaans aan te toon.

#### 4.1.2.1.7 Ondergang van die nominale tweeklassistiem in Afrikaans

Hierdie hoofstuk vat die verdwyning van die verdeling van die selfstandige naamwoorde in twee gebruiksklasse in 'n neutedop saam.

Scholtz lei sy kernagtige bespreking in deur die nominale tweeklassistiem van beskaafde Nederlands onder die soeklig te plaas. Hy verwys kortliks na die bepaalde lidwoord, die attributiewe aanwysende voornaamwoord, die betreklike voornaamwoord en byvoeglike verbuiging in Nederlands en Afrikaans sodat die leser 'n globale oorsig van die ondergang van die nominale tweeklassesistiem kan kry. Hy gaan dan oor tot 'n gedetailleerde punt vir punt beskrywing van elke komponent.

Scholtz betrek voortdurend die teorieë van D.C. Hesselink, D.B. Bosman en Kruisinga in sy bespreking, maar

verskil dikwels van hulle waar hy die kontinuïteit met 17de-eeuse Hollands aandui. Hy lewer bewyse uit Hollandse dialekmateriaal, o.a. die voorkeur vir die wat-konstruksie in die Amsterdam-omgewing en die bestaan van hierdie en daardie in 'n Brabantse dialek.

Hy vind genoeg bewys vir D.B. Bosman se aanname dat vreemdtaliges weens 'n gebrekkige kennis van Nederlands nie die twee klasse kon onderskei nie, maar wil die verskynsel eerder verklaar aan die hand van die neiging tot nadruklikheid wat so 'n belangrike rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. In dieselfde gees verklaar Scholtz die verdwyning van de (neutrale vokaal) ten gunste van die (vol vokaal).

T.o.v. byvoeglike verbuiging wys Scholtz daarop dat 17de-eeuse Hollands en hedendaagse Nederlands hoofsaaklik ooreenstem. Hy wys kortliks op die verskille en gee dan 'n kernopsomming van die Afrikaanse buigingstelsel. Hy meen dat die buigingsreëls reeds in 1775 voltrek was, maar vind dit moeilik om die geskiedenis van die attributiewe byvoeglike naamwoord sonder buigingsuffiks te rekonstrueer.

#### 4.1.2.1.8 Wordingsgeskiedenis van die werkwoordelike vormstelsel in Afrikaans

Scholtz lei hierdie hoofstuk in deur te wys op die twee groepe werkwoorde wat in Afrikaans onderskei word. Scholtz bespreek dan die ontwikkeling van die werkwoordelike stelsel onder die hofies - opheffing van getals- en persoonsverskille, infinitiefvorme, die voltooide deelwoord en verdringing van die imperfektum en die plusquamperfektum - en probeer dan ten slotte 'n verklaring bied vir die wording van die Afrikaanse werkwoordelike stelsel.

Hy bespreek alle komponente stap vir stap. Hy wys veral op die vereenvoudigingsproses wat die werkwoordelike stelsel ondergaan, o.a. opheffing van getals- en

persoonsverskille, verdwyning van die -en-suffiks in die infinitief, die radikale vereenvoudiging van die voltooide deelwoord in kontras met sy Nederlandse eweknie, die imperfektum wat behalwe vir vorme soos kon en had heeltemal verdwyn het en die plusquamperfektum wat nog net in die passief bestaan.

Scholtz dateer die gereelde gebruik van die nuwe vorme tussen 1750 en 1770, alhoewel die onreëlmatige imperfektum nog in die begin van die 19de eeu in gebruik voorkom.

Wat "vreemde" invloed betref, wys hy op die onmiskenbare invloed van vreemdelinge-Nederlands (veral deur Duitsers gebesig) op die ontbreking van vokaalwisseling by sterk voltooide deelwoorde.

Hy wys deurlopend op die werksaamheid van fonologiese reëls: die t-verlies wat met die opheffing van persoonsverskil saamhang, moet binne die kader van die Afrikaanse fonologiese reël gesien word, die Nederlandse reël waarvolgens elke ww. (uitgesonderd die onskeibare en die met voorvoegsels soos -be- en ge-) gekry in die voltooide deelwoord, bestaan ook in Afrikaans en 'n dwingende fonologiese reël wat al in 1700 aan die Kaap wortel geskiet het, is o.a. verantwoordelik vir die vereenvoudiging van die reëlmatige voltooide deelwoorde.

Scholtz het met sy bespreking van die geleidelike en sistematiese ontwikkeling van die werkwoordelike stelsel onweerlegbaar bewys dat D.C. Hesseling se botsingsteorie glad nie opgaan nie. Scholtz se aannames berus op "'n noukeurige ondersoek van die huidige Afrikaans en van alle beskikbare bronne uit die 18de en 19de eeu" (Scholtz 1980:87).

Hy skryf die ontwikkeling van die werkwoordelike stelsel en ander subsysteme eerder toe aan:

- (i) ongehinderde analogiewerking (kontinuiteit met Nederlands),
- (ii) dialekvermenging (taalkontak en taalbeïnvloeding) en
- (iii) invloed van vreemdelinge-Nederlands (taalkontak en -beïnvloeding).

M.i. formuleer Scholtz met bg. sy eie teorie oor die ontstaan van Afrikaans. Scholtz is egter huiwerig om hierdie waardevolle oordeel uit te spreek ("Dit is onmoontlik om met sekerheid te sê watter faktore verantwoordelik is vir die ingrypende vereenvoudiging..." - Scholtz 1980:88), nieteenstaande die magdom data (vgl. bv. die talryke voorbeelde wat hy by die bespreking van die getals- en persoonsverskil noem) waarop hy dit fundeer en sy kennis van Nederlandse dialekte (in hierdie hoofstuk haal hy voorbeelde uit die WNT aan en verwys na die Suid-Hollandse, Hollands-Utrechtse en Brabantse dialekte).

#### 4.1.2.1.9 Sintaktiese verskynsels

Hoofstuk nege kan werklikwaar as 'n "kragtoer" (Raidt 1980b:s.p.) beskou word: binne die bestek van agt en 'n half bladsye bespreek Scholtz belangrike sintaktiese verskynsels soos die dubbele negatief, virinvoeging, reduplikasie, die funksieverandering van woorde en die woordorde in Afrikaans. Hy verskaf boonop substansiële nuwe inligting wat in geen van sy voorstudies neerslag gevind het nie.

Scholtz sien die dubbele ontkenning, wat in 1798 die eerste maal aan die Kaap opgeteken is, as die voortsetting van 'n Nederlandse verskynsel en negeer die moontlike rol van Frans, Hottentots en Neger-Portugees. M.i. is Scholtz se siening dat die dubbele ontkenning saamhang met die sterk neiging tot nadruklikheid en ook dat dit na analogie van konstruksies soos "al lank al" ontstaan het, baie aanneemlik.

F.A. Ponelis (1980:234) kritiseer Scholtz se dubbele negatief-teorie op grond van die volgende:

(i) Daar is net seldsame voorbeelde van die slot "nie" in Nederlands.

(ii) Scholtz skenk nie genoeg aandag aan die bydrae van die "Unterschicht" (slawe en Khoekhoen) nie. Ponelis vestig bv. die aandag daarop dat die meeste attestate van die slot nie by "Unterschicht"-sprekers voorkom.

Wat die vir-invoeging in Afrikaans betref, erken Scholtz geredelik die rol van die "Unterschicht" (gebroke Portugees), alhoewel hy ook wys op die voorkoms daarvan by Nederlandse dialekte. Hy bespreek kortliks die uitgebreide gebruik van die voorsetsel vir in Afrikaans teenoor die Nederlandse voor en verwys ook na die vroegste Kaapse voorbeelde.

Met sy bespreking van die reduplikasieverskynsel wys Scholtz op 'n deel van die taalgeskiedenis wat nog braak lê - niemand het dit nog bestudeer nie. Scholtz kan geïsoleerde voorbeelde van hierdie verskynsel uit sy wye repertoire van kennis van die Nederlandse dialekte opdiep, maar hy meen dat 'n vergelykende studie van die herhalingskonstruksie in Afrikaans en Maleis nodig is.

Hy wys op die voorkoms van reduplikasies in 'n vertel-situasie en in gemoedelike omgangstaal en op die woordsoortelike en ander funksies en waardes (bv. iteratiewe). Scholtz beskou die rol wat Maleis, Kreools-Portugees en Hottentots by funksiewisseling gespeel het, eerder aanvullend as dominant. Ter staving bied hy heelwat voorbeelde uit Nederlandse "slang" wat nie altyd geboekstaaf is nie.

Scholtz wys op sinskonstruksies soos laat doen het en (sou) kon gedoen het as 'n kragtige argument teen talebotsing en ten gunste van geleidelike ontwikkeling uit Nederlands.

Hierdie hoofstuk is weer eens 'n getuigskrif van Scholtz se deeglike kennis van Nederlandse dialekte en ander tale - hy verwys na voorbeelde uit Utrechts, uit die Bommelerwaard, die Betuwe, Wes- en Seeus-Vlaandere, Brabants, Duits, dialektiese Duits, Frans en Engels.

#### 4.1.2.1.10 Woordeskat

Hierdie hoofstuk moet in samehang met hoofstuk twee - Aanraking met nie-Nederlandse tale van die Kaap - bestudeer word. Scholtz wei verder uit oor die herkoms-geskiedenis van Afrikaans en lig dit toe met voorbeelde van erfgoed en leengoed. Scholtz se siening omtrent erfgoed en leengoed blyk duidelik uit sy uitspraak op p. 101: "Die ontlening uit vreemde tale is van min betekenis in vergelyking met die oorgeërfde woordeskat en die spontane ontwikkeling van die Hollandse woordvoorraad aan die Kaap in die 17de en 18de eeu, ...".

Scholtz skat die leenwoorde op ongeveer 'n halwe persent met feiliek niks uit Frans nie (alhoewel hy na 'n stelselmatige ondersoek die uitdrukking: "Fontein-tjie, ek sal nie weer by jou kom water drink nie" as van moontlike Franse herkoms sien).

In teenstelling met die algemene opvatting dat heelwat woorde soos blas en blits uit Duits ontleen is, toon Scholtz effektief aan dat hierdie woorde ook in 17de-eeuse Hollandse volkstaal terug te vinde is.

Hy bevind "Khoi"-ontlenings as vir die oorgroot plant- en diername en Bantoe-ontlenings as ook beperk tot diername en die Bantoe-leefwyse. Scholtz kan met sekerheid nie meer as tien tot twintig woorde noem wat uit Maleis-Portugees en nie uit koloniale Nederlands kom nie.

Scholtz beskou Engels as ons belangrikste leentaal, alhoewel hy hom teen die gebruik van anglisismes uitspreek. Vergelyk sy uitspraak op p. 105: "In die onversorgde omgangstaal word baie Engelse woorde gebruik, in min of meer suiwer Engelse uitspraak. Teenswoordig word dit as 'n gebrek aan beskawing gesien." Jac Conradie (1980:13) impliseer dat Scholtz by sy bespreking van anglisismes nie 'n "fyn waarne- ming en 'n gebalanseerde, onbetrokke waarde-oordeel" aan die dag lê nie, maar voorskriftelik te werk gaan.

In sy bespreking van ons erfgoed wys Scholtz op die talle probleme waarvoor ons te stane kom as ons die herkoms van die woorde lokaal en sosiaal wil bepaal: gebrekkige kennis van die 17de- en 18de-eeuse Nederlandse woordgeografie en leksikografie, kontinuïteit van woorde uit 17de-eeuse Nederlands, alhoewel dit in hedendaagse Nederlands in onbruik verval het, aanvul- lings van die woordeskat uit Nederlands na 1825, ens.

L.C. Eksteen (1980:1) vind hoofstuk tien baie teleur- stellend, aangesien hy graag "'n sistematiese uiteen- setting van die wording en ontwikkeling van Afrikaans en uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat" sou wou sien.

#### 'n Evaluering van "Wording en ontwikkeling van Afrikaans"

Die volgende is as pluspunte by die lees van Wording en ontwikkeling van Afrikaans ervaar:

- (a) In die verlede het die Afrikaanse historiese taalkunde homself dikwels net bemoei met die eksterne geskiede- nis, sonder dat die interne taalgeskiedenis bestudeer is.
- (b) Die bevindinge in Wording en ontwikkeling van Afri- kaans is op deeglike argiefnavorsing gebaseer.

- (c) Scholtz bewys met hierdie publikasie sy wetenskaplikheid bo alle twyfel. Vergelyk bv. die volgende resepsies van Wording en ontwikkeling van Afrikaans:
- (c.1) "Scholtz se werk dra die stempel van wetenskaplikheid van die eerste rang: dit is deeglik, versigtig en verbeeldingryk" (F.A. Ponelis - 1980:10).
- (c.2) "In Wording en ontwikkeling van Afrikaans is 'n gedeë vakman aan die woord wat sy kennis onpretensieus en glashelder oordra" (F.A. Ponelis - 1980:10).
- (c.3) "ernstige, eerlike en toegewyde wetenskaplike en navorsers" (C. van Rensburg - 1980:3).
- (c.4) "met wetenskaplike eksaktheid en met al die nodige feite tot sy beskikking" (E.H. Raidt - 1980:10).
- (c.5) "die deeglikheid waarmee hy sy navorsing verrig, is 'n kenmerk van Scholtz se werk" (C. van Rensburg - 1980:3).
- (d) Die werk sinjaleer sekere leemtes of braak terreine in die historiese taalkunde, nl:
- (d.1) 'n Gebrek aan die nodige voorstudies in Afrikaans;
- (d.2) Daar is min vroeë Kaapse bronne bekend;
- (d.3) Bestudering van 17de-eeuse Hollands en Nederlandse dialekte is broodnodig om die kontinuïteit van Afrikaans daarmee aan te dui.
- (d.4) 'n Historiese woordeboek van Afrikaans moet saamgestel word.
- (d.5) 'n Groot, omvattende geskiedenis van Afrikaans moet geskryf word.
- (d.6) 'n Vergelykende studie van die reduplikasiever-skynsel in Afrikaans en Maleis moet gedoen word.
- (e) Nuwe inligting (veral die hoofstuk oor sintaktiese verskynsels en sommige voetnote) word vir die eerste maal op skrif gestel.
- (f) Die bibliografie is omvattend en dek bykans die hele Afrikaanse taalkundige repertoire sodat dit 'n gids aan enige taalkunde-student bied.

- (g) Die styl is vlot-verhalend en Scholtz se formulering is suiwer en eksak.
- (h) Laaste, maar definitief nie die onbelangrikste nie, is die feit dat hierdie publikasie ook in Engels beskikbaar is. Dit is dus toeganklik vir 'n internasionale mark, en kan as teenvoeter dien vir die wilde, onwetenskaplike uitlatings van M. Valkhoff in sy hoofstuk "Descriptive bibliography of the linguistics of Afrikaans: survey of major works and authors" wat in die gesaghebbende veertiendelige Current trends in linguistics, Volume 7 van Thomas A. Sebeok verskyn het. Ook kan die Engelse uitgawe met vrug in die Afrikaans 1-klasse aan ons Engelstalige universiteite gebruik word.

Die volgende kan as kritiek en/of leemtes in Wording en ontwikkeling van Afrikaans beskou word:

- (a) Scholtz ken nie genoeg gewig toe aan die Afrikaans-Hollandse vernakulêr van die "Unterschicht" nie (vgl. Ponelis 1980:235) sodat hy beïnvloeding, versteuring en die tekste van vreemdtaliges nie hoog genoeg aanslaan nie. Hy maak homself dus skuldig aan albosentrisme - 'n term wat deur M. Valkhoff "geskep" is om die "egosentrisme" van die "albus" (Blankes) aan te dui wat net konsentreer op hul bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans. Scholtz kies net "beskaafde" Afrikaans as norm en plaas 'n stigma op "onversorgde" nie-standaardvorme, wat egter vroeër (voor 1910) almal gelyke status gehad het as Afrikaans sonder meer.
- (b) Scholtz se siening dat uitsprake/gevolgtrekkings op suiwer linguistiese data moet berus (in ooreenstemming met die strukturaliste) laat nie ruimte vir die sosiolinguistiek, 'n rigting wat hedendaags ruim aandag geniet, nie. C. van Rensburg (1980:3) meen dat sosiolinguistiese insigte meer duidelikheid i.v.m. toentertydse Kaapse taaltoestande te weeg kan bring. Sosiale

faktore is wel aanwesig by die sistematiese proses van taalverandering (vgl. bv. hoofstuk 2 waar Scholtz eers wys op die sosiale faktore wat werksaam was by die vernederlandsing van Duits aan die Kaap en dan die linguistiese bewysvoering gee).

- (c) Scholtz gaan soms voorskriftelik te werk (vgl. bv. die bespreking van anglisismes).
- (d) Scholtz stel nie sy eie opvattinge/afleidings eksplisiet nie (vgl. bv. die aanneemlike "teorie" oor die ontstaan van Afrikaans wat hy byna terloops formuleer).
- (e) Wording en ontwikkeling van Afrikaans bevat nie enige tekste (soos bv. Afrikaans voor 1860) of volledige sitate nie, alhoewel dit entlik 'n teksgerigte studie is.
- (f) Die magdom sintaktiese studies wat in die Bibliografie genoem word (van A.C. Bouman se Onderzoekingen over Afrikaanse syntaxis na J.C. Steyn se "'n Paar sintaktiese onvasthede in Afrikaans", Taalfasette 20, no.3) vind nie juis neerslag in die hoofstuk oor sintaksis nie.
- (g) Daar word niks gesê oor meervouds- en verkleiningsvorme nie (soos Scholtz reeds in sy Voorwoord noem).
- (h) Daar is geen saak- en naamregister nie.
- (i) Scholtz maak nie gebruik van fonemiese tekens nie.
- (j) Terminologie soos "subjek" en "objek" (hoofstuk 6) moet eerder vervang word deur "onderwerp" en "voorwerp" ten einde konsekwent te wees (voorheen het hy onderwerp gebruik).
- (k) E.H. Raidt (1980:10) wys op oorvleueling in die volgende gevalle:

- (k.1) Bladsye 43 en 109 waar C.H. Persoon se "krom spreken" twee maal vermeld word.
- (k.2) Bladsye 37, 110 en 114 waar die Stavorinus-aanhaling vermeld word.
- (k.3) Bladsye 36 en 114 waar die verhollandste Duitse vanne vermeld word.
- (l) Volgens L.C. Eksteen (1980:1) word die terme "interne geskiedenis" en "eksterne geskiedenis" nie duidelik genoeg gedefinieer nie.
- (m) Ten slotte kan ook aangevoer word dat Wording en ontwikkeling van Afrikaans tot 'n groot mate 'n duplisering van E.H. Raidt se Afrikaans en sy Europese verlede van Tacitus tot Van Wyk Louw (1971) en dus onnodig is. Die onderstaande tabel sal die duplisering illustreer.

Tabel 4.1.2.1

Wording en ontwikkeling van Afri- kaans		Afrikaans en sy Europese verlede	
Afdeling 1	(Eksterne geskiedenis).	Hoofstuk 7	Maatskaplike toestande aan die Kaap in die 17de en 18de eeu.
Afdeling II Hoofstuk 2	Aanraking met nie-Nederlandse tale aan die Kaap.	Hoofstuk 7 (onderafdeling)	Die rol van die Hottentotte en slawe aan die Kaap.
Hoofstuk 3	Bronne vir die studie van die geskiedenis van Afrikaans.	Hoofstuk 8	Bronne vir die bestudering van Afrikaans.
Hoofstuk 4	Die Hollandse herkoms van Afrikaans.	Hoofstuk 10	Afrikaans en Nederlands.
Hoofstuk 5	Veranderings in die klankvorm van woorde.	Hoofstuk 9 (onderafdeling)	Die ontwikkeling van die Afrikaanse klankstelsel.

Hoofstuk 6	Wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse voornaamwoordelike stelsel.	Hoofstuk 9 (onderafdeling)	Die ontwikkeling van die Afrikaanse vormstelsel.
Hoofstuk 7	Ondergang van die nominale tweeklasse-sisteem van Afrikaans.	Hoofstuk 9 (onderafdeling)	Die ontwikkeling van die Afrikaanse vormstelsel.
Hoofstuk 8	Wordingsgeskiedenis van die werkwoordelike vormstelsel in Afrikaans.	Hoofstuk 9 (onderafdeling)	Die ontwikkeling van die Afrikaanse vormstelsel.
Hoofstuk 9	Sintaktiese verskynsels.	Hoofstuk 9 (onderafdeling)	Kenmerke van die Afrikaanse sinsbou.
Hoofstuk 10	Woordeskat.	Hoofstuk 9 (onderafdeling)	Die woordeskat van Afrikaans.

Alhoewel E.H. Raidt se boek baie na Scholtz se voorstudies verwys, kan Wording en ontwikkeling van Afrikaans nie daarmee kompeteer nie, aangesien Raidt s'n vollediger is en meer tekste bevat.

Ten slotte moet daar miskien net gelet word op die volgende breë gedagtes wat soos 'n goue draad deur Wording en ontwikkeling van Afrikaans loop:

- (a) Die onstaansteorieë moet in die lig van die feite beoordeel word en nie omgekeerd nie.
- (b) Baie van die verskynsels wat lyk asof hulle in Kaaps-Hollands ontstaan het en waarvoor daar "waterdigte" sake uitgemaak word, is tog maar van Europees-Nederlandse oorsprong.
- (c) Nie alles wat in die tekste staan, kan op sigwaarde aanvaar word nie (faktor soos die stigmatisering van sekere verskynsels moet in aanmerking geneem word).

- (d) Daar is nie sprake van 'n talebotsing nie; eerder van 'n geleidelike spontane verandering oor talle dekades.
- (e) Die besondere geskakeerdheid van die taalsituasie in Nederland moet nie uit die oog verloor word nie.

#### 4.1.2.2 Fonologiese studies

Van nou af word Scholtz se diachroniese studies volgens taalkundige terrein bespreek en dan chronologies binne elke terrein. Scholtz het hom toegespits op die fonologie en morfologie. Die volgende ses artikels wat hoofsaaklik fonologies van aard is, het uit sy pen verskyn:

##### 4.1.2.2.1 1943: "Die onderlinge verhouding van "i" en "e" in geslote sillabe"

Hierdie artikel het die eerste keer in Junie 1943 in Lingua, die taalkundige tydskrif van die Universiteit van Kaapstad verskyn. Dit is ook later (1965) opgeneem in Afrikaans uit die vroeë tyd.

Scholtz ondersoek in hierdie artikel (a) die historiese ontwikkeling tussen "i" en "e" in geslote sillabe en (b) hoe hierdie verskynsel sy beslag in hedendaagse Afrikaans gekry het.

In die eerste helfte van die artikel bespreek hy die verskynsel in die algemeen en in die tweede helfte verwys hy spesifiek na die wisseling van "e" en "i" voor 'n (gedekte) nasaal.

In beide afdelings begin hy om die verskynsel in die Oud-Germaanse periode te bespreek, situeer dit dan in die Middelnederlandse periode en bespreek dit vervolgens respektiewelik in Algemeen Beskaafde Nederlands, Nederlandse volksdialekte, Standaard-Afrikaans en Afrikaanse streekstaal.

Hy noem 99 voorbeelde ter illustrasie en neem veral die volgende voorbeelde onder die loep: lek, pik, mis, grip, leggen/liggen en gillen. Hy put sy voorbeelde uit Middelnerlandse tekste, 'n etimologiese woordeboek, verklarende en omvattende Nederlandse woordeboeke, Nederlandse dialektgrammatikas, die Daqboek van Louis Trigardt, taalkundige publikasies en sy eie kennis van Afrikaanse streekstaal, ABA en Nederlandse dialekte. Scholtz het voorbeelde uit 17 Bolandse dorpe, 5 dorpe in die Noordweste, 10 in die Suidwestelike distrikte, 2 in die Oostelike Provinsie, 13 in die binneland van die Kaapprovinsie, 4 in Transvaal en 14 in die Vrystaat opgeteken (Scholtz-versameling).

Scholtz illustreer met hierdie artikel weer eens sy uitgebreide kennis van dialektiese Nederlands, ABN en die taalsituasie in Nederland (vgl. bv. sy verduideliking dat groter taalbewustheid in Noord-Nederland die woorde lekker en likker uitmekaar gehou het).

Scholtz put weliswaar baie uit Nederlandse dialektgeografiese materiaal, maar sinjaleer hiate t.o.v. Nederlandse en Afrikaanse dialektgeografiese voorstudies. Hy plaas 'n hoë premie op dialektgeografiese navorsing aan ons universiteite - navorsing wat tot nou nog nie sy regmatige aandag geniet het nie.

#### 4.1.2.2.2 1950: "Die intervokaliëse 'd' in Afrikaans"

Hierdie artikel het vir die eerste keer in Oktober, 1950 in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Nuwe Reeks, deel X, aflewering 2 verskyn. Dit is later (1963) opgeneem in Taalhistoriese opstelle.

Scholtz bespreek die intervokaliëse "d" in Afrikaans onder die hofies: Oorgang van die "d" in "j" en verbinde met voorafgaande vokaal tot 'n diftong, sinkopee van "d", die "d" gevolg deur -el, -em, -en en die

"d" in afleidinge en samestellinge met die variante enkelvoudsvorme en meervoudsvorme en verboë en onverboë vorme in gedagte.

Volgens die Inleiding is dit duidelik dat Scholtz deeglik op hoogte is van literatuur wat oor die onderwerp verskyn het vanaf Van Haeringen se artikel in 1927. Hy konstateer dan self ook (Scholtz 1963:170): "...so volledig moontlik kennis geneem is van die relevante Nederlandse materiaal wat deur ander aan die lig gebring is." Scholtz kon op verskillende plekke selfs die materiaal deur eie ondersoek aanvul (1963:170).

Hy gee 'n opsomming van sy siening van die verskynsel soos verwoord deur Schönfeld. Hy verwys o.a. na die Brabanste oorsprong daarvan, dat dit toegeskryf kan word aan verslapping van artikulasie, dat die j-vorme dikwels as minder beskaafd ervaar is en dat dit uit skriftelike taal geweer is.

Scholtz stel ter inleiding die vraag watter posisie Afrikaans tussen ABN en die Hollandse volkstaal bekleed.

In elke onderafdeling van die oorgang van "d" in "j" skets Scholtz eers die toestand in Afrikaans en kyk dan na Nederlandse en dialektiese Nederlandse vorme. Hy begin in elke afdeling oor die toestand in Afrikaans met die ontwikkeling van die diftong, noem voorbeelde uit ABA en volkstaal en vergelyk Afrikaans dan met ABN.

In die afdelinkies oor Nederlandse en dialektiese Nederlandse vorme bespreek hy verbreiding en datering van die verskynsel. Hy begin met laat 16de-eeuse en vroeg 17de-eeuse voorbeelde tot by hedendaagse Hollandse volkstaal. Hy vergelyk dan die Nederlandse dialekte en ABN. Scholtz probeer by elke afdeling 'n

aanduiding gee van die posisie wat Afrikaans tussen ABN en volks-Nederlands beklee.

Opvallend in hierdie gedeelte is weer eens Scholtz se kennis van Nederlands en sy dialekte. Hy waag met sekerheid uitsprake rakende woorde wat s.i. gewoon is in Nederlandse spreektaal(1963:177), die beskaafde Nederlandse uitspraak (1963:177) en die meer vormlike taal(1963:177). Binne die bestek van twee bladsye (1963:172,173) noem hy voorbeelde uit die volgende dialekte: Suid-Hollands, Haarlems, Amsterdams, Seeus, Hollands-Utrechts, Valkenburgs, Gronings, Noordnederlands, Noordwes-Veluws, Antwerps, Rotterdams, Utrechts, Delftlands en hedendaagse Nederlandse volks-taal.

In die tweede afdeling oor die sinkopee van "d" volg Scholtz min of meer dieselfde patroon in sy bespreking. Opvallend hier is die feit dat Scholtz nie net talryke voorbeelde van die verskynsel kan noem nie, maar ook die uitsonderings (vergelyk bv. "wrede" - 1963:182).

In die derde afdeling volg Scholtz ook dieselfde werkwyse. Belangrik hier is die gevolgtrekking waartoe hy kom i.s. die vorme wat bestaan met en sonder 'n "d" in Afrikaans: die vorme met sinkopee is altyd die meer volkse vorme, terwyl die vorme daarsonder nie deel van die alledaagse omgangstaal is nie. Ten opsigte van afdeling vier - die "d" in afleidinge en samestellinge - kom Scholtz tot die gevolgtrekking dat die "d" gewoonlik behou bly in minder alledaagse woorde en dat Afrikaans oor die algemeen konserwatiewer is t.o.v. die "d" as die Hollandse dialekte.

Scholtz kom tot die slotsom dat sinkopee van die intervokaliëse "d" tot 'n einde gekom het voor die begin van die Afrikaanse taalgeskiedenis en dat dit baie ooreenstem met die van beskaafde Hollands. Die oorgang

van "d" tot "r", uitstoting van die intervokaliëse "g", die oorgang van die "v", "b" en "w" in sommige woorde en die totale verlies van hierdie "w" in ander is onderskeidende kenmerke van Afrikaans.

#### 4.1.2.2.3 1963: "Die intervokaliëse velare frikatief in Afrikaans"

Hierdie artikel verskyn die eerste maal in Taalhistoriese opstelle (1963). Dit handel oor die behoud of verlies van die velare frikatief in Afrikaans.

Met hierdie artikel volg Scholtz dieselfde werkwyse as in die vorige artikel. Scholtz se vertrekpunt is die hede en dan ondersoek hy die verskynsel al hoe verder die verlede in.

Ter inleiding wys hy daarop dat die intervokaliëse velare frikatief 'n spesifieke Afrikaanse verskynsel is. Dit is maar een van 'n paar fonologiese verskynsels wat aan "slap" artikulasie toegeskryf kan word.

Die metode wat Scholtz in die eerste afdeling van hierdie studie volg, verduidelik hy self (1963:199). Hy het sy eie taalgebruik bestudeer en dit vergelyk met die taalgebruik van soveel moontlike ander moedertaalsprekers uit verskillende taalkringe. Hy het ook die reaksie van persone met 'n sterk ontwikkelde taalgevoel op die skriftelike taalgebruik van ander getoets.

In Die toestand in Afrikaans vandag skop hy af met 'n drietal algemene reëls vir die behoud of sinkopee van die frikatief. Hy wys dan op 'n aantal uitsonderings en grensgevalle. Vervolgens bespreek hy laat kultuurontlenings uit Nederlands en betrek woorde met ch in Nederlands, met g binne die stam in Nederlands en met g voor 'n fleksie-uitgang in Nederlands.

In hierdie gedeelte spreek Scholtz heelwat kritiek teen die Afikaanse woordeboekmakers uit:

- 1) Hulle skryf los en vas woorde uit Nederlandse woordeboeke oor sonder om hulself te vergewis of hierdie woorde deel van die Afrikaanse woordeskat is. Scholtz beskryf dit as 'n "onoordeelkundige en verwarring stigterende oorskrywe" (1963:194).
- 2) Hulle plaas woorde soos logen naas loën sonder verduidelikende kommentaar en mislei sodoende die woordeboekgebruiker.
- 3) Scholtz bevraagteken ook die opneem van wisselvorme soos logenstraf wat bykans nooit in gebruikstaal voorkom nie.

Met Scholtz se ondersoek na die historiese aspek is hy aangewese op skaars en moeilik interpreteerbare skriftelike gegewens. Hy beskou onderskeidelik die tydperk na en vóór 1825. Vir eg. tydperk kom sy materiaal uit normatiewe bronne (bv. 'n idioticon, woordeboek en woordelys); asook uit 'n meer informele sfeer, bv. geskrifte van 1825-1870 wat in Kaapse koerante en tydskrifte verskyn het. Vir die tydperk voor 1825 steun Scholtz hoofsaaklik op argiefmateriaal. Scholtz haal voorbeelde wat dateer vanaf 1750-1773 aan, bespreek dan die betroubaarheid en waarde van hierdie gegewens en wys op moontlike hiperkorrekte vorme.

Scholtz bevind by die Afrikaanse woordelys van 1917 'n bykans 100% ooreenstemming t.o.v. alledaagse woorde terwyl die Patriotwoordeboek 'n nog groter verskil met hedendaagse Afrikaans toon. Hy bied die verskillende benaderings van die onderskeie opstellers as 'n moontlike rede aan waarom die taal skynbaar so 'n groot verandering vanaf 1902/1904 tot 1917 ondergaan het. Scholtz het ook gedeeltes uit 'n tydgenoot "Di koningin van Skeba" geëksepeer. Hierdie navorsing reflekteer min of meer die tendense rakende die intervokalliese g vervat in die Patriotwoordeboek. Hierdie navorsing, wat slegs as voetnoot verskyn (Scholtz 1963: 201), getuig van deeglikheid en stelselmatigheid.

Na 'n ontleding van Mansveldt se idioticon en die Samuel Zwaartman-geskrifte kom Scholtz tot die gevolgtrekking dat hierdie fonologiese verskynsel al teen 1870 tot 'n redelike mate gekristalliseer het. Scholtz bespreek later (Scholtz 1963:204) werkwoordvorme waarvan die stam in Nederlands uitgaan op g en vorme met apokopee van die e om aan te dui dat die g-sinkopering miskien al veel vroeër bestaan het. Scholtz beskou die Mansveldt- en Zwaartman-geskrifte as getroue weergawes van die taal van hul tyd, aangesien beide nie beïnvloed is deur die Nederlandse skryftaaltradisie nie.

Hierdie studie van Scholtz lewer 'n wesenlike bydrae tot die beskrywing van 'n tipies-Afrikaanse fonologiese proses en werp meer lig op die "ontstaansdatum" van Afrikaans.

#### 4.1.2.2.4 1963: "Woorde met sekondêre -ing in Afrikaans"

Hierdie artikel het die eerste keer in 1963 in De Nieuwe Taalgids, jaargang LV1, aflewering 4 verskyn. Dit is ook opgeneem in Taalhistoriese opstelle.

Ter inleiding kritiseer Scholtz D.B. Bosman se artikel oor die onderwerp wat in De Nieuwe Taalgids verskyn het. Scholtz delf diep uit sy versamelde argiefmateriaal om te probeer vasstel hoe oud die verskynsel is en in hoeverre dit tipies Afrikaans is. Sy vroegste bewysplaas dateer uit 1707.

Scholtz bespreek vervolgens woorde met die sekondêre -ing op die Nederlandse taalgebied. Hy gebruik voorbeelde wat in die Bosman-artikel gefigureer het, voorbeelde uit sy eie navorsing wat hy aan Bosman beskikbaar gestel het en nuwe bewysmateriaal wat hy uit De Nieuwe Taalgids, die WNT en 'n sestienste-eeuse klug bekom het.

Scholtz is versigtig om te veel gevolgtrekkings uit sy gegewens te maak. Hy meld slegs 'n paar voorbeelde wat

beskou kan word as oorgeërfde vorme in Afrikaans. Daar heers s.i. onsekerheid omtrent woorde van die tipe fraing.

Hy meen dat die verskynsel groter momentum in Afrikaans as in Nederlands geniet het. Scholtz reken dat "'n opsetlike en stelselmatige ondersoek" van Nederlandse dialekte nodig is (soos hy en D.B. Bosman van Afrikaans gemaak het) om die verbreidheid en datering van die verskynsel in Nederlands aan te dui. So 'n ondersoek is nodig om ook die ontwikkeling in Afrikaans te belig.

#### 4.1.2.2.5 1964: "Intervokaliëse labiodentale en bilabiaale konsonante in Afrikaans"

Hierdie artikel het die eerste keer in Maart, 1964 in Tydskrif vir geesteswetenskappe verskyn.

Scholtz gebruik dieselfde werkwyse as by vorige fonologiese studies: hy skets eers die toestand sinchronies en gee dan 'n diachroniese blik op die onderskeie konsonantwysigings. Die konsonantwysigings wat onder die loep geneem word, is: die Afrikaanse /w/ teenoor die Nederlandse /v/, sinkopee van die /w/ uit /v/, oorgang van /b/ in /w/ en sinkopee van die /w/ uit /b/.

Scholtz se aandag vir deeglikheid blyk uit sy inleidende kommentaar op die keuse van transkripsietekens in die opstel om enige verwarring te vermy.

Scholtz formuleer 'n algemene reël, nl. dat 'n oorspronklike /v/ tussen 'n beklemde vokaal of diftong (of 'n beklemde vokaal plus liquida) en 'n daaropvolgende neutrale vokaal aan die Kaap in 'n /w/ oorgegaan het (Scholtz 1972a:45). R.H. Pfeiffer (1973:399) bewonder Scholtz se vermoë om 'n reël te formuleer en sodoende 'n historiese norm te ontdek waarmee vergelykings met bv. jonger ontlenings getref kan word.

Scholtz maak 'n vyftal opmerkings waar hy o.a. uitsonderings op die reël noem. Hy bespreek dan verder die invloed van die reël op laat kultuurontlenings en bevestig met bewysmateriaal die geldigheid van die reël (vgl. bv. die uitspraak van Eva met /f/- Scholtz 1972a:46). Hy verfyn die reël verder deur o.a. aan te voer dat by woorde soos klavesimbel en evenement 'n subtiele onderskeid nodig is: in hoe 'n mate word die woord nog as Nederlands gevoel? (Scholtz 1972a:47).

Hy sonder verder die groep woorde uit waaronder daar die meeste verwarring en onsekerheid bestaan, nl. jong ontlenings waar daar in Nederlands 'n vol vokaal op die frikatief volg.

Scholtz hou hom eerder besig met konstruktiewe bewysvoering as om ander navorsers te kritiseer, bv. wanneer hy nie Le Roux en Pienaar se onjuiste uitsprake oor enklave en evangelie ongunstig beoordeel nie.

By die bespreking van sinkopee van die /w/ uit /v/, noem Scholtz voorbeelde uit die standaardtaal, dialektiese Afrikaans en hiperkorrekte vorme. Uit hierdie gedeelte blyk dit dat Scholtz se ryk kennis van Afrikaans nie net uit skriftelike bronne spruit nie; hy moes ook sy oor laag teen die grond hou wat die verskeidenheid dialekte en onversorgde taalgebruik betref.

In die gedeelte oor die oorgang van /b/ in /w/ formuleer Scholtz die algemene reël soos dit vandag in verskeie tale voorkom. Hy pas dit dan toe op Afrikaans en noem voorbeelde uit die standaardtaal, dialektiese Afrikaans en minder versorgde Afrikaans. In die tweetal opmerkings wat hy maak, noem hy voorbeelde wat nie d.m.v. die /b/-/w/- wisseling ontstaan het nie, maar a.g.v. ander redes.

Scholtz kan baie min voorbeelde van die sinkopee van die /w/ uit /b/ noem.

Tydens 'n historiese blik, kyk Scholtz na die oorgang van /v/ in /w/ eers na die bewysmateriaal jonger as 1750, dan na die bewysmateriaal tussen 1700 en 1750 en uiteindelik na dié ouer as 1700.

Hy lewer onomstootlike bewys dat die oorgang reeds in 1750 voltrek is. In die tydperk 1700-1750 noem hy 31 voorbeelde wat chronologies gerangskik is vanaf 1711-1748. Daar is ook drie voorbeelde (1685, 1688) uit die tydperk voor 1700 aan Scholtz bekend, maar hy beskou hulle as geïsoleerde gevalle en nie bewyskrag genoeg om te sê dat die oorgang al voltrek was nie.

Scholtz is versigtig om summier die bewyskrag van alle woorde te aanvaar, bv. in die geval van Duitsgetinte taalgebruik (Scholtz 1972a:51). Agtergrond en geleerdheid is s.i. faktore wat in ag geneem moet word by interpretasie van die taalgegewens.

Scholtz verwys na navorsing wat J.L.M. Franken ook in dié verband gedoen het. Die verskil tussen Franken en Scholtz as navorser is opvallend. Franken praat vaag van "talryke voorbeelde" (Scholtz 1972:57), terwyl Scholtz die voorbeelde konstateer en bewysplase en datums noem.

Scholtz vind die oudste bewysplaas van uitstoting van die frikatief in 1772, maar stel dit ter inleiding dat voorbeelde uiters skaars of totaal afwesig is. Hy maak nie summier 'n gevolgtrekking uit hierdie gegewens nie. Alle ander faktore moet eers in ag geneem word: in hierdie geval die lae gebruiksfrekwensie van die woorde.

Wat die oorgang van /b/ in /w/ betref, is daar min gevalle voor 1760, 'n datum wat Scholtz min of meer as die "ontstaan" van die gewysigde uitspraakvorm beskou. Scholtz noem alle bewysplase tussen 1700 en 1800 en verskaf ook relevante agtergrondsinsigting. Hy noem

pertinent tydvakke waarin daar min bewysmateriaal is, bv. die sinkopee van /w/ uit /b/ wat nie voor 1800 aangetref word nie, maar wel in die eerste helfte van die 19de eeu.

In sy slotbeskouing is Scholtz versigtig om geïsoleerde verskynsels in enkele Nederlandse dialekte met Afrikaans in verband te bring. Hy wys egter op enkele interessante ooreenkomste tussen Afrikaans en Suid-Hollandse dialekte en ABN in westelike Nederland, maar reken dat die gebruik van stemlose of stemhebbende frikatiewe in hedendaagse en 17de-eeuse Hollands te onseker is om werklik lig te werp op Afrikaans.

Hy skryf die fonologiese prosesse wat in Afrikaans ontwikkel het toe aan assimilasië en onderliggende "slap" artikulasie weens die gebrek aan norme vir taalgebruik in die Kaapse pionierstadium.

Scholtz vra ten slotte watter een van die sinkoperingsprosesse eerste plaasgevind het. Met weldeurdagte beredenering voer hy aan dat hulle min of meer gelyk aan die gang was, met die uitstoting van die velare frikatief 'n bietjie vroeër as die uitstoting van die labiodentale frikatief.

#### 4.1.2.2.6 1970: "Geskiëdenis van die klankvorm van Afrikaanse woorde"

Hierdie opstel het die eerste keer in 1970 in Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu verskyn. Dit is aanvullend tot Scholtz se vyf vorige opstelle oor die fonologie.

Scholtz het sy inligting in sewe pienk oefeningboeke onder die titels: Intervokaliëse d, g, b en v, velariserië, assimilasië, apokopee, paragoge, epentese en metatesis versamel.

Soos in sy vorige opstel verantwoord Scholtz ter inleiding sy gebruik van fonetiese tekens (hierdie keer in 'n voetnoot - p. 59). Hy verantwoord ook die doel van hierdie opstel, nl. om die aspekte van die Afrikaanse fonologie wat nog nie beskrywe is nie, te bespreek. Hy het oorsigtelikheid in gedagte (p. 84). Hy laat hom streng lei deur sy argiefmateriaal (boedellyste, rapporte, verklarings, briewe, ens. vanaf die tweede helfte van die sewentiende eeu tot die begin van die neëntiende eeu) en laat groepe woorde met 'n spesifieke Kaapse vorm wat nie in die argiefmateriaal voorkom nie, buite rekening.

Die opstel is omvangryk - 46 1/2 bladsye. Kenmerkend van Scholtz se deeglikheid en stelselmatigheid slaag hy nogtans daarin om hierdie enorme hoeveelheid materiaal logies te orden en te rangskik. Hy gebruik vokalisme (beklem en nie-beklem) en konsonantisme as parameters. By eg. fokus hy o.a. op diftongering, ronding en vokaalverswakking en -verlies.

By sy bespreking van konsonante, is sy uitgangspunt nie die aard van hul artikulasie nie, maar die soorte konsonante en hul wysigings. Hier bespreek hy o.a. nasalering, stemloosheid, assimilasie en metatesis.

Kloeke het d.m.v. vokalisme probeer aantoon dat die suidelike gedeelte van Suid-Holland die herkomsgebied van Afrikaans is. Scholtz het altyd probeer waak teen 'n vereenvoudigde of veralgemeende siening. Vir hom was die ontwikkeling van Afrikaans baie meer kompleks. Hy probeer die bydrae van die volgende faktore tot die kompleksiteit skets: invloed van 17de-eeuse Hollands, ABN, wisselvorme aan die Kaap, seemanstaal, slawetaal, Nederlands van Duitsers, streeksvariante, stylvariante ens.

Scholtz dui deurlopend die invloed van 17de-eeuse Hollands aan. Hy meen o.a. dat nasalering oorgeërf is uit

17de-eeuse Hollands (p. 85) asook vorme soos als i.p.v. alles (p. 77).

Wat beskaafde Nederlands betref, voel Scholtz dat dit van die begin af 'n belangrike deel gevorm het van die grondslag van Afrikaans (p. 105). So voer hy bv. aan dat die vroeë Nederlandse neiging tot epentese ook deurgewerk het aan die Kaap (p. 95). Ook voorbeelde soos astrant en kastrol (invoeging van konsonante) is algemeen-Nedelands (p. 94).

Scholtz lewer 'n wesenlike bydrae tot die herkoms van die volgende woorde: Hy meen dat 'n woord soos baklei waarskynlik via Nederlandse seemanstaal uit Laag-Maleis bekkelahi kom (p. 83). Hy reken dat woorde met 'n -ang-einde uit slawetaal stam, aangesien -ang 'n gewone woordorde in Maleis is (p. 79). Hy bevind dat in die Nederlands van selfs Duitsers die sch- oorgegaan het in sc (p.85). Wat wisselvorme aan die Kaap betref, noem Scholtz uitpeul naas uitpuil (p. 62) en die verskeidenheid wisselvorme vir uintjie (p. 62).

Scholtz hou rekening met dialektiese verskille in Afrikaans. Hy verwys voortdurend na Bolandse vorme, bv. prent (p. 71), die uitsprake Losper vir Loubser en Pelsie vir Du Plessis (p. 98). Op p.73 sonder hy 'n paar dialekties-Afrikaanse vorme uit. Dis ook altyd vir hom belangrik om die lokale herkoms van skrywers vas te stel (p. 71).

Hy hou ook deeglik rekening met stylvariante. Hy sonder sekere vorme uit as "in Afrikaans erkende vorme" (p. 72) (m.a.w. standaardtaal). Hy wys ook op die verdwyning van wisselvorme van woorde soos granaat uit die gekultiveerde uitspraak (p. 99). Verder noem hy minder beskaafde vorme soos "pampier" (p. 97) en wys hy op die probleme wat die ongereelde spelling van bykans ongeletterde skrywers meebring (p. 65).

Scholtz vergelyk voortdurend die Afrikaanse en Nederlandse klankvorme met mekaar en probeer dit telkemale met hedendaagse ABN, 17de-eeuse Hollands en Nederlandse dialekte kruiskontroleer.

As hy Afrikaans met die ABN van vandag vergelyk, kry hy in lg. ook 'n [t]-lose vorm in die uitdrukking "lest best" (p. 90), maar nie assimilasie van /d/ aan 'n voorafgaande [l], [n] of [r] nie (p. 92).

Woorde soos deuse en speulen kan teruggevoer word na 17de-eeuse Hollands (p. 64) asook geapokopeerde vorme soos armoed (p. 77). Scholtz vind fres terug by Bredero en Vondel (p. 69). Ook onbeskaafde vorme soos pampier kan teruggevoer word na 17de-eeuse Hollands (p. 97). Hy probeer kyk of die hedendaagse Afrikaanse fonologiese reëls al in Kaaps-Hollands bestaan het (bv. die verdringing van vorme met slot [t] deur vorme daarsonder - p. 87).

Scholtz toon 'n wye belesenheid t.o.v. dialekte. Hy verwys na die volgende dialekte: Zaans (p. 72), Oud-Beierlands (pp. 76, 95), Wes-Voorns (pp. 76, 94, 95), Gronings (pp. 77, 94), Overflakkees (p. 83), Utrechts (pp. 86, 98), Noord-Brabants (p. 86), Noord-Hollands (p. 88), Amsterdams (pp. 90, 91 en 95), Suid-Bevelands (p. 91), Waas (p. 91), Suidoos-Vlaams (p. 91), Wes-Fries (pp. 91, 98), Deventers (pp. 91, 94, 102), Noord-Bevelands (p. 91), Antwerps (p. 93), Kampens (p. 94) en Ridderkerks (p. 104).

Hy span ook dikwels sy kennis van Duits en Frans in. Duits: oopgaan uit aufgehen (p. 78) en gewoond uit gewohnt (p. 98). Frans: vorme sonder [k] (p. 92). M.i. behoort Scholtz die moontlikheid te ondersoek het of die h-lose vorm arpuis (p. 102) nie ook aan Franse invloed toegeskryf kan word nie.

'n Paar Scholtz-kenmerke het opgeval in hierdie opstel:

a) Alhoewel Scholtz dit as 'n oorsigtelike opstel beskou, wyk hy nie af van sy gewone akkuraatheid, noukeurigheid en sin vir belangrike detail nie. So vermoontlik probeer hy 'n aanduiding gee van die getal en daterings van bewysplase. Op p. 65 in die baie kort afdeling oor wisseling van eu in oo noem hy vyf keer die aantal bewysplase wat hy gevind het.

b) Dit blyk deurgaans dat Scholtz vanaf sy jeug ingestem is op die waarneming van taalgebruik. Hy onthou bv. bolling vir bondel uit sy Bolandse kinderdae (p. 99).

c) Scholtz probeer waar moontlik die geskiedenis van woorde rekonstrueer. Hy rekonstrueer bondel as volg: bondel > bonnel > bolling (p. 99) en kabelgare as volg: kabelgare > kabelqaar > kaalqaar.

Met hierdie opstel gee Scholtz vir ons 'n oorsigtelike, redelik volledige beeld van die geskiedenis van die klankvorme van woorde in die wordingstryd van Afrikaans. Dit kan as oorkoepelend van sy vyf ander opstelle oor die fonologie beskou word.

#### 4.1.2.3 Morfologies

Wat die morfologie betref, het Scholtz navorsing gedoen oor aanspreekvorme, persoonlike en besitlike voornaamwoorde en werkwoorde. Party van die opstelle kan as morfofonologies beskou word, maar word ook hier bespreek. Elke tweede opstel oor 'n bepaalde morfologiese aspek is elke keer 'n aanvulling tot die eerste. Dit is gegrond op verdere bronne-onderzoek, hoofsaaklik nuwe materiaal wat tussen 1959 en 1962 in die Kaapse argief versamel is.

Die volgende morfologiese artikels het uit sy pen verskyn:

4.1.2.3.1 1953: "Die geskiedenis van die Afrikaanse aanspreek-  
vorme"

Hierdie opstel het die eerste keer in Oktober 1953 in Tydskrif vir wetenskap en kuns verskyn. Dit is later (1963) opgeneem in Taalhistoriese opstelle.

Scholtz lui dadelik hierdie bespreking in met 'n verwysing na die Afrikaanse voorkeur vir pronominale vorme met vol vokaal. Hy vergelyk die Afrikaanse vorme met die Nederlandse en gee dan 'n verklaring en datering van die Afrikaanse vorme.

Hy skryf die voorkeur vir vol vorme toe aan die neiging tot nadruklikheid in Afrikaans - 'n verskynsel wat ook kenmerkend van Hollandse volkstaal is. Scholtz huiwer nie om die verskynsel verder aan die vreemdelinge-Nederlands van Hottentotte, Duitsers en Franse toe te skryf nie, alhoewel hy nie 'n voorstander van die vreemdelinge-Nederlands-teorie of die kreoliserings-teorie is nie. Hy toon dus geen bevooroordeeldheid nie, maar laat hom deur sy bewysmateriaal lei - in die geval getuienis oor Indiese Nederlands (Scholtz 1963a:54).

Scholtz hou hom voortdurend besig met die "datum" waarop Afrikaans sy "draai" gekry het. By 'n datering van die verskynsel, wys Scholtz weer eens op die probleme wat rondom datering bestaan; daar is 'n skaarste aan skriftelike bronne en hulle weerspieël nie altyd die gesproke taal van die tyd nie.

Hy vind getuienis van die besitlike voornaamwoord my en sy al vanaf 1770, die vorme myn, my as voorwerp, ij en jou en die as lidwoord vanaf 1750 en die Afrikaans dit in plaas van die Nederlandse het vanaf 1775.

Scholtz toon 'n goeie kennis van Engels; hy vergelyk bv. die vol besitlike v.nw. met dié van Engels

(Scholtz 1963a:56). Hy ken ook die Nederlandse taalkunde baie goed, bv. waar hy 'n Nederlandse taalreël toepas op Kaapse tekste (p. 57). Hy is ook goed bekend met die streeksvariante van Afrikaans. Hy wys bv. op die voorkoms van dat i.p.v. dit in die taal van die Griekwas en die Rehoboth-basters (p. 58).

Scholtz neem vervolgens die Afrikaanse vorm julle onder die loep. Hy kyk eerstens na die Nederlandse vorme van vroeër en van vandag en tree dan met sy Nederlandse vakgenote in gesprek oor die herkoms en ouderdom van vorme met [oe]. Scholtz kan d.m.v. bewysmateriaal uit egte Kaapse bronne aantoon dat vorme met [oe] bykans 'n 100 jaar ouer is as die vroegste Nederlandse bewysplaas. Hy lewer dus 'n belangrike bydrae tot die Nederlandse gesprekvoering rondom die verskynsel.

Scholtz toon verder uit sy bewysmateriaal aan dat jullie saamhang met wullie, zullie en hullie, maar dat dit nie noodwendig was dat lg. vorme uit jullie ontwikkel het soos Kloeke vroeër beweer het nie (p. 60). Scholtz maak nie gevolgtrekkings op grond van 'n geïsoleerde geval nie (p. 61).

Hy bepaal voorts die slotvokaal van julle, hulle en sulke as heelwat vroeër as 1770. Wat die herkoms van hierdie vokaal betref, analiseer hy punt vir punt Kloeke se argument dat dit nie uit 'n vroeëre -ie verklaar kan word nie. Hy wys swak plekke in die mondering van die Kloeke-argument uit deur voorbeeldmateriaal uit die Kaapse argief en sy eie kennis van Nederlandse volkstaal en ABN. Met logiese beredenering kom hy tot die gevolgtrekking dat Afrikaanse vorme soos julle wel uit die -ie-vorme (jullie) ontwikkel het.

Bewysplase van u as onderwerp in vroeë Nederlandse bronne is baie skaars, sodat die voorbeelde wat Scholtz uit die Kaapse argief opgediep het, van groot waarde is.

Scholtz bespreek indringend die gebruik van u by Johanna Duminy. Hy wys op Kloeke se eng verklaring daarvan. In teenstelling met Kloeke hou Scholtz deeglik rekening met die agtergrond van die skrywer en met die Afrikaans van vandag - beide faktore wat nuwe lig werp op die gebruik van u by Duminy.

Daarteenoor kan Scholtz geen bevredigende verduideliking gee van die u as onderwerp in die elf boerebriewe uit die jare 1781 to 1812 waarop hy in die Kaapse argief afgekom het nie.

Wat die sydelingse aanspreekvorme betref, neem Scholtz eerstens die ouderdom en die gebruik daarvan in Nederlands in oënskou. Hy gee nie net navorsing wat oor die onderwerp verskyn het, weer nie, maar gebruik die bekende taalgegewens om tot verdere gevolgtrekkings te kom (bv. dat die titel van die Hollands van vooraanstaandes nooit veel as voorwerp, na voorsetsel of in die genitief en "possessiewe" verbindings gebruik is nie (p. 68). Hy reken dat daar in die meeste gevalle Nederlandse gegewens ontbreek om tot vaste gevolgtrekkings te kom (p. 69). Hy vind Kaapse voorbeelde van die sydelingse aanspreekvorme al in die vroegste stukke tot sy beskikking.

By 'n bespreking van hy en sy as sydelingse aanspreekvorme, is dit duidelik dat Scholtz deeglik op hoogte is van die Afrikaanse stylvariante as hy bv. verwys na die gebruik van sydelingse vorme as "vertroetelde taal" of "'n speelse luim" (p. 71). Hy kontroleer soos altyd sy Kaapse voorbeelde met die 17de-eeuse Hollandse grondslag. Geen wonder dat Van Haeringen dit beskryf as "een zo scherp mogelijk omlijnen daarvan" (1964:26).

In die slot verantwoord Scholtz sy werkwyse: hy het soveel moontlik probleme uit die geskiedenis van die Afrikaanse aanspreekvorme gestel en hulle probeer be-

antwoord met materiaal uit ou Kaapse skriftelike bronne. Hy gee ons ook 'n kykie in sy argumentbou: "'n Beredenering, hoe oortuigend dit ook al mag lyk, kan deur die ontdekking van 'n enkele, onweerlegbare betekenisvolle feit waardeloos gemaak word" (p. 72).

#### 4.1.3.2.2 1962: "Aanspreekvorme aan die Kaap in die agtiende eeu"

Hierdie opstel het die eerste keer in Desember 1962 in Tydskrif vir Geesteswetenskappe verskyn en is later (1963) opgeneem in Taalhistoriese opstelle. Dit is opgedra aan 'n Nederlandse vakgenoot C.B. van Haeringen ter geleentheid van sy sewentigste verjaardag.

Ter inleiding meld Scholtz dat die nuwe materiaal wat die grondslag vir hierdie opstel vorm, nie die beeld verander wat in die vorige opstel oor die Afrikaanse aanspreekvorme gevorm is nie, maar dit eerder aanvul. Die leser kry nou 'n vollediger beeld en 'n verstewiging van Scholtz se beredenering.

Scholtz ag dit gerade om die stylvariante (van hoogs formeel tot informeel) sowel as die hoogs geskakeerde agtergrond van die skrywers vroegtydig onder die leser se aandag te bring.

Hy volg weer eens dieselfde werkwyse as in die vroeëre opstel, nl. probleemstelling gevolg deur 'n soeke na 'n antwoord wat bereik word deur logiese beredenering en bewysvoering. Van Haeringen prys die "goede eienskappe" (1963:29) van sowel Scholtz se werkwyse as sy vormgewing by 'n mededeling van die resultate. Scholtz gebruik dieselfde kategorieë as vantevore, alhoewel in gewysigde vorm en volgorde.

Hy dui die gebruiksfêre van UE en sy variante aan as die vereiste aanspreekvorm in formele korrespondensie alhoewel hy ook uitsonderlike gevalle daarvan vind in informele briewewisseling.

Hy gee 'n volledige lys van Kaapse bewysplase van u as onderwerp wat dateer vanaf 1711 tot 1771. Dis s.i. van groot waarde ook vir 'n studie van Nederlands, aangesien die vroegste Europees-Nederlandse voorbeeld uit 1840 dateer.

Hy dui die gebruiksfteer van gij aan as die onderlinge aanspreekvorm van burgers in briewe van neutrale toon, ouers en kinders onderling, geliefdes onderling, Hottentotte, slawe en weergawes van woordetwiste en skuldbriewe. Hy dui die gebruiksfteer van jij en jou aan as verteenwoordigend van die neutrale taal teenoor Hottentotte en slawe, woordetwiste, kwaai, beskuldigende of onbeleefde taal. Scholtz illustreer aan die hand van 'n dramatiese voorbeeld.

Scholtz beskou nie net taalgegewens op sigwaarde nie; hy het die nodige agtergrondskennis om subtiele verskille in die gevoelswaarde van gij en u aan te dui (Scholtz 1963a:77).

Hy probeer voortdurend wys op die kontinuïteit van Afrikaans met Nederlands, bv. waar hy sê: "Dit is opvallend dat die skryfgebruik aan die Kaap ten opsigte van die aanspreekvorme so lank en so getrou die Europees-Nederlandse voorbeeld gevolg het" (Scholtz: 29).

Scholtz kom vir die eerste keer op voorbeelde van die gereduseerde vorme je af wat sy vorige gevolgtrekking dat alle pronominale vorme met gereduseerde vokaal teen die middel van die agtiende eeu al uit die alledaagse Kaapse omgangstaal verdwyn het, rugsteun.

Scholtz bevind dat jijlui die vorm is wat verreweg die meeste in die eerste helfte van die 18de eeu voorkom. Hy toon met 'n magdom voorbeelde dat vorme met [oe] soos julle van die middel van die agtiende eeu al baie verbreid aan die Kaap was.

Scholtz vra homself af of julle al 17de-eeuse Hollands was. Hy noem 'n voorbeeld wat volgens sy oordeel 'n outentieke bewysplaas van die bestaan van sulle in 1710 was (Scholtz 1963a:84/85). Hy wei verder uit op sy betoog dat die Afrikaanse en Nederlandse [oe]-vorme beide op die 17de-eeuse lees geskoei is. Ter staving van sy argument lewer hy bewysmateriaal, o.a. 'n brief van 'n Nederlandse matroos uit 1776.

Wat die sydelingse aanspreekvorme betref, diep Scholtz weer nuwe materiaal op om sy vorige uitsprake te staaf. Hy wys op die onderliggende spanning wat ongeletterdes ervaar wanneer hulle skryf: gebruik hulle die spreektaal of 'n skryftaal wat hulle nouliks voor die gees kan roep.

Ten slotte doen Scholtz 'n ernstige beroep op Nederlandse vakgenote om intensiewe, sistematiese ondersoeke na 17de-eeuse Hollands te loods. Hy wys op die ernstige leemte in die beskrywing van 17de-eeus - dit berus tot op hede slegs op literêre tekste. Dis 'n leemte wat egter gevul kan word deur argivale navorsing wat volgens Scholtz se eie ervaring en dié van kollegas die moeite werd kan wees.

So terloops verwys Scholtz in die slot redelik omvattend na voorbeeldmateriaal van die dubbele negatief wat in Nederlandse dialekte voorkom. Hy gee altyd ruimskoots erkenning aan kollegas wat voorbeelde onder sy aandag bring (vgl. die voetnoot op p. 89 i.s. prof. Bax).

'n Punt van kritiek wat teen Scholtz geopper moet word, is sy kwetsende taalgebruik in die term "nog weinig beskaafde bruinmense" (p. 86).

#### 4.1.2.3.3 1954: "Die geskiedenis van die persoonlike en besitlike voornaamwoord in Afrikaans"

Hierdie opstel het die eerste keer in April 1954 in

Tydskrif vir geesteswetenskappe verskyn en is later (1963) opgeneem in Taalhistoriese opstelle. Scholtz plaas hier die vereenvoudiging van die talryke vorme van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde oor drie eeue aan die Kaap.

Soos in vorige opstelle is sy vertrekpunt sinchronies, d.w.s 'n beskrywing van hedendaagse Afrikaans. Hy gee 'n paradigma van die bestaande vorme en verantwoord terselfdertyd sy weglating van etlike voorbeelde. Volgens bied hy 'n diachroniese blik op die ontwikkeling van meervoudige vorme.

Hy kyk eerstens na ons as voorwerp n.a.v. gegewens uit ou Kaapse bronne en vroeë verklarings vir die gebruik van ons i.p.v. wij. Scholtz gebruik gegewens wat Franken, Kolbe en Mentzel versamel het om aan te toon dat ons i.p.v. wij rondom 1700 gewoon in slawe- en Hottentots-Hollands was.

Hy beoordeel die onderskeie teorieë i.s. die volgende invloede op die gebied van ons i.p.v. wij: Frans, Maleis, Seeus en die wyd verspreide gebruik van die akkusatief vir die nominatief. T.o.v. lg. kon Scholtz nog voorbeelde uit dialektiese Engels, Amerikaanse Engels en Latyn byvoeg.

Scholtz bespreek sulle en hulle as onderwerp as konkurrente vorme; sulle was die gebruiklikste vorm vanaf 1750-1815, die twee vorme het heelwat oorvleuel tot 1810 toe hulle volop raak in geskifte. As voorwerp en as besitlike v.nw. het sulle nooit veel lewenskrag gehad nie; haarle staan sterk tot 1830 toe dit begin terrein verloor het.

Scholtz kontroleer die Kaapse verskynsel met toestande in die Hollands van vandag en die 17de eeu. Hy dui ongetwyfeld die kontinuïteit van Afrikaans met Nederlands aan t.o.v die verswaarde vorme op -lui, sylui,

sullei, sullie en sulle as onderwerp; haarlui, haarlie, haarle as voorwerp en die gebruik as possessiva van haarlie en hunlie.

Hy wys op die onsekerheid wat heers oor die ouderdom van funksiewisseling in Hollands terwyl dit aan die Kaap al voor 1735 taamlik verbreid moes voorgekom het.

Hy bied vervolgens 'n diachroniese blik op die enkelvoudige vorme: my en sy kan as oorgeërfde vorme beskou word. Scholtz probeer ook om die Middelnederlandse vorme - mi en si -, 17de-eeuse Hollandse mij en hedendaagse Antwerps - mij en zij - aan die hand van Engels te verklaar, maar voel dat "die beskikbare gegewens te skraal (is) om tot 'n vaste gevolgtrekking te kom" (Scholtz 1963:101). Hy sê dat myn as voorwerp in 17de-eeus en Hollands as volkstaal en literatuurtaal voorgekom het. Dit het daarna in die ban gedoen, terwyl dit in Afrikaans nog tot aan die begin van die 20ste eeu diens gedoen het.

Scholtz probeer voorts aandui watter funksiewisseling ook by Hollands en aangrensende dialekte voorgekom het/voorkom. Hy haal voorbeelde aan uit Seeus, Culemborgs, Antwerps, Zaans, Oud-Beierlands, Zandvoorts, Suid-Hollands, Goerees, Overflakkees en Hollandse kindertaal. Scholtz meen dat funksiewisseling heelwat ouer is as wat algemeen aanvaar word. Hy vra dan hoe-kom daar geen funksiewisseling by ek/my, jy/jou, hy/hom in Afrikaans is nie en beantwoord dit m.i. heel bevredigend met 'n drietal redes.

Scholtz keer terug na die meervoudige vorme deur die kontinuïteit daarvan met Nederlands uit te wys alhoewel daar nie bewysmateriaal uit die 17de eeu is nie. Ook die predikatief en selfstandig gebruikte enkelvoudige besitlike voornaamwoorde (bv. myne) is oorgeërf. Die meervoudsvorme is nie bewaar nie sodat dit 'n amper onbegonne taak is om die ontstaan van vorme soos

ons s'n te rekonstrueer. Scholtz kyk na soortgelyke konstruksies in hedendaagse Nederlands en 17de-eeus. Hy wys dan op die belangrike veranderinge wat Afrikaans ondergaan het. Scholtz kom tot twee gevolgtrekkings, nl.: 1) dat die "omskrywing van 'n genitiefsverhouding" deur 'n besitlike voornaamwoord al omstreeks 1750 alleenheersend in Kaapse taal was en 2) dat spesiaal syn se gebruiksmoontlikhede ongeveer 1750 al sterk uitgebrei was.

Scholtz wys ten slotte weer eens op die probleme waarvoor die historiese taalkundige te stane kom, nl.: 1) ontoereikendheid van gegewens in Kaapse bronne en 2) skriftelike taalgebruik is nie altyd 'n weerspieëling van die gesproke taal nie.

'n Scholtz-beginsel blyk uit die slot waar Scholtz die waarskuwing rig dat 'n mens nie moet probeer verder reik as wat die beskikbare gegewens met enige mate van veiligheid toelaat nie (p. 110).

#### 4.1.2.3.4 1963: "Aanvulling by: 'Die geskiedenis van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde in Afrikaans'"

Hierdie opstel het die eerste keer in Junie 1963 in Tydskrif vir geesteswetenskappe verskyn en is later (1963) in Taalhistoriese opstelle opgeneem.

Nuwe materiaal waarop Scholtz beslag kon lê, is voorbeelde van ons en hulle in die taal van Hottentotte en slawe vanaf 1720 tot 1721 en 'n komiese-voorbeeld van burgertaal uit 1772. Hierdie voorbeeld is vir Scholtz outentiek en van groot waarde omdat dit "onverbloem" (Scholtz 1963a:112) is en nie deur "vernederlandsing" of "verdeftiging" opgetooi is nie.

Hierdie voorbeeld noep Scholtz ook om die "ontstaansdatum" wat hy vir hulle vasgestel het, te vervroeg. Hy staaf dit met bewysstukke uit 1772 en 1779. Alhoewel

Scholtz geen ouer bewysplase as 1770 vir hulle kon vind nie en slegs 'n paar vir sulle, meen hy dat beide vorme al voor 1770 aan die Kaap geleef het.

Scholtz bring nuwe voorbeelde van haarlui aan die lig. Hy lei nie hieruit af dat haarlui voor hunlei ontstaan het soos sy gegewens aandui nie, maar beskou dit as "blote toeval" (Scholtz 1963a:114). Geïsoleerde gevalle dra s.i. nie veel gewig nie. Ter verklarung bied hy ook die doelbewuste vermyding van hunlei (hulle) in die geskrifte van koloniste, 'n ontbreking van hulle in vroeë Hottentot- en slawe-Hollands en die menings van neerlandici dat hullie in 17de-eeuse Hollands bestaan het.

Scholtz kan 'n ouer vorm (1672) van ons as onderwerp noem. Hy het nou net voorbeeldmateriaal van die Hollands van slawe en Hottentotte, alhoewel hy goeie rede het om te vermoed dat dit ook by die koloniste voorgekom het. Hy laat nie toe dat sy vermoede met hom op loop sit nie, maar sê dat bewyse nodig is "voor 'n sterk vermoede sekerheid kan word" en dat "betroubare getuienis" nodig is (Scholtz 1963a:116).

Scholtz noem neëntien nuwe bewysplase van my en sy as besitlike voornaamwoord van so vroeg as 1700. Dat hy sy materiaal streng keur, blyk uit die feit dat hy 'n 1700-voorbeeld afwys omdat dit geïsoleerd voorkom en vreemdelinge-Nederlands is.

Hy vind twee ouer bewysplase van sy as "possessiewe bindwoord", vier ouer sitate as voorbeeld van die konstruksie die vrou sy/se goed, twee ouer sitate van die vroeë veralgemening van die gebruik van die selfstandige of predikatiewe besitlike voornaamwoord sonder lidwoord en twee ouer sitate van die tipe Jan syne.

Hy skroom nie om te erken dat hy gefouteer het deur Afrikaans met die Suid-Brabantse mij en zij in verband

te bring nie. Hy skroom verder ook nie om 'n vraag te vra en dit onbeantwoord te laat nie ("hoekom is myn as possessief en as voorwerpsvorm aan die Kaap deur my verdring?" -1963a:119); sodoende stel hy 'n memorandum vir toekomstige take op.

#### 4.1.2.3.5 1958: "Die ontstaan van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel"

Hierdie opstel het die eerste keer in April 1958 in Tydskrif vir geesteswetenskappe verskyn en is later (1963) opgeneem in Taalhistoriese opstelle.

Scholtz verwoord die doel en 'n werkwyse van hierdie omvangryke studie (41 1/2 bladsye) in die Inleiding: die doel is om 'n beskrywing van die ontwikkeling van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel te gee en die werkwyse 'n gedurige kontrole met vroeë Hollands en die Afrikaans van vandag. Hy vergelyk die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel met ABN omdat dit nouliks van 17de-eeus verskil.

Hierdie opstel dien as goeie voorbeeld om die werkwyse en bronne-ondersoek van die historiese taalkundige te agterhaal. Scholtz gee die leser insae in die omvang, aard en waarde van sy bronne-dokumente vanaf 1712 tot 1831 uit die Kaapse taalargief. Hy maan teen 'n "impressionistiese oordeel" (Scholtz 1963a:10) van gegewens (alhoewel 'n kenner hom wel deur sy "proe" kan laat lei) en die deurlopende gebruik van statistieke. Hy stel as't ware 'n betroubaarheidsbarometer daar waaraan die historiese taalkundige sy onderskeie taalgegewens kan meet. Hy slaan bv. die betroubaarheid van vreemdelinge-Nederlands nie hoog aan nie. Insiggewend is die norm van hiperkorrekte vorme wat Scholtz gebruik om die bestaan van die spreektaal vas te stel.

Hy gebruik die twee morfologiese kategorieë van Afrikaans, nl. vorme sonder ge- en dieselfde vorme met ge-, en die onderskeidende kategorieë van ABN, nl. die

getalsvorme, persoonsvorme, infinitiefsvorme, voltooi-de deelwoordsvorme en imperfektumvorme as vertrekpunt vir sy bespreking. Dit dien ook as hoofde vir sy bespreking en het talryke subhofies. Dit ontlok die kritiek van oorrubrisering by J.G.H. Combrink (Combrink 1964:134).

Scholtz ag dit noodsaaklik om vooraf die geskiedenis van sommige fonetiese verskynsels te bespreek aangesien hulle 'n invloed op die vereenvoudiging van die werkwoordelike vormleer gehad het.

Die bespreking van die apokopee van t na 'n stemlose konsonant (Scholtz 1963a:15) kan as 'n voorbeeld van Scholtz se werkmetode beskou word. Hy noem eers sy bewysmateriaal uit die Kaapse argief en vergelyk dit dan met 17de-eeus, Hollandse volkstaal en ABN. Hy maak ruimskoots gebruik van statistieke (persentasies en rousyfers) om sy redevoering te rugsteun.

Scholtz voel sterk daaroor dat 'n saak "noukeurig" beskou moet word en "vaste grond" (Scholtz 1963a:17) moet hê wanneer hy die bewering dat die apokopee van die swakbeklemde e aan 'n fonologiese proses toegeskryf moet word, weerlê.

Scholtz beskou eers 'n bepaalde morfologiese verskynsel synchronies (en vergelyk dit met ABN) voordat hy diachronies al hoe dieper die verlede inkyk en dan 'n parallel met 17de-eeus probeer trek. M.i. is die twee perspektiewe onlosmaaklik verbind.

Met 'n synchroniese blik groepeer hy die Afrikaanse werkwoorde volgens hulle stemhebbende en stemlose uitgange in Nederlands en fokus dan op zijn en hebben. Wat die diachroniese perspektief betref, vra Scholtz homself gedurig af: Wanneer het Afrikaans sy beslag gekry en opgehou om Nederlands te wees? Hy beseft dat dit 'n baie geleidelike proses was, maar poog tog om

die "ontwikkelingsdatums" te karteer. Hy kom tot die volgende gevolgtrekkings:

- a) Hy bevind dat getalsverskille al teen 1750 opgehef is, 'n bevinding wat hy veral met die voorkeur vir is i.p.v. ben bewys.
- b) Ook persoonsverskille is al teen 1750 opgehef. Hy heg nie veel waarde aan die losstaande voorbeelde van voor 1750 nie. Hy keur die Kolbe-voorbeeld af omdat dit "gebroke, geradbraakte Hollands" is (Scholtz 1963a:26). Hy meen dat hierdie voorbeelde hoogstens as aanwyser kan dien dat getals- en persoonsverskille aan die verdwyn was.
- c) Die huidige toestand t.o.v. die infinities is al teen 1800 bereik, alhoewel Scholtz 'n outentieke voorbeeld van 1773 het. Hy negeer die geradbraakte Hollands van Barbier en twee Hugenote uit 1739, 1710 en 1711. Hy beaam ook Smuts se gevolgtrekking dat die skrywer se gevoel vir die Nederlandse infinities die swakste was waar dit voor 'n ander infinities staan.
- d) Scholtz kyk na verskillende skakerings van die voltooide deelwoord, o.a. reëlmatig en onreëlmatig, deelwoorde van die tipe gery, gekry, gebly en geskrywe, deelwoorde van die tipe geklae, gelewe en gesôre en deelwoorde van die tipe gebring, gekoop en gedoen. In die algemeen beskou, kan 1800 as die begin van die Afrikaanse vorme (volgens sy voorbeeldmateriaal) gesien word. Van Haeringen (1964: 26) kritiseer Scholtz oor sy bewering: "die oorheersende vroeë Nederlandse neiging tot normalisering van die deelwoord" (Scholtz 1963a:33). Hy wys daarteenoor op die terrein wat die sterk werkwoord gewen het.
- e) Scholtz stel die bestaan van die verdringing van die imperfektum voor die einde van die 18de eeu vas, alhoewel dit eers in die 19de eeu voltrek is. Dat dit 'n seer verwickelde verskynsel was, blyk uit sy volgende skakering: verdringing van imper-

fektumvorme deur presensvorme, verdringing van imperfektumvorme deur perfektumvorme en verdringing van plusquamperfektumvorme deur perfektumvorme.

- f) Scholtz kom tot die slotkonklusie dat die ontstaan van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel die resultaat is van 'n ontwikkelingsproses wat oor 'n paar honderd jaar strek. Hierdie ontwikkelingsproses behels vereenvoudiging, gelykmaking, uitskaking van onreëlmatighede en "onnodige" vormonderskeidings (Scholtz 1963a:48).

Die volgende, wat kenmerkend van Scholtz is, het die skryfster opgeval by 'n deurwerk van die opstel:

- 1) Scholtz se vermoë om 'n bepaalde verskynsel te formuleer (bv. as hy vorme met vokaalwisseling en 'n uitgang pleonastiese imperfektumvorme noem - 1963a:39), dit dan as historiese norm te verhef (die voorkoms daarvan in Kaapse taal) en dit te gebruik om met ander tale te vergelyk ("die verskynsel is nie bekend in Nederlands nie").
- 2) Scholtz sinjaleer altyd hiate in die beskrywing van die ontwikkeling van Afrikaans of hy vra vrae waarop hy geen antwoorde het nie, bv. wanneer hy sê dat daar 'n verklaring gevind moet word vir die verdringing van die t-vorme deur n-vorme in die 3de pers. ekv. van werkwoorde van die tipe zijn (1963a:25).

Ten slotte bestry Scholtz Franken se opvatting oor die ontstaan van Afrikaans hoofsaaklik uit die "Kleurling"-gebruik van die taal. Hy skiet Franken se "radikale opvatting" (1963a:49), "uiterste teorie" (1963a:50) en "vooropgesette teorieë" (1963a:51) af omdat Franken "feitlik geen bewyse" (1963a:49) aanvoer nie, 'n "swaar bewyslas op 'n paar klein taalbrokkies" (1963a:49) plaas en sy "argumente stut" (1963a:51) op "skraal gegewens" (1963a:51) en 'n "wankel grondslag" (1963a:51).

Bg. is alles eienskappe wat volgens Scholtz nie aan 'n historiese taalkundige toegedig behoort te word nie. Hy wys weer eens op die noodsaaklikheid van "bronnemateriaal" (1963a:51), die "versigtig(e)" (1963a:51) verwerking daarvan en 'n "noukeurige studie" (1963a:51).

Hy stip die aanvulling van ons bronnemateriaal aan as toekomstaak op 'n agenda vir historiese taalkundiges. Dat hy self ten nouste saam met die bronne-ondersoeker L.C. van Oordt gewerk het, blyk uit 'n brokkie argiefmateriaal wat Van Oordt persoonlik aan hom verstrek nadat hy dit in sy gepubliseerde argiefmateriaal weggelaat het (1963a:30).

#### 4.1.2.3.6 1972: "Werkwoordelike vorme in vroeë Kaapse bronne"

Hierdie opstel is opgeneem in Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu wat in 1972 verskyn het (twaalf jaar na die vorige opstel). In hierdie opstel spits Scholtz hom toe op ouer bewysplase as dié in sy vorige opstel. Hy werk ook resenter, relevanter navorsing wat De Jongh, Koelmans en Van den Bergh gedoen het, by.

Ter inleiding verantwoord hy sy verwerking van die materiaal wat heelwat lig werp op die omgang van 'n historiese taalkundige met sy primêre bronne. Met "twyfel" (1972a:2) en "skepties staan" (1972a:22) as wagwoorde moet hy voortdurend 'n "waardebepaling" (1972a:1) van elke brokkie taalgegewe doen. Hy moet die koring van die kaf skei deur die volgende faktore in ag te neem:

- 1) sosiolinguistiese faktore (soos blyk uit die inleidende paragrawe),
- 2) geïsoleerdheid van 'n verskynsel (1972a:2),
- 3) natuurlike styl (1972a:2). (Scholtz hou hom voortdurend besig met stilistiese variante, bv. op p. 30 waar hy sê: "In die meer gekultiveerde Nederlands sou die stelwyse miskien anders gewees het").

- 4) tydgenootlike getuienis (1972a:2),
- 5) "verskrywings" (1972a:2) en
- 6) "sporadisiteit" (1972a:21).

Die historiese taalkundige moet relevante nuwe materiaal so volledig moontlik weergee met volledige verwysings by elke brokkie taalgegewe. Scholtz self haal nie lukraak voorbeeldmateriaal aan nie, soos blyk op p. 20 waar hy twee brokkies getuienis as te "onbetroubaar" beskou.

Scholtz is voortdurend besig om sy werkwyse te verantwoord, bv. op p. 2 (die hele studie oor die werkwoorde). Hy volg dieselfde metode in hierdie opstel as by die vorige: hy bestudeer eers die apokopee van die slot [t] as suiwer fonetiese verskynsel en gaan dan oor tot 'n beskouing van die toestand m.b.t. die werkwoordelike vorme. Hy beweeg in beginsel al hoe verder in die tyd terug omdat die onsekerheidsfaktor al hoe groter raak. Scholtz verantwoord selfs sy werkwyse by gedetailleerde voorbeelde, bv. op p. 29 waar hy sê dat hy nie sy materiaal georden het nie omdat dit te min was.

Scholtz gebruik bykans dieselfde indeling as by die voorafgaande opstel, alhoewel hy nou spesifiek fokus op die dentale suffiks na 'n frikatief en okklussief in persoonsvorme en voltooide deelwoorde.

Op die meeste punte word Scholtz se vorige bevindings bevestig, nl. dat:

- 1) die apokopee van die slot [t] as fonetiese verskynsel al teen 1750 voltrek was. Scholtz diep nuwe voorbeelde op wat die verskynsel nog jonger dateer (1711-1724). Hy verwys ook na nuwe Hollands-Utrechtse gegewens wat deur Nederlandse vakgenote aan die lig gebring is en dit so ver terug as 1662 dateer.

- 2) die dentale suffiks ook in die voltooide deelwoorde teen 1750 reeds geapokopeer was. Hy verwys ook na nuwe Hollands-Utrechtse gegewens wat die verskynsel al in die 17de eeu dateer. Scholtz trek sy konklusies nouer deur te formuleer dat: "... die sterk Hollands-Utrechtse tendensie tot apokopee aan die Kaap deur gebrek aan remmende en korrigerende invloede binne vyftig jaar uitgeloop het op 'n dwingende fonologiese reël waarvolgens 'n slot-[t] na stemlose konsonant in alle woorde ... afgewyk is" (1963a:8).
- 3) is en het al vroeg in die 18de eeu voorgekom het.
- 4) persoonsverskille by alle wwe. ongeveer 1750 reeds opgehef was. Hy kom net geïsoleerde gevalle van voor 1750 teë.
- 5) getalsonderskeiding al teen 1750 opgehef was. Hy diep ook nuwe materiaal vanaf 1679 tot 1737 op wat die verskynsel al aan die begin van die 18de eeu plaas.
- 6) daar in die nuwe bronne geen bewys te vinde is oor die uitgangverlies by die indefinitief in die begin van die 18de eeu nie.
- 7) "die verlies van die uitgang na 'n frikatief of okklusief die resultaat (was) van 'n fonetiese proses wat vroeg in Hollands begin het en hom voor 1700 langs die hele linie aan die Kaap voltrek het" (1963a:24). Volgens Scholtz het die uitgang van die voltooide dw. na 'n diftong die langste staande gebly.
- 8) die verdringing van onreëlmatige deur reëlmatige voltooide dw. eers na 1750 sy beslag gekry het.

9) die verdringing van die imperfektum deur die presens en die perfektum 'n langsame proses was wat hom taamlik laat in die Kaapse taal ontplooi het.

Scholtz moes in 'n enkele geval sy vorige gevolgtrekking wysig, nl. i.s. werkwoorde van die orde doen, gaan ens. waar hy uit sy nuwe gegewens aflei dat die t-vorme rondom 1740 die oorhand begin kry het. Sy vorige bevindinge oor die opkoms van die n-vorme is nie noodwendig kontrasterend nie. Saam vorm hulle die geheelbeeld van 'n wisselende patroon ('n tendens wáarvoor nog 'n verklaring gesoek word).

Scholtz hou hom voortdurend besig met die vergelykende taalkunde, bv. waar hy die ooreenstemming van Afrikaans met Engels aandui t.o.v. die gebruik van het by intransitiewe (1963a:32). Hy span ook gereeld sy kennis van Duits in, bv. waar hy 'n moontlike verklaring van die woord hinderlaten (1963a:27) bied en 'n nuwe reëlmatige deelwoordsvorm van koop by Duitssprekendes verklaar na analogie van hul eie kaufen (1963a:28).

Scholtz imponeer ook met sy diepgaande kennis van die Nederlandse taalkunde. Hy "formuleer" bv. 'n Nederlandse kongruensiereël deur na die uitsonderings te verwys: "usuele, toevallige en skynbare afwykings" (1963a:16). Hy verhef dit dan tot norm en vergelyk dit met Engels.

Ten slotte moet net gewys word op Scholtz se bereidheid om erkenning aan kollegas te verleen. Hy verwys deurlopend na L.C. van Oordt se leeu-aandeel in hierdie studie en vermeld ook J. Verhage (1963a:18) wat 'n liedjie onder sy aandag gebring het.

#### 4.1.2.3.7 1958: "Die ondergang van die nominale tweeklassesistiem"

Hierdie opstel het die eerste keer in Oktober 1958 in Tydskrif vir wetenskap en kuns verskyn en is later

(1963) opgeneem in Taalhistoriese opstelle. Scholtz skets ter inleiding die tweeklassesistees in Nederlands en die toestand in die Afrikaans van vandag.

Hy verwoord dan sy uitgangspunt - 'n vergelyking tussen Afrikaans en die huidige Hollandse omgangstaal wat bykans identies aan 17de-eeus is. Waar die twee verskil, sal die historiese taalkundige genuanseerd - soms "stilswyend" (na 1750) (1963a:124) en soms "eksplisiet" (1652-1750) (1963a:24) - daarmee moet rekening hou.

Die historiese taalkundige moet veral bedag wees op "foute" (1963a:124) in taalgebruik, "'n los, ongedurige skryftrant" (1963a:127), die feit dat 'n vorm lank in die omgangstaal kan leef sonder dat dit op skrif gestel word (1963a:28), "skrywersontsporings" (1963a:135), "skryfonwennighede" (1963a:143) en 'n strewe om 'n vaag voor die gees swewende skryftaal te gebruik (1963a:143). Die historiese taalkundige wat homself besig hou met 17de-eeus, moet nie net steun op literêre tekste nie (1963a:142).

Scholtz kategoriseer sy materiaal in die tydperk ná 1750 en die tydperk vóór 1750. By elk van die bespreekte woordsoorte poog hy om die "draai" van Afrikaans te bepaal, alhoewel hy reken dat dit 'n langsame proses was wat miskien nog steeds nie voltrek is nie (1963a:125).

T.o.v. die bepaalde lidwoord bevind hy dat het al teen 1750 verdring is (hy heg nie veel waarde aan die enkele ouer bewysplase nie). de was in die tydperk 1750-1785 nie meer lewenskragtig nie, maar is verdring deur die wat as konkurrente vorm reeds van die begin van die nedersettingsgeskiedenis af bestaan. T.o.v. die adnominale aanwysende voornaamwoord en die betreklieke voornaamwoord bevind hy dat die Hollandse sisteem al voor die einde van die 18de eeu verdwyn het.

T.o.v. die byvoeglike verbuiging kon Scholtz slegs tot 'n tentatiewe gevolgtrekking kom, aangesien daar by die taalgebruikers geen vaste sisteem was nie ('n verskynsel wat Scholtz aan hiperkorreksie toedig). Die enigste konklusie wat Scholtz waag, is dat die Afrikaanse stelsel al in 1775 ver ontwikkel het. Hy verfyn sy konklusie later deur te sê dat adjektiewe wat op 'n diftong uitgaan al teen 1725 in die onverboë vorm gebruik is (soos in Afrikaans vandag).

T.o.v. die vervangende voornaamwoord bespeur Scholtz 'n toename in die gebruik van dit i.p.v. hij, hem ens. en in sintaktiese verband met meervoudige substantiewe in die 18de eeu. Scholtz verduidelik dat alhoewel het geskryf word, die spreektaalvorm verskuil lê daaragter. Hy het dit vroeër verklaar (Scholtz 1953:36).

Verskeie teorieë kom onder die spervuur in hierdie opstel:

- 1) Scholtz verwerp Hesseling se Maleis-Portugese verklaring vir die verdringing van het omdat dit geen "grond" (1963a:136) het nie. Hy kom self met 'n legio bewysmateriaal vorendag wat as teenvoeter dien.

Hy sien wel waarde in Bosman se vreemdelinge-Hollands-teorie vir die verdringing, maar gaan nie daarmee akkoord nie omdat dit "moeilik bewysbaar" (1963a:136) is en hy met behulp van voorbeeldmateriaal sekere van Bosman se aannames as onjuis bewys.

Hy formuleer self 'n teorie dat die lidwoord [ət] te midde van vol vorme wat tipies Kaaps is, so swak gestaan het dat dit maklik deur die verdring kon word (1963a:138). Dit is 'n teorie wat m.i. stewig staan op grond van die magdom ondersteunende gegewens en die opheffing van nie-essensiële onderskeidings wat 'n kenmerk van die Kaapse taal was.

- 2) Scholtz meen dat Hesseling se Maleise verklaring vir die voorkeur van wat as betreklike v.nw. deur "niks gesteun" (1963a:139) word nie. Hy negeer ook Bosman en Kruisinga se "spontane" teorie dat wat na analogie van die Engelse what ontstaan het.

Alhoewel Scholtz nie self 'n teorie hieroor formuleer nie, blyk dit dat hy neig om die kontinuïteit hiervan met Nederlands aan te dui. Alhoewel hy nie bewysmateriaal het nie, steun hy sterk op die opvatting van 'n Nederlandse vakgenoot in hierdie verband.

- 3) Hy spreek hom sterk uit teen Le Roux se verduideliking van die ontwikkelingsgeskiedenis van byvoeglike naamwoorde. Hy bestempel dit as "voorbarige verklarings" (1963a:144) en "teorie en spekulasie" (1963a:144). Scholtz waag nie self sy hand aan 'n teorie alvorens die beskrywingstaak voltooi is nie.

Scholtz ontgin, waar moontlik in hierdie opstel, ook sy grondige kennis van Engels (vgl. 'n bespreking van die Engelse that op p. 140) en Duits (vgl. die moontlike invloed van Duits op die vorm "met deesen voorvall" op p. 138).

Van Haeringen (1963:27) meen dat 'n vergelyking met die geskiedenis van die genus in Engels tot veel nut kan wees. Dieselfde geld vir 'n parallel met verouderde Nederlandse feminumvorme wat as argaïese reste voorkom in die skryf- en versorgde omgangstaal van noordelike Nederlanders.

#### 4.1.2.3.8 1972: "Verdwyning van genusverskille in wordende Afrikaans"

Hierdie opstel het die eerste keer in 1972 in Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu verskyn, is baie

kort (8 en 'n half bladsye) en dien as sluitstuk vir die vorige een. Hy gebruik dieselfde besprekingspunte as in die vorige opstel.

T.o.v. die adnominale aanwysende v.nw. verwys hy die leser na navorsing van J.L Pauwels en t.o.v. die byvoeglike verbuiging na navorsing van E.H. Raidt. Nuwe argiefmateriaal is in lg. se dissertasie Geskiedenis van die byvoeglike verbuiging in Nederlands en Afrikaans vervat en is in 1965 onder die promotorskap van Scholtz voltooi.

Scholtz het op heelwat nuwe argiefmateriaal afgekom wat sy vroeëre insigte bevestig en soms verskerp. Hy kom tot die volgende verskerpte konklusies:

- 1) die as bepaalde lidwoord is ná die middel van die 18de eeu uitsluitlik in gesproke taal gebesig terwyl de altyd 'n Nederlandse vorm is,
- 2) Die verdringing van het deur de of die het in 1740 al baie ver gevorder, as dit nie al voltrek was nie en
- 3) wat was al omstreeks 1760 die enigste betreklike v.nw. wat lewenskragtig was.

Scholtz sien af van 'n enkele vorige gevolgtrekking, nl. dat die as 'n vernamer vorm naas wat nog lank aan die Kaap voortgeleef het.

Toekomstige historiese taalkundiges kan die volgende "wenke" van Scholtz ter harte neem:

- 1) Dis te "gewaag" (1972a:48) om gevolgtrekkings op grond van "karige voorbeelde" (1972a:43) te maak.
- 2) Stel die taalagtergrond van skrywers vas. As dit 'n vreemdtalige is, verminder dit dikwels die waarde van die taalgegewe. Soms verhoog dit die waarde, bv. waar Scholtz by Duitssprekendes die gebruik van die (in kontras met die Duitse gebruik van die) as klinkklare bewys van die bestaan daarvan in gesproke taal aandui (1972a:38).

Scholtz wil nooit 'n laaste woord oor 'n onderwerp te sê hê nie, nie eers in hierdie opstel wat as sluitstuk vir al sy navorsing oor die genusverskil dien nie. Hy wil eerder nog vrae vra wat toekomstige navorsing sal stimuleer. Hy wonder bv. oor die ouderdom van die verdringing van dat deur wat by onsydige antesedente en van die nie-kongruerende dat deur wat in die Amsterdamsse volkstaal en ander dialekte.

#### 4.1.2.4 Sintakties

Wat die sintaksis betref, het Scholtz navorsing gedoen oor reduplikasieverskynsels en die volgorde van verbonde verbale vorme. Die volgende diachronies-sintaktiese artikels het uit sy pen verskyn:

##### 4.1.2.4.1 1957: "Reduplikasieverskynsels in Afrikaans"

Hierdie opstel het die eerste keer in April 1957 in Tydskrif vir wetenskap en kuns verskyn en is later (1963) opgeneem in Taalhistoriese opstelle, alhoewel dit heelwat vroeër, nl. 1950, reeds geskryf is (Scholtz 1963a:146).

Ter inleiding bespreek Scholtz herhaling as 'n verskynsel wat in alle tale voorkom en dui hy die onderskeie funksies daarvan aan. Deurlopend in sy bespreking wys hy op die verskillende funksies, bv. op p. 156 waar hy meen dat sommige reduplikasies van s.nwe. meer distributiewe as iteratiewe waarde het.

Wat die toestand in Afrikaans betref, noem Scholtz die voorbeeld, gee dit dan weer binne sinsverband en probeer dan tot gevolgtrekkings kom of veralgemenings formuleer. Hy lei o.a. die volgende af wat 'n essensiële bydrae tot ons kennis van reduplikasie in Afrikaans lewer:

- 1) Die verdubbelde bywoorde van graad en "bepalings van gesteldheid" druk altyd 'n negatiewe begrip uit.
- 2) Slegs die bywoorde van tyd waarin die begrip "sonder versuim" opgesluit lê, het in die herhalings tot samekoppelings ontwikkel.
- 3) Die voorsetsels in sinne met verdubbeling van s.nwe. word maklik weggelaat.
- 4) Die herhaling van die ww. is die opvallendste reduplikasieverskynsel in Afrikaans.
- 5) Hy kom tot die slotsom dat die reduplikasieverskynsels saamhang met oormatige aanduiding, nadruklikheid en aanskoulikheid wat tipies Afrikaans is.

Scholtz haal sy voorbeeldmateriaal uit 'n vyftiental prosawerke wat hy op grond van hul "aanskoulike, volksaardige toon" (1963a:147) gekies het.

Hy haal ook 'n legio voorbeelde aan uit die WNT, 'n Middelnederlandse woordeboek (1963a:152), 'n Franse woordeboek (1963a:150), dialekwoordeboeke nl. Krui-ningensch (1963a:150), Noord-Hollands (1963a:150), Gronings (1963a:151), Zuid-oostvlaandersch (1963a:53), Afrikaanse en Nederlandse grammatikas (bv. op pp. 150,156) en taalkundige publikasies van Afrikaanse en Nederlandse vakgenote (1963a:157), mondelinge mededelings (1963a:150), 'n mededeling deur Jan Greshoff (1963a:159) en twee deur prof. W.S. Mackie (1963a:159), 17de-eeuse klugte (1963a:159) en die Nederlandse sketse van Samuel Falkland.

Uit bg. blyk:

- 1) Scholtz se moeisame deurwerk en speurtog van bg. bronne op soek na relevante voorbeeldmateriaal.
- 2) Sy oor was die heeltyd ingeskerp en hy was in gesprek met kollegas oor sy navorsing (soos blyk uit die mondelinge mededelings).

Scholtz verwys ter inleiding na voorbeelde uit Semities, Maleis-Polinesies, ander Oosterse tale en noem eie voorbeelde uit Nederlands, Frans, Engels en Duits. Dit blyk dat hy deur sy hele studie vergelykend te werk sal gaan, m.a.w. die heelyd parallele met ander tale sal probeer trek. Hy steun veral op die stamtale - Engels (1963a:154, 159 en 161), Hollands (1963a:154, 155 en 156), Duits (1963a:154) en Frans (1963a:158 en 161). Ander tale wat hy betrek, is Italiaans (1963a:150), Hottentots (1963a:157), Maleis (1963a:153, 156 en 157) en Maleis-Portugees (1963a:158).

Scholtz is baie huiwerig om te veel prominensie aan die verklaring van die reduplikasieverskynsel uit Maleis-Portugees te verleen. Hy noem Maleise voorbeelde wat aan kort-kort herinner, maar meen dat hulle nie sommer gelyk gestel kan word nie (1963a:153), dat dit nie "seker" is dat woorde soos plek-plek onder die invloed van hul Maleise eweknie ontstaan het nie (1963a:157) en dat daar "geen bewyse" is vir die verklaring van reduplikatiewe kinderspeletjies uit Maleis nie (1963a:161). Hy kan nie toegee dat die reduplikasieverskynsel 'n kreolisme is nie, aangesien die bewyse "skraal", "twyfelagtig" en "min en onseker" is (1963a:158). Hy wil dit eerder voor die deur van 17de-eeus lê (1963a:159). M.i. verloor Scholtz hier sy objektiwiteit. Sy "nuwe verklaring van die konstruksie" berus nie op veel feitemateriaal nie en is daarom minder aanvaarbaar as die kreoliseringsteorie.

Scholtz sinjaleer voortdurend hiate in ons geskiedskrywing, bv. waar hy hoop dat 'n Maleis-deskundige die Maleis-Portugese invloed op Afrikaans grondig sal ondersoek.

#### 4.1.2.4.2 1963: "Die volgorde van verbonde verbale vorme"

Hierdie opstel het die eerste keer in Junie 1963 in Tydskrif vir geesteswetenskappe verskyn en is opgeneem in Taalhistoriese opstelle wat in dieselfde jaar ver-

skyn het. Scholtz het dit saam met Jan Verhage geskryf nadat hy 'n nege jaar vantevore oor die onderwerp begin besin het.

In hierdie kort, kompakte studie word die plasing van die Afrikaanse verbale vorme binne die sin eers sinchronies en dan diachronies bekyk.

Hulle bied 'n sinchroniese blik op verskeie konstruksies en kombinasies van onselfstandige werkwoorde, hulpwerkwoorde, infinitiewe en finiete vorme van selfstandige werkwoorde en verlede deelwoorde van selfstandige werkwoorde. Hulle kyk dan sinchronies na twee van die konstruksies in Nederlands wat verskil van Afrikaans, t.w. konstruksies met vervangende infinitief en die konstruksie sou kon gekap het.

Hulle probeer nou 'n historiese verklaring vind vir die verskille. Hulle vind 'n toereikende verklaring in die groot ooreenstemming (80%) in die sintaktiese strukture van Afrikaans en Hollands-ten-suide-van-die-Ij. mits dit aanvaar word dat lg. gebied 'n relikeiland van 17de-eus vorm.

Daar is baie grondwerk vir die studie gedoen. Konstruksies is opgeteken uit Nederlandse werke. 'n Nederlandse kollega het die navorsing van die Nederlands behartig. Daarna het 'n sistematiese uiteensetting van Afrikaanse hoofsinnegevolg en dan die bysinne (aktief en passief). Die verskillende moontlike woordordes in Afrikaans is bekyk en daarna die verskillende tye in Nederlands. Uiteindelik is Afrikaans en Nederlands vergelyk.

Hulle bewys d.m.v. hul argiefmateriaal bo redelike twyfel dat die Afrikaanse posisie al voor 1800 bereik is. Alhoewel hul navorsing op 'n magdom taalmateriaal gebaseer is, gee hulle slegs persentasies (en nie voorbeelde nie) om die toestand te skets. Hoewel beknop, getuig hierdie opstel van deeglikheid (talryke voorbeelde) en weldeurdagtheid.

#### 4.1.2.5 Leksikologies

Scholtz het heelwat op diachronies-leksikologiese gebied gewerk, maar slegs een artikel het die lig gesien.

##### 4.1.2.5.1 1985: "Afrikaanse woorde en uitdrukkinge - eiegoed of erfgoed?"

Hierdie opstel is in 1930 voltooi, maar eers 55 jaar later deur E.H. Raidt persklaar gemaak en uitgegee. Dit kan as 'n sprekende voorbeeld dien van Scholtz se publikasievrees.

Scholtz toets 411 Afrikaanse woorde en uitdrukkings aan die vraag of hulle eiegoed of erfgoed is. In die geval van erfgoed probeer Scholtz spesifiseer of dit van dialektiese herkoms is en uit watter geografiese gebied dit afkomstig is. Hy versamel slegs materiaal wat nie ABN is nie, m.a.w. leksikon wat Afrikaans met dialektiese Nederlands gemeen het.

Die ryk en geskakeerde kennis van Afrikaans wat Scholtz in hierdie studie ten toon stel, stam uit die twee en 'n half jaar wat hy pas vantevore aan die WAT op Stellenbosch gewerk het. Hy het ook 'n groot aantal woorde opgeteken in verskillende streke van ons land: hoofsaaklik die Boland, maar ook die Suid-Kaap, Oos-Kaap, Noordweste, Noord-Kaap, Noord-Natal, Vrystaat en Transvaal. Scholtz het informante gehad in sommige streke, maar dis meestal data wat hy self versamel het (vgl. die Scholtz-versameling, Stellenbosse Universiteitsbiblioteek).

Scholtz se belesenheid t.o.v. Nederlandse dialekte (E.H.Raidt verwys daarnaas "formidabele kennis" - 1980: 235) het hy ontwikkel deur sy stelselmatige (Scholtz 1985:236) deurwerk van dialekwoordeboeke en idioticons tydens sy nagraadse studie in Amsterdam. Hy het alle Nederlandse dialekwoordeboeke en dialekstudies waarop

hy sy hande kon lê, geraadpleeg (onderhoud met mev. Scholtz). Vir hierdie studie het hy 18 dialekwoordeboeke, 8 idioticons, 3 etimologiese woordeboeke en 8 spreekwoordeboeke geraadpleeg. Dit is buiten die talle ander woordeboeke en taalkundige publikasies wat in die bronnelys vermeld word.

Scholtz reageer in hierdie studie op die "resente" en destyds opspraakwekkende werke van S.P.E. Boshoff (Volk en taal van Suid-Afrika, 1921) en D.F. Malherbe (Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme, 1925). Hy vul talle gapings en stel foutiewe opvattinge reg. Boshoff beskou kleintongetjie (1926:260) bv. as 'n afrikanisme, maar Scholtz vind dit ook in Neder-Betuwe. Scholtz kan selfs Van Dale (WNT) verkeerd bewys t.o.v. die herkoms van boertabak (1985:245).

In hierdie artikel is dit reeds duidelik watter norme Scholtz voorop stel vir navorsing:

- 1) Die taalmateriaal moet "kontroleerbaar wees" (1985:238).
- 2) Die bronne moenie "verswyg" word nie (1985:238).
- 3) Die navorser moenie "waag" (1985:239) nie, maar konserwatief te werk gaan.
- 4) Hy moenie oorhaastig tot gevolgtrekkings kom nie. In hierdie studie meen hy dat sy dialektiese kennis te "oppervlakkig en fragmentaries is om tot 'n sintese te probeer kom" (1985:239).
- 5) Hy wil nie net antwoorde verstrekk nie, maar ook "vraagstukke" (1985:239) sinjaleer. Hy roem nie daarop dat hierdie studie 'n "volledige" (1985:240) of 'n "suiwer" (1985:240) beeld weergee nie. Intendeel: hy wys op die onvolledigheid en gebrekkigheid daarvan, o.a. weens die ontbreking van Suid-Hollandse en Seeuse voorbeelde.

Scholtz toon dus reeds met hierdie studie sy intrinsieke kwaliteite as navorser van formaat, juis iets waaraan die twee genoemde voorganger-publikasies van Boshoff en Malherbe mank gegaan het.

E.H. Raidt het Scholtz se styl in hierdie artikel behou; 'n styl wat m.i. nog nie heeltemal geslyp is nie. Die glashelder formulering, duidelike uiteensetting en die vermoë om 'n argument so ekonomies moontlik te stel (soos blyk by 'n latere Scholtz) ontbreek.

Dit doen egter nie afbreuk aan die groot bydrae wat hierdie studie tot die geskiedenis van die Afrikaanse leksikon lewer nie. M.i. is die groot waarde daarvan dat dit vele eiegoed as erfgoed ontmasker.

#### 4.1.2.5.2 Ongepubliseerde artikel oor Maleis en Portugese woorde

Scholtz het baie aantekeninge gemaak oor die kennis en gebruik van Hottentots, Maleis en Portugees aan die Kaap. Hy het woorde van Maleise en Portugese oorsprong in Afrikaans wat hy belangrik geag het, aangeteken (nota van Scholtz in die Scholtz-versameling). Hy het alle moontlike publikasies oor die onderwerp (o.a. Franken se artikels) deurgewerk, maar ook 'n twintigtal woorde aangeteken wat hy self versamel het (persoonlike mededelings, ens.).

Scholtz het beplan om 'n artikel te skryf, maar dit nooit voltooi nie. Die eerste afdeling heet "Belangstelling in Maleise en Portugese woorde in Afrikaans tot by Hesseling" en die tweede afdeling "Van Hesseling tot Franken". Hy het ook voorbeelde van Hottentot-Hollands en slawe-Hollands vanaf 1671-1706 opgeteken asook 107 woorde en uitdrukkings uit die taal van die Kaapse Maleiers. Lg. data is opgeteken na mededelings deur ene Hassiem (Scholtz-versameling, Stellenbosse Universiteitsbiblioteek).

Hierdie studie van Scholtz toon dat hy wel deeglik rekening gehou het met die bydrae van die "Unterschicht"-sprekers tot Afrikaans.

#### 4.1.2.6 Metodologies/ oorsigtelik

Die volgende artikel kan as 'n diachronies-metodologiese artikel beskou word:

##### 4.1.2.6.1 1948: "Die Afrikaanse taalkunde: 'n wetenskap in wording"

Hierdie artikel is 'n referaat wat Scholtz in Februarie/Maart opgestel het en op 1 en 2 April 1948 by die twintigste Nederlandse filoloëkongres te Leiden gelewer het. Kloeke het self die lesing bygewoon en het die gevoel gekry dat Scholtz die lesing ter wille van hom gelewer het, so het hy dit geniet ('n brief van G.G. Kloeke, 26 April 1950). Die artikel is later opgeneem in die kongreshandleiding en ook in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965).

Scholtz bied 'n oorsig oor die Afrikaanse taalwetenskap tot op hierdie stadium, 1948; 'n tydvak wat die fokus op die sinchroniese taalkunde voorafgegaan het. Hy sien dit as 'n wetenskap wat nog in sy kinderskoene staan (" 'n Wetenskap in wording"). Dit is soms nog baie onwetenskaplik (baie van die ontstaansteorieë is "oppervlaklig gefundeer" - p. 285), terwyl dit ander kere die stempel van wetenskaplike navorsing dra ("van die teorieë was op diepergaande historiese en taalkundige studie gegrond" - p. 235).

Daar is duidelik nog geen invloed van die strukturalistiese taalbeskrywing nie; buitelinguistiese faktore vier hoogty. Scholtz betrek self in hierdie opstel buitelinguistiese faktore (die sosiologiese, geografiese, maatskaplike, kulturele en politieke milieu van die vroeëre Kaap (pp. 244-246) en biografiese gegewens i.s. skrywers van vroeë Afrikaanse stukke om die ontwikkeling van Afrikaans te skets. Hy beklemtoon egter dat hierdie faktore net die agtergrond skets en dat daar primêr op taaldata gesteun moet word (Scholtz 1965a:245).

Scholtz verwys na die sonderlinge probleme waarmee die Afrikaanse historiese taalkundige te kampe het (bv.

die skaarste aan skriftelike bronne en die feit dat die skryftaal nie altyd die omgangstaal reflekteer nie). Hy sonder die vraagstuk oor die ontstaan van Afrikaans uit as die mees "betowerende" probleem (Scholtz 1965a:235).

Hy bespreek taamlik breedvoerig die bronne-ondersoek wat gedoen is om meer omtrent die ontwikkeling van Afrikaans agter te kom: die ontleding van spesifieke dokumente, bv. die reisverhaal van Wikar en die dagboek van Trigardt, die stelselmatige deurwerk van koe-rante en tydskrifte op soek na briewe, samesprake (bv. Teenstra s'n) en verse (bv. die Swellendamse lied van 1775), opmerkings in reisbeskrywings (bv. dié van Mentzel en Lichtenstein) en materiaal wat Franken in die Kaapse argief versamel het, nl. veldwagtersbriewe en -rapporte uit die ou distrikte Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet.

Scholtz noem etlike voorbeelde en gevolgtrekkings uit elk en spreek dan 'n waarde-oordeel uit. Hy laat hom bv. as volg uit oor die "Berigt" van Wikar: "Dit kom my voor of Hesseling meer in die 'Berigt' van Wikar gesien het as wat daar werklik in staan. Hy oordryf wanneer hy sê dat byna alle besonderhede van Afrikaans, ook wat die vormleer betref, in die stuk voorkom" (1965a:240).

In Scholtz se bespreking van verskeie voorbeelde is pertinent die volgende twee gedagtes verweef:

- 1) Die ontwikkeling van Afrikaans is 'n heelwat lang-samer, geleideliker proses as wat algemeen aanvaar word.
- 2) Die kontinuïteit met 17de-eeus is duidelik.

Scholtz vergelyk voorbeelde wat uit dieselfde tyd dateer met mekaar {bv. die "Berigt" van Wikar (1779) en die veldwagtersbriewe (1750-1778)} ten einde 'n oorsigteliker beeld van die ontwikkeling van Afrikaans te verkry.

Hy is egter baie versigtig om enige gevolgtrekkings te maak. Vgl. bv. p. 243: "...maar die getuienis waaroor ons tot nog toe beskik, gee ons nie die reg om aan te neem dat Afrikaans al in die middel van die 18de eeu sy beslag gekry het nie", "...op onvoldoende gronde... die stellige bewering maak" en "...nie te haastig tot gevolgtrekkings moet kom nie." Allereers is "noukeurige" studie nodig.

Ten slotte lewer Scholtz 'n betoog vir die studie van dialekte ('n versoek wat dan spesifiek tot die gehoor gerig is). Hy wys aan die hand van die dubbele negatief-voorbeeld hoe noodsaaklik opsetlike ondersoek na bepaalde verskynsels is. Hy wys op die afhanklikheid van die Afrikaanse taalkundige van die Nederlandse dialektoloog en Nederlandse dialekgeografiese studies. Hy meen dat daar ook vordering t.o.v. Afrikaanse dialekgeografiese studies gemaak word en dat dit tot diens van die Nederlandse taalkunde kan wees. Hy wys op die wins te verkry uit 'n noue samewerking tussen Afrikaanse en Nederlandse vakgenote.

In Scholtz se naskrif (wat 23 jaar later geskryf is) uiter hy 'n paar gedagtes oor die wording van die strukturele taalwetenskap in Amerika, Europa en Suid-Afrika.

#### 4.1.2.7 Algemeen

Die volgende pennevrug is soms inleidend van aard en deel soms verskeie taalkundige (en letterkundige) komponente sodat hulle nie by een van die voorafgaande kategorieë bespreek kon word nie:

##### 4.1.2.7.1 1952: "Die ontwikkeling van die Afrikaanse taal en letterkunde"

Hierdie oorsigtelike beskouing van die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse taal en lettere het in

1952 in Boekspieël van Suid-Afrika verskyn. Scholtz se outeurskap is baie onbekend (tydens gesprekke met oud-kollegas het sy outeurskap onder die skryfster se aandag gekom). Vir die doel van die studie gaan die skryfster slegs die taalkomponent hier bespreek en die letterkunde-komponent in Scholtz se literêrhistoriese bydrae dek.

Hierdie artikel is in Afrikaans en Engels. Dit is 'n inleidende artikel tot die katalogus van 'n boeke-uitstalling wat tydens die Van Riebeeck-fees in 1952 in Kaapstad gehou is en wat die ontwikkeling van Afrikaans met woord en beeld wou uitbeeld. As sodanig is dit oorsigtelik en enigsins populariserend van aard. Dit bevat nie nuwe taalwetenskaplike of letterkundige materiaal nie.

Scholtz fokus eers op die ontstaan van Afrikaans en die gebruik van Afrikaans in geskifte voor 1872 en dan op die twee fases van die taalbeweging tot by die erkenning van Afrikaans in die Parlement. Ter inleiding wys hy op die onsekerheid oor die ontstaansdatum van Afrikaans en verwys hy na die skertsende en grappige inhoud van vroeë Afrikaanse geskifte. Hy lig aspekte uit wat nie deur die visuele materiaal geïllustreer word nie, bv. die verset teen Afrikaans.

Scholtz sonder die geskifte van veertien outeurs uit. Hy gee volledige verwysings: name, tydperke waarin hul geleef het, agtergrond, name van geskifte en voorbeeldmateriaal daaruit. In die gedeelte oor die Afrikaanse taalbeweging sonder hy 97 belangrike persone/gebeurtenisse en publikasies uit wat s.i. die hoofmomente verteenwoordig.

Die visuele materiaal bevat die eerste boek in Afrikaans, tien van die eerste 100 Afrikaanse stukke wat tussen 1825 en 1872 verskyn het, 34 persone/gebeurtenisse uit die eerste fase van die taalbeweging en 58 persone/gebeurtenisse uit die tweede fase van die taalbeweging.

Scholtz het hom m.i. knap van sy taak gekwyd: die inligting is bondig, op die man af, toeganklik en interessant vir leek en vakman, duidelik uiteengesit en komplementeer die visuele materiaal. Scholtz se werkwyse herinner baie aan dié wat by 'n kunstentoonstelling gevolg word.

#### 4.1.2.7.2 1981: "Inleidende hoofstuk tot 'n beplande geskiedenis van Afrikaans"

Scholtz het voor 1970 reeds beplan om 'n uitgebreide geskiedenis van Afrikaans te skryf en skryf die inleiding wat hy "Agtergrondsgeskiedenis" noem. Onder aansporing van J.C. Kannemeyer en F.A. Ponelis besluit hy om tog die stuk die lig te laat sien. Dit verskyn in Oktober 1981 in Standpunte 34(35).

Hierdie artikel bevat 'n waardevolle aanduiding van die metodologie wat Scholtz noodsaaklik ag by die historiese taalbeskrywing van Afrikaans:

- 1) Die vertrekpunt ("'n noodsaaklike voorvereiste" - 1981:28) is die so volledig moontlike kennis van die taal in die hede. Alle moontlike pole (beskaafd, plat; skriftelik, omgangstaal; geografiese verspreiding, ens.) moet ondersoek word.
- 2) 'n Spesifieke ondersoek na 17de-eeus (Scholtz bespreek bv. die oorplanting van Nederlands aan die Kaap en Nederlandse taaltoestande in die wordingstryd van Afrikaans).
- 3) Die studie van taalgegewens is primêr.
- 4) Die beoordeling van die taalgeskiedenis teen die lig van maatskaplike geskiedenis is sekondêr.

Scholtz skets kortliks die geskiedenis wat gelei het tot die stigting van 'n verwersingspos aan die Kaap. Hy wys op die Suid-Hollands-Seeuse inslag van die Kompanjie wat 'n belangrike rol gespeel het.

Scholtz bespreek voorts die geskiedenis van ABN en die betrekking waarin dit tot die Nederlandse dialekte en spesifiek die Hollandse volkstaal gestaan het as agtergrond vir die ontwikkeling van Afrikaans. Hy bespreek die geskiedenis van die ABN vanaf die 16de eeu, faktore wat 'n invloed daarop gehad het o.a. die boekdrukkuns en Hervorming. Tot grondslag van ABN was die opgevoede klasse van Hollandse stede soos Amsterdam en Den Haag in die sewentiende eeu. Hy wys ook op die differensiasie in taalgebruik tussen die beskaafde en minder ontwikkelde kringe, tussen stedeling en platteland en streek en streek.

Scholtz beplan om in 'n volgende afdeling (wat nooit die lig gesien het nie) aan te toon dat slegs die Bybel en ander godsdienstige lektuur 'n direkte invloed op taalontwikkeling in die 17de en 18de eeu kon hê. In die 19de eeu het die prentjie aansienlik verander met die belangrike rol wat die Nederlandse skryftaal om verskeie redes uitoefen.

#### 4.1.2.7.3 1985 "Vroeë taalkundige studies"

Alhoewel reeds in 1930 tydens sy studiejare in Amsterdam geskryf, word dit eers 55 jaar later deur E.H. Raidt persklaar gemaak en uitgegee in Junie 1985 in Tydskrif vir geesteswetenskappe, jaargang 25, nommer 2. Scholtz wou dit self in 1981 persklaar maak, maar hy het nie meer al die bronne in sy studeerkamer gehad nie ('n potloodaantekening van Scholtz in die Scholtz-versameling in die Stellenbosse Universiteitsbibliotheek).

"Vroeë taalkundige studies" is die vaandel van 'n drietal studies wat bekend staan as "Inleiding", "Kwantiteit" en "Wesgermaans ǀ in geslote lettergreep."

#### 4.1.2.7.3.1 "Inleiding"

Uit die "Inleiding" blyk dit dat Scholtz destyds 'n werk van groter omvang beoog het. Dit is heelwaarskynlik 'n "Inleiding" tot "Woorde en uitdrukkinge" (wat vroeër bespreek is), aangesien Scholtz in 'n slotsin sê dat hy sy aandag gaan wy aan 'n verdere ondersoek van die onderlinge samehang tussen Afrikaans en Nederlandse dialekte (p. 91)

Hierdie artikel bevat die vroegste en mees eksplisiete bespreking van enkele ontstaansteorieë uit die pen van Scholtz. Dit is baie waardevol aangesien hy in sy latere publikasies hom krities opstel teenoor die ontstaansteorieë sonder enige diepgaande bespreking. Hy het gevoel dat dit 'n hoofstuk in die historiese taalbeskrywing is wat liever as afgehandel beskou moet word.

Met hierdie artikel maak Scholtz as't ware 'n inventaris van alles wat vanaf 1844 oor Afrikaans gesê is. Hy bespreek die Hottentots-teorie, die Frans-teorie, die "Amsterdams"-teorie, die Noord-Hollands-teorie en die teorie dat verskeie Nederlandse dialekte betrokke was. Hy probeer elke keer die vroegste aanhanger van 'n teorie aantoon.

Scholtz beoordeel nie die teorieë aan die hand van eie voorbeeldmateriaal (soos hy wel in latere publikasies doen) nie. Dis egter duidelik dat hy die bestudering van taaldata voorop stel (soos by sy latere werk) en hy waag soms 'n beoordeling aan die hand van hierdie norm. Hy sê bv. op p. 83: "...ewemin as sy voorlopers het hy (Hahn) suiwer taalkundige argumente aangevoer om sy opvattinge te staaf." Hy wys op die "oppervlakkigheid" (1985:83) van Stoffel se studie en die "gebrek aan getuienis" (1985:84) van M.L. Wessels alhoewel hy lg. se "wye belesenheid"

(1985:85), ywerige bestudering van bronne (1985:85) en "dilettante-werk" (1985:85) bewonder. By A.N.E. Changuion prys hy sy vergelykende dialektstudie (1985:85), maar kritiseer sy beperkte kennis van dialekte en sy geneigdheid tot vinnige afleidings (1985:85). Hy loof N. Mansvelt vir sy "bewonderenswaardige" werk (1985:86), maar meen dat die gegewens wat hy versamel het, nie volledig genoeg vir "vertroubare gevolgtrekkings" (1985:86) was nie. Prof. J. te Winkel se bevindinge bied s.i. 'n "vertroubaarder beeld" (1985:87), maar nie "diepgaande genoeg" (1985:88) nie. Alhoewel Scholtz groot verwagtinge van C.J. van Rijn gekoester het, wys hy op die "groot onwetenskaplikheid", "gebrek aan insig in alle taalverskynsels" en "groot oordrywing" (1985:90).

Ten slotte wys Scholtz op verdere dialektstudies wat onderneem moet word. Daar is ook 'n dertigtal voetnote wat as bronverwysings dien en waarin 'n legio voorbeeldmateriaal vervat is.

#### 4.1.2.7.3.2 "Kwantiteit"

Hierdie artikel is hoofsaaklik fonologies van aard en bevat materiaal wat in latere fonologiese studies verwerk is (reeds bespreek).

Scholtz verken vokaalwisseling in Afrikaans en Nederlands. Hy ondersoek die "kwantiteit" van vokale in 'n paar woorde wat in Middelnederlands kort of gerekte vokale naas mekaar voorkom. Hy bespreek 'n twintigtal woordpare.

Hy belig die woorde in Middelnederlands, 17de-eeus, hedendaagse Nederlandse dialekte en Afrikaans. Hy verkry sy voorbeeldmateriaal onderskeidelik uit die Middelnederlandse woordeboek, die Nederlandse woordeboek en klugte, dialekwoordeboeke en eie kennis van Afrikaans en Nederlandse dialekte. Dat hy deeg-

lik vertrouwd is met die Afrikaanse gewestelike taal, spreek uit sy talryke verwysings na die taal van die Boland (1985:95), Calvinia (1985:95), noordweste van die Kaapprovinsie (1985:96) en verafgeleë streke van Boesmanland (1985:97). Hy verwys ook na die sosiaal-geskakeerde taal van mindere klasse, "Kleurlinge" en veragterde Blankes (1985:97).

Hy haal voorbeeldmateriaal uit die volgende dialekte by: Seeus, Suid-Hollands, Noordwes-Veluwes, Gelders-Overyssels, Gronings, Dordrechts, Amsterdams, Ablas-sies, Haags, Haarlems, Leidens, Gelders, Antwerpens-Kempens, Bommelerwaards, Fries, Wes-Fries, Brabants-Frankies, Saksies, Kampers, Delfts, Saans, Stadfries en Oud-Beierlands.

#### 4.1.2.7.3.3 "Wesgermaans ã in geslote lettergreep"

Hierdie artikel is ook in 1930 geskrywe, maar die kantaantekeninge wat in voetnote verwerk is, is in 1981 geskryf.

Hierdie artikel is ook fonologies van aard. Scholtz kyk weer eens na vokaalwisseling. Hy probeer die geskiedenis van etlike woordpare in Afrikaans en Nederlands rekonstrueer waarin die Wes-Germaanse ã in geslote sillabe klankveranderings ondergaan het wat gelei het tot fonologiese patrone kenmerkend van sekere Nederlandse dialekte en Afrikaans (bv. die õ wat in Afrikaans nes in Beierlands en Wes-Voorns gepalataliseer is).

Alhoewel hierdie drie artikels reeds in 1930 geskrywe is en gebreke ten opsigte van argaïese vorme, neerlandismes, afronding en rubrisering toon, is dit onteenseglik Scholtz met sy logiese beredenering, oorvloed bewysmateriaal, wye belesenheid t.o.v. Nederlandse dialekte en sy vinger op die pols van Afrikaans soos dit op verskeie sosiale en lokale vlakke gebesig word.

#### 4.1.2.8 Populêr-taalhistories

Hierdie afdeling behels 'n radiopraatjie, voordrag en artikels wat in Kaapse koerante en tydskrifte verskyn het:

##### 4.1.2.8.1 1951: Radiopraatjie (Scholtz-versameling, Universiteitsbiblioteek, Stellenbosch).

Scholtz het om 4h30 op 25/11/1951 'n radiopraatjie gelewer in die reeks "Uit ons Westerse stamlande".

Scholtz gee 'n inleiding oor die vestiging van 'n halfwegstasie en die eerste 120 jaar aan die Kaap. Hy beskryf die "byna suiwere Hollandse erfenis" van ons taal en die ingrypende veranderinge wat die Hollandse taal ondergaan het. Hy wys ook op die invloed van ander tale soos Maleis-Portugees, Frans en Duits.

Scholtz se hele betoog is duidelik geformuleer en skep 'n afgeronde indruk.

##### 4.1.2.8.1 1960: "When did Afrikaans originate?" (Scholtz-versameling, Universiteitsbiblioteek, Stellenbosch).

Scholtz het bg. lesing voor 'n studiegroep van senior dosente aan die Universiteit van Kaapstad (waarvan Scholtz op uitnodiging lid was) gelewer. Hy het die probleme uitgewys waarvoor die Afrikaanse historiese taalkundiges te staan kom om die "ontstaansdatum" van Afrikaans te bepaal. Hy stel dit self vas op omstreeks 1750 aangesien daar nie genoegsame bewysvoering vir 'n vroeëre datum is nie.

Scholtz het min of meer dieselfde lesing voorgedra by die Suid-Afrikaanse Biblioteek, maar onder die titel "The origin of Afrikaans".

##### 4.1.2.8.3 1960: "D.B. Bosman laat groot monumente na"

Hierdie artikel het op 5 Augustus 1960 in Huisgenoot verskyn en is geskoei op 'n soortgelyke radiopraatjie

waarin Scholtz 'n huldeblyk lewer aan die ontslape D.B. Bosman.

Scholtz beskou Bosman as "een van die vernaamste grondleggers van die Afrikaanse taalwetenskap" (1960c: 63). Hy beskou sy vreemdelinge-Nederlands-teorie as "die mees algemeen aanvaarde verklaring" (1960c:63) van die ontstaan van Afrikaans.

Hy het groot respek vir Bosman as wetenskaplike: hy loof sy ewewigtigheid en skerpsinnigheid, sy eerlike en hoflike menings en die weglaat van enige persoonlike, onvriendelike en wrewelige aanvalle en onbillike argumente.

Hy spreek ook lof uit vir Bosman se besondere bydrae tot Afrikaans in die algemeen: as lid van die Taalkommissie, as medeskepper van ons spellingstelsel, as medewerker aan ons bekendste tweetalige woordeboek, sy betrokkenheid by die Van Riebeeck-vereniging, as departementshoof van Afrikaans/Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad en as ambassadeur in Nederland.

D.B. Bosman was m.i. in baie opsigte Scholtz se voorganger. Scholtz het nie net sy werk as historiese taalkundige en departementshoof voortgesit nie, maar was ook betrokke by so te sê al Bosman se ander taal- en kultuuraktiwiteite.

#### 4.1.2.8.4 1965: "Ernstige vakman het selde sekerheid van 'n leek"

Hierdie artikel het op 30 Julie 1965 in Die Burger verskyn. Hiermee tree Scholtz toe tot 'n polemieks met Jan Rabie oor die wording van Afrikaans.

Die polemieks is ontlok deur 'n aanname van Jan Rabie op 'n NUSAS-kongres dat Afrikaans hoofsaaklik die skepping van nie-Blanke groepe was. Prof. W. Kempen

het gereageer met 'n artikel "Hou die Hotnotstories dan nooit op nie" in Die Burger van 24/7/1965, waarin hy beswaar aanteken teen die bewering dat die tale van nie-Blanke volkere oor Nederlands geseëvier het. Jan Rabie kap terug met "Gaan oor sprekers, nie oor taal nie" in Die Burger van 27/7/1965, 'n artikel wat Scholtz noop tot 'n wederwoord.

Ter inleiding blyk dit dat Scholtz vroeër kennis geneem het van Rabie se "uitlatings" en "verbysterende openbaring" oor die ontstaan van Afrikaans (hy wys bv. ook op Rabie se onwetenskaplike resensie van die wetenskaplike werk Hottentots deur G.S. Nienaber en bevraagteken reeds sy geloofwaardigheid). Scholtz het hom dit egter nie die "moeite werd" gevind om daarop te reageer nie, want hy sou sout op te veel slakke in Rabie se argumentasie moes gooi.

Sy nuuskierigheid as taalkundige is egter geprikkel deur die vermoede wat Rabie laat ontstaan dat hy nuwe argiefmateriaal opgediep het. Scholtz stel intens belang in enige nuwe taalgegewe wat kan help om die geskiedenis van Afrikaans vollediger te beskrywe. Hy sou graag bewysstukke en nuwe bronnemateriaal (veral van die tydperk rondom 1700 waaroor daar so min bekend is) onder oë wou kry.

Scholtz maan ten slotte dat die wording van Afrikaans nog 'n "onopgeloste probleem" vir die "ernstige vakman" en "gewetensvolle taalkundige" is en dat 'n waardebeplanning van enige nuwe materiaal eerder aan die vakman oorgelaat moet word.

Die artikel bring ons onder die positiewe indruk van Scholtz as ernstige en gewetensvolle vakman wat die spoor van enige moontlike nuwe taalmateriaal vat. Dit laat egter ook die negatiewe smaak na van 'n geleerde in sy ivoortoring wat neersien op die lekekennis van

ander taalbelangstellendes. Scholtz se toon is deurgaans sarkasties (as hy bv. praat van die "sekerheid van die leek").

#### 4.1.2.8.5 1965: "So oud soos Kaapse wapad en al oor en oor verwerk"

Rabie het reageer op Scholtz se artikel met "Mnr. J. Rabie bring 'bewyse' vir sy taalteorieë" (Die Burger, 10 Augustus 1965) waarop Scholtz antwoord met bg. artikel wat ook op 10 Augustus 1965 in Die Burger verskyn.

Dis duidelik dat Rabie se leke-uitsprake Scholtz "kriewelrig" en "ongeduldig" maak. Hy het slegs belang gestel in nuwe taaldata en wou nie met Rabie in 'n intensiewe redenasie betrokke raak nie, maar besluit tog wel.

Scholtz vat Rabie punt vir punt aan, noem Rabie se bewering en gee dan die korrektief. Eerstens wys hy op die onwetenskaplikheid van "algemene indrukke". Tweedens wys hy op die foutiewe datering van die "Berigt" van Wikar en dat Wikar en Kolbe bitter min steun aan die Rabie-aannames verleen. Dit word buitendien al jare lank deur vakmense deurdink en deurwerk. Derdens blyk dit dat Rabie nie Van Rheebe behoortlik gelees het nie en verwys Scholtz hom na sy artikel hieroor in Taalhistoriese opstelle. Vierdens meld Scholtz die onsekerheid oor die herkoms van ons en hulle as onderwerpsvorme soos blyk uit baie taalhistoriese studies. Vyfdens wys Scholtz daarop dat Franken nie in sy werk geïgnoreer word nie, maar inteendeel sterk figureer. Sedens wys hy daarop dat Rabie Nienaber se boek nie binne perspektief van die eerste skriftelike bronne tussen 1830 en 1860 en die massa nuwe argivale materiaal wat aan die lig gekom het, lees nie.

Scholtz meen dat hy sy tyd as wetenskaplike verspil deur Rabie se argumente te weerlê. Hy stel egter sy integriteit as objektiewe wetenskaplike deur pertinent te sê dat hy heeltemal akkoord sal gaan met die idee dat vreemdelinge (ook Hottentotte en slawe) 'n belangrike aandeel in die ontstaan van Afrikaans gehad het, as dit sou blyk uit "intensiewe navorsing." Lg. bly vir hom die enigste norm en hy wil hom nie besig hou met 'n "voor-wetenskaplike geteoretiseer" en "ideologiese vooroordele" nie.

M.i. laat Scholtz hier nie genoeg ruimte (sy dit dan 'n "ongevulde" ruimte) vir die inbring van die groot getalle nie-Blanke sprekers van vroeë Afrikaans wat daar van vroeg af moes gewees het nie.

#### 4.1.2.9 1963: Taalhistoriese opstelle

Dié bundel bevat elf diachrone studies. Dit konsentreer op die morfologie (ses opstelle), maar bevat ook drie fonologiese en twee sintaktiese bydraes. Die opstelle is dan ook tematies en nie chronologies gerangskik nie.

Verder is daar nog drie opstelle:

- 1) "Nederlandse invloed op die Afrikaanse woordeskat",
- 2) "Oor die herkoms van Afrikaans" en
- 3) "Kommisaris-generaal Van Rhee en die ontstaan van Afrikaans."

Bg. veertien artikels is oor 'n tydperk van dertien jaar (1950-1963) geskryf. Geen opstel van voor 1950 is opgeneem nie. Die opstelle: "Kommisaris-generaal Van Rhee en die ontstaan van Afrikaans" en "Die intervokaliëse velare frikatief in Afrikaans" verskyn die eerste keer in hierdie bundel. Die res het vroeër verskyn en is met die uitsondering van klein veranderinkies, herformulering en herrubrisering onveranderd gelaat.

Opvallend van hierdie bundel is die klem op sistematiseering van die materiaal. Scholtz het baie hofies en subhofies en ekstra paragrafering binne die opstelle aangebring ten einde 'n oorsigtelike lees daarvan te vergemaklik.

Baie van die studies berus op materiaal wat deur Van Oordt in die periode 1959-1962 in die Kaapse argief versamel is. Behalwe die argiefmateriaal betrek hy ook materiaal uit 17de-eeuse Hollands en kontroleerbare feite van latere Nederlands. Die feit dat hy met kontroleerbare feite en nie met bespiegelings nie, werk, boesem groot vertroue in by C.B. van Haeringen (1964:29). Hy beskou dit as 'n wegwysers vir toekomstige navorsing. Van Haeringen (1964:28) maak ook die leser attent op Scholtz se waarskuwing dat die materiaal in die Kaapse argief nie altyd 'n getroue weergawe van die gesproke taal van die betrokke periode is nie omdat Nederlands voorrang as skryftaal geniet het.

Sekere beginsels waarby Scholtz gehou het, loop soos 'n draad deur die bundel opstelle:

- 1) Laat die taalfeite self praat. Hulle word nie verwring, weggelaat of oorbeklemtoon om by 'n sekere vooropgestelde idee in te pas nie, maar word op 'n objektiewe, onbevooroordeelde en wetenskaplike wyse brokkie vir brokkie in ag geneem. Combrink (1963:133) beskryf dit as volg: "Die aangetroffe taalfeite self word toegelaat om hulle sê ten volle te sê."
- 2) Verklaring is nie moontlik voordat die historiese taalfeite bestudeer en beskrywe is nie (Loubser 1965: 54). Van Haeringen (1964:29) praat van Scholtz se "zorgvuldige onderzoekings" en die "tastbare ... meetbare resultate" in hierdie bundel.
- 3) Scholtz is versigtig om gevolgtrekkings te maak. Loubser (1965:54) konstateer: "... maak hy sy gevolgtrekkings met die nodige versigtigheid en voorbe-

houd." Scholtz waak teen die aflei van gevolgtrekkings en hipoteses en bly op "de vaste bodem van die feite" (Van Haeringen 1964:25).

- 4) Gegewens kan nie geïsoleerd geïnterpreteer word nie; hulle moet in samehang met ander taalkundige verskynsels bestudeer word (Loubser 1965:54).
- 5) Scholtz sinjaleer hiante in beskikbare kennis en spoor verdere navorsing aan. Waar die beskikbare taalfeite ontoereikend is om 'n bepaalde verskynsel te beskryf, dui Scholtz dit pertinent aan. Combrink praat van 'n "memorandum waarin duidelike toekomstake aangestip is" (1964:134).

Gedagtes wat deurlopend in die bundel opstelle voorkom, is o.a. die volgende:

- a) Die skaarsheid of afwesigheid van beskikbare materiaal, veral uit die ouer taalstadia.
- b) Scholtz se soektog in 17de-eeuse Hollands na raakpunte met die latere ontwikkeling van Afrikaans.
- c) Scholtz belig nie net verskille tussen Afrikaans en Nederlands soos ander historiese taalkundiges nie; hy beklemtoon ook die ooreenkomste.
- d) Die wording van Afrikaans het nie kort na die besetting aan die Kaap plaasgevind nie, maar veel later en as 'n langsame proses.

Daar is enkele punte van kritiek teen Taalhistoriese opstelle geopper:

- i) 'n Woord-en-saak-register sou die naslaanfunksie van die boek bevoordeel het.
- ii) 'n Verwerking van artikels wat dieselfde tema het, bv. "Die geskiedenis van die Afrikaanse aanspreekvorme" en "Aanspreekvorme in die Kaap in die 18de

- eeu" tot een kon duplisering uitgeskakel en oorsigtelikheid vergemaklik het.
- iii) Combrink (1963:134) reken dat Scholtz hom soms aan oorrubrisering skuldig maak.
  - iv) Combrink (1963:134) wys ook op die slordige gebruik van lang, lomp sinne.
  - v) Combrink (1963:135) opper 'n aantal besware teen Scholtz se termgebruik.
  - vi) Combrink (1963:135) wys op twee onjuisthede waarop hy afgekom het.
  - vii) Combrink (1963:135) reken dat daar dertien drukfoute en enkele verskrywings voorkom.

Taalhistoriese opstelle word egter hoog aangeslaan deur taalkundiges. Combrink (1963:133) meen dat dit "sy gewig werd (is) in uraan" vir die Afrikaanse en Nederlandse taalkunde. Dit het veel waarde as 'n illustrasie van die metodiek wat by die historiese taalkunde gevolg behoort te word.

#### 4.1.2.10 1972: Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu

Hierdie bundel het die subtitel "Verdere voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans". Dit reflekteer die beskeidenheid van Scholtz wat homself nie die reg wou veroorloof om 'n historiese grammatika van Afrikaans te skryf nie. Hy beskou dit nie as volwaardige en volledige studies nie, maar as vooraf studies.

Die bundel bestaan uit 'n vyftal opstelle: twee morfologies-diachroniese, twee fonologies-diachroniese en 'n leksikologiese bydrae. Buiten "Intervokaliëse labiodentale en bilabiale konsonante in Afrikaans" verskyn hierdie opstelle vir die eerste keer. Hulle is in die meeste gevalle aanvullings by vroeëre Scholtz-artikels.

Die studies berus op nuwe materiaal wat tussen 1959 en 1962 deur L.C. van Oordt in die Kaapse argief opge-

spoor is. Hierdie magdom onuitgegewe argiefmateriaal is deur Scholtz verwerk tot studies in dié bundel. Dit dek die vroegste tydperk in die geskiedenis van Afrikaans waaroor skriftelike gegewens bekend is, nl. tot 1785. Scholtz het hoofsaaklik van 'n kaartjiesstelsel gebruik gemaak: hy het elke woord op 'n kaartjie geplaas en die inligting daarvoor aangevul soos hy deur sy bronne gewerk het. Scholtz se metode van bronne-onderzoek - sy sistematiese deurwerk en ordening van sy materiaal, sy akkuraatheid en sy deeglike verwysingstelsel - kan as voorbeeld dien vir ander diachroniese studies.

Sekere Scholtz beginsels kom weer pertinent in hierdie bundel na vore:

- i) Vir Scholtz is taalmateriaal primêr en sosio-linguistiese faktore sekondêr by die beskrywing van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans.
- ii) Hy maak dan "streng wetenskaplike gevolgtrekkings waar daar geen plek vir spekulasie is nie" (Lubbe 1973:68). De Klerk (1972:s.p.) praat van sy "versigtige gevolgtrekkings en dan ook niks meer as wat die beskikbare materiaal redelikerwys toelaat nie." Scholtz beredeneer en verantwoord sy gevolgtrekkings met onomstootlike bewysmateriaal.
- iii) Scholtz probeer nie die finale antwoorde oor die ontstaan van Afrikaans gee nie. Inteendeel: hy vra dikwels net soveel vrae as wat hy beantwoord. Hy wys sodoende ook moontlike braak kolle en vermiste legkaartstukkies in die Afrikaanse geskiedskrywing uit. Hy wys bv. op die navorsing wat nog in Nederlandse argiewe gedoen kan word (Scholtz 1972a:33).
- iv) Scholtz beskou die versamelde data onbevooroordeeld en objektief, sonder om hulle by 'n vooropgesette denkbeeld te laat inpas.

'n Gedagte wat deurlopend in die bundel voorkom, is die legio probleme waarvoor die historiese taalkundige te staan kom: skriftelike bronne is baie skaars - ver-

al van die eerste 60, 70 jaar van die Kaapse taalgeskiedenis (Scholtz 1972a:33), skriftelike bronne is nie altyd 'n getroue weergawe van die spreektaal van die tyd nie en dis nie altyd moontlik om die agtergrond en geleerdheid van 'n skrywer te bepaal nie (wat 'n groot invloed op sy skryftaal het).

Daar is 'n paar kleiner puntjies van kritiek ingebring teen Afrikaans- Hollands in die agtiende eeu:

- a) Sosio-linguistiese faktore word nie juis in sy argumentasie gebruik nie (Pheiffer 1973:399);
- b) Sy argiefbewysplase kan probleme aan die leser verskaf (Pheiffer 1973:399 en Lubbe 1973:69);
- c) Lubbe wys op 'n setfout, 'n spelfout en die hinderlike gebruik van "sowel as" (1973:69) en
- d) Die skryfster het self op 'n paar drukfoute afgekom, nl. op p. 46 (i.v.m.) en p. 48 (sinkopee).

Die bundel het egter ook heelwat positiewe kommentaar ontlok. P.D. van der Walt (1972:s.p.) wys op die baie "boeiende en prettige inligting" wat dit ook 'n lekkerleesboek maak. W.J. De Klerk (1972:s.p.) prys die "saaklike styl en deeglike dokumentasie" en H.J. Lubbe (1973:68) Scholtz se "volgehoue navorsing en nougesette en oordeelkundige verwerking van sy materiaal." De Klerk, Lubbe en Pheiffer is dit eens dat die bundel onontbeerlik vir Afrikaanse en Nederlandse vakman en student is.

Hierdie Scholtz-publikasie is ook baie waardevol om die metodiek van die historiese en vergelykende taalkunde te agterhaal.

Scholtz het na die voltooiing van Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu nog 'n massa onbewerkte materiaal oor Afrikaans. Hy skryf aan J.C. Steyn dat hy alles aan R.H. Pheiffer oorhandig het "omdat ek die terrein van die Afrikaanse taalwetenskap verlaat het" ('n brief van 5/5/1970).

#### 4.1.3 Kennis van Nederlandse dialekte en ABN

Deurlopend in 4.1.2 blyk Scholtz se diepgaande kennis van sowel "beskaafde" Nederlands as dialektiese Nederlands en in 'n mindere mate ook ander Europese tale (Engels, Duits en Frans). Hierdie in diepte-kennis het die infrastruktuur verskaf vir Scholtz se diachrone arbeid.

#### 4.1.4 Doseerwerk

Scholtz het 31 jaar lank aan die doseer van historiese taalkunde aan die Universiteit van Kaapstad gewy (reeds oppervlakkig bespreek in hoofstuk 2, maar deeglik onder die loep geneem in hoofstuk 6).

#### 4.1.5 Opleiding van historiese taalkundiges

Hier word in die besonder gedink aan E.H. Raidt. Sy sou aanvanklik haar studies voortsit in 'n letterkundige rigting, maar is deur Scholtz "bekeer" tot die diachrone taalkunde (onderhoud met E.H. Raidt). Sy is tereg deur prof. en mev. Scholtz as sy "akademiese dogter" beskou. Raidt het op haar beurt weer verskeie ander historiese taalkundiges in die Scholtz-trant geskool. So bv. word R.H. Pfeiffer as Scholtz se taalkundige kleinkind beskou ('n brief van F.A. Ponelis 29/4/1988) omdat hy sy skoling van Raidt ontvang het.

#### Slot:

Daar is gewys op die permanente stempel wat Scholtz op die historiese taalkunde afgedruk het deur sy volgende bydraes:

- 4.1.1 Die versameling van tekste in die Kaapse en Nederlandse argiewe;
- 4.1.2 Die deurtastende en akkurate analisering van hierdie tekste en die verwerking daarvan in sy talle gedetailleerde voorstudies;

- 4.1.3 Sy kennis van dialektiese Nederlands;
- 4.1.4 Sy doseerwerk en
- 4.1.5 Sy opleiding van historiese taalkundiges.

Die metodologie waarvolgens Scholtz sy diachrone studies aangepak het, het duidelik na vore gekom. Dit was vir hom van kardinale belang om alles werklik op data te baseer. Hy wou nie enige konklusies trek wat nie data-gefundeer was nie. Telkens as daar nie gegewens beskikbaar was nie, het hy hiate in die geskiedskrywing gesinjaleer. Dit maak van sy publikasies 'n soort "oop" werk: dit kan maklik aangevul word, terwyl die werk wat hy gedoen het, 100% eksak en betroubaar is (onderhoud met E.H. Raidt). Raidt beskou Scholtz se metodologie as die grondslag vir verdere diachrone studies (onderhoud met E.H. Raidt).

Die ontwikkeling van Scholtz as historiese taalkundige het ook by die deurwerk van bg. studies na vore gekom. Hy het in die twintigerjare 'n diepgaande skoling in die trant van die Junggrammatiker ondergaan en is veral geïmponeer deur Hermann Paul. Hy het die twee grondidees van die Junggrammatiker, nl.: "the idea of consistent language laws" (The neo-grammarians:59) en hul "comparative-historical orientation" (The neo-grammarians:59) sy eie gemaak.

Die Junggrammatiker dring aan op die absolute konstantheid van reëls rakende fonologiese verskynsels met analogie as die enigste uitsondering. Scholtz probeer so ver moontlik (veral in die fonologiese studies) reëls formuleer en dit as 'n historiese norm te gebruik waarmee hy vergelykings met jonger ontlenings tref. Vgl. bv. sy formulering van die reël dat 'n oorspronklike /v/ tussen 'n beklemde vokaal of diftong (of 'n beklemde vokaal plus liquida) en 'n daaropvolgende neutrale vokaal aan die Kaap in 'n /w/ oorgegaan het (Scholtz 1972:45). Vgl. ook sy voorbeeld van analogiewerking - die moontlikheid van die dubbele ontkenning na analogie van konstruksies soos "al lank al" (Scholtz 1980a:90).

Deurlopend deur sy diachrone studies maak Scholtz van die vergelykende historiese metode gebruik.

Scholtz het in 'n oorgangsfase van die historiese taalwetenskap begin werk - 'n fase waar ontstaansteorieë geleidelik vervang is deur gedetailleerde studies gebaseer op "scientific observation" (Eksteen 1968:66). Scholtz het hom egter van meet af aan nie aan die ontstaansteorieë gesteur nie, maar was een van die pilare van die sg. Derde of Beskrywende fase (wat in die laat dertiger-en veertigerjare begin het). Hy vorm dus deel van wat Eksteen beskryf as: "A host of scholars going critically over the work of the previous stages, gaining historical perspective and contributing a number of valuable monographs, essays and other studies" (Eksteen 1968:66).

Scholtz het deeglik en wetenskaplik-verantwoordbaar sy ondersoekings- en beskrywingswerk in die trant van die Junggrammatiker gedoen: "patiently and with minute attention to detail they examined every linguistic fact through all its evolutionary phases, carefully noting the laws operating at every stage..." (The neo-grammarians:59). Eksteen loof die "painstaking work" en "scientific detachment" (1968:69). Scholtz het gewerk volgens die beginsel dat jou studie oor 80, 100 jaar nog bruikbaar sal wees. Dit moes so deeglik moontlik gedoen word met die materiaal tot jou beskikking sodat latere navorsers daarop kan voortbou (onderhoud met E.H.Raidt).

Scholtz het egter nie stagneer in sy metodologiese benadering nie. Hy het probeer tred hou met moderne ontwikkelings. Hy het hom in die veertiger- en vyftigerjare ingegrawe in die studie van die Europese en Amerikaanse strukturaliste en was volkome op hoogte van die strukturele taalwetenskap van daardie tyd (vgl. bv. die Naskrif - Scholtz 1967a:255). Hy het ingeteken op elke moontlike tydskrif om sy kennis i.s. die nuwe rigting te verbreed (onderhoud met mev. Scholtz).

Dit was duidelik dat Scholtz toe besluit het op 'n nuwe tydvak in die Afrikaanse historiese taalbeskrywing. Hy het vanaf 1948 begin om strukturele begrippe in sy lesings te "verkondig" {onderhoud met mnr. H.A. Lambrechts en mev. H. (Jordaan) Lambrechts}. Dit is ook duidelik na aanleiding van sy lesing "Afrikaans: 'n wetenskap in wording" wat hy in 1948 te Leiden gelewer het. 'n Nuwer, wetenskapliker beoefening van die Afrikaanse taalwetenskap staan voor die deur, nadat "voorafgaande historiese benadering die hele taalwetenskap oorheers het" (Scholtz 1967a:255).

Bg. lesing kan as 'n waterskeiding beskou word; vanaf 1950 pas Scholtz strukturele prinsipes toe op sy diachrone studies. Sy studies is meer eksak en korpus- en sisteemgerig (vgl. bv. die agtal morfologiese studies wat tussen 1953 en 1957 die lig sien en detailstudies oor die aanspreekvorme, persoonlike en besitlike voornaamwoorde, die werkwoordelike vormstelsel en ondergang van die nominale tweeklassesisteem teenoor die artikels wat in 1930 geskryf is, bv. die een oor "Afrikaanse woorde en uitdrukkinge - eiegoed of erfgoed?")

Scholtz skakel ook alle buite-linguistiese faktore soos die sosiologiese, kulturele, politieke, maatskaplike, biografiese, ens. uit om net te konsentreer op die linguistiese komponent. Dit staan in direkte kontras tot bv. Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 wat so op buitelinguistiese faktore steun dat die skryfster dit onder Sosio-historiese bydraes (hoofstuk 4.7) sal bespreek.

Scholtz pas dus vanaf 1950 die teorie en praktyk van die nuwe deskriptiewe linguistiek toe in sy werk. Hy wil glad nie die historiese taalstudie verwaarloos nie, maar dit eerder stroomlyn met nuwe insigte verkry van die strukturele taalwetenskap. Scholtz sien ook nie 'n skerp skeiding tussen die sinchronie en die diachronie nie (Scholtz 1967a: 256). M.i. is 'n kenmerk van Scholtz se werk (soos blyk uit die bespreekte studies) sy effektiewe gebruik van sinchroniese en diachroniese data om mekaar aan te vul.

Scholtz se metodologiese benadering (wat vanaf die dertigerjare gestroomlyn is) kan ook in sy ander werk waargeneem word (volgende hoofstukke).

Ten slotte moet daar net gewys word op die moontlike kritiek wat teen Scholtz se diachroniese arbeid ingebring kan word, nl. 'n oorbeklemtoning van die kontinuïteit van Afrikaans uit Hollands/Nederlands.

Die leser moes deeglik onder die indruk kom van Scholtz se pertinente uitwys van die kontinuïteit. M. Valkhoff beskuldig Scholtz en sy tydgenote van Hollandomania: "...they suffer from 'Hollandomania', (...), they are blind to the foreign influences of both the lingua franca and English. In 1964 they still remain Neo-grammarians (Junggrammatiker), and they are lagging as much behind as De Boer's colleagues did a century ago. It is ironical that in 1899 and in his later studies Hesseling proved himself much more modern and much more dynamic than they" (Eksteen 1968:69).

Dit is m.i. nie 'n beskuldiging wat veel grond by Scholtz dra nie. In die slothoofstuk (hoofstuk 9) sal daar 'n gedetailleerde en geskakeerde bespreking oor hierdie aspek volg nadat Scholtz se hele oeuvre in oënskou geneem is.

Met net Scholtz se diachroniese arbeid ter tafel op hierdie stadium, is die skryfster van die volgende mening oortuig: Scholtz het net gepoog om die geskiedenis van Afrikaans so volledig moontlik te beskryf met die bronne tot sy beskikking. Uit onkunde omtrent Nederlands is vroeër en word veral weer deesdae (meer hieroor in hoofstuk 9) allerlei woorde, uitdrukkings en strukture in Afrikaans aangesien as nie-Nederlands en op rekening van ander tale geplaas. Scholtz het met sy uitgebreide kennis van Nederlands en sy dialekte baie van die "nie-Nederlandshede" as van Nederlandse oorsprong bewys. Scholtz het aan W. Kempen geskryf: "Dit lyk my hoe vollediger ons die geskiedenis van Afrikaans bestudeer, hoe minder bly daar van die vermeende Kreolismes oor" (Kempen 1965:s.p.). Alle voorstanders van

bepaalde "vreemde taal"-invloede moet dus eers Scholtz lees voordat hulle bepaalde opvattinge onderstreep (vgl. bv. Jan Rabie se "onverantwoordelike" uitlatings 4.1.2.8.4 en 4.1.2.8.5).

Dit was wel vir Scholtz van primêre belang om op die dialektiese grondslag van Afrikaans en sy aansluiting met Hollands/Nederlands te wys, maar m.i. nie verkeerd, subjektief of ongebalanseerd om die volgende redes nie:

- 1) Sy dialektiese kennis was sy forté, 'n forté wat 'n groot aanwys vir die historiese taalbeskrywing was (Scholtz se beheptheid met die dialektiese bande van Afrikaans kan ook voor die deur van die Junggrammatiker gelê word).
- 2) "Sonder kennis van die Nederlandse historiese taalwetenskap van vroeër kan niemand oor die geskiedenis van Afrikaans ongestraf saampraat nie" (Scholtz 1965a:256).
- 3) Dis deel van Scholtz se positivistiese benadering dat hy net met bekombare tekste wat betroubaar is, gewerk het. Hy was bv. glad nie bewus van die vroeë Arabies-Afrikaanse geskrifte nie.
- 4) "Dit kan ook 'n soort reaksie wees op die spekulatiewe teorieë van destyds wat nie op streng hipotese-vorm geformuleer was nie, maar wat nog in populêre vorm bly vassteek het" (onderhoud met E.H.Raidt).

Raidt meen dat Scholtz nie te veel klem gelê het op die kontinuïteit van Afrikaans uit Hollands/Nederlands en dus aan Hollandomania ly nie (onderhoud met E.H.Raidt). M.i. is dit ook effektief bewys dat hy nie verouderd, stagnant en staties was soos Valkhoff van hom en sy tydgenote beweer nie.

Alhoewel sy werk gekonsentreer het op Nederlands-dialektiese aspekte is dit nie verouderd nie, maar van blywende waarde (onderhoud met E.H.Raidt). Scholtz het self moontlike

leemtes aangedui wat deur verdere navorsers gevul en aangevul kan word, m.i. 'n pluspunt van Scholtz se diachroniese arbeid.

"Die monumentale werk wat deur prof. J. du P. Scholtz gelewer is, word, glo ek nog nie na waarde geskat nie. Wat hy vir die navorsing en beskrywing van die ontwikkelende Afrikaans gedoen het, is nie net van die hoogste wetenskaplike betroubaarheid en deeglikheid nie, maar ook van 'n omvang en uitvoerigheid wat enig iemand wat in sy voetspoor wil volg by voorbaat met gevoelens van onwaardigheid en magteloesheid vervul. Hy het met sy studies die ware grondlegger geword van die diachroniese beskrywing van Afrikaans; deur hom en onder sy leiding is belangrike studies gedoen wat in 'n groot mate die grondslag gelê het vir 'n samevattende beskrywing van die taal se geskiedenis" (Pheiffer 1979:14).

## Hoofstuk 4.2: SINCHRONIESE BYDRAES

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, het 1950 'n omwenteling of fokusverandering in Scholtz se taalkundige arbeid te weeg gebring. Die pendulum het weggeswaai van 'n historiese benadering na 'n sinchroniese, meer spesifiek strukturele benadering (Loubser 1965:s.p.).

Scholtz het in die veertigerjare die kat uit die boom gekyk t.o.v. die strukturele taalwetenskap. Hy het hom jare lank in die eensaamheid van sy studeerkamer verdiep in die strukturalisme. Hy was ingeteken op Lingua, Language, Word, Acta Linguistica, Revue internationale de linguistique structurale (uitgegee deur Munkogaad) en Cahiers Ferdinand de Saussure (Raidt 1980:14 en 'n brief van W.Gs. Hellinga) en het bv. Van Hamel se Geschiedenis der Taalwetenschap (Scholtz 1965a:255) gelees. Hy doen in 1948 navraag by Hellinga oor moontlike leesstof. Hellinga deel hom mee dat De Groot se Strukturele taalwetenskap in 1949 sal verskyn. In die Scholtz-versameling in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek is ook Uhlenbeck se "Enige kanttekeninge over Levi-Strauss" wat verskyn het in Forum der Letteren (1962) en Reichling se "Taalkundige artikelen" wat in Encycloped. Handboek van Moderne denken (1951) verskyn het.

Scholtz het die strukturalistiese artikels sorgvuldig deurgewerk en tipies Scholtz kantaantekeninge en kernopsommings gemaak (onderhoud met mev. Scholtz). Soms het hy van die publikasies in Afrikaans vertaal, soos bv. 'n opsomming van De Saussure se werk waar daar o.a. gekyk word na die aard en eienskappe van die linguistiese teken en die korrekte entiteite van die "langue".

Hy het verwikkelinge en nuwe ontwikkelings op die gebied fyn dopgehou en waargeneem hoe die nuwe "Europese" en "Amerikaanse" linguistiek jare lank in aparte kanale ontwikkel (vgl. Scholtz 1965:255). Hy was versigtig om hom te diep in die strukturalisme te begewe, aangesien hulle "te ver voor loop" en voortdurend verander het (onderhoud met mev. Scholtz).

Die Europese strukturele taalwetenskap is gebaseer op die in 1916 postuum gepubliseerde werk van De Saussure en is vanaf 1928

veral deur die Praagse skool gepropageer. Dit het egter langsaam gevorder en het tydens die oorlogsjare tot stilstand gekom (vgl. Scholtz 1967:255).

Scholtz het by die Amerikaanse strukturaliste veral die werk van Bloomfield bestudeer. Die nuwe rigting het as "Descriptive Linguistics" bekend gestaan en het groot aanklank gevind by Scholtz en sy intense belangstelling in die beskrywende taalkunde. Die taalwetenskap in Amerika het in die oorlogsjare 'n bloeitydperk beleef en is deur Householder as "God's truth linguistics" en die "hocus pocus linguistics" bestempel (vgl. Scholtz 1965a:255). Die Amerikaanse skool het later 'n sterk Chomsky-aanse oriëntering in Afrikaans te weeg gebring waartydens die transformeel-generatiewe metode neerslag gevind het.

A.g.v. isolasie gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die "Europese" en "Amerikaanse" strukturalisme apart en sonder interaksie ontwikkel sodat daar prinsipiële verskille is. Daar het eers vanaf 1950 wisselwerking begin plaasvind (Scholtz 1965a:255). Scholtz het tydens die oorlogsjare kontak met beide skole gehad. Hy het uit beide alles gehaal wat vir hom van blywende waarde was en dit geïnkorporeer in sy werk. Hy wou hom nie verbind aan een van hierdie skole nie, omdat elke skool s.i. sy beperkinge en tekortkominge gehad het. Buitendien was "skool" vir hom sinoniem aan "dogmaties". Hy het dus met 'n bepaalde soort afstand na die verskillende skole gekyk ten einde sy objektiwiteit te behou (onderhoud met E.H. Raidt).

In Suid-Afrika het die nuwe insigte van die strukturaliste eers vanaf 1950 sy invloed laat geld (vgl. Scholtz 1965a:255). Scholtz het in 1950 toe niemand in Suid-Afrika nog sinchronies gewerk het nie, die "Europese", "Praagse" en "Amerikaanse" skole hier bekend gestel "op 'n manier wat bitter min gesien word" (onderhoud met E.H. Raidt). Scholtz het baanbrekerswerk verrig deur die struktureel-sinchroniese taalwetenskap in Suid-Afrika in te voer (Raidt 1980:11).

Al drie die skole het sterk op die "sinchroniese" taalbeskouing gefokus. Scholtz het ook begin konsentreer op die sinchroniese taalbeskrywing, maar nie die diachrone taalkunde agterweë gelaat

nie. Die strukturalistiese siening van taalgeskiedenis as 'n opeenvolging van sinchroniese taalsisteme ondersteun Scholtz se metode om op linguistiese data eerder as buitelinguistiese gegewens te steun. Scholtz meen dan ook dat die strukturele taalwetenskap in verskillende opsigte 'n bydrae tot die taal-historiese ondersoek kan lewer (Scholtz 1954:101). Scholtz se uitgangspunt was eintlik altyd sinchronies (onderhoud met E.H. Raidt).

Scholtz se sinchroniese arbeid kan onder die volgende hofies beskou word: fonologiese studies, morfologiese studies, sintaktiese studies, dosent en studieleier en navorsing oor die algemene taalwetenskap.

#### 4.2.1 Fonologiese studies

F.A. Ponelis (brief van 29 April 1988) slaan Scholtz se fonologiese bydrae hoog aan. Volgens die bronnelys agter in Afrikaanse klankleer (1987) het Ponelis en Meyer de Villiers al Scholtz se fonologiese studies geraadpleeg.

Die volgende fonologiese studies het uit Scholtz se pen verskyn:

##### 4.2.1.1 1942: "Die verhoging van vokale in die Boland"

Hierdie opstel het die eerste keer in Maart 1942 in Lingua, die taalkundige tydskrif van die Universiteit van Kaapstad verskyn. Dis later opgeneem in Afrikaans uit die vroeë tyd.

Hierdie kort artikel wat slegs een en 'n driekwart bladsy beslaan, is enersyds 'n opdrag en andersyds die resultate van beperkte navorsing en nie 'n studie op sigself nie.

Scholtz wil Bolandse taalstudente prikkel tot bespreking van die onderwerp ('n tipiese Bolandse eienaardigheid) deur 'n probleemstelling te formuleer en verskeie benaderingswyses uit te wys (eerste para-

graaf). Hy baken die studieterrein af deur die verskillende veranderlikes (bv. die bevolkingstrata, onderwysomstandighede en geografiese grense) aan te dui.

Hy het saam met 'n twintigtal Afrikaanssprekende Bolandse studente in die Afrikaans/Nederlands I-klas 'n ondersoek onderneem na die fonetiese voorwaardes vir verhoging. Hy bespreek kortliks die resultate hier. Hulle kan T.H. le Roux se bevindinge verkeerd bewys en aantoon dat nie net die r nie, maar ook die l die verhoging van die o en e verhinder. Scholtz stroomlyn hul bevindinge verder deur uit te wys dat die verhoging van die o verhinder word deur al die alveolêre konsonante.

Scholtz probeer ook om die kontinuïteit van hierdie verskynsel met 17de-eeus aan te toon.

#### 4.2.1.2 1943-1970: Fonologiese studies reeds bespreek

Die volgende fonologiese opstelle is reeds bespreek onder "diachroniese bydraes":

- 4.2.1.2.1 1943: "Die onderlinge verhouding van 'i' en 'e' in geslote sillabe."
- 4.2.1.2.2 1950: "Die intervokaliëse 'd' in Afrikaans."
- 4.2.1.2.3 1963: "Die intervokaliëse velare frikatief in Afrikaans."
- 4.2.1.2.4 1963: "Woorde met sekondêre -ing in Afrikaans."
- 4.2.1.2.5 1964: "Intervokaliëse labiodentale en bilabiale konsonante in Afrikaans."
- 4.2.1.2.6 1970: "Geskiedenis van die klankvorm van Afrikaanse woorde."

Daar is reeds gewys op die "sinchroniese" sowel as "diachroniese" inslag van hierdie studies. J.G.H. Combrink (1964:s.p.) meen dat die sinchronikus veel baat daarby kan vind om Taalhistoriese opstelle (waarin die meeste van hierdie fonologiese studies vervat is) deur te werk.

#### 4.2.2 Morfologiese studies

Die volgende morfologiese studies het uit Scholtz se pen verskyn:

##### 4.2.2.1 1966: "Grammatikareël of stylmiddel?"

Hierdie artikel het in 1966 verskyn in Smal swaard en blink, 'n huldigingsmiddel ter ere van N.P. van Wyk Louw se 60ste verjaardag. Scholtz verduidelik die titel deur kortliks te wys op die spektrum vanaf dwingende struktuurreëls tot byna algehele vryheid ter wille van die styl. Die artikel is 'n beskouing oor die gebruik van die anaforiese voornaamwoorde hy, sy en dit in Afrikaans. Scholtz het ook materiaal versamel oor die gebruik van hulle, maar het nie tyd gehad om dit te verwerk nie.

Ter inleiding verwoord hy die probleemstelling waarvolgens hy die anaforiese voornaamwoorde in Afrikaans gaan ondersoek. Hy neem die toestand in onderskeidelik Frans, Duits, Nederlands en Engels onder die loep. Hy konsentreer veral op Engels wat min of meer ooreenstem met Afrikaans en wys respektiewelik op die ooreenkomste en verskille. Die belangrikste verskil is die breër gebruik van hy in Afrikaans (Van Heerden[red.] 1966:119).

Behalwe vir voorbeeldmateriaal uit eie ervaring (o.a. uit die Duitse omgangstaal en Noord-Nederlandse "beskaafde" omgangstaal {Van Heerden (red):120}), betrek Scholtz 'n magdom publikasies in sy ondersoek. Sy kennis van Frans maak Brunst se La pensée et la langue, Vendryes se Le langage: introduction linguistique à l'histoire(1950) en Von Wartburg se Problèmes et méthodes de la linguistique(1946) vir hom toeganklik. Die Nederlandse gesaghebbende wat hy raadpleeg, is C.B. van Haeringen se Genus en geslacht (1954).

In Engels het hy wyd gelees: Curme, A grammar of the English language; Fries, The structure of English; Gray, Foundation of language (1950); Hockett, A course in modern linguistics; Jespersen, Philosophy of grammar; Jespersen, Essentials of English grammar; Kruisinga, Handbook of present-day English; Sweet, A new English grammar en Zandvoort, A handbook of English grammar.

Scholtz het die werk van die volgende prosaïste en die digkuns van Van Wyk Louw deurgewerk ten einde die toestand t.o.v. Afrikaans te ondersoek: Boerneef; Bower, Alba; Jonker, A.H.; Krige, Uys; Langenhoven, C.J.; Leipoldt, C.L.; Louw, N.P. Van Wyk; M.E.R.; Mikro; Mostert, Dirk; Müller, Elise; Van Bruggen, Jochem; Van den Heever, C.M.; Van Melle, J.A. en ook die nuwe nie-fiksiewerk van Van Rooyen, G.H.

Dit moes duidelik 'n tydrowende proses gewees het. Dis ook duidelik dat Scholtz 'n deeglike kennis van Van Wyk Louw se oeuvre het en veral fyn op sy taalgebruik gelet het. Hy verwys ekstensief na voorbeelde uit: Alleenspraak, Dias, Die halwe kring, Dieper req, Germanicus, Gestaltes en diere, Liberale nasionalisme, Nuwe verse, Swaarte- en ligpunte en Tristia.

Sy intieme kennis van Louw blyk bv. uit sy waarneming dat Louw in die loop van jare in sy skriftelike taalgebruik al nader aan die lewende Afrikaanse omgangstaal beweeg {Van Heerden (red)1966:124} en dat hy eerder in sy skriftelike taalgebruik as sy omgangstaal na die poësie, die psigologie, die nasionalisme ens. sal verwys as hy {Van Heerden (red) 1966:135}}.

Dat hy ook 'n nadere kennis van Langenhoven en M.E.R. gehad het, blyk uit die sitate uit 'n verskeidenheid werke van beide (daar is in hoofstuk 2 reeds gewys op Scholtz se verbintenis met Langenhoven en M.E.R. en daar volg 'n soortgelyke bespreking in hoofstuk 5.3).

Scholtz se vermoë om 'n probleem te formuleer blyk uit sy ondersoek na die kompetisie tussen hy en dit {Van Heerden (red.) 1966:126}. Hy fynkam drie werke van Langenhoven en doen steekproewe uit ander opstelle, betogende prosa en toneelstukke om die twee konkurrente vorme te bekyk. Hy doen dieselfde met vier werke van Leipoldt en bevind dat die twee as uiterste pole (by Langenhoven oorwegend hy en by Leipoldt oorwegend dit) op die spektrum beskou moet word.

Scholtz kom tot die volgende gevolgtrekkings:

- i) sy is 'n suiwer geslagtelike pronomens in omgangstaal {Van Heerden (red.) 1966:122}, kom dikwels voor as 'n werking van ou literêre tradisies en as personifikasie (1966:122). Sy in onversorgde taalgebruik kan dikwels aan Engelse invloed toegeskryf word (1966:123).
- ii) hy kom primêr voor by manlike persoons- en diernaam {Van Heerden (red.) 1966:125}, by gemeenskaplike persoons- en diernaam waar die geslag onbekend of nie ter sake is nie (1966: 124 en 125), klein diersoorte waarvan die aktiwiteit ons aandag trek (1966:124), hoër diersoorte (1966:125), dramatiese, lewendige en geanimeerde styl (1966:131), digterby en bekender voorbeelde (1966:125) en personifikasie (1966:132 en 133).
- iii) dit kom primêr voor by voorwerpnaam, stofnaam en abstracta {Van Heerden (red.) 1966:124}, die kleinste en onbeduidendste diersoorte (1966:124), vaag en veraf voorbeelde (1966:125) en kalm, rustige, kleurlose en dooierige styl (1966:131).

Scholtz reken dat dit moeilik is om 'n prinsipe vir Afrikaans vas te stel: dit kan nie as grammatiese kriteria dien nie omdat dit te veel van stilistiese faktore afhang en hy dikwels 'n Ausdruck- of Kundgabe-funksie het {van Heerden (red.) 1966:137}.

Scholtz se slotkonklusie is dat Afrikaans baie vryer t.o.v. die gebruik van die anaforiese voornaamwoorde is as sy stamtale. Die keuse berus op i) taalgebruikstyl en ii) die taalgebruiker self (wat ook na gelang van omstandighede kan verander soos Scholtz effektief aan die hand van Van Wyk Louw illustreer).

Scholtz se noukeurigheid blyk uit die feit dat hy self die proewe van die artikel wil kontroleer ('n brief van E. van Heerden - 3/2/1965).

#### 4.2.2.2 1953-1972: Morfologiese studies reeds bespreek

'n Aantal morfologiese opstelle is reeds bespreek onder "diachroniese bydraes". Kyk 4.1.2.3.

#### 4.2.3 Sintaktiese studies

Die volgende sintaktiese studies het uit Scholtz se pen verskyn:

##### 4.2.3.1 1954: "Struktuurvergelyking tussen Nederlands en Afrikaans"

Scholtz het hierdie artikel in samewerking met W. Gs. Hellinga, 'n Nederlandse vakgenoot, geskryf. Dit het in 1954 in Taal en tongval, jaargang 6, verskyn.

Scholtz het in 1954 vir 'n halfjaar lank gaan navorsing doen oor die strukturele taalwetenskap in Nederland. Hy het toe die betrokke studie saam met Hellinga aangepak. Hulle het ook hulp gehad van mej. F. Smit Duyzentkunst, Nederlandse taalassistente verbonde aan die Universiteit van Amsterdam.

Met sy terugkeer in Suid-Afrika was die studie nog nie voltooi nie. Hellinga skryf aan hom (6/10/1954) dat die materiaal "brokkeliger en onvollediger" is as wat hy gemeen het en dat daar nog harde werk en

ordering van die materiaal voorlê. Hy sal nog vrae en materiaal van Scholtz se kant af verwelkom sodat hulle die werkgroep in Nederland aan die gang kan kry. Hellinga beoog voorlopig die werkwoord in sy belangrike "struktuurlijnen" (brief van 6/10/1954).

Dit is 'n baie kort studie, hoogstens 3 1/2 bladsye. Scholtz en Hellinga beskou dit egter as 'n "voorproefje" van dit wat nog gaan voortvloei uit die samewerking van Afrikaanse en Nederlandse taalkundiges.

Hulle doel is tweërlei: enersyds insig in 'n spesifieke taalstruktuur (m.a.w. sinchronies) - in hierdie geval die sintaktiese struktuur van verbaalgroepe. Andersyds wil hulle aantoon dat hierdie sinchroniese ondersoek ook 'n bydrae tot 'n taalhistoriese probleemstelling kan lewer.

Hulle toets die sintaktiese reël: "De nadere specificatie gaat vooraf." T.o.v. die adnominale groep stem die twee tale ooreen. Hulle spits hul ondersoek toe op die verbaalgroep en let eers op die ooreenkomste en dan die verskille tussen die twee tale. Ter wille van duidelikheid gee hulle tipe-voorbeelde i.p.v. struktuurformules. Hulle illustreer aan die hand van slegs vier voorbeelde wat hulle self as "onbevredigend" en 'n "principeel tekort" ervaar (Scholtz 1954b:104).

"n Ondersoek na 17de-eeus sal aantoon óf Afrikaans nog die oerstruktuur bewaar het óf Afrikaans 'n eie struktuur ontwikkel het.

Scholtz en Hellinga stip terloops 'n paar kenmerke van 'n goeie strukturele ondersoek aan:

- i) Heelwat voorbeeldmateriaal moet gebruik word.
- ii) Die navorser moet poog om te illustreer hoe "alles met alles saamenhangt" (Scholtz 1954b:104).

In Mei 1955 het die werksaamhede t.o.v. die struktuurvergelyking nog steeds gesluimer, aangesien Hellinga-hulle nie "grammaticaal gevoed" word t.o.v. Afrikaans nie (vgl. brief van Hellinga van 5 Mei 1955). Hellinga beoog egter onder sy en Scholtz se leiding die opleiding van 'n Suid-Afrikaanse student, Van der Watt, in die prinsipes en ondersoekmetode van die strukturaliste. Met mnr. van der Watt se werk as fondament kan studiegroepe in Amsterdam en Kaapstad onderskeidelik verder daarop bou.

#### 4.2.3.2 1963: Sintaktiese studies reeds bespreek

Kyk 4.1.2.4.

#### 4.2.4 Dosent en studieleier

Scholtz het ook die nuwere linguistiek onder sy studente bevorder:

##### 4.2.4.1 As dosent

Scholtz het vanaf 1949 die nuwe strukturele insigte aan sy studente getoets. Hy het N.S. Trubetzkoy vir sy studente vertaal {onderhoud met H.A. Lambrechts en H. (Jordaan) Lambrechts}. Sodoende het hy die Praagse skool vir hulle toeganklik gemaak. Hy het ook De Saussure se "langue:parole" met sy M.A.-klas deurge-  
werk. Scholtz het sy studente se aandag daarop gevestig dat die strukturalisme die heel nuutste in die wêreld se beskouing van die taalwetenskap is.

Scholtz het in 1949 vir die M.A.-kursus die ontwikkeling van die taalwetenskap behandel. Hy het begin met die Griekse spekulatiewe filosowe en verwys na die bydraes van Plato, Aristoteles, die Stoïsyne, filoloë van die Aleksandrynse skool, die Homeriese gedigte, Aristarchus, Dionysius Thrax se "Ars Grammatica" en Epollonius Dyscolos.

Daarna het hy die Romeine onder die loep geneem en verwys na die aandeel van Donatus, Prisciarius, die Vulgata en die Skolastiek. Daarna was dit die Humanisme, gevolg deur die Duitser, Leibnitz, die Nederlander, Lambert ten Kate, die Spanjaard, Lorenzo Herrás, Jespersen, die Deen, Rasmus Rask, Sir William Jones, Franz Bopp, A.F. Pott, Herder, Wilhelm von Humboldt, August Schleicher se stamboomteorie, Hegel, Mon Müller, Johannes Schmidt se golfslagteorie en Wilhelm Scherer.

Hy het die Junggrammatiker volledig bespreek en verwys na Karl Brugmann, die Italianer, Ascoli, De Saussure en Delbrück. Wat die twintigste eeu betref, het hy gewys op die belangrike rol wat die sosio-psigologie speel in tale en verwys na die werk van Hugo Schuchardt, Henry Sweet, Edward Sievers, Jespersen en Grammont (lg. vier was werksaam op die gebied van die fonetiek). Daarna het hy gekonsentreer op N. van Wyk se fonologie (bg. inligting is verkry uit 'n notaboek van mnr. H.A. Lambrechts wat uit sy MA-jaar dateer).

Scholtz het nie net die historiese trekke van die ontwikkeling van die taalwetenskap gegee nie, maar ook gewys op die verdienstes en leemtes van die onderskeie skole en tydvakke.

In 1949 het hy ook vir sy Afrikaans/Nederlands I-studente notas opgestel oor die fonetiek. Die 21 velle kan as 'n inleiding tot die Afrikaanse fonetiek beskou word. Dit besin oor die waarde van die fonetiek, behandel die spraakorgane, fonetiese tekens, die onderskeie vokale, diftonge en konsonante, die invloed van klanke op mekaar en eindig met die verskil tussen Afrikaans en Nederlands (die Scholtz-versameling, Stellenbosse Universiteitsbiblioteek).

Scholtz het ook daarin belang gestel om Suid-Afrikaanse studente wat in Nederland in die nuwe rigting

studeer, te nader as toekomstige dosente aan die Universiteit van Kaapstad. Hellinga ('n brief van 1/10/1948) antwoord sy navraag in dié verband. Hy twyfel of die enigste moontlike kandidaat G.J. Labuschagne die geestelike sowel as praktiese toepassing van die moderne strukturele opvatting onder die knie het. Hellinga reken dat hy nes al die ander Suid-Afrikaanse studente met die "nuwe gezichtspunte" wat hy daar leer ken het, sukkel.

Scholtz werk ook saam met sy derdejaars aan die "substantiviese klassifikasie" (brief van Hellinga op 18/01/1955). Hellinga reken dat hulle kan meehelp aan hierdie studie.

Scholtz het in 1960 'n kort toespraak namens die linguïste gelewer by 'n gesamentlike bespreking met ingenieurs oor "communication engineers" by die Universiteit van Kaapstad. Hulle wou interdisiplinêr te werk gaan. Die ingenieurs se primêre belang is die ontwerp van toerusting vir die oordrag van spraak terwyl die linguïste in taal en dan spesifiek in morfiese belangstel. Die twee dissiplines sou in die toekoms van mekaar se kennis gebruik maak om apparaat vir die oordrag van spraak te ontwikkel.

#### 4.2.4.2 As studieleier

Scholtz het as studieleier leiding gegee aan 'n paar studente wat strukturele sinchroniese studies gedoen het. Die ander sal in hoofstuk 6 bespreek word, maar m.i. kom U.L. Badenhorst s'n hier ter sprake.

##### 4.2.4.2.1 1952: "Die fonologiese struktuur van die eenlettergrepige woorde in Afrikaans"

Scholtz meen dat hierdie M.A.-skripsie van U.L. Badenhorst van 1952 die eerste suiwer strukturele

sinchroniese studie in Afrikaans is (Scholtz 1965a:255). Hy erken dat dit "gebreklik in sommige opsigte" mag wees (Scholtz 1965a:255).

'n Bestudering van hierdie skripsie kan lonend wees om Scholtz se metode van die strukturele taalbeskrywing te agterhaal, aangesien daar heelwat van Scholtz se idees en voorbeeldmateriaal in die M.A.-skripsies van sy studente ingegaan het (vgl. die nota van Scholtz by mej. Sieberhagen se skripsie in die dokumenteversameling in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek).

By 'n deurblooi van Badenhorst se bronnelys blyk dit dat die Amerikaanse en Europese strukturaliste, sowel as die Praagse skool verteenwoordig is. Hy betrek die werk van die Amerikaners L. Bloomfield (Language, 1935) en Kemp Malone ("The phonemic structure of English monosyllables", American Speech, 1936), 'n Franse vertaling van N.S. Trubetzkoy (Grundzüge der Phonologie, 1939) van die Praagse skool, die Anglis Kruisinga (The phonetic structures of English words), B. Bloch en G.L. Träger (Outline of Linguistic analysis) en die Nederlander N. van Wijk (Phonologie).

Trubetzkoy en Van Wijk is name wat Scholtz gereeld in sy klasse gebruik het (soos reeds genoem). Trubetzkoy sou sonder Scholtz nie vir Badenhorst toeganklik gewees het nie (Badenhorst 1952:7).

Badenhorst gaan in sy studies na watter eenletter-grepige woorde daar voorkom en deel hulle dan in klasse volgens die aantal foneme waaruit elke woord bestaan. Daarna gaan kyk hy na watter kombinasies van foneme in die verskillende klasse moontlik is en hoe frekvent die foneme en foneemverbindings voorkom.

In sy metodologiese benadering, probleemstelling, verantwoording en aanstip van toekomstige studie - kan die hand van Scholtz duidelik gesien word.

## 4.2.5

Navorsing oor die algemene taalwetenskap

Scholtz het sy studieverlof in 1954 gebruik om in Nederland navorsing oor die algemene taalwetenskap te gaan doen. Hy het 'n senior beurs van die N.R.S.N. (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing) - voorloper van die R.G.N. - vir die doel gebruik.

Hy het navorsing gedoen oor die prinsipes van die deskriptiewe linguistiek. Hy was gereeld in kontak met A.J.B.N. Reichling.

Hierdie interaksie met sy Nederlandse vakgenote het Scholtz hoog aangeslaan aangesien hy gevoel het dat hy in 'n soort vakuum in Suid-Afrika gewerk het. Daar was geen universitêre opleiding in die algemene taalwetenskap of taalteorie waarby hy in sy doseerwerk kon aanklank vind nie en dit was moeilik om die vakliteratuur van die uiteenlopende Europese en Amerikaanse skole te bestudeer sonder om dit deur te gesels met kollegas (vgl. Raidt 1980:11 en 12).

Na sy studiebesoek is daar egter gereelde interaksie met Nederlandse vakgenote oor die strukturalisme. Hellinga skryf bv. aan Scholtz en spreek die versugting uit om met hom gedagtes te wissel oor die doelstelling en funksie van die toegepaste taalkunde (wat op strukturalisme berus) (brief van Hellinga, 18/6/1955).

Met sy terugkeer het hy 'n navorsingsverslag vir die N.R.S.N. opgestel, t.w. Beginnels en metodes van die strukturele taalkunde in die algemeen en die toepassing daarvan op die ontleding van Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu. Die R.G.N. het ongelukkig nie meer die verslag nie (brief aan skryfster) en dit kon glad nie deur interbiblioteeklenings opgespoor word nie. Daarin moes belangrike bevindinge vervat gewees het, soos blyk uit die gedeeltes wat E.H.Raidt aanhaal

in haar Standpunte-artikel (Raidt 1980:12). Scholtz beveel bv. aan dat leerstoel in die algemene taalwetenskap aan sommige van ons 'Suid-Afrikaanse universiteite ingestel word. Hy beywer hom daarvoor. Die moontlikheid van 'n leerstoel in die algemene taalwetenskap word genoem deur Hellinga (brief van 18/06/1955).

Slot:

Scholtz het dus die belangstelling in die nuwe taalteorie en die sinchroniese studie op strukturele grondslag in Suid-Afrika vanaf 1950 aangewakker en bevorder soos blyk uit sy studies, navorsing en doseerwerk.

E.H. Raidt (Raidt 1990:6) meen dat hy "baanbrekerswerk" in hierdie verband gelewer het. Ander Suid-Afrikaners het agterna gekom en uitvoering gegee aan wat Scholtz gesien het gedoen behoort te word {onderhoud met mev. H. (Jordaan) Lambrechts}. Op vyftigjarige leeftyd het Scholtz nie gekroom om 'n nuwe terrein te betree nie en het hy waarskynlik 'n "oper" gesindheid as die meeste van sy tydgenote gehad. Vgl. bv. Meyer de Villiers wat in 'n brief aan Scholtz skryf: "Dat daar tans 'n neiging is taalteorie en ander rigtings so sterk te beklemtoon, is waarskynlik iets van 'n mode wat nie blywend is nie" ('n brief van 19/10/1975).

Scholtz reken dat die oes van die navorsing in die "nuwe" rigting maar skraal is, alhoewel die belangstelling daar is (Scholtz 1965a:255).

### Hoofstuk 4.3: LEKSIKOLOGIESE BYDRAES

Die leksikologie was 'n gebied wat Scholtz na aan die hart gelê het: op hierdie terrein het hy sy eerste groot studie aangepak (1920), sy eerste pennevrugte laat publiseer en een van sy laaste taalkundige artikels (1970) die lig laat sien. Dus, 50 jaar waarin Scholtz gereeld sy stem laat hoor het t.o.v. leksikologiese bydraes. E.H. Raidt beskou dan tereg ook Scholtz se leksikologiese bydrae as sy tweede belangrikste (naas die diachroniese taalkunde).

#### 4.3.1 1920: M.A.-verhandeling

Scholtz het sy M.A.-verhandeling in 1920 gedoen oor leksikologiese aspekte en uitspraakkenmerke van die visserstaal van die Weskus.

Scholtz het baie primêre navorsing gedoen vir sy verhandeling. Hy het met die poskar Lambertsbaai toe gegaan. Toe hy daar aankom, was daar nie plek in die hotel nie en het hy gratis by 'n gesin buite die dorp tuis gegaan. Die dogter was hom baie behulpsaam met sy versameling van materiaal (onderhoud met mev. Scholtz). Hy het met die vissers gesels en "ontsaglik baie en waardevolle gegewens opgetel wat intussen verlore gegaan het" (onderhoud met E.H. Raidt).

Scholtz onthou dat hy die ww. presumeer (veronderstel, vermoed) onder die vissers opgetel het in 'n sin: "Hulle presumeer die skuit moes té na aan die wal gelê het" (Scholtz 1965a:127). Hy het ook die Maleise (in 'n enkele geval oorspronklik Portugese) herkoms van woorde soos oeroer, ontong, panqa, parrie en tjokka aangewys (Scholtz 1947a:26). Hy kon hierdie woorde glad nie vind in die ou bronne wat hy vir Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans geraadpleeg het nie.

Scholtz het sy verhandeling met die hand geskryf en net een kopie gehad. J.J. Smith wou dit gebruik om ekserpte

daarvan te maak vir die Woordeboek van die Afrikaanse Taal ('n brief van J.J. Smith - 19/11/1926). Scholtz het dit herhaaldelik teruggevra, maar nooit gekry nie. Smith het dit waarskynlik óf verlê óf wou dit nie teruggee nie óf het dit vernietig (onderhoud met mev. Scholtz). Scholtz het vermoed dat dit tussen Smith se boedelpapiere is (onderhoud met E.H. Raidt), maar hy het hom versoen met die idee dat hy dit nooit sal terugvind nie (onderhoud met mev. Scholtz).

Die skryfster het self 'n soektog op tou gesit na hierdie waardevolle skripsie, maar met onverrigter sake: die WAT-redaksie op Stellenbosch is self daarna opsoek en J.J. Smith se dogter Anna H. Smith kon ook nie help nie. Sy het op 'n kopie van die brief (gedateer 19 November 1926) afgekom waarin haar vader aan Scholtz geskryf en hom vir die skripsie gevra het (brief aan skryfster).

#### 4.3.2 1935: "Bydrae tot die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat"

Hierdie artikel het die eerste keer in Oktober 1935 in Tysdkrif vir wetenskap en kuns verskyn. Dis later opgeneem in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965).

Scholtz se oogmerk is om woorde in hul Afrikaanse vorme en betekenisgebruike in 'n vroeër tydperk op te teken (dis hoofsaaklik idiomatiese uitdrukkings). Daarnaas wil hy kontroleer in watter mate dit teruggaan op Nederlandse dialektiese of verouderde gebruik en in hoeverre dit Afrikaanse ontwikkeling is.

Scholtz bepaal hom in hierdie studie by 19de-eeuse Afrikaans. Ter agtergrond verwys hy na twee faktore wat Afrikaans in die 19de eeu beïnvloed het, nl. (i) Engels en (ii) opkoms van die joernalistiek (invloed van Hollandse koerante veral op die leksikon).

Hy gee nou die uitkoms van 'n ondersoek na woorde en uitdrukkings wat by die deurlees van "Afrikaanse geskrif-

te in ou koerante en tydskrifte uit die jare 1830 tot 1875 my aandag getrek het" (Luidens 'n latere artikel, Scholtz 1965a:135). Die bronne wat hy nagespoor en verwerk het, verskyn in Bylaag H.

Scholtz gee die 218 woorde weer in 'n alfabetiese lys met historiese aantekeninge waar nodig en moontlik. Hy haal ruimskoots sitate uit bronne aan om die woorde te illustreer. Waar moontlik gee hy ook die plek of streek vanwaar die woord gekom het (waarskynlik die briefskrywer se kontrei). Hy verwoord sy seleksiemetode. Dis duidelik dat hy voorkeur aan seldsame en ou vorme verleen. Hy reken dat 'n "samevatting met konklusies" (Scholtz 1965a:105) nie moontlik is alvorens ander bronne ook behoorlik verwerk is nie.

Scholtz se metode vereis dat hy minstens bevestiging elders moet kry. Hy gebruik "lewende" materiaal van die ouer geslag. Talryke voorbeelde - bv. trek jou pad, man en perd, kortendag het hy aan sy vader se kennis getoets.

Ter vergelyking van die stof gebruik hy bestaande werke oor die onderwerp in Afrikaans, nl.: Boshoff, S.P.E., Etimologiese woordeboek van Afrikaans, 1936; Bosman, D.B., Afrikaans en Maleis-Portugees, 1916; Brink, Melt J., Grappige stories en ander versies in Kaap-Hollands, 1902-1909; Changuion, A.N.E., De Nederduitse taal in Zuid-Afrika herstell, 1844; Franken, J.L.M., "Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag", Die Huisgenoot, 24/10/1930 en 7 en 14/11/1930; Hesseling, D.C., Het Afrikaans, 1923; Hoogenhout, P.J., en Schoeman, J.J.A., Afrikaanse idiome, spreekwoorde en segswyses; Malherbe, D.F., Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme, 1925; Mansveldt, N., Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioticon, 1884 en Tekstboekje behorende bij de Hollands-Afrikaanse Liederbundel, 1908; Patriot-woordeboek, 1902 en 1904 en Von Wielligh, G.R., Ons geselstaal: 'n oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word, 1925.

Hy raadpleeg ook die volgende Nederlandse werke:

Boekenoogen, G.J., De Zaaansche volkstaal, 1897; Cornelissen, J., en Vervliet, J.B., Idioticon van het Antwerpsch dialect, 1899-1906; De Bo, L.L., Westvlaamsch idioticon, 1892; Dijkstra, W., Friesch woordenboek, 1900-1911; Dorren, T., Woordenlijst uit het Valkenburgsch Plat, 1917; Harrebomée, P.J., Spreekwoordenboek der Nederlandsche taal, 1858-1870; Hoeufft, J.H., Proeve van Bredaasch taal-eigen, 1836; Joos, A., Schatten uit het volkstaal; Joos, A., Waasch idioticon, 1900; Nederlandse woordeboek; Paul H., Deutsches wörterbuch, 1921; Pric van Wely, F.P.H., Viertalig aanvullend hulpwoordeboek voor Groot-Nederland, 1910; Schonken, F.T.H., De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen, 1914; Schuermans, L.W., Algemeen Vlaamsch idioticon, 1865-1870; Stoett, F.A., Drie kluchten uit de zestiende eeuw, 1932; Stoett, F.A., G.A. Bredero's Moortje, 1931; Stoett, F.A., Middel-nederlandsche spraakkunst, 1923; Ter Laan, K., Nieuwe Groninger woordenboek, 1929; Tuinman, Carolus, De oorsprong en uitlegging van dagelijks gebruikte Nederduitsche spreekwoorden, 1720 en Van Ronkel, P.H.S., Maleisch woordeboek, 1926.

Hy vergelyk ook sy gegewens met 'n enkele (toevallig opgetekende) gebruik by skrywers, bv. Van Paffenrode, J., Werken, 1671 en Querido se Manus Peet.

Scholtz gee bykomende informasie en dra by tot die kennis van die herkoms van woorde, bv. bakleislag wat uit seemanstaal en nie uit slawetaal kom nie en horak wat na 'n dominee of magistraat verwys.

Hy probeer so ver moontlik die 17de-eeuse oorsprong van woorde aandui, bv. vir iemand 'n klip in die pad rol (Scholtz 1965a:119). Hy wys wanneer 'n bepaalde woordgebruik nie in Nederlands voorkom nie, bv. bullebak.

Wanneer 'n ooreenkomstige of vergelykbare betekenis nie in Nederlands gevind word nie, verwys hy na die moontlike Duitse, Hoogduitse, Engelse of Franse oorsprong. Vgl.

koort Engels, kniediep (Engels en Hoogduits), afstaan (Hoogduits), elmboog (moontlike Franse beïnvloeding), gronapel (Frans), malinge (moontlike Franse invloed).

Scholtz dui ook aan watter woorde en uitdrukkings nog in omgang is. Hy steun hier kennelik op sy taalervaring (bv. gansejaar). Hy bestempel hierdie woorde as "nog gewoon", bv. brood, naberou en liefhebber. Hy gee dus nie net aandag aan die historiese aspek nie, maar ook aan die eie-tydse gebruiksnorm.

Hy betwyfel soms D.F. Malherbe se afleidings. Vgl. aanklam, jou arm lig en bokveld.

Scholtz skroom nie om vraagtekens te sinjaleer nie, bv. Cloete en konkelstoriekamer.

D.C. Hesseling ('n brief van 18 Desember 1935) is getref deur die groot rykdom van die Afrikaanse gesproke taal (soos geopenbaar in Scholtz se artikel). Hy ken baie van die woorde uit 17de-eeus. Hy wys Scholtz op moontlike vergissings en gee aanvullende inligting i.s. aanklam, aljummeur, alleklaps, Jandosie (wys op Jandoppie) en moveer.

#### 4.3.3 1936: "Verdere bydrae tot die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat"

Hierdie artikel het die eerste keer in Julie 1936 in Tydskrif vir wetenskap en kuns verskyn. Dis later opgeneem in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965).

Om 'n vollediger beeld van Afrikaans in die 19de eeu te verkry, bespreek Scholtz ook interessante leksikon wat hy vind in: De Zuid-Afrikaan, 1885-1894; Het Volksblad, 1876-1886; Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift en Cape Monthly Magazine.

Scholtz dek 59 woorde in alfabetiese volgorde en maak historiese opmerkings by elk.

Vir die historiese vergelykende aspek gebruik Scholtz agt werke om Nederlandse betekenis en woorde te kontroleer. Hy kontroleer verder ook uit woordeboeke, reisbeskrywings, die geheue van die ouer geslag (sy vader), sy Bolandse taalervaring (vgl. balsemeer), eie taalervaring (kinkel) en publikasies wat hy ter kontrole van die Afrikaanse gebruik en betekenis in ag neem, o.a. S.J. du Toit se Ons Taal (1908) en die Patriotwoordeboek.

Scholtz is steeds begaan oor die herkoms van woorde. Hy stel dit pertinent as hy nie die herkoms kan aandui nie, bv. Amenie-dominie. Hy stel soms net die moontlike ontwikkeling (herkoms) tentatief na analogie van ander gevalle, bv. heelglad. Hy probeer die geskiedenis van 'n woord nagaan tot in die eie tyd. Hy dui bv. aan wanneer 'n woord onder die ouer geslag nog bekend is, bv. apprentjie-tyd. Hy probeer aandui in watter mate die woord se gebruik ontwikkel het, bv. ook wanneer dit in Nederlands uitgesterf het (vgl. duis en bolderwa).

Scholtz dui aan wanneer hy 'n spesifieke Afrikaanse sintaktiese gebruik of betekenisgebruik (semanties) vind, bv. by aanslag waar die voorbeeld in Nederlands en Afrikaans bekend is, maar die afgeleide substantief slegs in Afrikaans voorkom.

Hy onderskei tussen oorgeërfde vorme (wat konstant bly) met nuwe betekenis, bv. versondig en nuwe vorme (sintakties en foneties).

Scholtz suggereer 'n enkele keer tentatief 'n verklaring, bv. so tussen die bye, maar nog nie by die koek nie. In die geval van strawasie gee hy 'n langer verklaring. En passant bestry hy twee verklarings van Le Roux en Pienaar en sy verklaring is ook in stryd met Mansvelt en Boshoff s'n (vgl. Van Oordt 1946:46). Vir Scholtz gaan 'n Duitse of Italiaanse verklaring nie op nie, maar hy lei dit van die Latynse disturbatio af met 'n tussenvorm strobatio.

4.3.4 1941: Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans

Hierdie leksikologiese werk is in 1941 deur die Nasionale Pers in Kaapstad uitgegee. Dis 'n baie onbekende boek en bitter min gebruik (onderhoud met E.H. Raidt), alhoewel dit met sy verskyning in 1941 groot belangstelling ontlok het:

- i) " 'n bronnestudie wat die aandag verdien van elke ernstige taalvorser in Afrikaans" (Coetzee 1941:s.p.);
- ii) " dit is so belangrik dat geen ernstige student van ons taal hierdie werk sonder skade links kan laat lê nie" (Boshoff 1941:63);
- iii) J.J. Smith het dit "van harte vir elke taalliefhebber aanbeveel" (Smith 1941:208) en
- iv) Dit is deur Die Transvaler bestempel as "'n boek wat in 'n bepaalde behoefte voorsien" (1941:s.p.).

Dit het in 1975 'n herdruk beleef nadat Scholtz dit dras-ties hersien het. Hy sê dat geen bladsy onveranderd gebly het nie (Scholtz 1975:3). Daar het intussen baie gesaghebbende boeke verskyn op botaniese gebied en Scholtz wys veral na C.A. Smith se Common names of South African plants. Nuwe bronne uit die eerste helfte van die 19de eeu soos reisbeskrywings, dagverhale en ander Van Riebeeck-Vereniging-publikasies het ook aan die lig gekom en is deur Scholtz verwerk.

Scholtz het baie van die inkorreksies, veral die Latynse name, in die eerste uitgawe reggestel. Hy het baie hard daaraan gewerk (onderhoud met E.H. Raidt). Hy het deeglik rekening gehou met 'n aantal desiderata wat gekristalliseer het in opmerkings en kritiek uitgelok deur die boek (Scholtz 1975a:Voorwoord).

Die vlag Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans dek nie heeltemal die lading - voëls, visse, insekte, reptiele, diere, kruie, blomme en plante - nie.

Scholtz dek die eerste ongeveer 200 jaar van die taalgeskiedenis vanaf die stigting.

Scholtz se probleemstelling is die belangrike taalkundige vraag: Hoe het die eerste koloniste te werk gegaan om die plante en diere in hulle nuwe omgewing te benoem?

Die name is op drie maniere gevind:

- i) Toepassing van Nederlandse name op nuwe voorwerpe aan die Kaap - erfgoed (Scholtz 1941a: 9 en 40).
- ii) Name is by Hottentotte en ander inboorlinggroepe geleen - leengoed (Scholtz 1941a:29,43 en 78).
- iii) Nuwe name is geskep uit bestaande taalmateriaal of klanknaboosend - eiegoed (Scholtz 1941a: 29, 34, 49, 64, 79 en 86).

Scholtz het ongeveer 700 name opgeteken. Hy fokus op die eiegoed - 600 name - in kontras met navorsing tot daardie stadium wat klem op leengoed gelê het. Scholtz is die eerste taalkundige wat op dié gebied werk nadat daar los opmerkings deur Boshoff, Franken en S.J. du Toit gemaak is (Smith 1941a:207). Daar is blykbaar in Nederlands ook nie veel gewerk op die gebied van die volksname van plante en diere nie ('n brief van A.C. Bouman, 11 Augustus 1951) sodat Scholtz se werk ook vir die Nederlandse dialektgeograaf van waarde kan wees soos hy self voorsien (Scholtz 1941a:104). Scholtz dui dus die weg aan wat die metodologiese onderbou van hierdie soort studie betref. Dit is dus geen wonder dat hy homself heelwat kritiek op die hals haal (meer hieroor later) en heelwat bespreking ontlok nie.

Na 'n inleidende hoofstuk waarin hy naamgewing deur Portugese en Nederlandse seevaarders, die toepassing van Nederlandse name op nuwe voorwerpe aan die Kaap en koloniaal-Nederlandse vorme bespreek, gaan hy oor tot 'n chronologiese bespreking van die name. Hy deel die name chronologies in drie tydperke van ongeveer 65 jaar elk in, nl.: 1652-1715, 1715-1785 en 1785-1845.

In elke afdeling bespreek hy onderskeidelik die erfgoed, leengoed en eiegoed.

Hy verantwoord sy chronologiese indeling (Scholtz 1941:28). M.i. gee sy chronologiese indeling 'n historiese beeld van die name en verhoog die oorsigtelikheid.

Hy gee dan die vernaamste bronne oor elke tydvak, nl.:

1652-1715: Büttner, J.D., Waare relation und beschrijving van Cabo de Goede Hoop[1715?]; Kolbe, P., Naau-keurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop, ens., 1727 en Valentijn, F., Beschryving van Oud en Nieuw Oost Indien, 1726.

1715-1785: Paterson, W., A narrative of four journeys into the country of the Hottentots and Kaffraria, 1789, Sparrman, A., Reize naar de Kaap de Goede Hoop, 1787 en Thunberg, C.P., Flora capensis, ens, 1823.

1785-1845: Burchell, W.J., Travels in the interior of Southern Africa, 1822, 1824.

Scholtz het gebruik gemaak van ou land- en reisbeskrywings, dagverhale en vroeë werke oor die Suid-Afrikaanse plant- en dierelewe. Hy het ook gesteun op eie taalervaring (vgl. bv. Scholtz 1941a:103) waar hy sê dat name soos wikke, wynruit en weegbree in die Boland onder die boerebevolking nog goed bekend is. Hy het so ver moontlik van alle bronne gebruik gemaak (Smith 1941:207), maar 'n paar het tog sy aandag ontsnap. Smith (1941:207) noem die werke van Barnard (1925-1927), Biden (1930) en Watt en Breyer-Brandwyk (1932) en S.P.E. Boshoff (1941:34), "Die Suid-Afrikaanse seevisse van belang vir die handel en die vangs," Afdeling vissery - en biologiese marine-opname, bulletin no. 2, 1935. A.C. Bouman noem A dictionary of plantnames (1911) deur H.L. Gerth van Wijk. Hy wys op die herkoms van o.a. kankerbloem en varkblom wat vir Scholtz interessant kon wees ('n brief van A.C. Bouman, 11 Augustus 1951). Scholtz self verwys in 'n Naskrif na die werke

van Austin Roberts, Leonard Gills en Muir (aldrie oor Suid-Afrikaanse voëls) wat hy na die tyd ontdek het en met vrug vir sy studie kon verwerk het.

Scholtz se omgang met sy bronne hou 'n les vir enige leksikoloog in. Hy "kontroleer" altyd sy gegewens, veral waar die "aangifte van bewysplase vaag" is. Hy aanvaar nie aannames "sonder enige bewysvoering" nie. Vae bewysplase stem hom altyd " 'n bietjie versigtig". Die leksikoloog moet "altyd voldoende op die geografiese aspek" let (Scholtz 1975:5).

Scholtz se metodologiese benadering van die onderwerp, nl. sy historiese dokumentering, verdien heelwat prys. Hy het "sy gebied gefynkam, en min het sy aandag ontsnap" en dan "noukeurig" verslag van elke naam gegee (Coetzee 1941:s.p.). Hy het sy bronne "stelselmatig" (Smith 1941:207) bestudeer en die oudste vindplase sowel as die wetenskaplike benaming by elk gegee. Soms moes hy meer as een wetenskaplike naam gee om plante te onderskei wat met dieselfde naam genoem is. In die hersiene druk gee hy nie net die oudste vindplase nie, maar ook heelwat latere bewysplase.

Boshoff wys op die belangrike werk wat Scholtz verrig het deur die datering, maar reken dat hy d.m.v. "onregstreekse datering" nog veel meer datums kon vasgestel het (dis tipies van Scholtz om oorversigtig te wees om gevolgtrekkings/afleidings te maak). Boshoff wys verder op faktore wat "onregstreekse datering" moontlik maak, nl. die gebruiklikheid van woorde, die mate van verafrikaansing wat plaasgevind het en die bydrae van toponimie (Boshoff 1941:35). Boshoff stroomlyn dus die metode wat t.o.v. datering gevolg behoort te word soos aangevoer deur Scholtz.

Scholtz is versigtig om konklusies te trek. Boshoff (1941:63) meen dat Scholtz nie bepaalde gevolgtrekkings waartoe sy gegewens hom in staat gestel het, nader uitwerk of selfs sistematies aandui nie.

Die volgende gevolgtrekkings verskyn terloops deurlopend in die Besluit:

- a) Min name is uit Hottentots ontleen in die eerste tydperk (Scholtz 1941a:29).
- b) Daar is 'n vermeerdering van eiegoed in die tweede fase (Scholtz 1941a:49).
- c) Daar is leemtes by plantsoorte t.o.v. volksname (Scholtz 1941a:97).
- d) Die vroeë koloniste het Nederland en nie die Kaap as vaderland beskou nie (Scholtz 1941:101).

Soos in baie van sy ander taalkundige studies kan Scholtz aantoon dat baie vorme wat op sigwaarde "tipies Afrikaans" is, eintlik Nederlands is. Vgl. bv. perdeklou en seekastaiing (Scholtz 1941a:105) en paddakombers (Scholtz 1941a:100).

Daar is egter baie kritiek ingebring teen hierdie Scholtz-publikasie. Dit moet m.i. beoordeel word teen die agtergrond van die probleme wat Scholtz ondervind het en in die Inleiding skets, nl.:

- i) Natuurondersoekers het min die volksname van plante en diere genoem sodat hy 'n skrale oes uit die verwerking van 'n magdom materiaal ryker geword het.
- ii) Sommige van die bronne het hy so te sê verniet gefynkam. Vir die hersiene uitgawe moes hy onverrigter sake deur vier werke van Thunberg werk om 'n gegewe te kontroleer (Scholtz 1975:5).
- iii) In teenstelling met die groter landdiere kom die name van kleiner diersoorte sporadies voor.
- iv) Die beskrywing van die plante en diere is onvolledig en dus moeilik identifiseerbaar deur 'n leek.
- v) Hy beskou homself as 'n leek t.o.v. plante en diere.
- vi) Hy reken dat hy 'n bydrae lewer tot 'n studie wat "nouliks 'n aanvang" geneem het (Scholtz 1941a:3). Sy bydrae is m.a.w. net die punt van die ysberg.

Scholtz het dus die rekening geopen en wag op verdere bydraes, kritiek en aanvulling waarvan daar wel heelwat kom soos blyk uit die volgende:

- Scholtz het by die mededeling van Kolbe oor slange die name van afpis-, oog- en schuitslangen oorgeslaan (Coetzee 1941:s.p.).
- Le Vaillant noem trapgans waarna Scholtz tevergeefs soek (Coetzee 1941:s.p.).
- bergvark word deur Sparrman self verklaar (Coetzee 1941:s.p.).
- Coetzee stem eerder saam met Boshoff se verklaring van dawidjie (Coetzee 1941:s.p.).
- lepelaar (*Platalea alba*) word volgens Scholtz nie meer in Afrikaans gevind nie. R.H. (Die Transvaler 1941:?) vind die woord in 'n standaardwerk soos dr. A. Roberts se The birds of South Africa en het ook al lepelbek op ander plekke gehoor.
- olyfduif is nie columba arquatrix nie, maar waarskynlik columba alba, ook rooibekduifie genoem (Die Transvaler 1941:s.p.).
- Piet-my-vrou is nie coscophya dichroa nie, maar notococcyx solitarius (Die Transvaler 1941:s.p.).
- Die mees algemene naam vir breviceps gibbosus is nie donderpadda nie, maar blaasoppie (Die Transvaler 1941:s.p.).
- Donderpad is nie alleen die naam vir die "pootlose larf van die kikvors" nie, maar volgens dr. H.C. Redeke (Het dier in zijn wereld) die naam van die visklas cottidae (orde scleroparci) "plompe, fraai getekende bodemvisschen" (Die Transvaler 1941:s.p.).
- Boshoff (1941:35) word nie oortuig deur Scholtz se verklarings van biskop, ratel, kokkewiet, kikvors en kikker, kafferskuil en kafferkoring nie. Hy verduidelik hoekom hy nie Scholtz se motiverings aanvaar nie, maar gee m.i. self nie bevredigende verklarings nie.
- Scholtz sê by leenwoorde soos kwagga en kanna dat hulle van Hottentotse herkoms is op grond van mededelings deur reisigers, maar hy gee nie die betrokke etimologieë nie (Boshoff aanvaar dit nie as betroubare afleidings nie).

Soos blyk uit bg. kan hierdie publikasie van Scholtz as 'n "oop" werk beskou word omdat dit as't ware 'n uitnodi-

ging tot verbetering en aanvulling rig. Die voorbeeld varkblom is 'n goeie illustrasie hiervan. Scholtz meld slegs dat dit so genoem is omdat die wortels van die plant as varkkos dien. Gerth van Wijk ('n brief van A.C. Bouman, 11 Augustus 1951) meen die moontlike verklaring van die naam is te vinde in die arum, d.w.s. sy materiaal. Die vrugte van die geel iris word barqjes, (speen)varkentje en zwientjes genoem en die plant self varkensbloem. Sover Bouman se kennis strek word die geel iris nie vir varkvoer gebruik nie. Die vrugte van die Afrikaanse arum vertoon egter 'n treffende ooreenkoms met dié van die Hollandse geel iris. Die koloniste wat die arum in Holland nie geken het nie, terwyl die geel iris aan die Kaap onbekend was en is, kon hul ou naam gegee het aan die plant.

Die skryfster het self op twee moontlike verklarings in 'n ou vergeelde koerantartikel (s.j.) afgekom (in 'n eksemplaar van Uit die geskiedenis van die naamgewing van plante en diere in Afrikaans wat vroeër aan mev. M. Bax-Botha behoort het). Mnr. C.A. Smith (wat WAT dikwels behulpsaam was met blomname) sê dat die vark in varkblom oorspronklik ystervark was. Die benaming ystervarkblom het uitgesterf. Dit het sy naam gekry omdat reisigers in die vroeë jare aan die Kaap gevind het dat ystervarke so graag aan die blom vreet. Sparrman het bv. in 1775 van Caledon af geskryf van die yztervarkenswortel. Volgens mnr. Smith lyk dit asof die varkblom sy naam al vroeg in die 17de eeu gekry het. Mnr. J.F.C. Heydenrych meen dat dit varkblom is omdat varke so graag aan die blom se knolle vreet.

Kritiek teen Scholtz se werk dat hy sy materiaal taalkundig meer kon ontgin, dra m.i. meer gewig, maar moet ook beoordeel word in die lig daarvan dat Scholtz sy pad as't ware voel-voel in die donker moes vind (daar was geen lees waarop hy sy studie kon skoei nie).

Boshoff meen dat Scholtz met sy materiaal nie net 'n bydrae tot die Afrikaanse leksikon moes lewer nie, maar ook tot die fonologie, morfologie en etimologie (Boshoff 1941:53). Coetzee huldig dieselfde opinie. Hy noem die interessante opmerkings wat Lichtenstein gemaak het oor die spesiale betekenis wat bok, bees en plaas ontwikkel het in die mond van die koloniste om aan te toon dat hierdie studie wel meer lig op die semantiese ontwikkeling in Afrikaans kon werp (Coetzee 1941:s.p.).

Boshoff wys op verdere taalkundige ontginning: die etimologie en fonologie kon kers opgesteek het by variante-name. Scholtz kon ook meer werk gemaak het van woordvorming, bv. samestellings, en gewys het op die prominensie wat verkleinwoorde in Afrikaans geniet (16% van Scholtz se name is diminutiewe) (Boshoff 1941:35).

Scholtz is veel lof toegeswaai vir hierdie "deeglike studie" (Coetzee 1941:s.p.). Dit is 'n "skatkamer van gegewens oor die Afrikaanse flora- en faunaname" (Pheifer 1980:s.p.) wat van waarde vir "taalkundige, dier- en plantkundige, deskundige of leek" is (Die Transvaler 1941:s.p.). Scholtz word as "geskoolde taalkundige" (Smith 1941:208) bestempel.

M.i. het hy sy gegewens krities en objektief beskou. Hy skroom nie om selfs van die WNT te verskil nie. Vgl. bv. poenskop uit die Nederlandse potskop waar hy ook Boshoff en Franken se verklarings aanveg. Boshoff vind Scholtz se verklaring in dié verband die aanneemlikste.

#### 4.3.5 1947: "Leksikologiese aantekeninge uit ou Kaapse bronne"

Hierdie artikel het die eerste keer in Mei 1947 in Tydskrif vir wetenskap en kuns, nuwe reeks, deel 7, aflowering 1 verskyn. Dit is later opgeneem in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965).

Scholtz het heelwaarskynlik na die vertoë tot verdere ontginning van die materiaal wat hy in sy vorige artikel

gebruik het, geluister. Hierdie artikel bevat ander leksikologiese materiaal (375 gegewens waarvan enkeles soos moveer reeds bespreek is) uit dieselfde bronne (reisverhale van Duitsers, Franse, Engelse en Swede). Scholtz se kennis van Frans en Duits kom hom handig te pas. Vgl. bv. vaderlander en Portnatalsiekte(Frans) en rooibaadjie, moer en malkop (Duits).

Hy kontroleer elke voorbeeld aan Nederlandse leksikografiese bronne, ander tale (bv. Frans, Duits, Xhosa) en sy eie taalervaring. So toon hy o.a. die Duitse invloed aan by liederlik en stuitjie, die Franse invloed by skappeer en die Xhosa-invloed by pasella. Uit sy eie ervaring noem hy o.a. dat wolwehuse tot onlangs op ou plase in die Boland gesien is (vgl. wolwehuis) en dat seur as aanspreekvorm van 'n gekleurde teenoor sy baas omstreeks 1922 nog in die Boland gehoor is.

Ter inleiding verwoord Scholtz sy metodologiese benadering t.o.v. die leksikon. Dit is duidelik dat hy die dateringsbeginsel en illustrasie deur bewysplase belangriker ag as 'n tematiese beskouing (vgl. Scholtz 1965a:146).

Die belangrikste kriterium wat hy gebruik by die opname van materiaal is dat dit ouer bewysplase moes hê as dié vervat in die WNT en dat dit spesifiek Afrikaans moes wees. Hy is die WNT een voor by voorbeelde soos tamarynwater en sambal (die WNT gee bv, net 20ste-eeuse bewysplase van sambal, terwyl Scholtz 'n voorbeeld uit 1803-1806 het).

Scholtz kies die alfabetiese ordening ten einde nie 'n valse afgerondheid en samehang te skep nie. Hy gee naas die woordbetekenisse waar nodig, die sitate waarin dit voorkom in chronologiese volgorde en dan die datering(s). Soms vind hy dit nodig om aandag aan historiese gegewe of taalkundige detail te wy. Vgl. bv. skinder waar hy die oorgang van die woord vanaf transitiewe tot intransitiewe

ww. skets. Soms vind hy self 'n verklaring vir die ontstaan van 'n woord. Vgl. bv. die uitdrukking ysterklou in die grond wat Scholtz toeskryf aan die gesig van vlugten-de hoefdiere en die verandering van klou in ysterklou aan die beslaande kloue van perde. Hy tref ook die kol met sy afleiding van jaagsiek uit jaagsiekte soos bevestig deur Van Oordt met 'n briefie van W.A. Venter, gedateer 31/12/1822 (Van Oordt 1947:44).

Met sy skifting om slegs leksikologiese materiaal op te neem, moes Scholtz ander taalkundige stof agterweë laat. Hy noem bv. die hoogs interessante en waardevolle brokkie inligting oor die vroeë bry-r-uitspraak van die Swartlanders.

Scholtz hou deeglik rekening met studies oor die onderwerp wat reeds verskyn het, o.a. dié van Boshoff, Bosman en Hesseling. Sy materiaal oorvleuel slegs as hy ouer bewysplase het, taalkundige verklarings of waar in die ander gevalle die aangehaalde sitate ontbreek.

Kloeke is hoogs in sy skik met Scholtz se artikel en die aanvullings wat hy maak. Hy haal Scholtz voortdurend aan in 'n publikasie van hom en konstateer parallelle resultate. Hy prys Scholtz se metodologiese benadering en reken dat dit 'n "stewige grondslag" lê ('n brief van G.G. Kloeke, 25 Januarie 1949).

#### 4.3.6 1951: "Nederlandse invloed op die Afrikaanse woordeskat"

Bg. was Scholtz se intreelesing as departementshoof en het in 1951 in Lesingreeks van die universiteit van Kaapstad, no. 3, verskyn. Dit is later (1963) opgeneem in Taalhistoriese opstelle.

Scholtz verwys ter inleiding na die verskille tussen Afrikaans en Nederlands, maar wil met hierdie lesing fokus op die ooreenkomste en spesifiek die Nederlandse leenwoorde in Afrikaans - 'n studie wat bykans nog nie aangeraak is nie.

Scholtz spesifiseer die ontlenings as leenwoorde en nie vreemde of halfvreemde vorme nie. As kriteria vir ontlening gebruik hy primêr die datum waarop Afrikaans sy beslag gekry het, nl. 1775 en sekondêr en oordeelkundig die klankbeeld as toetssteen.

Scholtz toon aan die hand van dateerbare woorde uit die Nederlands van ongeveer 1800 hoe doodgewone woorde soos soms, laspos en resep moontlik as leengoed beskou kan word (hy bespreek hulle onder "twyfelgevallen"). As kontrole gebruik hy die WNT en Stoett se werk oor spreekwoordelike uitdrukkings. Hy hou ook deeglik rekening met direkte en indirekte ontlenings aan Frans en Duits. G.S. Nienaber wys op die moeilikheid van betroubare datering van gegewens (Nienaber 1952:s.p.).

Die hoofbevinding waartoe Scholtz in die eerste gedeelte van sy betoog kom, is dat heelwat meer aan Nederlands ontleen is as wat algemeen vermoed word, selfs in taalkundige kringe.

In die tweede afdeling neem Scholtz buitelinguistiese faktore - die ekonomiese, kulturele en sosiale toestande aan die Kaap wat moontlik die simbiose van die twee taalvorme kon beïnvloed het - onder die loep. Alhoewel hierdie lesing in 1951 plaasvind (na Scholtz se "bekering" tot die strukturalisme), skroom hy nie om van beginsels (bv. die uitskakeling van bg. faktore) af te wyk nie. In hierdie geval ag hy dit nodig om die agtergrond te skets - 'n gebied waarvan hy veel kennis dra (vgl. afdeling 4.7.1). Hy raak dus nooit die dissipel van 'n bepaalde skool nie.

Met sy betoog lê hy die eensydige siening van Afrikaans as 'n boeretaal en die Afrikaanse volk as 'n boerevolk bloot. Hy skryf ook die vinnige opkoms van Afrikaans as wetenskaplike-, tegniese- en kultuurtaal toe aan die Nederlands-Afrikaanse tweetaligheid van die ontwikkelde Kaapse burger.

Daar is enkele punte van beswaar geopper:

- i) Die onderwerp is te wyd vir die kort bestek van tyd, (Le Roux 1952:297); m.i. nie geldig nie omdat Scholtz juis die onderwerp aankondig en in die midde van toekomstige navorsing laat.
- ii) Scholtz behoort ook nuttelose neerlandismes uit te gewys het (Le Roux 1952:297).
- iii) Scholtz behoort te onderskei het tussen 'n -isme en 'n ontlening (Le Roux 1952:296).
- iv) G.S. Nienaber stem nie saam met Scholtz se aanname dat die stedelike en plattelandse Afrikaans dieselfde was nie. Nienaber het in 'n resente studie van hom juis 'n onderskeid bevind (Nienaber 1952:s.p.).
- v) Nienaber meen ook dat Scholtz Swaving se mededeling subjektief beoordeel (Nienaber 1952:s.p.).
- vi) Nienaber beskou Changuion se kennis aangaande binne-landse toestande as onbetroubaar (Nienaber 1952:s.p.).

Scholtz se styl in hierdie artikel verskil van sy vorige werk waar 'n sober, nugter styl gelade met 'n magdom voorbeeldmateriaal hoogty gevier het. Gesien teen die lesingsaard hiervan is die toespraakstyl aan die orde - meer betogend van aard (vgl. bv. Scholtz se hantering van lawaaï - Scholtz 1963a:219).

Hierdie artikel getuig van Scholtz se "intieme kennis van die Afrikaans en Nederlandse woordeskat" (Le Roux 1952: 296). Kloeke verheug hom oor die verskyning daarvan en vind dit hoogs interessant ('n brief van G.G. Kloeke, 29 Julie 1952).

Scholtz stip toekomstige navorsingswerk aan deur hierdie onderwerp in te lei. Hy verwys pertinent daarna (Scholtz 1963a:231). Ook Coetzee (1952:34) en Le Roux (1952:297)

meen dat daar nog "vrugbare navorsingswerk" gedoen kan word om die verskillende onderdele in meer besonderhede uit te werk.

4.3.7 1970: "Boustowwe vir 'n historiese woordeboek van Afrikaans"

Hierdie artikel is in 1970 opgeneem in Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu. Soos die titel aandui, is dit 'n bydrae tot 'n toekomstige woordeboek van Afrikaans op historiese grondslag (kyk afdeling 4.4.5 vir 'n verdere bespreking).

Scholtz sê ter inleiding dat hierdie studie geskoei is op die lees van "Leksikologiese aantekeninge uit ou Kaapse bronne" (Scholtz 1947a). Hy volg dieselfde metodologiese benadering (as hierdie voorafgaande studie) wat vanaf sy eerste leksikologiese studie in 1920 en eerste publikasie in 1935 gestroomlyn en nou afgerond is. Hy gee nou as't ware 'n weldeurdagte en deurwinterde bloudruk vir 'n Afrikaanse historiese woordeboek.

Hy gee 492 woorde met hulle vroegste vindplase (wat teruggaan tot die tydperk voor 1785). Hy noteer sy gegewens noukeurig met datums, argiefverwysings en die aangehaalde sinsverband waarin hulle voorkom. Nienaber meen dat dit meer wetenskaplik sou gewees het om ook die betrokke plekke te noem. Dit kon meer lig op die herkoms van hartbeeshuis gewerp het ('n referaat gelewer in Julie 1988 te Grahamstad tydens 'n taalkunde-kongres).

Die bronne wat Scholtz gebruik, is onuitgêgewe argiefmateriaal en brokkies gegewens wat hy terloops versamel het met die deurwerk van publikasies van die argiefkommissie. Hy gebruik die WNT as 'n kontrole en kom soms ouer bewysplase as die WNT teë. Vgl. bv. neuk, parshuis en skamelbout. Hy gebruik HAT en WAT om te kontroleer of 'n woord nog algemeen in Afrikaans gebruik word. Voorbeelde wat hy nie in HAT vind nie, is o.a. kooigoedsak, koringrytyd en murglepel. Hy bring ook heelwat vorme wat

in Afrikaans ontwikkel het, maar reeds verouder het, aan die lig. Hy dui die verouderde vorme eksplisiet aan. Vgl. bv. koringharp, kort (in die sin van binnekort) en onderbaadjiesgoed.

By 'n aantal woorde gee Scholtz die vroegste bewysplaas nog. Vgl. baie, kapater en kiepersol.

Scholtz se studie is "oop". Hy sinjaleer vraagtekens en onsekerheid rondom sekere vorme. Vgl. bv. noorsbankie, oorslagbaadjie en pikanterie. Scholtz twyfel of lg. nog in Afrikaans bekend is. Dit is wel aan die skryfster bekend in die sin van "gevatheid" en nie "vyandige gesindheid of moedswilligheid" soos Scholtz se voorbeeld nie. Scholtz huiwer ook nie om ander navorsers se etimologiese afleidings te opponeer nie. Vgl. bv. muishond (J.L.M. Franken) en hartebeeshuisie (G.S. Nienaber).

Dit is nodig om nader te fokus op hartebeeshuisie gesien in die lig van die polemieë wat daar rondom ontstaan het en wat al bykans veertig jaar duur. Dit het begin met G.S. Nienaber se radiopraatjie in 1952 en woed nog steeds in 1988 met Nienaber se referaat Sonde met hartbees in hartbeeshuis.

Scholtz dokumenteer sestien gevalle van hartbeeshuis tussen 1727 en 1776 en lewer met sy oudste bewysplaas 'n 40 jaar vroeër voorbeeld as Franken en Nienaber.

Daarna bespreek hy etlike verklarings van "leke" en vakmanne aan sy norm van "streng wetenskaplikheid" (vgl. Scholtz 1972a:124-126) en speel taalkundig gou met hulle klaar. Hy neem veral Nienaber se teorie oor die Hottentotse invloed kwaai onder hande in wat Nienaber as "'n vernietigende veroordeling" (Nienaber 1988:4) en "hoon" (Nienaber 1988:21) bestempel en wat 'n duidelike indruk laat op die gemoedere van ander taalkundiges. Vgl. E.H. Raidt se siening: "Nienabers Theorie ... wird von Scholtz als unwissenschaftlich abgelehnt" (Raidt 1983:59).

Scholtz negeer Nienaber se teorie as " 'n verbeeldingryke rekonstruksie," "te veel verbeelding en 'n bietjie te min streng wetenskap", "vergesog" en "'n hele reeks veronderstellings" wat "in die lug hang" (Scholtz 1972:124-126). Na 'n wetenskaplike weging, bevind hy dit dus te lig. Met dieselfde wetenskaplike maat gemeet, vind Nienaber en die skryfster Scholtz se geredeliker aanvaarding van 'n reisiger, James Backhouse, se verklaring van die naam op grond van sy "imaginary similarity" met die buitelyne van 'n hartebees hoogs onwetenskaplik. Nienaber het tydens sy referaat tekeninge van 'n rooihartbees en 'n hartbees gewys om die vergesogtheid van Scholtz se onderstreping van hierdie verklaring aan te toon. Die skryfster reken Scholtz se onderstreping moet eerder met 'n knippie sout geneem en met sarkastiese ondertone vertolk word - des te meer 'n teken van onwetenskaplikheid.

Scholtz verwerp Nienaber se teorie enersyds op taalkundige gronde en andersyds by verstek. Nienaber loof Scholtz se argumentasie, maar meen dat hy dit mis het a.g.v. sy gebrekkige kennis van Khoekhoens en sy gevolglike verwerping van haroe-b-bies (Nienaber se rekonstruksie van die oorspronklike vorm na analogie van soortgelyke vorme).

Nienaber prys Scholtz se streng wetenskaplikheid deur te hou by skriftelike bewysplase, maar meen dat dit te rigied is. Hy gaan dan oor tot 'n bespiegeling van die voorstadium en die oorgangstadium wat tot die eindstadium hartbeeshuis gelei het. Hy steek nou kers op by die geskiedenis, ekonomie en argitektuur om aan te toon dat die eerste vryburgers langs die Liesbeeck vir hulle huise van biesies maak het. Hy verduidelik dan die taalkundige omvorming van die woord tot hartbees in die mond van die Hollander: die dentale tongslag, die verdwyning van die middeltoon, die aksent op die eerste lettergreep in die "herstel" van die Khoekhoens se verhoging van die middelhoë voor- en agtervokale.

Nienaber wil nie self vader staan vir sy teorie (wat hy nou aansienlik breër uitwerk as vroeër) nie. Hy benoem die Duitser Planert (voorstadium van die woord), die taal self (tussenstadium) en Scholtz (eindstadium) as die drie "argitekte" (Nienaber 1988:21). Lg. kry die eer op grond van sy gedateerde optekeninge en sy ad rem-gegewens.

Scholtz het met hierdie artikel nie net materiaal van belang vir die taalkundige opgediep nie, maar ook vir die kultuurhistorikus (Scholtz 1972:107). Vgl. ook 'n woord soos papierskildery. Hieruit blyk die verbreding van sy horisonne weg van die taalkundige terrein. Vanaf 1970 is hy nou gemoeid met die kultuur- en kunsgeskiedenis.

#### Slot:

E.H. Raidt beskou tereg Scholtz se leksikologiese bydrae as sy tweede belangrikste (naas die diachroniese taalkunde). Nienaber het ook groot lof vir die "buitengewone groot diens" wat Scholtz die Afrikaanse taalwetenskap bewys het met sy versameling van boustowwe vir 'n historiese woordeboek van Afrikaans (Nienaber 1988:11). Hy beskou Scholtz as die belangrikste vraagbaak vir die oudste dokumentasies van woorde.

## Hoofstuk 4.4: LEKSIKOGRAFIESE BYDRAES

Op leksikografiese gebied het Scholtz bygedra tot die WAT, AKE, 'n biografiese woordeboek, 'n tweetalige woordeboek, 'n moontlike historiese woordeboek vir Afrikaans en sy resensies van woordeboeke.

### 4.4.1 Werk aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal

In hoofstuk 2 is Scholtz se werksaamhede by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal reeds bespreek. Hy het in 1921, 1927-1929 en 1931-1933 met tussenposes aan die Woordeboek gewerk. In 1921 het hy gehelp om materiaal te versamel en op 19 November 1926 vra die hoofredakteur J.J. Smith hom om op 'n permanente basis saam met hom te kom werk (brief van Anna H. Smith aan skryfster, 6 Julie 1988) aangesien Scholtz presies weet hoe Smith werk.

Hy word 50 pond per maand betaal en werk van nege tot vyf. Scholtz moes help met die gereedmaak van die manuskrip vir die pers, die versamel van woorde, die navorsing van etimologieë, ens. Hy moes Smith se regterhand wees, hom in raad en daad bystaan en sy "verlosser" in geval van nood wees. Scholtz se loopbaan sou verseker wees na sy werk by die Woordeboek ('n brief van Smith - 19/11/1926). Vanaf 1927-1929 was hy Smith se hoof-assistent en vanaf 1931-1933 medewerker. Scholtz het dus die geboortejare van dié grootse onderneming meegemaak.

Hy het hom blykbaar goed van sy taak gekwyd. Smith loof hom as "'n bekwame werker" (getuigskrif van 4/1/1934). Smith meen ook dat sy "groot en uitgebreide kennis van die Nederlandse en Afrikaanse taalwetenskap" (getuigskrif van 4/1/1934) tot groot wins van die Woordeboek was.

Scholtz was egter baie gefrustreerd in sy werk. Smith het self blykbaar nie veel gewerk nie en wou nie eintlik resultate behaal nie. Scholtz het baie tyd en navorsing ingesit om die model van 'n spesifieke woord klaar te

maak. As hy dit aan Smith gewys het, het lg. hom gevra om dit oor te doen sonder opgaaf van rede. Scholtz het later wanhopig geraak en besluit om te bedank (onderhoud met mev. Scholtz).

Op 'n later stadium het die hele onderneming op 'n breekspul afgestuur. Die Regering wou dit nie meer ondersteun nie en die Universiteit van Stellenbosch (by name R.W. Wilcocks) het ingegryp om sake te beredder. Wilcocks het Scholtz gevra om ondersoek in te stel en met moontlike voorstelle te kom om die onderneming weer op koers te kry.

Scholtz het ingewillig, maar op voorwaarde dat D.B. Bosman saam met hom medeverantwoordelik sou wees. Hy en Bosman het as volg in 1944 gerapporteer: "Ons is beslis van mening dat dat 'n nasionale verlies sou beteken as hierdie materiaal nie in deeglik bewerkte vorm aan die volk beskikbaar gestel word nie" (Schoonees s.j.:16).

Wilcocks as nuwe hoof (nie tegnies nie) wou die Woordeboek binne vyf jaar voltooi, 'n onmoontlikheid volgens Scholtz (onderhoud met mev. Scholtz). Dit lyk asof Scholtz toe nie gehoor gegee het aan Wilcocks se versoek nie (gesien die talryke besware wat hy teen die Woordeboek ingebring het). J.L.M. Franken reken dat dit 'n stommiteit was dat die Universiteit van Stellenbosch Scholtz nie aangestel het as professor en redakteur van die Woordeboek nie (brief van 19/8/1950).

In 1946 is Scholtz weliswaar die hoofredakteurskap van die Woordeboek aangebied, 'n onderskeiding wat "miskien die belangrikste (was) wat 'n Afrikaanse taalkundige volgens verdienste te beurt kon val" (getuigskrif van D.B. Bosman - 1949). Scholtz het dit egter bedank a.g.v. sy moontlikhede by die Universiteit van Kaapstad asook die aantal aspekte aangaande die onderneming wat hom dwars in die krop gesteek het, nl.:

- i) "...omdat die omstandighede vir die doen van behoorlike wetenskaplike werk nie gewaarborg was nie" (Scholtz-curriculum vitae van 8/12/1949). Scholtz het duidelik kritiek op die huidige werkwyse van die Woordeboek gehad (onderhoud met G.S. Nienaber). Hy het die werk aan WAT onomwonde as "onwetenskaplik" getipeer (onderhoud met mev. M. Bax-Botha).
- ii) Daar is nie 'n streng, duidelike beleid nie (onderhoud met E.H. Raidt).
- iii) Daar is 'n ontsaglike hoeveelheid materiaal wat verwerk moet word, soms te veel en onnodig (onderhoud met mev. Scholtz).
- iv) Die hibridiese karakter van die Woordeboek: behalwe vir eietydse, verklarende materiaal bevat dit historiese materiaal (wat dikwels op onbevredigende wyse in die gebruiksbekrywing van die woord opgeneem is) en etimologieë (Scholtz 1972a:106, 107).
- v) Dit is nie 'n etimologiese woordeboek nie (onderhoude met E.H. Raidt en mev. Scholtz). Scholtz meen dat etimologieë nie in die Woordeboek opgeneem behoort te word nie. Die materiaal is "dikwels verouderd, onteenseglik foutief of ten minste baie twyfelagtig" (Scholtz 1972a:107). Scholtz se mening oor die insluiting van historiese materiaal in 'n verklarende woordeboek soos WAT word gedeel deur W.J. de Klerk (1972:s.p.).

Scholtz sien die Woordeboek in prinsipe as "'n moderne verklarende woordeboek van Afrikaans" en die funksie daarvan as "'n so volledig moontlike inventaris en beskrywing van die hedendaagse Afrikaanse woordeskat" (Scholtz 1972a:107).

Scholtz se besware geld ook vir Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (onderhoud met E.H. Raidt) wat op dieselfde lees as Woordeboek van die Afrikaanse Taal geskoei is.

Kloeke het WAT vir 'n museum geresenseer. Hy deel Scholtz se besware, maar het begrip vir die feit dat die praktyk en die dringende behoefte aan 'n ensiklopediese werk 'n rol gespeel het (brief van Kloeke, 12 Julie 1952). Hy meen verder dat Scholtz se waarskuwings glad nie misplaas is nie: 'n Nederlander wat die Woordeboek raadpleeg, sal homself dikwels afvra of dit wel "echt" Afrikaans is ('n brief van Kloeke, 29 Julie 1952).

#### 4.4.2 Woordeboekresensies

Scholtz het resensies oor woordeboeke en -lyste geskryf waarin hy sy ryk en praktiese kennis wat hy by die Woordeboek opgedoen het, ten toon stel:

##### 4.4.2.1 1936: Resensie: "Etimologiese woordeboek van Afrikaans"

Hierdie resensie van S.P.E. Boshoff se etimologiese woordeboek van 1936 het in April-Junie 1936 in Ons eie boek verskyn en is later opgeneem in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965).

Scholtz stem saam met Boshoff se uitgangspunt dat woorde waarvan die Nederlandse oorsprong deursigtig is, nie opgegee moes word nie, alhoewel hy tog sterk voel vir 'n omvattende Afrikaanse etimologiese woordeboek. Hy kritiseer die opneem van woorde met 'n deursigtige Engelse oorsprong en bykans onherkenbare Bantowoorde (Scholtz se term "Kaffertale" - Scholtz 1965a:213 - kan deesdae kwetsend opgeneem word).

Uit sy eie skat van voorbeelde diep Scholtz 'n sestiental woorde op wat s.i. meer geskik vir opname in hierdie woordeboek is.

Scholtz ontmasker 'n agtiental "flaters" (Scholtz 1965a:214 en 215) by Boshoff en voer bewysmateriaal vir sy argumente aan uit die WNT, 'n Duitse woordeboek, 'n

idioticon, die Afrikaanse omgangstaal en 'n paar artikels van Franken, veral een wat lei tot 'n growwe fout by Boshoff (Scholtz 1965a:214 en 215). Scholtz sou ook wou sien dat die bronne te alle tye vermeld moet word. Hierdeur wys Scholtz daarop dat 'n wetenskaplike deeglik onderleg en deurlees moet wees met 'n onderwerp alvorens hy "sy hand op papier waag" (onderhoud met E.H. Raidt).

Die norme wat Scholtz vir 'n historiese woordeboek voorop stel, is duidelik:

- a) "stewig gefundeerde etimologieë" (Scholtz 1965a:215).
- b) nie flaters nie, hoogstens vergissings (Scholtz 1965a:214).
- c) nie vooropgestelde afleidings nie (Scholtz 1965a:215).
- d) "'n baie vertroubare kritiese maatstaf" (Scholtz 1965a:215).
- e) nie veronderstellings nie (Scholtz 1965a:215).
- f) "bewese feite" (Scholtz 1965a:216).
- h) "verantwoordelike gevoel" (Scholtz 1965a:216).

Dis interessant om te let op die talryke verwysings na Scholtz in S.P.E. Boshoff en G.S. Nienaber se Afrikaanse etimologieë. G.S. Nienaber sê dan ook dat hulle ruimskoots gebruik maak het van Scholtz se werk vir die vroegste dokumenterings van voorbeelde.

#### 4.4.2.2 1937: Resensie: "’n Verklarende Nederlandse woordeboek"

M.J. Koenen's verklarend handwoordenboek der Nederlandse taal, agtiende druk, is uitgegee deur J. Endepols in 1937 te Groningen. Scholtz se resensie daaroor het op 27 Augustus in Die Huisgenoot verskyn.

Scholtz wys op die Nederlandse gebruiksfeer van die woordeboek. Hy wys ook op die leksikografiese belang van Nederlandse woordeboeke vir Afrikaans. Dis ons naaste bron wanneer Afrikaans nie kan voorsien nie. Scholtz wys op die nood aan 'n verklarende woordeboek

in Afrikaans. Die woordeboek met die nuwe Nederlandse spelling is baie nader aan Afrikaans soos Scholtz ryklik met voorbeelde illustreer.

Met hierdie resensie toon Scholtz sy leksikologiese belangstelling. Hy onderskei die verskeidenheid in kategorieë woorde: Noord-Nederlands, Suid-Nederlands en Indiese Nederlands.

#### 4.4.2.3 1937: Resensie: " 'n Verklarende woordeboek"

Hierdie bespreking van die Groot woordeboek Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans (M.S.B. Kritzinger e.a., derde druk, 1937) is aanvanklik opgeneem in Die Huisgenoot, 27 Augustus 1937, saam met 'n bespreking van M.J. Koenen's verklarend handwoordenboek der Nederlandse taal (agtiende druk). Dit is later opgeneem in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965).

Scholtz wys etlike foute en leemtes uit wat terselfdertyd sy kriteria vir 'n tweetalige woordeboek verwoord:

- i) Hy het 'n steekproef gedoen (die letters M en N) en bevind dat daar nie beantwoord is aan die vooropgesette doel, nl. die verwerking van "feitlik die hele gebruiklike woordeskat, Afrikaans en Engels" (Scholtz 1965a:216) nie.
- ii) Hy meen dat sommige woorde weens hul beperkte gebruiksfleer of hul platheid weggelaat moes word.
- iii) Die skrywers moes bepaalde woorde en uitdrukkings as "plat", "onbekend" of "slang" geëtiketteer het.
- iv) Scholtz reken dat 'n duidelike beleid t.o.v. anglisismes gevolg moet word. Die twee norme wat hy voorop stel, is:
  - a) Anglisismes wat algemeen gebruik word, moet ingesluit word.
  - b) as daar 'n Afrikaanse eweknie beskikbaar is, moet die anglisisme vermy word.

- v) Scholtz opper 'n ernstige beswaar teen die deurmekaar voorkom van verskillende woorde en woordsoorte van eenderse spelling, maar verskillende herkoms.
- vi) Die Engelse en Afrikaanse ekwivalente moet sintakties gelykwaardig wees.
- vii) 'n Volledige en nie 'n halwe uitdrukking moet gegee word nie.
- viii) 'n Spreekwoord moet so ver moontlik die spreekwoordelike ekwivalent in die ander taal kry.
- ix) Die verkeerde volgorde van die verskillende betekenis-komponente kan tot verwarring en misleiding lei.
- x) Scholtz het tien voorbeelde gevind wat heeltemal foutief was.
- xi) Hy kon ook 'n paar voorbeelde van verkeerde aksentuering aanstip.
- xii) Dikwels word daar nie op die gevoelswaarde van uitdrukkings gelet nie.
- xiii) Daar is enkele drukfoute.
- xiv) Scholtz dring aan op die gelyke behandeling van beide tale.

Alhoewel die resensie redelik kort is (vier bladsye), moes Scholtz heelwat werk ingesit het, want hy illustreer elkeen van sy besware met voorbeeldmateriaal. Scholtz se beheptheid met goeie boekversorging (bespreek in hoofstuk 7) blyk ook hier. Hy was o.a. bedag op goeie lettertipe, duidelike betiteling en groot druk.

Met hierdie resensie toon Scholtz sy leksikologiese belangstelling. Hy toon aandag vir sintaksis, die gebruiksfêre van die woord, betekenisonderskeid en die rol wat herkoms daarby speel. Hy skenk ook aandag aan uitspraak (foneties-aksent) en eise van ekwivalensie (hoeveelheid, betekenis en sintaksis).

4.4.2.4 1938: Resensie: "Die nuwe Afrikaanse woordelys"

Hierdie resensie van die vyfde druk van die Afrikaanse Woordelys en spelreëls wat in 1937 verskyn het, is opgeneem in Huisgenoot (25 Maart 1938) en later in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965).

Ter inleiding wys Scholtz op die resolusies van die Stellenbosse Spellingkonferensie (1932) wat in die nuwe Woordelys kristalliseer. Hy gee enkele reëlwysigings weer. Hy toon 'n skerpsinnigheid in kontrole van die reël se praktiese implikasies en toepaslikheid om alle werklike gevalle te dek.

Scholtz het groot lof vir die "duidelikheid, oorsigtelikheid en volledigheid", verwydering van stylslordighede, weglating van nuttelose gedeeltes, minder drukfoute, verkeerde volgordes en vergissings, die grondige hersiening en die beter sorg van die redaksie van die Woordelys.

Hy opper die volgende kritiek:

- a) Woorde wat slegs aan Nederlands-afgestudeerdes bekend is, behoort nie ingesluit te word nie.
- b) Onnodige Engelse woorde is opgeneem.
- c) Emosiewoorde soos t't-t't (waar daar leiding nodig is) moes opgeneem gewees het vir die gebruik van regisseurs en skrywers.
- d) Scholtz verskil plek-plek oor die lading wisselvorme wat opgeneem is.
- e) Hy meen dat die Taalkommissie 'n onnodige fyn sif vir "Bolandismes" gebruik het. Vgl. die stelligheid waarmee hy sy bewering hier maak, sy aandag vir gewestelike vorme en sy pleidooi vir die behoud van historiese vorme.
- f) Doeblatte word nie uitmekaar gehou soos hulle hoort nie.
- g) Daar is nie altyd konsekwentheid t.o.v. die koppelteken nie (Scholtz illustreer uit die nuwe Nederlandse woordeboek van Koenen-Endepols).

h) Die Taalkommissie volg nie altyd hul neergelegde reël oor die spelling van vreemde woorde nie en baseer dit dikwels op 'n Engelse uitspraak. Daar is 'n fyn onderskeid wat Scholtz maak en wat hy gemaak wil sien tussen 'n vreemde skryfwyse en 'n onbekendheid al dan nie. Die ortografie, gebruiksfrekwensie en praktiese gebruik moet nie noodwendig saamgaan nie.

Scholtz wys op twee spesifieke foute, nl.:

- i) die verkeerde spelling van dieet
- ii) die keuse van riool bo rioel. Scholtz kom met 'n goed uiteengesette motivering vir die voorkeur van rioel (dit is oorgeërf uit die 17de-eeuse Hollandse volkstaal, vorme soos uitrioel domineer en daar is nie sprake van 'n Bolandse verhoging van die o nie).

Met hierdie weldeurdagte en kritiese blik op die Woordelys toon Scholtz dat hy self goed op die Taalkommissie sal fungeer. Scholtz word dan ook genader om behulpsaam te wees met die sesde uitgawe (1944) en dien daarna vir etlike jare met onderskeiding op die Taalkommissie.

#### 4.4.3 Medewerker aan die Afrikaanse Kinderensiklopedie

Hierdie bydrae van Scholtz hoort miskien nie onder leksikografie bespreek te word nie. Die grootse onderneming van die Afrikaanse Kinderensiklopedie herinner m.i. egter baie aan dié van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal en het tog bestaansruimte hier.

Dis nie algemeen bekend nie, maar dis eintlik Scholtz wat die bal aan die rol gesit het wat die Afrikaanse Kinderensiklopedie betref. Hy het die aanvanklike prikkel verskaf wat gelei het tot die ontstaan van dié onderneming.

Dr. C.F. Albertyn (later redakteur van die Afrikaanse Kinderensiklopedie) het in 1940 een aand gesellig saam met vriende verkeer toe Scholtz die eerste keer die moontlikheid van 'n kinderensiklopedie opper. Hy het voorgestel dat dit in medewerking met 'n Hollandse uitgewersmaatskappy uitgegee word (Cronje 1955:19). Die idee is deur Albertyn oorgeneem, maar aangepas om uitsluitlik by die Suid-Afrikaanse kind se behoeftes aan te sluit. Sodoende is nie net die grootste Afrikaanse boekestel tot op daardie stadium voltooi nie, maar ook die grootste kinderensiklopedie ter wêreld (Cronje 1955:19).

Scholtz se idee het in 1941 gestalte begin kry toe daar in alle erns aan die Afrikaanse Kinderensiklopedie begin werk is. Die onderneming het gesneeubal vanaf die aanvanklike 26 medewerkers tot 99. Scholtz was self 'n geesdriftige medewerker wat uit liefde vir die saak en 'n nominale vergoeding (vgl. Cronje 1955:19) ook 'n bydrae gelewer het, nl. "Die mens se taal" (Deel I - IV) wat later bespreek word in hoofstuk 4.7.

#### 4.4.4 Hulp by 'n tweetalige woordeboek

Volgens getuienis het Scholtz ook waardevolle insette gelewer t.o.v. die tweetalige woordeboek van D.B. Bosman, I.W. van der Merwe en L.W. Hiemstra (onderhoude met mevre. Scholtz en Bax-Botha). In die Voorwoord van die 1936-uitgawe word gemeld dat Scholtz "ongelukkig eers teen die end, 'n gewillige en uiters bekwame medewerker gevind" is.

#### 4.4.5 Medewerker aan 'n biografiese woordeboek

Scholtz was ook medewerker aan die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek onder hoofredakteurskap van C.J. Beyers en uitgegee in samewerking met die R.G.N. (1986: Voorwoord).

4.4.6 'n Moontlike historiese woordeboek vir Afrikaans

As daar na Scholtz se arbeid op leksikologiese gebied (hoofstuk 4.3) in samehang met sy kennis van die woordeboekpraktyk gekyk word, is dit 'n groot jammer dat hy nie 'n historiese woordeboek vir Afrikaans geskryf het nie.

Scholtz self sien die nodigheid van so 'n woordeboek (Scholtz 1965a:213): "...hoewel ons dit wil hoop dat die dag gou sal kom waarop die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat in sy hele omvang in 'n suiwer Afrikaanse etimologiese woordeboek sal beskrywe staan" en "Miskien word so die moontlikheid geskep om eendag 'n behoorlik gedokumenteerde woordeboek uit te gee, al sal so 'n werk uit die aard van die saak nooit die mate van volledigheid van die bekende Europese woordeboeke selfs kan bereik nie" (Scholtz 1965a:149).

Hy kom so ver om 'n artikel te skryf wat as die fondament vir so 'n woordeboek beskou kan word (vgl. 4.3.7). Hoewel Boshoff werksaam was op dié gebied, is sy werk gekenmerk deur sekere aannames oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans wat op weinig empiriese gronde berus het (Roodt en Venter 1984:227). Scholtz daarenteen was juis bekend vir sy deeglike empiries-gefundeerde werk.

Scholtz kan aan "nog etlike duisend woorde" (Scholtz 1965a:213) dink wat naas Boshoff se 750 in sy woordeboek behoort opgeneem te word. Dis dan geen wonder dat G.S. Nienaber (onderhoud) meen dat Scholtz so 'n woordeboek moes saamgestel het nie. Daar is ook reeds gewys op die prominensie wat Scholtz in Boshoff en Nienaber se Afrikaanse etimologieë (1967) geniet. Ook Loubser (1967:492) meen dat Scholtz se leksikologiese arbeid 'n "belangrike bydrae op 'n gebied (lewer) waarop daar 'n opvallende leemte in die Afrikaanse taalwetenskap bestaan, nl. dié van 'n goed-gedokumenteerde historiese woordeboek van Afrikaans".

Ook Pfeiffer (1980:s.p.) meen dat Scholtz se leksikologiese aantekeninge oor ouer Afrikaanse woorde 'n bydrae lewer tot die historiese Afrikaanse woordeboek wat nog gemaak moet word. Dieselfde geld vir Kloeke ('n brief van 25/1/1949) wat reken dat Scholtz se "Leksikologiese aantekeninge uit ou Kaapse bronne" (bespreek in 4.3.5) 'n mooi voorstudie vir 'n historiese woordeboek van die Kaapse taalvorm is.

Dit wil dus lyk asof Scholtz in die algemeen geopponeer word oor sy beskouing dat die tyd nog nie ryp is vir 'n historiese woordeboek in Afrikaans nie. W.J. de Klerk (1972:s.p.) meen dat die publikasie van onvolledige (selfs foutiewe) histories-leksikale materiaal selfs as 'n stimulus tot verdere ondersoek kan dien - 'n beginsel wat Scholtz nie sou goedkeur nie.

#### Hoofstuk 4.5: TAALKUNDIGE TEKSANALISES

Die oudste Kaaps-getinte tekste sowel as die groot toevloei van geskifte in die tweede helfte van die neëntiende eeu geniet groot aandag in die navorsing van historiese taalkundiges omdat daar soveel gegis is oor die taalgebruik van die vroeë pioniers en a.g.v. die dispuut wat die ontstaansteorieë ontlok het. Lg. omdat daar soveel materiaal beskikbaar is, te weeg gebring deur die vryheid van die pers en die daarmee gepaardgaande joernalistieke opvloei.

Die geweldige toename vanaf 1860 van Afrikaanse stukke in hierdie blaaie word gereflekteer by die bestudering van 'n lys van Afrikaanse koerante en tydskrifte wat Scholtz deurgewerk het (hierdie lys verskyn in die Scholtz-versameling van die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek en is opgeneem in Ueckermann - pp. 2-11).

Die periode net voor 1860 kan egter as 'n braak kol in ons historiese geskiedskrywing beskou word. G.S. Nienaber publiseer weliswaar in Afrikaans in die vroeër jare 'n indrukwekkende lys van 81 tekste vanaf 1795-1860, maar hy erken in Afrikaans tot 1860: "Daar is bepaald nog baie stukke wat voor 1860 in Afrikaans gestel is en waarvan ek geen kennis dra nie" (Voorwoord). Scholtz se taalkundige analisering van vyf tekste uit die tydperk 1829-1851 is dus 'n belangrike bydrae om die "legkaart van die geskiedenis" te help voltooi.

Die verrassende gevolgtrekkings waartoe J. Smuts in sy M.A.-verhandeling oor Louis Trichardt se taal gekom het (1940), het aanleiding gegee tot Scholtz se vyf teksanalises (Du Plessis 1944: Voorwoord).

'n Vergelykende studie van die volgende taalkundige teksontledings wat Scholtz gemaak het, kan egter heelwat lig werp op Afrikaans soos dit in die tydperk 1829-1851 gebesig is: "'n Afrikaanse brief van 1851", "Meurant se Afrikaans in 1844-1850", "Die Afrikaans van Kaatje Kekkelbek" (heelwaarskynlik 1838), "'n Afrikaanse brief van 1829" en "Bonifacè se Afrikaans, 1830-1832".

Hierdie vyf opstelle is gebundel in Afrikaans uit die vroeë tyd en toon 'n merkwaardige ooreenkoms in struktuur - tipies van die sistematiese metode waarvolgens Scholtz te werk gegaan het. Daarom ag die skryfster dit gerade om die vyf teksanalises onder die volgende gemene delers te bespreek: Publikasie, bron, outeur, agtergrond, teks en teksontleding.

#### 4.5.1 Publikasie

Vier van die vyf teksanalises het in die populêre Die Huisgenoot verskyn: "'n Afrikaanse brief van 1851" (in die vervolg slegs "1851"genoem) in Die Huisgenoot van 13, 20 en 27 Junie 1941), "Meurant se Afrikaans in 1844-1850" (in die vervolg "Meurant") in Die Huisgenoot van 22 en 29 Augustus 1941, "Die Afrikaans van Kaatje Kekkelbek" (kortweg "K.K.") in Die Huisgenoot van 21 November 1941 en "'n Afrikaanse brief uit 1829" (kortweg "1829") in Die Huisgenoot van 27 Augustus 1943).

Die vyfde, "Boniface se Afrikaans 1830-1833" (kortweg "Boniface"), het in die Tydskrif vir wetenskap en kuns, Desember 1943, verskyn.

Vier van die artikels is onveranderd in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965) oorgedruk, terwyl Scholtz by die vyfde artikel "Meurant" die betrokke Afrikaanse verskynsels vollediger ondersoek en sy artikel dus uitgebrei en aangevul het.

#### 4.5.2 Bron

"1851" het in Het Kaapsche Grensblad verskyn n.a.v. 'n berig in The Grahamstown Journal, die ongeveer twintig briewe van Meurant het ook in Het Kaapsche Grensblad verskyn, die oudste bekendste teks van "Kaatje Kekkelbek" in

Sam Sly's African Journal (Scholtz lewer in 'n latere artikel bewyse daarvoor dat "Kaatje Kekkelbek" al in 1839 in die South African Sentinel verskyn het), "1829" in The South African Commercial Advertiser en "Boniface" in De Zuid-Afrikaan.

Het Afrikaansche Grensblad, wat twee van die tekste huisves, het op 18 Julie 1844 te Grahamstad as die eerste Hollandse koerant in die Oostelike Provinsie verskyn. Meurant was die redakteur en het sy leserskring vanaf "High Street, Grahamstown" aangespreek.

#### 4.5.3 Outeur

Een van die belangrikste kriteria by die evaluering van die "Afrikaansheid" van 'n geskrif is of die skrywer doelbewus Afrikaans geskryf het. Daar is geen twyfel oor die "Hottentot"-Afrikaans van Kaatje Kekkelbek, Adam Slokker (Boniface) en Hendrik Kok (Boniface) nie. Volgens Scholtz (s.j.:31) "kom die vraag (of Meurant doelbewus Afrikaans geskryf het) glad nie op nie." Hy het in 1844 in die Grensblad ewe bewustelik en opsetlik Afrikaans geskryf as "toe hy sestien, sewentien jaar later sy beroemde Zamenspraak ... opgestel het." Terwyl daar onsekerheid heers oor Paay Schaapie (brief van 1829) se motiewe, wil dit lyk asof Bezuidenhout (brief van 1851) willens en wetens Afrikaans skryf, volgens sy versoek dat die brief ook in Engels en Hollands vertaal moes word.

'n Veldkornet, H. Bezuidenhout, (G.S. Nienaber gebruik die spelling "Bezuidenhoud" in Nienaber 1942:Voorwoord) afkomstig van Carelgrust in die Oostelike Provinsie staan vader vir "1851".

L.H. Meurant was van Frans-Switserse-Engelse afkoms en was eienaar-redakteur van Het Kaapsche Grensblad verantwoordelik vir 'n twintigtal "Afrikaanse" artikels tussen 1844 en 1850.

"Kaatje Kekkelbek" oftewel "Life among the Hottentots" verskyn onder die skuilnaam, "Klip Springer", alhoewel algemeen aanvaar word dat A.G. Bain en George Rex die skrywers was. Scholtz ontken in 'n latere artikel die mede-outeurskap van George Rex (Scholtz 1964). Hy meen dat George se seun Fred eerder die eer te beurt geval het.

Die skrywer van "1829" noem homself "Paay Schaapie de Oude", maar Scholtz het 'n redelike vermoede dat dit 'n jeugdige L.H. Meurant kon wees.

Die Fransman, C.E. Boniface, was verantwoordelik vir die Afrikaans soos gebesig deur die Hottentotte, Hendrik Kok en Adam Slokker en in die klug, De Temperantisten. Boniface is, volgens G.S. Nienaber (1971:44): "Die eerste Suid-Afrikaner wat ons van naam ken wat met voorbedagte rade Afrikaans geskryf het."

#### 4.5.4 Agtergrond

Die agtergrond waarteen elke geskrif ontstaan het, word kortliks geskets. Relevante en tersaaklike inligting wat 'n rol mag speel by die teksontleding, word genoem.

"1851" is in die Oos-Kaap (Grahamstad-omgewing) geskryf. Dit is duidelik dat die Nederlandse skryftaaltradisie nog pertinent was by die skryf van hierdie brief. Meurant se stukkies is ook in die Oos-Kaap (Grahamstad) geskryf. Daar moet rekening gehou word met die invloed van die Nederlandse skryftaaltradisie sowel as Engels (gesien Meurant se Engelse agtergrond en verbintenisse).

"Kaatje Kekkelbek" se Afrikaans het ook op Grahamstad ontstaan. Dit was 'n opvoering wat deels in Engels geskryf is. Kaatje word geskets as 'n geestige, sorgelose stereotipe van die Hottentotte. Haar taal is ru en komies. Scholtz verwys ook na ander Afrikaanse geskrifte wat na analogie van "Kaatje Kekkelbek" ontstaan het, o.a. "Het Nieuwe Afscheidings Lied."

Scholtz voer aan dat dit bykans onmoontlik is om te sê dat geskrifte voor 1830 opsetlik in Afrikaans geskryf is: Hy betwyfel die "Afrikaanse" status van die twee briewe wat G.S. Nienaber in De Verzamelaar "ontdek" het en wys ook op die Hollandse inslag van "1829" (hy bestempel "1829" egter as 'n vonds). Scholtz lei van die gees van die brief, spelling, meervoudsvorme en anglisismes af dat die leser ook rekening moet hou met 'n Engelse invloed. Hy sien die naïef-geestige, grappige, selfs plat taal as verteenwoordigend van ander Afrikaanse tydgenote. Scholtz delf in sy skatkis van versamelde taalkundige bronne (Het Volksblad van 1 Maart 1862, Die Huisgenoot van 18 Julie 1930 en 'n persoonlike mededeling deur I.D. du Plessis) om te probeer bewys dat die outeur nie in Graaff-Reinet woonagtig was nie, maar aan die Kaap.

Alhoewel Boniface uit 'n Frans-Engelse agtergrond kom, kan daar met redelike sekerheid aangevoer word dat hy in 25 jaar volkome vertrouwd geraak het met die taal soos dit in sy tyd gebesig is. Daar is merkwaardige ooreenkomste in die punktuasie, spelling en taalgebruik tussen die Afrikaans van Hendrik Kok en die Hottentotte in De Temperantisten, alhoewel hierdie ooreenkomste nie deurgetrek kan word na die Adam Slokker-briefie (waarskynlik ook uit sy pen) nie.

#### 4.5.5 Teks

Dis 'n groot jammerte dat Scholtz by slegs twee van sy teksgerigte studies, nl. "1829" en "1851" die volledige tekste insluit, alhoewel hy darem tot 'n groot mate aanhaal uit die Afrikaanse stukkies van L.H. Meurant. Wat Boniface se taalgebruik betref, word die leser verwys na die tekste in onderskeidelik J.L.M. Franken se Uit die lewe van C.E. Boniface en G.S. Nienaber se Afrikaans tot 1860. Wat "Kaatje Kekkelbek" betref, is die leser aangewese op 'n gemoderniseerde teks soos dit in P.W. Laidler se The Annals of the Cape stage of F.C.L. Bosman se Drama en toneel in Suid-Afrika of in 'n ouer vorm in Sam Sly's African Journal verskyn.

#### 4.5.6 Teksontleding

##### 4.5.6.1 Spelling en uitspraak

Fonetiese verskynsels word eerste behandel: eers konsonante en dan vokale. In al vyf die teksanalises word spelling en uitspraak sistematies in die volgende volgorde bespreek: ooreenkomste met en afwykings van die Nederlandse skryftaaltradisie en dialektiese Afrikaans. Scholtz bespreek breedvoerig die volharding van die spelling in die gees van die Nederlandse skryftaaltradisie, maar verwys dan ook pertinent en m.b.v. voorbeelde daarop dat dit heel dikwels nie in die spreektaal gekristalliseer het nie.

Scholtz kwantifiseer dan die sk-uitspraak teenoor die sch-uitspraak, als teenoor as, die oorgang van v in w, verlies van die intervokaliëse g, wegval van die intervokaliëse d, verlies van die slot t, die swakbetoonde slot -en teenoor die wegval daarvan, voor teenoor vir, die vervanging van die intervokaliëse p en b met 'n w, voorbeelde van assimilasie en metatesis, verkorting van die vokaal teenoor die Nederlandse langer vorm, moeg i.p.v. moe, variante van die Maleise woord banjak, gewestelike Afrikaans en plat Afrikaans. Scholtz gee mees-tal rousyfers, maar ook soms persentasies. Dit moes 'n tydrowende taak gewees het om die voorkoms van elke woord in elke teks te gaan tel.

Scholtz kom slegs tot 'n gevolgtrekking wanneer 'n bepaalde verskynsel in al vyf die tekste figureer, bv. die sk-uitspraak wat deurlopend voorkom. Scholtz wys daarop wanneer een teks ooglopend van die ander vier verskil t.o.v. 'n sekere aspek, bv. Boniface se Afrikaans waar as (30 keer) verkies word bo als (10 keer), terwyl die teenoorgestelde tendens by die ander tekste gesien kan word.

Scholtz wys ook op etimologiese omvorming, bv. by "Kaatsje Kekkelbek" waar settler Setlaar en Bresler Breslaar geword het in die volksmond.

Hy kom tot die algemene gevolgtrekking dat hul spelling nie 'n getroue weergawe van hul uitspraak is nie, alhoewel daar van tyd tot tyd 'n verafrikaanste vorm deurglip.

#### 4.5.6.2 Voornaamwoorde

Scholtz bespreek die voornaamwoorde min of meer in dié volgorde: persoonlik, onbepaald, aanwysend, betreklik, besitlik en wederkerend.

Hy kwantifiseer die gebruik van ik teenoor ek, myn teenoor my, wij teenoor ons, jy, jou en julle, u, hom en hulle teenoor hem, sulle en haarle, dit teenoor het en wat, dit teenoor deze, myn en zyn teenoor my en sy, die onbetoonde je teenoor jou en hom en hulle teenoor zich.

Hy dui deurlopend aan of die Nederlandse vorm of die Afrikaanse vorm prominensie geniet. Vgl. bv. die korrekte Afrikaanse hom en hulle wat hoogty vier asook die Afrikaanse onbepaalde voornaamwoord dit wat in die vyf tekste die knie moes buig voor die Nederlandse het en wat.

#### 4.5.6.3 Lidwoorde

Scholtz wys daarop dat die Nederlandse lidwoord het in sy afwesigheid skitter (behalwe die enkele uitsondering in het veld by Boniface).

Hy wys op die Nederlandse de se oorhand oor die Afrikaanse die in drie tekste en skryf dit toe aan die Nederlandse skryftaaltradisie.

#### 4.5.6.4 Selfstandige naamwoorde

Scholtz bespreek die selfstandige naamwoorde baie vlug onder die hofies: meervoudsvorming en verkleining. Hy wys daarop dat dit by beide duidelik is dat daar polariteit tussen die Nederlandse skryftaaltradisie en Afrikaanse spreektaal heers aangesien daar beurtelings voorkeur verleen word aan die skryftaal en spreektaal. Hy illustreer dit deur die meervoude vrouens en noyens wat naas vrou(w)elery en no(o)yes by Meurant voorkom.

Hy wys op die slaafse navolging van Nederlandse vorme wat verkleining betref. Hoewel tjie in sommige Hollandse dialekte voorkom en hoogs waarkynlik in die spreektaal van die skrywers van hierdie tekste, het dit bykans nooit (volgens bewysvoering deur Scholtz) in tekste van voor 1860 gekristalliseer nie. Ook die tipies-Afrikaanse uitgang -ie word baie seldsaam aangetref.

#### 4.5.6.5 Byvoeglike verbuiging

Scholtz meen dat by "Kaatje Kekkelbek" en Boniface byvoeglike verbuiging soos ons dit vandag in Afrikaans ken, die botoon voer, terwyl in "1851", by Meurant en in "1829" Nederlandse verbuiging dominant is. Hy kwantifiseer ook die mees gebruikte byvoeglike naamwoorde.

#### 4.5.6.6 Werkwoorde

Scholtz bespreek die werkwoorde onder die volgende rubrieke: getal, persoonsvorme, tye, deelwoorde en die infinitief. Hy verwys heelwat na die studie wat J. Smuts oor die werkwoordelike vormleer van Louis Trichardt se Dagboek gemaak het (Scholtz is baie bekend met hierdie tesis) en tref veral 'n parallel tussen Bezuidenhout en Trichardt se gebruik van die werkwoorde.

#### 4.5.6.5.1 Getal

Hy kom tot die slotsom dat getalsverskil feitlik heeltemal uit die taalgebruik in die vyf tekste verdwyn het en dat uitgangloosheid (volgens Afrikaans) aan die orde van die dag is. Bg. tendens vind ook gestalte in ander vroeë Afrikaanse geskrifte, soos Scholtz met sy wye kennis kan aandui.

#### 4.5.6.5.2 Persoonsvorme

Dit wil vir Scholtz lyk asof die persoonsverskil soos ons dit in Nederlands ken bykans heeltemal uit hierdie tekste verdwyn het. Hy kwantifiseer die Nederlandse teenoor die Afrikaanse vorme om dit aan te toon.

Scholtz repudieer J. Smuts se aanname dat persoonsvorme op -en eers laat in Afrikaans ontstaan het - hy verwys na die gebruik daarvan in 17de-eeuse Nederlands.

Scholtz vind bykans geen vorm met 'n dentale uitgang in die tekste nie, selfs al eindig die stam op 'n liquida of nasalis. In "1851" word die t-uitgang slegs in die verlede tyd by onreëlmatige werkwoorde behou (vgl. doqt en wist). By Meurant word die t-uitgang in slegs 10-12% van die gevalle behou. By "Kaatsje Kekkelbek" kry slegs twee van die elf werkwoorde wat normaalweg sou, 'n t. By Boniface kry agt uit die 75 persoonsvorme 'n t waarvan vyf uit die agt op 'n liquida of nasalis uitgaan. Sestien wat wel op 'n liquida of nasalis uitgaan, kry nie 'n t nie (vgl. betaal). Boniface gebruik dit ongereeld wat vir Scholtz 'n aanduiding daarvan is dat Boniface geen persoonsverskil in sy taalgebruik erken nie.

Scholtz vind werkwoorde wat in Nederlands op 'n g of y uitgaan, as reël ook in die tekste. Scholtz put uit sy ryk skat van taalkundige kennis om aan te toon dat seq (i.p.v. sê) altyd voor 1850 gebruik is.

4.5.6.5.3 Tye

Scholtz verduidelik eers vlugtig in "1851" die verskil tussen die tye in Afrikaans en Nederlands voordat hy oorgaan om die vier belangrikste ontwikkelingssoos hulle in die vyf tekste voorkom, in detail te bespreek.

Wat die oorgang van die imperfektum na die perfektum betref, beskou Scholtz "1851" as 'n oorgangsfase tussen Nederlands en Afrikaans. Hy reken dat Bezuidenhout volkome vertrouwd was met beide vorme, maar konflik ervaar het tussen sy spreek- en skryftaalvorme. By Meurant vind hy die imperfektum slegs by hoë uitsondering en dan by briewe met 'n sterk Nederlandse inslag. In "1829" tref hy die Nederlandse imperfektum slegs een maal aan (dogte), terwyl Boniface die Afrikaanse perfektum gebruik slegs waar dit in Nederlands ook geld.

T.o.v. die historiese praesens bevind hy dat dit meer gereeld by die vyf tekste voorkom as wat ons in Nederlands sou verwag. By Boniface is die voorbeelde legio, by Meurant kom dit veral voor in 'n brief wat in verhaaltrant geskryf is (en hom dus goed leen tot die gebruik van die historiese praesens) en by Boniface word die historiese praesens bo die Nederlandse preteritum verkies. In "1851" en by "Kaatje Kekkelbek" tref hy die praesensvorm in die indirekte rede net na die verlede tyd aan - kenmerkend van Afrikaans en onmoontlik in Nederlands.

Scholtz bevind dat die Nederlandse vorme by die sg. mutatiewe en duratiewe werkwoorde dominant is. Hy vind die plusquamperfektum, terwyl dit by Bezuidenhout in "1851" nog sterk op die voorgrond is, by Meurant egter konsekwent deur die perfektum vervang. Scholtz vind die enigste verwysing na die toekomstige tyd in "1829" waar die Engelse invloed sigbaar is in 'n sin soos "als ik sal trek na Kradok".

#### 4.5.6.5.4 Deelwoorde

Scholtz bespreek deelwoorde sistematies en onder die volgende hofies: swak werkwoorde wat hy analiseer onderskeidelik onder dié wat 'n stam het wat uitgaan op 'n stemlose konsonant, 'n liquida of nasalis en 'n diftong; sterk werkwoorde wat hy respektiewelik onder die -en- uitgang en vokaalwisseling bespreek en onreëlmatige werkwoorde.

Hy bevind o.a. dat die swak werkwoorde meer sonder dentale uitgang voorkom by Meurant en in "1851", terwyl hy bykans seker is dat die dentale uitgang glad nie in Bezuidenhout se spreektaal figureer het nie. In "1851" kom daar 27 stamme voor wat uitgaan op 'n stemlose konsonant, terwyl slegs sewe met die dentale uitgang aangetref word. By Boniface is daar slegs vier uit die 34 wat 'n dentale uitgang het.

Meurant het t.o.v. die stamme wat uitgaan op 'n liquida of n nasalis baie nader aan Afrikaans beweeg as die ander twee.

Hy vind dat daar nie eenstemmigheid t.o.v. die -en- agtervoeging (volgens die Nederlandse spelling), -e- agtervoeging (volgens die Nederlandse uitspraak) en sonder uitgange (volgens Afrikaans) heers nie. Boniface gebruik dit baie meer (veertien keer) as ander vroeë Afrikaanse skrywers.

Hy tref wel vokaalwisseling aan, maar daar is ook heelwat sterk werkwoorde waarvan die vokale onveranderd bly. Dit wil vir hom lyk asof die sprekers die Nederlandse vokaalwisselings wat hulle kan onthou, gebruik.

#### 4.5.6.5.5 Infinitief

Scholtz tref die infinitief in die algemeen (veral by Meurant en in "1829") meer volgens Afrikaans, m.a.w.

sonder uitgange aan. Hy gee persentasies om dit te toon.

Scholtz behandel hebben afsonderlik - eers as infinitief en dan as hulpwerkwoord saam met die voltooide deelwoord. Hy het gepoog om vas te stel of Boniface die uitgang by sekere funksies van die infinitief gebruik, maar hy kon geen definitiewe patroon vind nie.

Na Scholtz se deeglike vergelyking van Trichardt en Bezuidenhout se taalgebruik t.o.v. die werkwoordelike vormleer, kom hy tot die gevolgtrekking dat Bezuidenhout s'n baie meer met hedendaagse Afrikaans ooreenstem. Scholtz bevraagteken heelwat van J. Smuts se uitgangspunte: hy voel bv. sterk daaroor dat ou Albach (in Trichardt se Daagboek) eerder vreemdelinge-Afrikaans as vreemdelinge-Nederlands gebesig het.

#### 4.5.6.6 Sintaksis

Scholtz kyk na die dubbele ontkenning, vir-invoeging, ander sintaktiese eienaardighede, konstruksies wat nie Afrikaans of Nederlands is nie, konstruksies wat suiwer Afrikaans is en konstruksies wat suiwer Nederlands is.

##### 4.5.6.6.1 Dubbele ontkenning

Scholtz volg nie 'n definitiewe struktuur in sy bespreking van die dubbele ontkenning by die vyf tekste nie - hy laat hom slegs deur die beskikbare gegewens lei.

In "1851" stem Bezuidenhout se gebruik van die dubbele negatief baie ooreen met hedendaagse Afrikaans. Scholtz reken dat daar nie te veel waarde aan die afwykings geheg moet word nie, aangesien dit ook by 'n hedendaagse onge oefende skrywer kan voorkom.

Scholtz wil ook nie veel gevolgtrekkings uit Meurant se gebruik van die dubbele negatief maak nie. Hy merk egter op dat die tweede nie meestal ontbreek by komplekse sinskonstruksies en in sinne waar die hulpwerkwoord van tyd sal en die modale hulpwerkwoorde kan, wil en moet voorkom. Scholtz meen dat Meurant nie veel van hedendaagse Afrikaans afwyk nie, veral as daar onthou word dat hy 'n ongeoefende spreker van Engelse herkoms is en hom baie aan die Nederlandse skryftaaltradisie steur.

By "Kaatje Kekkelbek" verbeur die skrywers vyf geleenthede om die tweede ontkenningpartikel te gebruik terwyl die dubbele negatief sowel as herhalings soos "al lank al" in "1829" kristalliseer (ook by Boniface). Boniface gebruik die dubbele negatief oorwegend (58 uit die moontlike 94 gevalle), maar Scholtz kon selfs met 'n statistiese ondersoek geen duidelike patroon bespeur nie, behalwe dat Boniface 'n pouse voor die tweede nie ervaar.

#### 4.5.6.6.2 vir- invoeging

Scholtz ondersoek die tendens dat die voorsetsel vir voor 'n persoonlike voorwerp meer verbreed in Afrikaans voorkom. Hy bevind dat dit in "1851" hoofsaaklik (ses uit die agt keer) geskied wanneer sê met die persoonlike voornaamwoord verbind. Hy reken dat die vir- invoeging meer in die spreektaal voorgekom het. By Meurant tref hy onder die invloed van Engels die verkeerde gebruik van vir aan.

#### 4.5.6.6.3 Ander sintaktiese eienaardighede

Scholtz wyk hier af van die streng struktuur wat hy by die ander afdelings handhaaf en bespreek elke teks onder 'n ander opskrif.

4.5.6.6.3.1 "1829"

Scholtz wys hier op 'n tiental sinskonstruksies wat vreemd is aan Nederlands. O.a. wys hy op die tipies-Afrikaanse "ek en Jan" wat afwyk van beskafde Nederlands, die dialekties-Afrikaanse "aanskiete" (in teenstelling met die Nederlandse "aansiet") en die weglating van die lidwoord in 'n konstruksie soos "van Boschmans Rivier". Die feit dat Scholtz so baie van lg. konstruksies by Bezuidenhout aantref, weerlê die algemene opvatting dat die weglating van die lidwoord aan Engels te wyte is.

4.5.6.6.3.2 Meurant

Onder "Woordskikking" bespreek Scholtz vyf voorbeelde om aan te toon dat die woordorde in Afrikaans nie so streng gestruktureerd soos in Nederlands is nie.

Onder "Ander sintaktiese eienaardighede" bespreek Scholtz twintig voorbeelde wat afwyk van Nederlands wat hom opval by Meurant. Scholtz bewys hier weer eens sy gespesialiseerde kennis van Nederlands deur sy skerp oog vir detail wat verskille tussen Afrikaans en Nederlands betref.

Hy verwys na talle voorbeelde waar die Engelse invloed te bespeur is en na die talryke voorbeelde waar Afrikaans 'n vereenvoudiging van Nederlands is en woorde weggelaat word.

4.5.6.6.3.3 "Kaatje Kekkelbek"

Scholtz vind maar min tipies-Afrikaanse sintaktiese eienaardighede in Kaatje Kekkelbek se taalgebruik. Hy skryf die meeste ongewone konstruksies aan Engelse invloed of onbeholpenheid toe. Hy noem

hoofsaaklik woorde wat 'n funksieverandering ondergaan het en uitroepe soos regt! en rasnawel! wat as sinwoorde gebruik word.

#### 4.4.6.6.3.4 In "1829"

Scholtz skryf baie van die vreemde konstruksies aan onbeholpe taalgebruik toe. Die paar voorbeelde van tipies-Afrikaanse sinskonstruksies wat hy noem, is hoofsaaklik gevalle waar woorde weggelaat word ten einde die Nederlands te vereenvoudig.

#### 4.4.6.6.3.5 Boniface

Scholtz bespreek die sintaksis van Boniface se taalgebruik breedvoerig en verwys na Afrikaanse eienaardighede, konstruksies wat nóg Nederlands nóg Afrikaans is en die Nederlandse sinsbou.

Onder "Afrikaanse eienaardighede" onderskei hy agtien gevalle bv. die inleidende ja-nee, basta verbind met 'n werkwoord en vir wat in vraagsinne (i.p.v. waarom en waarvoor).

M.i. is vir wat 'n tipies Afrikaans T2-fout wat die skryfster baie gereeld tydens haar drie jaar van Afrikaanse onderrig by 'n Engelse hoërskool teëgekome het. Na 'n informele ondersoek na die gebruik hiervan by moedertaalsprekers het sy bevind dat dit bykans heeltemal ontbreek. Sy kon dit slegs vind by Afrikaanssprekendes wat taamlik gereeld blootgestel is aan die Afrikaans van Engelsprekendes. Dit is nie seker of Boniface wel deur Engels beïnvloed is nie.

Onder "Konstruksies wat nóg Nederlands nóg Afrikaans is", verwys Scholtz hoofsaaklik na die samepraak met Kok. Hy meen dat dié konstruksies van onversorgde taalgebruik getuig en tipies vreemdelinge-Afrikaans is. Onder Nederlandse sinsbou vind hy min voorbeelde.

#### 4.5.6.8 Woordeskat

Ter inleiding by elke teks wys Scholtz op die algemene aard van die woordeskat. By Meurant is die invloed van die Nederlandse skryf- en spreektaal duidelik sigbaar, terwyl die Nederlandse skryftaaltradisie ook 'n belangrike rol by Boniface speel. By "Kaatje Kekkelbek" word baie onnederlandse woorde aangetref en in "1829" naïwe taalgebruik, o.a. die oorfloedige gebruik van gemeidelike modale woordjies.

Scholtz gebruik dan die volgende raamwerk waarbinne hy woorde en uitdrukkings bespreek:

##### 4.5.6.8.1 Vroeër algemeen-Nederlands

Scholtz wys in "1851" op talle voorbeelde wat ook in Van Riebeeck se Dagverhaal en die Nederlandse Woordeboek aangetref word, o.a. aanpresenteer. Hy noem ook die interessante duis wat as benaming vir die Nederlandse taal gebruik is en ook aangetref word by Meurant (Duusman vir Nederlander) en by "Kaatje Kekkelbek" (Duits volk).

By Meurant noem Scholtz ook voorbeelde wat uit Nederlands stam, maar in Afrikaans 'n gedaantewisseling ondergaan het, o.a. opsluit (uit absoluut).

##### 4.5.6.8.2 Hollandse volkstaal

Scholtz vind talryke voorbeelde van Hollandse volkstaal in die vyf tekste. By "Kaatje Kekkelbek" is dit o.a. die gevoelswoordjie ou en "plat" woorde (moer slim, moervreter en moerhond).

#### 4.5.6.8.3 Spesifieke Afrikaans

In hierdie afdeling bespreek Scholtz hoofsaaklik "Eiegoed" soos in "1851" waar 'n woord soos luns-riem, en lie as versagtende vorm van lieg voorkom.

By Meurant verwys Scholtz hoofsaaklik na Nederlandse woorde wat in Afrikaans 'n betekeniswysiging a.g.v. die nuwe vaderland- en woonomstandighede tot gevolg gehad het: o.a 'n boerewoord soos boeglam wat in Afrikaans nie net na perde verwys nie, maar ook in 'n breër sin gebruik word.

#### 4.5.6.8.4 Woorde van vreemde oorsprong

Scholtz onderskei Duitse leenwoorde soos gewerskaf by Boniface en Engelse ontlenings soos escort (in "1851"). Hottentotse voorbeelde soos dagga tref hy selde aan, maar Maleis-Portugese voorbeelde soos baie gereeld.

#### 4.5.6.9 Besluit

Scholtz het slotgedagtes oor elke teks:

Hy reken dat Bezuidenhout se Afrikaans 'n goeie weerpieëling van die Afrikaans in Het Kaapsche Grensblad is, behalwe vir die feit dat die Nederlandse skryftradisie nog sterk ingang vind by Bezuidenhout.

Scholtz identifiseer drie faktore wat 'n pertinente invloed op "Kaatje Kekkelbek" se Afrikaans gehad het, nl. die skrywers se Engelse agtergrond, hul onbeholpe taalbeheer en die Nederlandse skryftaaltradisie.

Scholtz bevraagteken die algemene opvatting dat Kaatje Kekkelbek Hottentots-Afrikaans besig. Hy voer aan dat haar sg. "plat" Afrikaans miskien nie toentertyd as "plat" beskou is nie en dat hierdie "plat" vorme

ook in Nederlandse volkstaal figureer. M.i. is sy argument nie waterdig nie, veral aangesien Lichtenstein "Kaatje Kekkelbek"-voorbeelde soos twak en Hotnot as die taal van nie-Blankes bestempel.

Scholtz vind dit moeilik om te beoordeel of "1829" as "Afrikaans" beskou kan word; daar kom heelwat Nederlandse vorme voor, alhoewel Scholtz vermoed dat hul Afrikaanse eweknieë reeds in die spreektaal van Paay Schaapie moes bestaan het.

Voordat Scholtz oorgaan tot 'n finale bespreking van die taal van die "onbeskaafde kleurlinge" soos dit by Boniface in 1830-1832 weerklank vind, verskaf hy agtergrondsgewens oor die vroegste teoretici (soos Lichtenstein en Swaving) oor "plat"-Hollands.

Scholtz meen dat Boniface sy Afrikaans 'n Hottentotse kleur probeer gee het. Boniface het die Hottentotse denk- en handelswyse verwoord en veral deur die stilistiese komponent van die taal ('n oormaat uitroepe en plat en gemoedelike taal).

Scholtz wys daarop dat dit moeilik is om presies uit te wys wat "plat" en Hottentots-Afrikaans in Boniface se taalgebruik is. Hy is egter seker daarvan dat die Afrikaanse vorme wat naas die Nederlandse vorme voorkom, wel in die spreektaal bestaan het.

#### 'n Evaluering van Scholtz se vyf teksanalises

Scholtz het 'n "bloudruk" gehad vir die vyf taalkundige teksanalises (soos reeds aangetoon). Opsommenderwys kan daar net vermeld word dat hy nie net dieselfde raamwerk gevolg het by sy inleidende gedagtes, bron, outeur, kultuurhistoriese agtergrond, dialektiese gegewens en bronneverwerking nie, maar ook by die teksanalise self.

Scholtz se analyses toon dat hy konsekwent aandag gee aan vier aspekte van die taal: fonetiese kwessies ("uitspraak"), morfologiese kwessies (nominaal en verbaal), sintaktiese en leksikologiese kwessies. Hy gee nie so konsekwent aandag aan sosio-linguistiese of geografiese variasie nie. Onderstaande tabel probeer Scholtz se gestruktureerde werkwyse weergee, alhoewel die leser in gedagte moet onthou dat Scholtz ook ander gegewens (bv. oor die werkwoordelike vormleer by Trichardt se Daagboek en die ontstaansteoretici") in sy teksontledings verwerk.

Tabel 4.5.1 Analise-sisteem gevolg

Tabel 4.5.1  
ANAUSE-SISTEEM GEVOLG

	A Brief 1851		B Meurant		C Kaatje Kekkelbek		D Brief 1829		E Boniface		(pp.) Totaal
	pp.	%	pp.	%	pp.	%	pp.	%	pp.	%	
1 Spelling en uitspraak	1.5	6.6	2.2	8.6	0.7	14.0	0.4	11.4	2.6	11.6	7.4
2 Voornaamwoorde	2.7	11.9	1.1	4.3	0.5	10.0	0.5	14.3	2.0	9.0	6.8
3 Lidwoorde	0.1	0.4	0.1	0.4	0.1	2.0	0.1	2.8	0.1	0.4	0.5
4 Selfstandige naamwoorde	-	0.0	0.3	1.2	0.1	2.0	0.1	2.8	0.3	1.3	0.8
5 Byvoeglike verbuiging	0.3	1.3	0.8	3.9	0.3	6.0	0.1	2.8	0.3	1.3	1.8
6 Werkwoorde	10.3	45.6	3.5	13.7	0.9	19.0	0.9	25.7	5.7	25.6	21.3
7 Sintaksis	4.1	18.0	8.4	32.9	0.8	16.0	0.6	17.0	7.2	32.3	21.1
7.1 Dubbele ontkenning	1.4	6.2	2.1	8.2	0.1	2.0	-	-	1.1	4.9	4.7
7.2 vir + objek	0.9	4.0	1.1	4.3	0.0	2.0	-	-	0.9	4.0	2.9
7.3 Sintaktiese eienaardighede	1.8	8.0	5.1	20.0	0.5	10.0	-	-	4.4	19.7	11.8
8 Woordeskat	3.6	15.9	8.6	33.7	1.2	24.0	0.9	25.7	3.2	14.3	17.5
Totaal: teksontleding	22.6	81.0	25.5	93.8	5.0	60.0	3.5	44.3	22.3	81.9	-
Totaal: artikel	27.9	81.0	27.2	93.8	8.4	6.0	7.9	44.3	27.2	81.9	-

Uit bg. tabel kan afgelei word dat die twee korter teksontledings (C - "Kaatje Kekkelbek" en D - "'n Brief van 1829" ) merkwaardig ooreenstem wat struktuur betref.

Ons vind dieselfde by die drie langer teksontledings (A,B en E). Behalwe by die totale is alle syfers wat 'n verskil  $\leq 1$  p en  $\leq 3\%$  toon, onderstreep om ook die merkwaardige ooreenkoms in lengte by die verskillende komponente aan te dui.

Dit is duidelik dat Scholtz hoofsaaklik op werkwoorde (altesaam 21,3 pp.) en sintaksis (21 pp.) gefokus het. Hy het ook redelik aandag aan woordeskat (17,5 pp.) bestee, terwyl lidwoorde (0.5 p) en selfstandige naamwoorde (0,8) vlug aangeraak is.

Dit is interessant dat Scholtz presies dieselfde patroon/volgorde 37 jaar later in Wording en ontwikkeling van Afrikaans volg. Hy val ook weg met klankleer en vervolg dan met die voornaamwoordelike stelsel, naamwoordelike stelsel, werkwoordelike stelsel, sintaksis en woordeskat.

Die hand van Scholtz die wetenskaplike is dus duidelik sigbaar, nie net in die strukturele opbou nie, maar ook in die statistiese verwerking van die materiaal.

Scholtz die groot dialekkerenner figureer by uitnemendheid in die teksontledings. Voorbeeldmateriaal uit die volgende dialekte word gegee: Gronings, Suid-Brabants, Suid-Hollands, die Betuwe, die Bommelerwaard, Wes-Vlaams, Suid-Nederlands, Fries, Noord-Brabants, Neger-Hollands, Amsterdams, Seeus, Drechterlands, Antwerps, Sliedrechts, Hollandse dialekte soos Ridderkerk, Bodegraven, Zwammerdam en Oud-Beierland en Nederlandse dialekte soos Leidens, Krimpen a/d Yssels, Utrechts en in die Nederbetuwe.

Alhoewel Scholtz merendeels na dialekte suid van die Yssel verwys, het hy ook heelwat Noord-Hollandse woordeboeke, bv. Ter Laan, K., Nieuw Groningen Woordenboek, Groningen 1929, geraadpleeg. Hy staar hom dus nie blind teen sy "teorie" dat Afrikaans net uit die suidelike dialekte ontwikkel het nie, maar versamel enige relevante linguistiese data.

Daar is ook verwysings na ander tale: Hoogduits, Platduits, dialektiese Duits, Engels en Frans.

Scholtz se bronnestudie by die vyf teksontledings is indrukwekkend. Hy het o.a. 24 woordeboeke/idioticons, sestien werke van Afrikaanse taalkundiges, sestien van Nederlands taalkundiges, een van 'n Duitse taalkundige, sestien reisbeskrywings, tien vroeë Afrikaanse geskrifte en vyf ander werke geraadpleeg (kyk bylaag H vir 'n volledige lys).

Volgens getuienis van mev. H.E.Z. Scholtz ('n persoonlike mededeling) en E.H. Raidt (Raidt 1980:11) het Scholtz Nederlandse dialekwoordeboeke van voor tot agter stelselmatig deurgewerk.

Die leser kan dus 'n redelike idee kry van die letterlik duisende ure se harde werk en voorstudie wat met die teksontledings van 'n 100 bladsye gepaard gegaan het. Scholtz het aan homself die hoogste norm van akkuraatheid (t.o.v. die opteken van relevante data) gestel, sodat hy dit nie "deur studente of assistente laat opteken nie, maar het alles self versamel met eindelose geduld en 'n byna hardnekkige uithouvermoë" (Raidt 1980:11).

Mens kan dus aanneem dat dieselfde mate van deeglikheid en stelselmatigheid ook by die publikasies van taalkundiges gegeld het sodat Scholtz goed op hoogte was van hul werk. Hy haal tien Afrikaanse taalkundiges se publikasies wat vanaf 1902 tot 1942 verskyn het, aan en twaalf Nederlandse taalkundiges s'n wat vanaf 1720 tot 1931 verskyn het. Die Duitse taalkundige G.F. Meyer se werk van 1921 word ook aangehaal. Scholtz is Duits goed magtig (gesien sy universiteitsagtergrond en Europese skoling).

Scholtz is deeglik op hoogte van alle bekende vroeë "Afrikaanse" geskrifte en hy kan dus parallelle trek met sy vyf tekste. Hy verwys o.a. na die taalgebruik van Wikar, Trichardt, Johanna Duminy, Adam Tas en Teenstra.

Dit is opmerklik dat die reisbeskrywings wat hier ter sprake kom, hoofsaaklik die tydperk 1770-1830 dek, alhoewel daar twee uit die tydperk 1830-1860 is. Van die reisbeskrywings is agt Engels, vyf in Nederlands, twee in Duits en een in Frans (vgl. Bylaag H). Daar is voorheen daarop gewys dat prof. Scholtz homself Frans geleer het tydens sy Europese omswerwinge en kunsbedrywighede en dat hy Frans vlot kon lees en goed verstaan.

Alhoewel Scholtz se bronneverwerking en bibliografie getuig van deeglike vakmanskap het hy vyf boeke uit die bibliografie weggelaat wat steurend aandoen. Die boeke verskyn, met 'n asterisk gemerk, in Bylaag H. Nog een, Onze Volkstaal word sonder outeur of ander besonderhede aangehaal.

Die waarde van Scholtz se werk lê nie net in die gedetailleerdheid en noukeurigheid waarmee hy die teksontledings gemaak het nie. Hy moet ook eer kry vir die aandag wat hy op Het Kaapsche Grensblad as belangrike navorsingsbron geplaas het, die twee tekste ("1829" en "1851") wat hy "ontdek" het en die versamel van ander tekste.

- i) Scholtz is volgens G.S. Nienaber (1942:XVII) die eerste navorser wat die aandag op Afrikaanse stukke in Het Kaapsche Grensblad gevestig het. Scholtz verwys na hierdie ou bewysplaas in sy artikel "Afrikaanse geskifte in ou Kaapse koerante en tydskrifte" (Scholtz 1935a).
- ii) Scholtz is die eerste navorser wat afgekom het op "Paay Schaapie" se brief van 1829 in The South African commercial advertiser en H. Bezuidenhout se brief van 1851 in Het Kaapsch Grensblad. G.S. Nienaber het tydens sy argivale navorsing ook die periode Julie 1844-April 1851 in Het Kaapsch Grensblad gedek, maar dit is Scholtz wat die vonds gemaak het.

iii) Scholtz het 19de-eeuse Kaapse koerante en tydskrifte stelselmatig deurgewerk as deel van sy speurtog na vroeë Afrikaanse tekste. Scholtz moes alle moontlike prototipes met die hand oorskryf. Hy het slegs die interessantste en vlotste stukke volledig gekopieer en by langer tekste slegs dié gedeeltes wat hy as belangwekkend t.o.v. taal en inhoud beskou het (vgl. Meurant).

Dit is jammer dat Scholtz nie 'n lys van die koerante en tydskrifte van voor 1860 wat hy geraadpleeg het, beskikbaar gestel het nie. (Daar is wel een vanaf 1860 in die Scholtz-versameling van die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek wat deur F.J. Ueckermann in sy M.A.-verhandeling van 1987 opgeneem is). Dit sou heelwat oorvleuelingswerk deur latere navorsers uitgeskakel het. Beide Scholtz en G.S. Nienaber (wat terselfdertyd en by dieselfde plek argivale navorsing gedoen het) het bv. die bewaarde gedeeltes van die volgende koerante volledig deurgewerk: Het Kaapsche Grensblad, Het Volksblad, The Cradock News, De Zuid-Afrikaan, The Friend of the Free-State, De Boerenvriend, The Overberg courant, The Graaff-Reinet advertiser en The Burghersdorp Gazette.

Uit bg. blyk dit dat Scholtz se "do it yourself"-houding (Raidt 1980:11) en weiering van die "stimulering wat uit spanwerk spruit" (Raidt 1980:14) soms die Afrikaanse historiese geskiedskrywing gekniehalter het.

Die skryfster meen ook dat Scholtz se oorversigtigheid om gevolgtrekkings te maak afbreuk doen aan die teksontledings. Met die magdom linguistiese gegewens tot sy beskikking, huiwer hy om linguistiese gevolgtrekkings te maak (vgl. Scholtz 1965a:42 waar hy die opvallende ontbreking van die tweede nie by hulpwerkwoorde aantoon d.m.v. talle voorbeelde en dan nog sê: "Vermoedelik is dit bloot toevallig"). Met die stof tot sy beskikking kon hy ook sosiolinguistiese, kultuurhistoriese en literêre uitkomstige gelewer het.

Hy poog glad nie om die variante van Afrikaans (bv. Boere-, Kleurling-, vreemdelinge- en stedelike-) te belig nie. Daarteenoor maak G.S. Nienaber uitsprake omtrent bg. variante van Afrikaans en gee dan "taalkundige uiteensettings om daarmee 'n bepaalde stelling aanneemlik te maak" (Nienaber 1942:iv). Hy vergelyk bv. die Hottentot-Afrikaans van Hendrik Kok, Adam Slokker en Kaatje Kekkelbek met die Boere-Afrikaans van Bezuidenhout. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Boere-Afrikaans meer konserwatief is t.o.v. sy afwyking van Nederlands en in 'n sekere mate nog 'n komponent van deftigheid en beskaafdheid bevat. Daarteenoor spreek Kleurling-Afrikaans van "onbeskaafdheid, ruheid en platheid" (volgens G.S. Nienaber).

F.J. Ueckermann wat sy gedetailleerde teksontledings van Samuel Zwaartman se geskrifte op die lees van Scholtz se teksontledings skoei (Ueckermann 1987:12), hoop dat dit sal "lig werp op taalverskeidenheid en taalvariasie en lei tot 'n duideliker begrip van die sosiohistoriese omstandighede wat Afrikaans laat ontwikkel het" (Ueckermann 1987:22).

Scholtz kon hom ook meer bemoei het met die styl van elke skrywer, die gees waarin die teks geskryf is, die briefvorm, literêre waarde ens. Mens verwag nie volledige dekking van hierdie aspekte nie; slegs kort relase waar dit lig op die taalgebruik kan werp.

Nienaber wys bv. daarop dat die verslag oor Hendrik Kok literêr kop, en skouers bokant sy tydgenote uitstaan - treffende karakterbeelding is aan die orde van die dag.

In Adam Slokker se brief is daar die sinspeling "Beldelaarsdorp" (vir "Bethelsdorp"), sowel as die eienaardige datum, "03 Junie 1 000. 800. 03" i.p.v. 30 Junie 1830, wat m.i. 'n bespreking regverdig.

In "1851" kon daar 'n bespreking gewees het van die briefbou (raamwerk en aanspreekvorme) en die logiese stap-vir-stap betoog van die briefskrywer.

Scholtz se taalgebruik is nie heeltemal bo verdenking nie. Hy maak hom skuldig aan die gebruik van 'n germanisme ("voorstelling" i.p.v. "opvoering" op p. 60), latinismes ("in casa" en "verbum dicendi... sentiendi" - p. 93), destydse kwetsende taal ("Kaffertaal" - p. 52) en verouderde terminologie ("enkelvoud" - p. 37, "perfektum" - p. 52, "historiese praesens" - p. 38, "verlede toekomstige tydsvorm" - p. 39 ens). Lg. terme het in onbruik verval "aangesien die grammatikale betekeniskategorieë nie meer as vormkategorieë in die taal wat hy beskryf, bestaan het nie" (Loubser 1967:492).

#### Slot:

Scholtz het vroeër taalkundige teksanalises aangepak, maar nooit uitgegee nie omdat hy dit self afgekeur het. In 1935 het hy bv. Afrikaans 1830-1860 geskryf en in 1941 Afrikaans 1825-1850. Eg. is bv. 'n ontleding van 'n teks geskryf deur 'n Hottentot van "Bedelaarsdorp" (De Zuid-Afrikaan van 20/8/1830) en 'n brief van 3/1/1845 wat in Het Kaapsche Grensblad (23/1/1945) verskyn het (Scholtz se dokumente-versameling in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek). Hierdie data is verwerk in sy latere studies.

Scholtz openbaar hom in die teksontleding van die betrokke vyf tekste as wetenskaplike van formaat, Nederlandse dialekkerenner by uitstek en kenner van die

Afrikaanse en Nederlandse taalkunde by uitnemendheid. Met hierdie deeglike studies verskaf hy sleutelstukke om die legkaart van die wording van Afrikaans, oftewel die Afrikaanse historiese geskiedskrywing te voltooi.

## Hoofstuk 4.6: TAALKUNDIG-KRITIES

Scholtz het as "waghond" van die Afrikaanse taal opgetree en met 'n kritiese blik na spelling, taalgebruik, taalkundige publikasies en die taalwetenskap gekyk. Die volgende kan as momente in sy taalkundig-kritiese bydrae beskou word:

### 4.6.1 1934: Bespreking van G.S. Nienaber, "Oor die Afrikaanse taal"

Hierdie resensie het op 23 Julie 1934 onder die opskrif "Jongste werk oor die Afrikaanse taal, belangrike dele en 'onnodige ballast'" in Die Burger verskyn.

Dis duidelik dat Scholtz 'n hoë premie op goeie taalgebruik plaas. Dis die komponent wat hy heel eerste ontleed by Nienaber. Hy meen dat Nienaber se taal dikwels onsuier en deurspek is met "vreemde en geleerde woorde" (Scholtz 1934b:3). Sy styl is ook soms te gemeensaam. Scholtz gee elke keer voorbeelde ter staving.

Scholtz kritiseer Nienaber se metode van afleidings maak uit die afwesigheid van getuienis by die ouere reisigers. Hy is ook nie oortuig dat "die kinderrykheid van Kaapse plattelandse families 'n belangrike invloed uitgeoefen het op die veelvuldige gebruik van die verkleinwoorde in Afrikaans nie" (Scholtz 1934b:3) (Scholtz kon egter 'n motivering vir sy onoortuigdheid gegee het). Hy bespreek en kritiseer Nienaber se gebrek aan duidelike konklusies uit sy stof en meen dat die "nodige helderheid in sy betoog" ontbreek.

Scholtz het ernstige beswaar teen Nienaber se gebruik van die bestaande literatuur: hy versuim dikwels om resente en relevante literatuur oor die onderwerp te raadpleeg of te vermeld (vgl. bv. Franken se artikels). Scholtz wys ook op die belang van ouer geskifte as bronnemateriaal waarin 'n bepaalde verskynsel ondersoek moet word, 'n waarheid waaraan Nienaber nie altyd gehoor

gegee het nie. Scholtz self gebruik werke oor Nederlandse dialekte as soekveld vir vergelykingsmateriaal. Hier kom hy op belangrike voorbeelde oor die dubbele negatief af waarop nog nie vantevore gewys is nie (uit A. van den Water se boek oor volkstaal van Oos-Bommelerwaard).

Scholtz vind by Nienaber verder 'n gebrek aan te weinig nuwe stof of nuwe ondersoek van bestaande bronne. Die weinig eie opmerkings wat hy maak i.s. die huidige stand van die Afrikaanse taalwetenskap regverdig nouliks die bladsye waarop dit staan.

Scholtz som Nienaber se doel en metode op en dui aan dat hy verder skryf oor verkleinwoorde en kernomringing deur partikels. Oor die verkleinwoorde oordeel hy dat daar te veel rond en bont gespring word. Hy sonder die hoofstuk oor kernomringing deur partikels uit as die belangrikste deel van die werk. Hy het ook lof vir Nienaber se studie van herhalingsverskynsels.

D.C. Hesseling deel Scholtz se mening oor Nienaber se werk alhoewel hy hom nie wou uitlaat oor taal en styl nie ('n brief aan Scholtz, datum onbekend).

#### 4.6.2 Bespreking van drie woordeboeke

Kyk 4.4.2.

#### 4.6.3 1950: Bespreking van G.G. Kloeke, Herkomst en groei van het Afrikaans

Hierdie resensie en korrektiewe artikel van die groot Nederlandse dialektoloog G.G. Kloeke, se omvattende werk Herkomst en groei van het Afrikaans het in 'n reeks artikels vanaf 14 Julie tot 4 Augustus 1950 in Die Huisgenoot verskyn. Dit is later opgeneem in Taalhistoriese opstelle.

Dit kan waarskynlik as Scholtz se belangrikste enkele artikel en die belangrikste gebeurtenis in 'n vir Scholtz roemryke jaar uitgesonder word en verg daarom dat ons langer daarby stilstaan. Volgens 'n persoonlike mededeling van Scholtz aan E. Raidt beskou hy hierdie resensie as 'n mylpaal en keerpunt in sy lewe. In sy kragmeting met dié groot naam het Scholtz vir die eerste keer die omvang van sy eie kennis besef en 'n tot dusver ontbrekende selfvertroue ontwikkel (Raidt 1980:12).

Scholtz se resensie het 'n roering in die taalkunde-wêreld laat ontstaan. Die belangrikheid en knapheid van hierdie resensie is deur Afrikaanse en Nederlandse vakgenote onderskryf:

- i) A.C. Bouman beskou dit as die enigste "deeglike" bespreking wat hy tot dusver gesien het ('n brief van 8/9/1950).
- ii) J.L.M. Franken het dit met "groot belangstelling en instemming gelees" (brief van 14/8/1950).
- iii) G.S. Nienaber beskou hierdie "grondige resensie" as van "prinsipiële belang" (Nienaber 1952:s.p.).
- iv) P. de V. Pienaar loof die "interessante en deeglike" en "diepgaande bespreking" wat aanleiding gee tot gedagteprikkeling. Hy het lanklaas iets dergeliks op die gebied van die Afrikaanse taalstudie gelees ('n brief van 22/8/1950).
- v) M. Schönfeld loof dit as 'n "grondige bespreking" ('n brief van 15/3/1951).
- vi) J.A. Verhage voel klein nadat hy die resensie gelees het. Scholtz se ongelooflike kennis het hom weer laat besef hoe min hy self weet. Hy hoop dat die resensie die verbreiding en aandag in Nederland sal geniet wat dit so ruimskoots verdien ('n brief van 22/10/1950).
- vii) Die laaste woord moet miskien aan G.G. Kloeke self gegun word: "Dit is een recensie zo grondig als men tegenwoordig maar zelden meer te lezen krijgt en geschreven door iemand met een kennis van zaken als

weinig. Ik heb er dan ook veel uit geleerd en zal met uw opmerkingen en aanvullingen zeer zeker mijn voordeel doen" ('n brief van 3/10/1950).

Ter inleiding vertel Scholtz iets meer oor Kloeke en sy belangstelling in en navorsing oor Afrikaans. Uit 'n briewewisseling tussen Scholtz en Kloeke blyk dit dat Scholtz en Kloeke heelwat oor die onderwerp gesels het tydens Scholtz se studiereis in Nederland (briewe van 6/6/1948, 25/8/1949 en 26/8/1950). Kloeke praat van hul "Gedankenaustausch" ('n brief van 26/8/1950). Dat hulle 'n lewendige diskussie oor die onderwerp aan die gang had, blyk ook uit Scholtz se wens om die resensie eerder self met Kloeke te bespreek ('n brief van 26/8/1950).

Kloeke het maar te deeglik besef dat hy nie al die kennis van Afrikaans in pag het nie. Hy meen dat mens maklik "blunders" kan maak sonder goeie voorligting oor Afrikaans (wat hy van Scholtz gekry het,) aangesien dit moeilik is om vanaf 'n afstand te oordeel ('n brief van 6/6/1948). In dieselfde brief doen hy ook navraag oor 'n ongepubliseerde tesis wat sy kennis oor die taal van Van Riebeeck moontlik kon uitbrei.

Voor sy publisering van die boek in 1950 skryf hy 'n paar keer aan Scholtz om sy insigte te toets. In 'n brief van 25 Januarie 1949 sê hy dat daar nie sprake is van Afrikaans as 'n mengsel van 'n verskeidenheid Europese dialekte nie. Ondanks sy taalgeografiese ondersoeke van die Nederlandse en Nederduitse taalgebiede kon hy geen bestanddeel in Afrikaans aanwys wat bestempel kan word as Nederduits, Fries, Gronings, Drents, Gelders, Limburgs, Vlaams en miskien Brabants nie. Vermenging het plaasgevind insoverre 'n laag van ABN oor Suid-Hollands heengeskuif het.

In 'n brief van 25 April 1949 bespreek hy die ouw-vorme en die relikbewaring daarvan in die taal van die Kleur-

linge. Hy wys ook op die onderskatting van die invloed van die standaardtaal op Afrikaans en meen dat Afrikaans in die agtiende eeu "verdefstig" is.

Kloeke se werk is gekritiseer deur ander taalkundiges. P. de V. Pienaar is "teleurgesteld met die wetenskaplike opset" en met sy gevolgtrekkings uit dialekmateriaal (brief van 22/8/1950). Scholtz meen ook dat daar met versigtigheid gebruik gemaak moet word van dialekkaarte vir die rekonstruksie van sewentiende-eeuse taaltoestande (Scholtz 1963a:247).

A.C. Bouman beskou Kloeke se werk as "onoortuigend en te eensydig" (brief van 8.9.1950). J.L.M. Franken reken dat dit "swak en alles behalwe oortuigend" is (brief van 14/8/1950). W.Gs. Hellinga sê dat dit "fundamenteel onwetenschappelijk" is (brief van 14/10/1950).

Scholtz is dit eens met Kloeke se opvatting van taal in die algemeen, sy ondersoekmetode, die stof waarop sy uitsprake gegrond is, asook die belang van Suid-Hollandse dialekte vir die verklaring van sekere Afrikaanse vorme teenoor standaard-Nederlands. Scholtz se meningsverskil met Kloeke geskied dus binne 'n min of meer "gemene paradigma" (Roodt en Venter 1984:230). Die ooreenstemming tussen die twee blyk uit die feit dat Kloeke 'n aangehaalde sitaat van Scholtz as motto gebruik vir 'n spesifieke afdeling (vgl. Kloeke 1950:228).

Die twee groot geskilpunte is die ontstaansdatum en die herkomsgebied van Afrikaans. Kloeke meen dat Afrikaans alreeds in die 17de eeu bestaan het, terwyl Scholtz 'n geleideliker wysiging en heelwat later datum ondersteun.

Die hoofpunt van verskil is die herkomsgebied. Kloeke meen dat Afrikaans 'n suidelike Suid-Hollandse kleur het, terwyl Scholtz reken dat die gebied nie nader as ten suide van die IJ, ingeslote Amsterdam, afgebaken kan word nie. Scholtz noem heelwat voorbeelde uit Amsterdams

om sy mening te staaf. Vgl. vorme op -t -nuwert (Scholtz 1963a:245), vremd (Scholtz 1963a:247) en bort as 'n siekteverskynsel. Die spesifieke ooreenkomste tussen Afrikaans en suidelike Suid-Hollands wat Kloeke in sy werk sinjaleer, het vir Scholtz selde voldoende bewyskrag. Hy vind opvallende verskille n.a.v. voorbeelde uit Oud-Beierland. Vgl. bv. die diminutiefvorming (Scholtz 1963a:243). J. A. Verhage bevestig Scholtz se opmerkings oor verkleiningsuitgange in Oud-Beierlands. In 's Gravendeel het hulle hom Jannechie (i.p.v. Jantjie) genoem (in 'n brief van 22/8/1950). Scholtz wy 'n hele afdeling aan Verdere onverantwoorde nadruk op (suidelik) Suid-Hollands (Scholtz 1963a:245). Hy meen dat die veelvuldige oorgang van d in j na velare vokale die sterkste ten gunste van Kloeke se argument getuig, maar bevraagteken selfs dit (Scholtz 1963a:250). Alhoewel Suid-Afrika en suidelike Suid-Holland dus as tipiese relikgebiede beskou kan word (Scholtz 1963a:252), wil dit nie summier meen dat lg. alleen Afrikaans se herkomsgebied is nie. In hierdie verband vind P. de V. Pienaar Scholtz se wysigingsteorie teen die einde van sy bespreking aanvaarbaar en hy sien uit na die dokumentêre bewyse daarvan ('n brief van 22/8/1950). Kloeke meen dat Scholtz se soeklig te veel en te skerp op die herkomsgebied val, aangesien hy dit self nie so pertinent in sy werk noem nie ('n brief van 3/10/1950).

Scholtz volg 'n sekere werkwyse in sy weerlegging van Kloeke se hoofargumente. Hy meld die opskrif wat Kloeke gebruik het en die hoeveelheid bladsye wat hy aan 'n sekere onderwerp wy. Hy gee dan Kloeke se stellings weer (soms onder die hofie "Kloeke se stellings") en weerlê dit met self-versamelde gegewens (soms onder die hofie "Bestryding van Kloeke"). Soms maak hy kantaantekeninge (by "Ingwaeonismen" en "niet-dialectischè" woorde in Afrikaans) waartydens hy Kloeke se werk toelig.

Met Scholtz se wydgeskakeerde kennis van dialekte kon hy dikwels Kloeke verkeerd bewys of aanvul, alhoewel Kloeke se dialekmateriaal oorvloedig en "up to date" is volgens

A.C. Bouman ('n brief van 8/9/1950). Hy verwys na Chan-  
guion se publikasie en die Haagse gebruik van -ie wat  
Kloeke ontsnap het (Scholtz 1963a:235). Hy bevestig  
Kloeke se verwagting dat vorme met uu ook buite Drech-  
terland voorkom met voorbeelde uit Sliedrechts en Wes-  
Vlaams (Scholtz 1963a:235). Ter wille van volledigheid  
vul hy Kloeke se materiaal aan. Vgl. spru (Scholtz  
1963a:242) en karsie (Scholtz 1963a:240). Hy wys ook op  
die dialektiese ondersoeke van dikmelk en kiesieblaar  
wat nog onderneem moet word ter aanvulling van kaas  
(Scholtz 1963a:239). Scholtz het die woorde wat Kloeke  
nie behandel het nie, op kaartjies gesit en data oor  
hulle probeer verkry (Scholtz-versameling, Stellenbosse  
Universiteitsbiblioteek).

Daar is enkele plekke waar Kloeke 'n woord as dialekties  
en Scholtz dit as bo-dialekties bestempel. Vgl. teiken  
(Scholtz 1963a:246).

Kloeke reken dat Scholtz meer as hy geneigd is om woorde  
tot die 17de-eeuse taalgoed te reken ('n brief van 3/10/  
1950). Scholtz beskou koeël bv. nie as 'n direkte Duitse  
ontlening nie, maar as 17de-eeuse Hollands (Scholtz  
1963a:234). Alhoewel hy geen bewysplase het nie, wil hy  
moeg ook onder 'n 17de-eeuse vaandel plaas (Scholtz  
1963a:248).

Op sommige plekke laat Kloeke se kennis van Afrikaans  
hom in die steek en kan Scholtz daarop verbeter of hom  
aanvul. Scholtz ken bv. derduiwel en kuken onder bejaar-  
des in die Boland (Scholtz 1963a:236). Scholtz wys daar-  
op dat du en hu nie Afrikaans is nie (Scholtz 1963a:  
241). (Die skryfster ken wel du in Afrikaans). By Kloeke  
se verklaring van klawer toon Scholtz eg. se gebrekkige  
kennis van Afrikaans en Afrikaners. Kloeke sê op 'n la-  
ter stadium ('n brief van 29/7/1952) dat sommige van sy  
voorbeelde met groot stelligheid as on-Afrikaans afgewys  
is, maar dat hy altyd "goede zegslieden" gehad het.

J.L.M. Franken meen dat Kloeke slegs 'n beperkte deel van die klanktoestand aansny en die mees karakteristieke kenmerke van Afrikaans ter syde laat, bv. sk vir sch. Scholtz verwys terloops na hierdie leemte, maar het volgens Franken nie diep genoeg gesny met sy kritiek nie ('n brief van 14/8/1950). Kloeke se Nederlandse kollegas reken dat sy werk nie modern genoeg is in die sin dat dit nie fonologies van opset is nie ('n brief van A.C. Bouman, 8/9/1950). M.i. kon Scholtz hier die ontleedmes dieper laat sny het.

Dit blyk dat Scholtz se resensie veel indruk gemaak het op Kloeke en dat hy werk gemaak het van Scholtz se opbouende kritiek. Hy het sy formulering i.s. die suidelike Suid-Hollandse kleur van Afrikaans noukeurig onder die loep geneem om te kyk of hy dit nie oorbeklemtoon nie. I.s. Scholtz se opmerkings oor die diminutiefvorming in die suide het Kloeke reeds aangespreek om 'n mondelinge ondersoek te lods. Hy verwerp sy eie en neem Scholtz se verklaring van die uu-kwessie aan. Hy is ook besig om stof te versamel vir 'n herdruk. Hy erken dat hy die boek te veel op sy eentjie en in afsondering geskryf het en dat hy nou heelwat beter sal vaar omdat hy 'n "echo" het (brief van 3/10/1950).

Kloeke meen dat 'n historiese grammatika van Afrikaans slegs geskryf kan word deur 'n spanpoging van Nederlanders en Afrikaners in "voortdurende gemeenschappelijke collaboratie" ('n brief van 8/7/1950). Die skryfster is van mening dat Scholtz die ideale persoon was om so 'n grammatika te skryf. Sy grondige kennis van Afrikaans, sy wye belesenheid t.o.v. die Nederlandse dialekte waarmee hy selfs 'n bekende dialektoloog soos Kloeke die loef afsteek, sy kennis en insig van die onderwerp, sy kontak met Nederlandse vakgenote - alles kwaliteite wat blyk uit hierdie resensie - maak hom m.i. die geskikste persoon.

Met sy Kloeke-resensie het Scholtz 'n lewendige debat aan die gang gesit wat tot groot voordeel van die beskrywingsgeskiedenis van Afrikaans was. N.P. van Wyk Louw verwys na die reaksie wat Scholtz ontlok en die respek wat hy afgedwing het: "As ek kyk hoe ver jy die stof laat uitslaan, dan beseft ek weer dat hierdie gebied van my 'vak' 'n gebied is waar ek maar net maaiër kan wees, nie saaiër nie" ('n brief van 15/9/1950).

#### 4.6.4 Kommissaris-generaal Van Rhee de en die ontstaan van Afrikaans

Hierdie tekskritiese analise het die eerste keer in 1963 in Taalhistoriese opstelle verskyn.

Kloeke se uitgangspunt by die ontstaansdatum van Afrikaans ('n prinsipiële verskil met Scholtz) berus op 'n uitspraak van Van Rhee de oor die taalgebruik in 1685. Scholtz ag dit nodig om indringend (19 bladsye), "opnuut en krities" (Scholtz 1963a:257) Van Rhee de se stellings te bekyk, aangesien die taalkundige wêreld soveel waarde daaraan heg.

Scholtz het in 1928 reeds baie belang gestel in Van Rhee de se uitlatings en het getwyfel aan Blommaert se interpretasie daarvan. Hy het die betrokke passasie deur 'n Amsterdamse medestudent laat ontleed (Scholtz 1963a: 273). 35 jaar later besluit hy om dit self tekskrities te ontleed.

Hy gaan metodies te werk. Hy begin met die ontdekking van Van Rhee de se stellings en haal die betrokke passasie aan. Daarna verwoord hy die afleidings en bespiegelingen wat die ontdekker daarvan, die historikus W. Blommaert, daaruit gemaak het.

In 'n volgende afdeling bespreek hy verskeie vakkundiges se reaksies op Blommaert se ontdekking en interpretasie. Hy som dan die reaksies op en toets Blommaert se inter-

pretasie aan verskeie norme, nl. die konteks van die passasie, die agtergrond waarteen dit geskryf is en 'n korrekte vertaling.

In Scholtz se bespreking van die verskeie reaksies wys hy onwetenskaplike benaderings uit. Die meeste gebruik Blommaert se interpretasie of gedeeltes daarvan om hul eie ontstaansteorie te onderskryf. Oor die algemeen aanvaar hulle dit as onomstootlike getuienis sonder om die bewyskrag daarvan te toets.

J.J. le Roux aanvaar dit sonder enige voorbehoud, hoewel hy Blommaert t.o.v. 'n ander argument uitvoerig bestry. D.B. Bosman aanvaar dit goedsmoeds sonder 'n "beredeneerde interpretasie" (Scholtz 1963a:260). Alhoewel D.C. Hesseling en A.C. Bouman ook nie Van Rheede se uitsprake analiseer nie, interpreteer hulle dit wel anders as Blommaert.

Dit wil oor die algemeen lyk asof Van Rheede se uitlatings taalkundiges se mening oor die ontstaan van Afrikaans heelwat verander het - hulle stel dit nou heelwat vroeër. Ook J.L.M. Franken is sterk deur Blommaert se interpretasie beïnvloed. Hy aanvaar dit, maar wyk in sy verklaring van die ontstaan van die taalvorm af. In Kloeke se opmerkings bestry hy Hesseling se teorie met Van Rheede se uitlatings. Alhoewel J.J. Smith meen dat die taal waarna Van Rheede verwys "surely not Afrikaans but creolised Netherlandish (is)" (Scholtz 1963a:267), beredeneer hy nie sy Engelse vertaling en interpretasie van Van Rheede se woorde nie.

Scholtz beoordeel Blommaert se interpretasie eerstens aan 'n buitelinguistiese norm, nl. die agtergrond waarteen Van Rheede se woorde gebesig is. Hy slaag daarin om aan te toon dat die spesifieke omstandighede van Van Rheede se eerste dae aan die Kaap wel 'n beduidende rol kon gespeel het.

Tweedens gebruik hy 'n linguistiese norm. Hy kom met 'n eie vertaling van die passasie nadat hy die rol van die vae funksies en verwarrende sintaksis van deelwoordkonstruksies in ag geneem het.

Hy neem Blommaert se drie gevolgtrekkings een vir een en bespreek hulle in detail. Hy weerlê waar nodig met bewysvoering. Hy wys bv. daarop dat die taal van "al ons volck", "de onse" en "onse Nederlanders" eerder na die taal van die Kompanjiesamptenare as na "kolonistetaal" verwys, beoordeel aan die sosiolinguistiese norm (Scholtz 1963a:270).

M.i. skort daar 'n slotbeskouing waarin Scholtz sy waarde-oordeel oor Van Rheede se uitlatings eksplisiet verwoord. Dat Scholtz Van Rheede egter hier sorgvuldig ontleed, staan nie te betwyfel nie. Van Haeringen prys die artikel as: "Het geheel is lectuur van hoge rang" (1964:28). L.C. Eksteen bewonder Scholtz se knap analisering van die teks en sy uitwys van: "...one of the tenets of an earlier uncritical approach to this problem" (1968:67).

#### 4.6.5 1964: Kritiek op Afrikaanse taalgebruik

Hierdie artikel het in April 1964 in Standpunte, nuwe reeks 52, jaargang XVII, no. 4, verskyn. Scholtz se beswaar teen die taalgebruik van die Sestigters is in Van Wyk Louw se Inleiding tot A.P. Brink se Windroos (1964) opgeneem.

Dit reflekteer Scholtz se gemoeidheid met die keurige gebruik van Afrikaans. Hy maak hom groot sorg oor die taalgebruik van veronderstelde vakmanne. Scholtz skaar hom by diegene wat "Afrikaanse publikasies werklik krities lees met die oog op taalgebruik" (Scholtz 1964:32). Hy stel selfs ondersoek in na die taalgebruik in skoolleesboeke en handleidings ten einde die grondbeginsels wat gelê word, te beoordeel. Hy spreek boekresensente

aan om taalgebruik sentraler en duideliker omlyn in hul resensies te stel. Vgl. Scholtz se resensie van Nienaber se boek (4.6.1).

Vir hierdie artikel het Scholtz kantaantekeninge gemaak by die reisverhaal Sempre diritto van André P. Brink.

Die norme wat hy gebruik in sy beoordeling is:

- i) opvallende foute veral t.o.v. woordgebruik,
- ii) onversorgde woordgebruik en
- iii) vreemdsoortige woordgebruik.

Hy sonder anglisismes, vreemde woorde, boeikerige Nederlands (wat dikwels verkeerd aangewend word) en snaakse eie skeppings uit as kenmerkend van Brink se taal, maar definitief nie goeie taalgebruik nie. Hy gee talryke voorbeeldmateriaal by elk van bg. Brink meen dat Scholtz hom met reg oor sy taalgebruik gekapittel het. Dit het hom egter heelwat beïnvloed, want van toe af was hy meer versigtig met sy taalgebruik (Gesprekke met skrywers:6).

Scholtz laat blyk watter norme hyself o.a. vir keurige taalgebruik stel (Scholtz 1964:36):

- i) "behoorlik versorg",
- ii) "onopgesmuk" en
- iii) "afwesigheid van alle aanstellerigheid".

Bg. kan aangevul word uit Scholtz se bydrae tot die AKE (Scholtz 1943:band 4:72): "Die mens met verstand en smaak wat gesteld is op hulle taal en bewys gelewer het dat hulle Afrikaans eenvoudig en tog doeltreffend kan praat en skrywe." T.o.v. die opneem van "vreemde elemente" meld hy dat 'n gesonde taalgevoel die enigste regter is (Scholtz 1943:band4:72). Bg. norme wat Scholtz hier redelik terloops formuleer, is taalkundig vaag en weinig presies omskewe.

Scholtz het blykbaar min respek vir die taalgebruik van die Afrikaanse prosaïste gehad. Hy meen dat hulle 'n soort "geweldenaarstaal" skryf om effek te soek. Hy noem

dit "letterkundige onsedelikheid" ('n brief aan M.E.R. - 27/2/1945). Daarteenoor het hy baie van die kiese manier waarop M.E.R. Afrikaans geskryf het, gehou; Sy het eerbied vir die betekenis van woorde en die uitdrukking van hulle klank.

Tydens 'n onderhoud met J.C. Kannemeyer was die eerste rede wat hy aangevoer het waarom hy soveel respek vir Scholtz as taalkundige het, die absolute presiesheid waarmee Scholtz Afrikaans hanteer. Hy skryf 'n baie suiver Afrikaans sonder enige tierlantyntjies. Uit vandag se oogpunt kan dit miskien as ouderwets en deurspek met neerlandismes beskou word.

Heelwat van die mense met wie die skryfster onderhoude gevoer het, het verwys na Scholtz se goeie beheer van die taal. Blykbaar het Boerneef Scholtz as die beste Afrikaanse taalgebruiker beskou {onderhoud met mev. H. (Jordaan) Lambrechts}. Van Wyk Louw is dieselfde mening toegedaan: "Geeneen van hulle ken Afrikaans tog beter as Canis Scholtz nie!" ('n brief van Van Wyk Louw, 30/8/1955).

Scholtz se perfekte Nederlands is ook deur etlike persone geprys. Hy en W.E.G. Louw was volgens J.A. Verhage se oordeel die enigste twee Suid-Afrikaners wat Nederlands perfek kon besig - op sigself 'n subjektiewe opmerking en wetenskaplik ongekontroleerd.

#### 4.6.6 1979: "Boerneef se taal"

Hierdie artikel het in Die Burger van 30 Mei 1979 verskyn.

Scholtz ag dit wenslik dat streektaalwoorde of woorde uit besondere maatskaplike kringe in prosatekste verduidelik word (n.a.v. 'n opmerking van H. Aucamp in hierdie verband). Uit Boerneef se Versamelde prosa gee Scholtz historiese verduidelikings vir bokrin en nimlike. bokrin

is 'n woord wat hy al in 'n paar studies bespreek het. nimlike verklaar hy uit die Duits en negeer dit as 'n saamgetrekte vorm van vernaamlike volgens die getuienis van 'n Sederbergse donkieman. Hy grond sy verklaring op die aanneemlikheid van die klank- of vormverandering sowel as die betekenisverskuiwing en kontroleer dit dan aan 'n Duitse woordeboek.

#### 4.6.7 Bespreking van M. Valkhoff

Tussen sy dokumente in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek is 'n afskrif van M. Valkhoff se werk Studies in Portuguese and creole gevind. Scholtz het heelwat kantaantekeninge gemaak en het 'n resensie beoog.

Tydens 'n onderhoud met E.H. Raidt het sy dit bevestig en gesê dat Scholtz destyds baie lank aan hierdie resensie gewerk het en 'n taalkundig-kritiese studie beoog het. Hy het dit nooit voltooi nie omdat hy gevoel het dat hy te emosioneel sou raak.

Scholtz het uittreksels uit Valkhoff se publikasie op velletjies en kaartjies aangebring met opmerkings in rooi langsaan. Scholtz reageer dikwels met 'n uitroep, vraagteken of die onderstreping van die gedeeltes waarop hy wou reageer.

Hy bevraagteken Valkhoff se aanduiding van sy hooftema en sien dit eerder as 'n aanval op Afrikaanse taalkundiges. Hy betitel dan ook sy eerste afdeling as "Oordeel oor taalkundiges".

Scholtz het dit veral teen Valkhoff se veralgemenings oor Afrikaanse taalkundiges as albosentriste en diachroniese puriste. Scholtz meen dat die puristiese strewe alleen gerig is teen anglisismes. Hy het veral fel gereageer teenoor Valkhoff se bewering dat gedeeltelike kreolisering van Afrikaans en die bydrae van die nie-blanke sprekers tot die taal vir die blanke sprekers onaanvaarbaar is.

Scholtz maan tot 'n versigtigheid wat die toedig van woorde aan Maleis-Portugese herkoms betref in die lig van die moontlike oordrag deur koloniste uit Oos-Indië.

Scholtz wys op etlike voorbeelde waar Valkhoff nie Hesseling se mening juis weergee nie. Valkhoff is ook verkeerd dat Hesseling bykans glad nie bestudeer is nie. Hy beplan o.a. self om Schulling se oordeel oor Hesseling se teorie in 'n artikel by te haal.

Hy korrigeer die "curious example of albocentrism" wat Valkhoff voor die deur van D.B. Bosman lê deur te meld dat Bosman ook blanke kinders saam met die "vreemdelinge" onder "taalkinders" gereken het. Lg. is 'n term wat gereeld deur Bosman in sy lesings gebruik is en sover die skryfster dit met sy oud-studente gekontroleer het, is dit nooit (i) minagend/kwetsend bedoel nie en (ii) het dit bepaald blanke kinders ingesluit.

Scholtz merk op dat Valkhoff Nienaber se "twyfelagtige etimologieë" weergee. Hy verwys later na die gevolgtrekkings wat Valkhoff maak n.a.v. die foutiewe etimologieë Boesman en hartbeeshuisie.

Scholtz wys op etlike mistastings i.v.m. H.J.J.M. van der Merwe: hy is o.a. nie verteenwoordigend van alle Afrikaanse taalkundiges nie, daar is ook bydraes van ander taalkundiges in sy boek en Van der Merwe het wel Hesseling geraadpleeg volgens sy bibliografie.

Scholtz lewer bewysvoering ter opponering van Valkhoff se opinie dat Afrikaanse taalkundiges sake nie binne 'n wêreldkonteks sien nie a.g.v. isolasie. Hy voer aan dat 81 Afrikaners in 1913 aan Nederlandse universiteite studeer het en baie ander op ander plekke in Europa.

Scholtz kap teë op Valkhoff se stelling dat Hollands as nasionale taal moes verdwyn omdat 'n nuwe nasionaliteit hier gebore is. Volgens Scholtz is 'n nuwe nasionaliteit en 'n nuwe taal hier gebore.

Scholtz het probleme met Valkhoff se beroep op die "impartial reader" en die verwysing na homself as 'n "impartial observer".

Op Valkhoff se vraag waar die naam Afrikaans vandaan kom, sê Scholtz dat dit 'n afkorting vir Afrikaans-Hollands is volgens die afkorting Kaaps vir Kaaps-Hollands en American uit American English.

Scholtz het dit teen Valkhoff se hele betoog oor die Suid-Afrikaanse linguïste wat hulle sou skuldig maak aan "political compartmentage" en hulle linguïstiese probleme op 'n doktrinêre of diktatoriale wyse probeer oplos. Scholtz het dit ook teen die etikette wat Valkhoff rondom Afrikaanse taalkundiges se nekke hang, bv. "the most reviled P.J. du Toit".

'n Volgende gedeelte betitel Scholtz "Verbreding van Kreools-Portugees van die weste na die ooste, ook aan die Kaap". I.v.m. die twaalf trekke van Kreools-Portugees wat Valkhoff uitsonder, vind Scholtz slegs twee in Afrikaans en dan "opmerklik swak".

Scholtz wys op etlike plekke waar Valkhoff homself weerspreek asook ander plekke waar sy ondersteuning van Hesselings van "baie swak argumentasie" getuig. Scholtz had dit kennelik ook teen die gebruik van modale bywoorde by Valkhoff om die neutraliteit van 'n stelling weg te neem.

Hy wys op 'n aantal voorbeelde uit Valkhoff se werk wat Valkhoff se beaming van Kindersley se stellings weerlê.

Scholtz kom telkens op voorbeelde af waar Valkhoff nie fyn genoeg gelees het nie. Valkhoff sê bv. n.a.v G.S. Nienaber se lyste uit Franken dat 32 teenoor tien burgers Portugees verstaan het. Scholtz gee die korrek-tief.

Scholtz wys op die verkeerde vertaling van Van Rhee de se woorde dat baie slawekinders "sonder eenigh onderscheyt" die Nederlandse taal 'spreek'. Scholtz vertaal dit as "sonder enige uitsondering" i.p.v. "without any difference". Scholtz wys verder op die verkeerde interpretasie van Blommaert se uitspraak.

I.v.m. onwettige geslagsverkeer met slavinne haal Scholtz sy eie aantekeninge by en verwys na publikasies van Beckman, De la Caille, Mentzel en Van Rhee de in dié verband. Hy meen dat Valkhoff se verhaaltjie ter illustrasie vir sensasiedoeleindes is.

Op taalkundige gronde is Valkhoff se argumente ook nie altyd waterdig nie. Scholtz wys daarop dat die slawe en Hottentotte nie die taal volgens hul artikulasiebasis kon verander nie aangesien die verskille hoofsaaklik morfologies en sintakties van aard is.

Scholtz wys op die parallel wat Valkhoff tussen Afrikaans en die Kreools-Portugees van St. Thomas probeer trek het. Scholtz sê dat hierdie taal in sy struktuur radikaal van Afrikaans verskil (fonologies, morfologies en sintakties).

As Valkhoff reduplikasie aan kreolisering toeskryf en die voorbeeld gou-gou noem, meld Scholtz die Nederlandse glij-glij en impliseer dat Valkhoff sy eie taal nie goed ken nie.

I.v.m. die dubbele ontkenning wys Scholtz Valkhoff daarop dat Afrikaans van Kreools-Portugees verskil. Valkhoff het òf 'n baie onvolledige en eensydige kennis van die Afrikaanse vakliteratuur in hierdie verband òf hy vergeet iets so gou dit nie by sy opvattinge pas nie. Scholtz verwys hom na sy eie werk in dié verband (Scholtz 1963a:87-89).

N.a.v. Hesseling se mening oor oorblyfsels van Hollands op Ceylon noem Scholtz vier punte van foutiewe redenering.

Valkhoff verwys twee keer na Scholtz: "A cautious scholar" en "a diachronic purist", lg. 'n aanhaling waarop Scholtz nie eens reageer nie.

Dit is dus te verstane waarom Scholtz nie wou reageer op Valkhoff se uitlatings nie: dit sou te moeilik wees om onemosioneel en objektief te reageer op Valkhoff se emosionele, subjektiewe en dikwels verregeande bewerings. Scholtz het blykbaar ook gesê dat daar te veel onjuiste bewerings en emosionele betoë is sodat hy nie op alles kon reageer en dit verwerk tot 'n artikel nie (onderhoud met mev. Scholtz).

Van Wyk Louw begryp goed hoekom Scholtz nie die boek wou resenseer nie. Hy het self 'n paar "nare" gesprekke met Valkhoff gehad. Valkhoff reken dat hy feitlik 'n religieuse plig uitgevoer het deur die stagnante Afrikaanse taalkunde aan te pak (iets soortgelyks aan die werk van die Tagtigers). Louw het reguit aan Valkhoff gesê dat hy die leek teenoor die vakmanne is ('n brief van Louw - 4/1/1967).

#### 4.6.8 Gekant teen anglisismes en verengelsing

Scholtz wil voortdurend anglisismes en verengelste vorme uit die taal weer. Hy het nie dieselfde beswaar teen neerlandismes nie; sy eie taal is deurspek daarmee.

Hy meen dat anglisismes deel van onversorgde omgangstaal vorm en dat die gebruik daarvan as "'n gebrek aan beskawing" gesien kan word (Scholtz 1980a:105).

Hy meen dat dit 'n skande is dat die plaasnaam Helderberg verengels is tot Happyvale (Scholtz 1979a:17) en dat Kaapse straatname verengels is (Scholtz 1982:s.p.).

#### 4.6.9 Taalkundige versorging

Scholtz was behulpsaam met die taalkundige versorging van verskeie digters en skrywers se manuskripte. M.E.R. het Scholtz se wenke oor taalkundige versorging so hoog aangeslaan dat sy haar "Scholtz-bybel" saam met haar woordeboek langs die tikmasjien gehou het ('n brief van M.E.R., ongedateer). Scholtz as "taalkundige medewerker" was betrokke by ander skrywers en digters (kyk hoofstuk 5.3). Hy was ook uitgewers behulpsaam met die taalkundige keuring van manuskripte (kyk hoofstuk 5.3).

In 1931 en 1932 het hy op versoek van prof. R.W. Wilcocks al die verslae van die Carnegie-kommissie oor die armblanke-vraagstuk voor publikasie taalkundig versorg.

#### 4.6.10 Werksaamhede op die Taalkommissie

Soos reeds gesê het Scholtz vanaf 1944 af op die Taalkommissie gedien en was hy behulpsaam met die beleid en praktyk gevolg met die opstel van Die Afrikaanse woorde-lys en spelreëls vanaf die sesde uitgawe (vgl. afdeling 4.4.2.4).

In 1945 raadpleeg hy dr. A.J.A. Roux, die Stellenbosse sekretaris van die Fakulteit van Natuurwetenskap en Tegniek i.s. die spelling van vakterme (brief van 27/8/1945). In 1949 stel hy 'n memorandum op oor die gn/nj-kwessie (bewaar in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad).

In 1952 vind Scholtz die samestelling van die nuwe Spelreëls onbevredigend (brief van 18/5/1952). Hy voer 'n briewewisseling met S.P.E. Boshoff oor etlike wisselvorme (briewe van Scholtz aan Boshoff, 21/2/1952 en 18/5/1952, en briewe van Boshoff aan Scholtz, 22/5/1952 en 4/3/1952).

In 1956 bedank Scholtz uit die Taalkommissie. S J du Toit, sekretaris van die Taalkommissie, en F.C.L. Bos-

man, sekretaris van die Akademie, neem met leedwese kennis van Scholtz se bedanking (briewe van 30/7/1956 en 7/5/1956).

Slot:

Soos 'n goue draad verweef in sy taalkundige oeuvre is Scholtz se kritiese ingesteldheid. Sy taalkundige arbeid kan dus bykans alles onder "taalkundig-krities" beskou word. Bg. is egter uitgesonder weens hul spesifieke taalkundig-kritiese opset.

## HOOFSTUK 4.7: SOSIO-HISTORIES

Scholtz is nie net 'n voortreflike taalhistorikus nie; hy openbaar homself ook as geskiedskrywer van Afrikaans soos blyk uit die volgende sosio-historiese bydraes:

4.7.1 1939: Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875

"En vir Anna sal ek arms opstry, maar nie vir jou nie. Al was dit net omdat ek Die Afrikaner en sy taal gelees het, weet ek dat ek op jou oordeel my kan verlaat" ('n brief van M.E.R. aan J. du P. Scholtz, gedateer 4.9.50). Dit sal blyk deur die res van die betoog dat hierdie groot werk van Scholtz destyds heelwat indruk gemaak het. Vgl. ook die volgende twee menings:

"Die Afrikaner en sy taal word vandag nog beskou as die voortreflikste werk oor die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner van 1652-1875 ten opsigte van sy ontwikkeling op taal-, identiteits- en kultuurgebied" (P.J. Nienaber 1987:87).

"... in the field of linguistics his book Die Afrikaner en sy taal is the definite book on the subject, and his work in this field is acknowledged by everybody" (F.R. Bradlow in 'n toespraak tydens 'n onthaal wat ter ere van Scholtz se werksaamhede by die V.R.V. gehou is).

Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 is die proefskrif waarmee Scholtz in 1939 gepromoveer het tot doktor in die Lettere aan die Universiteit van Utrecht. Die belangrikheid van hierdie bydrae tot die Afrikaanse taalkunde word erken deur die bekroning in 1943 met die Hertzog-prys vir wetenskaplike prosa. 36 jaar later word dit heruitgegee deur NASOU by die herdenking van die 50-jarige bestaan van die Nasionale Pers - 'n aanduiding van die relevansie van Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875.

Hierdie publikasie handel oor die voorgeskiedenis en ontstaan van die Afrikaanse taalbeweging. Scholtz baken die onderwerp af tot die eksterne geskiedenis (alhoewel dit natuurlik belangrike agtergrond bied vir inwendige taalontwikkeling) en tot die Kaapprovinsie. Scholtz plaas die soeklig op die tydperk 1806-1875. Alhoewel daar baie bekend is oor die Afrikaanse taalbeweging, is daar voor Scholtz se omvangryke studie min bekend oor hierdie tydperk (latere werk oor hierdie tydperk verwys dan hoofsaaklik ook na Scholtz volgens Venter 1965:65). Hierdie tydperk behels 'n driekwart eeu van verengelsing aan die Kaap. Scholtz fokus veral op die reaksie en gesindheid van die koloniste teenoor verengelsing. In elke hoofstuk het hy 'n onderafdeling wat pertinent na hul gesindheid verwys - vanaf aanvanklike apatie tot nasionale ontwaking.

Antonissen (1965:91) wys op drie belangrike gevolgtrekkings/afleidings waartoe Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 kom, nl:

- 1) Die Hollandse Kerk was die belangrikste bolwerk in die Nederlandse taalstryd;
- 2) daar bestaan 'n belangrike verband tussen taal- en nasionaliteitsbesef en
- 3) slegs 'n Afrikaanse taalbeweging kon die voortbestaan van die Dietse kultuur in Suid-Afrika red (die gevolgtrekking waartoe Scholtz in sy slot kom).

Die titel - Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 - verteenwoordig heelwat omstredenheid.

Scholtz bespiegel self oor die wenslikheid van die titel: hy meen dat "Taalbewussyn en Nasionale bewussyn van die Afrikaner, 1806-1875" of "Kaaplandse Afrikaner en sy taal" straks meer gepas sou wees. J.J. le Roux (1939:91) stem by implikasie saam met Scholtz se alternatief no. 1, aangesien die werk handel oor die nasionale gesindheid van die Afrikaner en sy houding teenoor sy taal. Venter (1965:62) meen egter dat Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 Scholtz se taalwetenskaplike arbeid tipeer.

Daar kan ook aangevoer word dat Scholtz met hierdie titel dieselfde volksnasionalistiese neiging openbaar as taalkundiges van 'n "voor-paradigmatiese tydperk" (vgl. Roodt en Venter 1984) soos D.B. Bosman en S.P.E. Boshoff. Boshoff se proefskrif heet bv. Volk en taal van Suid--Afrika en hy praat in sy voorwoord van 'n "kultuurhistoriese inslag." In dieselfde trant sou Bosman graag die titel van Scholtz se werk as "Geboorteweë van 'n nasie wou sien." Alhoewel Scholtz se werk kultuurhistories van aard is (hy sê self in sy slot dat die G.R.A. nie net 'n taalgenootskap was nie, maar gestaan het "ver ons Taal, ons Nasie en ons Land"), gaan Bosman se voorstel glad nie op nie. Bosman se voorstel sowel as Scholtz se slotopmerkings is retories, nasionalisties en ignoreer die taalkundige aspek. Dis buitendien emosioneel gelaai, nie objektief nie en teen die wetenskaplike grein van die boek.

Die titel Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 is ook nie bokant kritiek verheve nie. Die term Afrikaner is eksklusief beperk tot die blanke sprekers van Afrikaans. Dat daardeur nie die hele spraakgemeenskap betrek is nie, is 'n leemte. In dié opsig het die werk sy beperkings en stel hy hom bloot aan veral hedendaagse kritiek.

Scholtz se hoofstukindeling dien as voorbeeld van sy besonder sistematiese werkwyse. Hy verdeel die tydperk 1806-1875 in vier kleiner tydvakke wat die voorgeskiedenis van hoofstuk 5 - Die Afrikaanse taalbeweging - verteenwoordig. Sy hoofstukindeling lui as volg:

- 1) 1806-1828 (Oorname deur Engeland en Somerset se verengelsingsordonnansies);
- 2) 1828-1854 (Hollands word nog in die Kerk gehandhaaf);
- 3) 1854-1865 (die hoogtepunt van die verengelsingsbeleid en apatie van die koloniste);
- 4) 1865-1875 (ontwaking van 'n nasionaliteitsgevoel, veral by plattelandse Afrikaners) en
- 5) Die begin van die Afrikaanse taalbeweging wat hy onder voorgeskiedenis en die Afrikaanse taalbeweging bespreek.

Binne hoofstukke een tot vier word nog verder gesistematiseer. Hy onderskei die volgende terreine waarop die verengelsing plaasvind en ondersoek hulle elke keer in dié volgorde: bestuur en regspleging, openbare lewe, onderwys en kerk.

'n Tekortkoming van die "kunsmatige" indeling in tydvakke en verkenning van elke terrein, is dat daar geen deurlopende samevattende geheel is nie. 'n Pluspunt is egter dat elke terrein weer onderafdelings het wat in die inhoudsopgawe weergegee word ('n bonus vir die kritiese én vlugleser en 'n aspek wat hierdie publikasie se tydgenote, bv. Boshoff se Volk en Taal van Suid-Afrika (1921) in die skadu stel). Die waarde van die werk word m.i. ook verder verhoog deur die Byvoegsel by hoofstukke drie en vier - Die taalonderwys op skool - wat 'n empiriese ondersoek in die klein verteenwoordig. Scholtz plaas hier die resultate van sy verwerking van gegewens uit die jaarverslae van die superintendent-generaal van onderwys oor die hoeveelheid leerlinge wat Hollands leer in verhouding tot Engels.

Scholtz se versameling van 'n magdom gegewens en sy wetenskaplike werkwys het lof uit alle oorde ontvang. Hier volg 'n kort oorsig van die resepsie van hierdie werk deur hoofsaaklik sy tydgenootlike leserspubliek.

Antonissen (1965:91) verwys as volg hierna: "...stap vir stap nougeset vervolgte beskrywing" en "...sy deeglikheid, die grondige begrip van die bronne, die onaantasbaarheid van die geskiedenisbeeld wat dit geskep het en sy voorbeeldige objektiwiteit."

Bosman (1939:29) praat van "'n wetenskaplik grondig gefundeerde verhandeling."

F.J. Labuschagne (1940:34) som Scholtz se arbeid as volg op: "Die gegewens vir dit alles is moeisaam en met bewonderenswaardige geduld en noukeurigheid versamel ..." en (p. 35): "...deurgaans 'n hoë wetenskaplike peil gehand-

haaf het, objektief probeer staan het teenoor sy gegewens; sy gevolgtrekkinge is weloorwoë (vgl. sy gevolgtrekking i.v.m die Afrikaanse taalbeweging as die enigste wat 'n Dietse oorlewing aan die Kaap moontlik kon maak) en sy uitsprake suiwer gestel en regverdig".

Le Roux (1939:92) beweer as volg: "Die skrywer wek dadelik vertrouwe deur die deeglike wetenskaplike manier waarop hy te werk gegaan het."

Scholtz maak effektief van voetnote gebruik om gegewens in die teks te rugsteun en die leser na ander bronne te verwys. Scholtz maak egter nooit 'n stelling sonder om dit te verantwoord nie; selfs nie in die voetnote nie. Voorbeeld: "Kaapse jongmeisies was blykbaar onder die eerste om Engels te leer" (Scholtz 1965:4). Dan haal hy Barrow uit An account of Travels en uit Gleanings in Africa aan om sy stelling te motiveer. Gleanings (1806:259) sê bv.: "A knowledge of the English language is not amongst the least acquirements of the fair sex at the Cape. Several of them speak it with fluency and correctness of pronunciation."

Venter (1965:64) verwys na die gegewens as "noukeurig versamel, gekeur en deeglik geannoteer." Scholtz het hom deur sy gegewens laat lei volgens sy tradisie van "die feite laat praat" (Raidt 1980:4), Hy erken dan ook in die Voorwoord dat "die werk oorspronklik kleiner en anders van opset was as waartoe dit onder die hand ontwikkel het." Scholtz het later van die materiaal wat hy nie ingesluit het in sy boek nie, in sy lesings verwerk (onderhoud met mnr. en mev. H.A. Lambrechts).

Labuschagne (1940:35) kritiseer Scholtz omdat hy nie die feit dat Afrikaner-koloniste Hollands as skryf- en kultuurtaal en Afrikaans as spreektaal besig, genoegsaam in aanmerking neem nie. Hy erken egter dat daar nie direkte bewysmateriaal hiervoor is nie. Scholtz laat hom dus nie deur enige vooropgesette idee/teorie lei nie, maar slegs deur sy gegewens.

Dat Scholtz ook nie geskroom het om sy ontleedmes diep in te steek nie, blyk uit die volgende uitsprake van Venter (1965:64): "ontstellende eerlikheid", "onpartydig geoordeel" en "soeke na regte motiewe". So bv. het Scholtz nie geskroom om Pannevis se werklike doel met die Bybelvertaling in Afrikaans uit te wys nie; Pannevis wou nie Afrikaans bevorder nie, maar dit gebruik as 'n medium om die Bybel aan die Kleurlinge oor te dra.

Die waarde van 'n wetenskaplike werkwyse blyk uit die feit dat daar in 1965 bykans nie nodig was om 'n verandering/aanvulling aan te bring by sy 1939-uitgawe nie. Daar was geen studie sedert 1938 wat 'n verandering noodsaak nie. Dit is 'n aanduiding dat sy werk die toets van die tyd weerstaan het. Venter (1965:65) sê dat sy "wetenskaplike duidelikheid" herbevestig word. M.E.R.prys hom as 'n "navorsers" en "waarheidsaanhanger" (brief van 2/6/1953).

Scholtz beveel in sy voorwoord tot die 1965-uitgawe aan dat lesers ook Die ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868-1881 (F.A. van Jaarsveld, 1957) lees. Lg. bied 'n polities-geskiedkundige perspektief (i.p.v. Scholtz se taalhistoriese) en bespreek ook toestande buite Kaapland.

Scholtz sê dat die veranderings wat hy in die nuwe uitgawe aanbring hoofsaaklik taalgebruik behels ("skryftaalgagtige" woorde word vervang met suiwerder Afrikaans) en 'n klein bietjie inhoud in hoofstuk vyf.

Scholtz maak van 'n magdom bronne gebruik. Die materiaal vir die geskiedenis van die Engelse maatreëls verkry hy uit amptelike stukke (regeringspublikasies, bv. Votes and Proceedings of the House of Assembly, 1854-1875). Die gesindhede van koloniste meet hy uit berigte wat in kontemporêre koerante en tydskrifte verskyn het, sowel as land- en reisbeskrywings. Hy raadpleeg Hollandse sowel as Engelse koerante en tydskrifte wat sedert 1824 verskyn het.

The South African Commercial Advertiser, 1824-1834 en De Zuid-Afrikaan, 1830-1875 is voorbeelde van koerante waarna hy menigmaal verwys en Excursions in Southern Africa (Napier, 1849) is maar een van die talryke reisbeskrywings waarvan hy gebruik maak. Insiggewend hier is die verwysings na reisbeskrywings in Frans en Duits wat hy benewens die Nederlandse en Engelse beskrywings geraadpleeg het.

Vir die afdeling oor die geskiedenis van die taal in die Hollandse Kerk gebruik hy gepubliseerde en ongepubliseerde argivale bronne en koerantverslae van sinodale vergaderings (die sg. Acta Synodi, 1824-1873). Vir sy spesifieke verwysings na die Kaapse Kerk gebruik hy persverslae van die vergaderings van die kerkraad en Die Kaapse Kerk en die Groot Trek (Dreyer 1929). Interessant is dat hy selfs almanakke soos die African court calendar (1802-1814) gebruik. Scholtz se voorkeur om met primêre bronne te werk i.p.v. om op ander studies staat te maak, blyk duidelik wanneer mens sy lys van bronne bestudeer.

Dis 'n jammerte dat Scholtz nie insae gehad het in bronne van Arabies-Afrikaans nie. Daar was met Scholtz se herdruk wel A. van Selms se werk Arabies-Afrikaanse studies I: 'n tweetalige Arabies en Afrikaanse Kategismus (1957) waarmee Scholtz moes rekening hou. Van Selms vestig die aandag op 'n inleiding tot die Moslem-geloof wat in 1856 verskyn het. Die boek heet Boek van die besondere woord betreffende die uitleg van sake van die godsdiens en is in 'n vorm van Afrikaans geskryf, maar in Arabiese skrif. Die boek word in Indonesië bewaar sodat dit moeilik onder Scholtz se aandag sou kom. Hy kon Van Selms se artikel miskien al onder oë gehad het (hy vermeld dit in sy bronnelys agterin Wording en ontwikkeling van Afrikaans). So ver die skryfster kon nagaan, was daar geen ander aanduidings dat verdere bronne van vroeë Afrikaans bestaan het met Scholtz se herdruk nie.

Scholtz se styl in Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 word in die algemeen lof toegeswaai. Venter (1965:65) voer aan dat dit vlot lees en dat daar min werke van dié aard is waarvan die taal en redaksionele versorging so goed is. Bosman (1939:29) sê dat daar "geen vertoon van geleerdheid" is nie en dat die werk "maklik verteerbaar" is. Labuschagne (1940:35) praat van 'n "welversorgde, keurige styl" wat min in wetenskaplike werke aangetref word. M.E.R. lees die werk dan ook wanneer sy die behoefte aan geselskap het ('n brief van 2/6/1953).

Venter (1965:66) se kritiek teen die omvangryke gebruik van "hul" en die verkeerde gebruik van "had" is m.i. nie geldig nie. Die skryfster stem egter saam dat bysinne wat met "dat", "of", "sodat", "voordat", "wat" en "waartoe" begin, waarin die passief gestel word en waarin hulpwerkwoorde voor die deelwoorde voorkom, vreemde konstruksies is. 'n Voorbeeld hiervan is: "Dat die vernaamste moeilikhede hiermee sou ondervind word" (eerder "ondervind sou word").

"n Subjektiewe waarneming is dat die werk nie so maklik lees nie en dat die taalgebruik soms hinderlik aandoen. 'n Paar voorbeelde word ter illustrasie aangehaal:

- i) "bevreem" as 'n neerlandisme in: "Die redakteur, Jan Hofmeyr, erken dat die ontevredenheid onder die gemeentelede hom bevreem het" (1965:157);
- ii) te gekompliseerde, omslagtige sinskonstruksies soos: "Dat by alle sosiale geleenthede, soos dinees en dergelike, waaraan Engelse sowel as Afrikaners deelgeneem het, Engels die voorrang sou geniet of uitsluitend gebruik sou word, spreek byna vanself" (1965:142). (ook die wisselvorm "uitsluitend" i.p.v. "uitsluitlik");
- iii) "onderwys" i.p.v. "onderrig" in: "Dit word nie meer onderwys nie" (1965:114);
- iv) "'n poging gedoen" i.p.v. "'n poging aangewend, gewaag" (1965:137) en
- v) Woorde soos "ondoenlik", "onafwysbaar" (1965 :137).

Bogenoemde woorde kom almal in die HAT voor, maar word m.i. nie so geredelik in die spreektaal gebruik soos hul wisselvorme nie en val dus vreemd op die oor.

Die sosiolinguistiek kan heelwat gebruik maak van Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 omdat Scholtz so baie dokumentering het. J. Esterhuysen meen dat Scholtz "onbedoeld" die eerste bewuste tekens van blanke linguistiese distansieëring dokumenteer (Esterhuysen 1987: 11). Scholtz haal 'n brief aan waarin Pannevis die spraakvorm van gekleurdes stigmatiseer. Vgl.: "Al wat ek tot hier toe in it Afferkaans gelees het, is veel meer Hottentots Afferkaans as iets anders. Ons moet uitvind hoe spreek it beskaafde deel fan ons folk" (Scholtz 1965:195). Pannevis distansieer hom van "Hottentots-Afferkaans" en verwys na "ons" as synde die Afrikaners.

Esterhuysen se bewering (1987:9) dat Scholtz hier op die eerste tekens van verwydering tussen blanke en nie-blanke Afrikaanssprekende wys, is m.i. vergesog.

Volgens Esterhuysen verwys Scholtz ook na 'n brief van S.J. du Toit (1965:197) wat die etnosentrisiteit en eksklusiwiteit van die Afrikaanse taalbeweging illustreer (alhoewel Scholtz glad nie daarop wys nie). Du Toit tref 'n onderskeid tussen Here-, Boere- en Hottentots-Afrikaans en kies dan die Boeretaal as standaardtaal. Scholtz sê dus by implikasie (soos ook uit ander gedeeltes en die titel blyk) dat Afrikaans eksklusief die taal van die Afrikaner is.

Deur hom te beperk tot die N.G. Kerk en die ontwakende nasionaliteitsgevoel as parameter te neem, kry sekere groepe sprekers van die taal (d.w.s. die nie-Afrikaners), die Islam, slawe en die sg. kleurlinge op sendingstasies, dorpe, op plase en in ander kerke nie die nodige aandag nie.

Dit lyk m.i. egter ongegrond om Scholtz summier as etnosentries af te maak (soos my meegedeel in 'n onderhoud met Jan Esterhuysen). Alhoewel sy Afrikanersentimente

bekend was en bg. kritiek opgaan, moet dit as ondergeskik aan die wetenskaplike, objektiewe aard van hierdie publikasie gesien word.

Ten slotte: hoekom was 'n belangrike werk soos Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 vir bykans 20 jaar onverkrygbaar (1965:voorwoord) en het dit, behalwe vir 'n opflikkering in 1965, weer in "onbruik" verval?

Labuschagne het al in 1940 (1940:35) gewys op die besondere belang van hierdie werk vir die taalkundige, onderwys-historikus, kerk-historikus en die kultuur-historikus. 25 jaar later herhaal Venter (1965:66) hierdie sentimente deur te sê dat dit binne die bereik van alle taalonderwysers, dosente en ander taalbelangstellendes behoort te wees.

Hoekom was dit vir 20 jaar onverkrygbaar en het dit vandag redelik in onbruik verval (soos aangetoon deur die datumstempels binne die etlike eksemplare wat in die Jagger-biblioteek, die UPE-biblioteek en die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek onder oë geneem is)?

Die skryfster wil dit toeskryf aan:

- i) Scholtz se skuheid vir publikasie (hy is herhaalde male deur NASOU gevra om die werk reg te kry vir herdruk) (vgl. ook Raidt 1980:3);
- ii) dit is "moeilik verteerbaar" (vgl. die baie voetnote, "bombardering" met 'n onuitputbare stroom gewens - vgl. Scholtz 1939:27 - en lang, omslagtige sinne) en
- iii) die geskiedskrywing van Afrikaans se tyd is al lankal verstreke en moes o.a. plek maak vir die sinchroniese taalbeskouing.

Met Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 het Scholtz egter goeie en deeglike grondnavorsing gedoen waarop latere navorsers in enige rigting (m.a.w. enige vertakking van bv. die taalkunde, letterkunde, geskiedenis) verder kan bou.

4.7.2 1939: "Die verdwyning van die Franse taal in Suid-Afrika"

Hierdie artikel het die eerste keer op 7 September 1939 in Die Burger verskyn. Dit is later opgeneem in Afrikaans uit die vroeë tyd (1965). Dit is geskrywe op versoek van Die Burger by geleentheid van die 250-jarige herdenking van die koms van die Hugenote en is ook later opgeneem in die Hugenote-Gedenkuitgawe van die Groote Schuur (tydskrif van die Universiteit van Kaapstad).

Scholtz se doel met die artikel is om aan te toon dat Frans nie so 'n groot invloed op Afrikaans gehad het as wat algemeen aanvaar word nie. Alhoewel dit nie in die gees van sy opdrag is nie, kan hy as streng wetenskaplike nie 'n studie met vooropgesette idees aanpak nie, maar slegs die werklikheid so getrou moontlik rekonstrueer. Hy agterhaal eerstens die geskiedenisagtergrond om sy aksioma wat hy tydens vorige studies reeds taalkundig bewys het, te ondersoek en moontlik te bevestig. Tweedens verwys hy saaklik na die uitkomst van taalkundige studie in dié verband.

Scholtz maak die bedoeling van die Nederlandse bewindhebbers duidelik, nl. dat die Franse moes verhollands. Dit wou nie sê dat hulle onderdruk of uitgeroei moes word nie, volgens Scholtz. Hy bevraagteken Engelse skriftelike bronne wat die Kompanjie-beleid in hierdie verband as hard en onredelik wil voorstel. Hy word dit self nie wys uit die dokumentasie wat hy raadpleeg nie.

Scholtz verwys voortdurend na die briewewisseling tussen die Klassis Amsterdam en die Franse kerkraad. Hy het dit opgeteken uit C. Spoelstra se Bouwstoffen voor de geschiedenis van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Z.A (1907). Hy het ook Graham Botha, J.L.M. Franken, H.C.V. Leibbrandt en J.J. Smith geraadpleeg.

Scholtz wys op die baie voorregte wat die Franse geniet het: 'n eie predikant vir so lank as daar eentalige

Franse is, 'n eie gemeente, tweetalige onderwysers en die feit dat hulle van woonplek kon verander om bymekaar te bly.

Scholtz meen dat die vertrek van ds. P. Simond die agteruitgang van die taal verhaas het. Hulle het blykbaar geveg vir die behoud daarvan (nieteenstaande hul aanleer van die nuwe taal): hulle het bv. aangedring op Franse kerkdienste. Hulle stryd was egter tevergeefs: hulle het nie eers 'n agste van die koloniste uitgemaak nie en hul getalle sou nooit aangevul word nie en hulle kon nooit Frans in amptelike stukke gebruik nie.

Scholtz reken dat Frans teen 1725 "reeds op sterwe na dood" was (Scholtz 1965a:229). Hy skryf dit grotendeels toe aan hul gesamentlike verset met die Hollandse koloniste teen die regering van die dag. Frans het verdwyn a.g.v. 'n natuurlike proses van assimilasië.

Ten slotte wys hy op die geringe invloed wat Frans op Afrikaans gehad het - hoogstens drie of vier woorde, verouderde vrugtename. Hy negeer uitdruklik die Franse invloed by konstruksies soos die dubbele negatief en 'n verskynsel soos nasalering.

M.i. is Scholtz nie heeltemal geregverdig om die invloed van die Franse taal tot niks te reduceer nie. Hy het self nie 'n grondige studie onderneem nie, maar baseer sy mening op geïsoleerde verskynsels (bv. die dubbele negatief) en woorde wat algemeen aanvaar word 'n Franse kleur het, maar wat hy ook in 17de-eeuse Hollandse volkstaal opgespoof het. Sy historiese materiaal in hierdie artikel is ook eensydig aangesien dit slegs getuïenis aangaande die kerklike sfeer lewer.

#### 4.7.3 1943: Die mens se taal

Die wye repertorium van Scholtz se arbeid kan verder aan sy bydrae tot die Afrikaanse Kinderensiklopedie gesien word. Hy was alleen verantwoordelik vir die afdeling:

Die mens se Taal wat in Bande 1-5 van die ensiklopedie verskyn. Tydens 'n bestudering van sy hoofstukindelings kom mens diep onder die indruk van:

- i) Sy globale kennis van tale en
- ii) sy styl wat spesifiek op 'n kindergehoor gerig is (in teenstelling met sy ander werk wat gewoonlik so wetenskaplik en "moeilik verteerbaar" is).

In die eerste hoofstuk, Eerste ontdekking van taalkundiges (Scholtz 1943:band 1:33-37), gee hy 'n historiese perspektief gebaseer op die 19de- en 20ste-eeuse filologie.

In die tweede hoofstuk, Die tale van die aarde (Scholtz 1943:band 2:23-29), wys hy op die metodologie wat gevolg word by die "maak" van tale en hoe taalgeleerdes te werk gaan.

In die derde hoofstuk, Die taalfamilies (Scholtz 1943: band 2:23-29), is sy uitgangspunt die genealogiese indeling van tale.

Die vierde hoofstuk, Hoe praat ons? (Scholtz 1943: band 3:25-30), wy hy aan die fonologie en fonetiek, taalverwerwing en die fisiologiese aspek.

In die vyfde hoofstuk, Waar kom ons woorde vandaan? (Scholtz 1943:band 4:44-47), bespreek hy etlike interessante voorbeelde van leksikologiese en semantiese belang, o.a. die Afrikaanse "t" en die Duitse "z", klanknabootsende woorde en die herkoms van die woord muis.

In die sesde hoofstuk, Wat is suiwer taal? (Scholtz 1943: band 5:45-51), gaan hy normatief te werk en bespreek dan ontlening in Afrikaans. Scholtz het min te sê oor die sosiolinguistiek.

Scholtz vind op 'n treffende manier aansluiting by die leefwêreld van die kind. Ter illustrasie kan die volgende voorbeelde genoem word:

- i) Sy aanhaling in die Inleiding tot hoofstuk vier: "'n Bekende geleerde het eenkeer gesê dat die meeste mense in die eerste vyf jaar van hul lewe meer werk doen as ooit daarna" (Scholtz 1943:band 3:25) laat die kind dadelik "tuis" voel in hierdie hoofstuk waar die tradisioneel-moeilike fonetiek aangeraak word. Die kind word nie "doodgegooi" met die geleerde se naam nie, hy ervaar dadelik 'n soort belangrikheid asook selfvertroue aangaande sy taalvermoë as hy agterkom waarna die vyf jaar se arbeid verwys.
- ii) Daar is volop illustrasies en foto's ter visualisering van die teks. Daar is bv. 'n foto van 'n baba (Scholtz 1943:25). In die onderskrif meld Scholtz dat die babatjie van nege maande al woorde soos "baba" en "da-da" kan sê, alhoewel hy nog nie weet wat dit beteken nie. Scholtz prikkel die kind se nuuskierigheid deur aan te raai dat hy die volgende paar bladsye lees ten einde die baba se geheim agter te kom.
- In hoofstuk ses het hy prentjies van 'n esel, kar en sak (woorde uit Latyn ontleen). Die kind word dan tot selfwerkzaamheid aangespoor deur nog dinge in die prentjie te soek waarvan die name aan Latyn ontleen is.
- iii) Hy maak effektief van kaarte gebruik. In hoofstuk een gebruik hy 'n kaart van Meillet en Cohen wat hy vereenvoudig het om die Europese tale aan te dui. In hoofstuk drie het hy 'n taalkaart van die wêreld sodat die kind nie te verstriek raak in die magdom taalfamilies waarna hy verwys nie.
- iv) D.m.v. vrae probeer hy die kind se nuuskierigheid prikkel asook hom aanspoor tot selfstandige denke (Voorbeelde hiervan is legio, bv.: "Vanwaar kom die woord 'muis'?" )

v) Hy vermy terminologie soos "onomatopee", "anglismes", "eiegoed" en "leengoed", maar verwys onderskeidelik na "name wat klanke naboots", "waarom leen Afrikaans nie meer uit Engels nie?", "eie woorde" en "vreemde woorde".

Daar is nog talle voorbeelde om te getuig van die gawe van Scholtz om 'n magdom gegewens en moeilike begrippe by die kind tuis te bring en vas te lê.

Ten slotte wys Scholtz die kinderleserspubliek op die bestaansreg van Afrikaans mits dit tot sy volle reg as kultuurtaal kom.

#### 4.7.4 1965: "'n Dramatiese geskiedenis: ds. W. Robertson en J.L. Fourie"

Hierdie artikel het in April 1965 in Standpunte verskyn.

Scholtz het op 'n dramatiese stukkie geskiedenis afgekom terwyl hy taalkundige stof in De Zuid-Afrikaan versamel het. Behalwe dat dit in hoofsaak 'n lekker leeshappie is, illustreer dit die verhouding tussen 'n Afrikaanse gemeentelid en 'n ingevoerde Skotse predikant in die 19de eeu.

Scholtz rekonstrueer die hele geskiedenis deur 'n brief van J.L. Fourie (een van die hooffigurante) wat op 22 Julie 1836 in De Zuid-Afrikaan verskyn het, 'n brief van ds. Robertson (ook een van die hooffigurante) wat die vorige week in dieselfde koerant verskyn het en reaksies op hierdie briewe wat hoofsaaklik Fourie se standpunt steun. Scholtz gebruik dus nooit 'n enkel brokkie gegewens, maar probeer dit altyd kontroleer.

Scholtz gee nie net die letter van die geskiedenis nie, maar ook die gees weer om J.L. Fourie se "opgewonde styl" (Scholtz 1965:1) te verwoord. Hy toon dus 'n vermoë om ou tekste nie net taalkundig nie, maar ook stilisties te ontleed.

Hy skets die verhaal van die uitgestelde huweliksbevestiging van Fourie en 'n baba wat sodoende kort na hul huwelik gebore is. Ds. Robertson was baie rigied t.o.v. die kerklike tug wat lei tot heelwat botsings tussen hom en Fourie oor die doop van lg. se kind. Die eintlike dramatiese geskiedenis word verhaal as Fourie met kind voor die preekstoel gaan staan terwyl die dominee nog nie sy toestemming gegee het vir die doop nie.

Tipies Scholtz gee hy nie net 'n eensydige perspektief nie, maar stel ook ds. Robertson se kant van die saak. M.E.R. het later meer besonderhede aangaande ds. Robertson aan Scholtz gestuur wat die kenmerke van hom waarmee die Fourie's slaags was, bevestig. Sy skryf self oor hom in haar Oorlogsdagboek ('n brief van M.E.R., 23/6/1965).

Scholtz se verhaal oor Robertson word ingesluit in die Swellendamse museum se Robertson-versameling ('n brief van M.E.R. - 23/6/1965).

#### 4.7.5 1969: "Die groei van Afrikaans tot volwaardige gebruikstaal"

Hierdie artikel het oorspronklik verskyn in 'n bylaag tot Die Burger van Maandag, 8 September 1969 en is later opgeneem in Wording en ontwikkeling van Afrikaans (1980). Die styl is meer populêr van aard (soos ook die tweede artikel). Vgl. bv. die halfbakke term "amper-Nederlands" (Scholtz 1980:109).

Scholtz weerlê in hierdie hoofstuk die algemene opvatting dat Afrikaans uitsluitlik 'n plattelandse of Boere-taal was. Dit is ook deur die verskillende sosiale strata (regsgeleerdes, predikante, amptenare, handelaars, joernaliste ens.) van die stedelike gemeenskap gebesig, alhoewel die woordeskat van die stedelike milieu meer intellektueel was.

Scholtz se aanname berus hoofsaaklik op 'n brief wat die Kapenaar C.H. Persoon uit Amsterdam aan sy ouers skryf, maar word ook gerugsteun deur talle ander gegewens wat Scholtz in die Kaapse argief versamel het, woordeliks gerapporteerde gesproke taal en reisbeskrywings.

Nadat Scholtz op die lokale en sosiale geskakeerdheid van die gebruik van Afrikaans gewys het, wys hy op verdere genuanseerdheid. Die gebruiksfrekwensie van Afrikaans was aanvanklik beperk tot spreektaal. Dit het egter gevorder na skryftaal na literêre taal na vaktaal totdat dit eindelik as volwaardige kultuurtaal gevestig is.

Scholtz bepleit ten slotte 'n ontplooiing van Afrikaans op alle terreine; onderwerpe wat tradisioneel in Engels beskryf word, moet nou ook deur Afrikaans gedek word.

Scholtz se deurlopende gemoeidheid met die "ontstaansdatum" van Afrikaans, blyk uit sy vasstelling daarop as ongeveer 1770.

#### 4.7.6 1970: "External/internal history of Afrikaans"

Scholtz het in 1966/1967 die geskiedenis van Afrikaans aanvanklik vir 'n Afrikaanse ensiklopedie (wat nooit die lig gesien het nie), geskryf. Hy het dit later vertaal vir Standard encyclopedia of Southern Africa (1970). Hy het verbeterings en aanvullings aangebring by die Engelse teks en dit later uitgegee as Wording en ontwikkeling van Afrikaans (1980). Vir 'n bespreking daarvan kyk 4.1.2.1.

#### 4.7.7 1970: "Hesseling, Derck Christiaan"

Hierdie kort teks wat Scholtz vir die Standard Encyclopedia of Southern Africa oor die Nederlandse taalkundige geskryf het, is veral van belang omdat dit:

i) 'n aanloop tot Hesseling se belangstelling gee,

- ii) sy besondere bydrae tot die Afrikaanse historiese taalkunde beskryf,
- iii) ander ontstaansteorieë bespreek en
- iv) Scholtz se siening oor sy eie "ontstaansteorie" gee.

- i) Hesseling se belangstelling het vanaf argeologie (waaroor hy 'n doktorsale tesis geskryf het) tot klassieke Grieks (wat hy onderrig het) tot moderne Grieks (wat hy aan die Leidense Universiteit doseer het) ontwikkel. Vir sy studie oor die ontstaan van moderne Grieks wou hy 'n parallel met 'n ander jong taal (wat uit 'n klassieke ontwikkel het) trek - vandaar sy belangstelling in Afrikaans.
- ii) Hesseling kan hom nie assosieer met die spontane ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands nie. Hy distansieer hom ook van 'n verreikende invloed van Frans, Duits, Hottentots, Bantoe en Engels. Hy ken hierdie pertinente posisie toe aan Maleis-Portugees ('n term wat hy skep as synde die taal van die slawe) op grond van sosio-historiese gegewens en ooreenkomste in woordeskat en sintaksis tussen Afrikaans en Maleis-Portugees. Hy verwoord sy sg. Maleis-Portugese of kreoliseringsteorie in talle artikels (bv. in 1897 in De Gids) en 'n boek Het Afrikaansch in 1899. Hy pas sy kreoliseringsteorie ook op Neger-Hollands in die Deense Antille toe.

Scholtz loof Hesseling omdat hy die eerste taalkundige was wat 'n wetenskaplike studie oor die ontstaan van Afrikaans gemaak het en ook oor sy hoflik, gekultiveerde deelname aan polemieke - sonder enige persoonlike aanvalle.

- iii) Scholtz verwys vlug na die ondersteuners (P.J. du Toit en Marius F. Valkhoff) en teenstanders (o.a. D.B. Bosman, Scholtz self en G.G. Kloeke) van Hesseling se teorie.
- iv) Scholtz beklemtoon die mindere waarde wat hy aan 'n ontstaansteorie heg. Hy beskou die ontwikkeling van

Afrikaans as 'n geleidelike proses en negeer heeltemal Hesselling se botsingsteorie. Hy baseer sy teorie op 'n massa gegewens wat hy versamel het uit 18de-eeuse briewe, petisies en verslae deur Kaapse burgers.

Met hierdie kort, ensiklopediese bydrae bring Scholtz hulde aan een van die eerste taalkundiges wat oor Afrikaans gewerk het.

4.7.8 1971: Biografie van M.E.R.

Scholtz word in 1971 deur J.J. Spies, redakteur van SESA, gevra om 'n ingeslote biografie van M.E.R. te verbeter en uit te brei ('n brief van 10/11/1971).

4.7.9 1975: Wie was die eerste Afrikaner?

Hierdie artikel het in 'n bylaag tot Die Burger van Vrydag, 10 Oktober 1975, verskyn. Scholtz het egter die belangrike "Naskrif" op 11 Desember 1979 geskryf en gebruik gemaak van materiaal wat hy al in 1945 versamel het. Hiervoor het hy 'n indrukwekkende lys bronne deur-gewerk: ou land- en reisbeskrywings, historiese studies, Voortrekker-argiefstukke 1829-1849 en Records of the Cape Colony, Februarie 1793 tot April 1831.

Hierdie artikel sentreer om die uitroep van Hendrik Bibault in 1707: "'kben een Africaander". Scholtz weerlê J.L.M. Franken se aanname dat bg. gebeurtenis nie net saamhang met die "ontstaan" van Afrikaans nie, maar ook met die nasionale ontwaking van die Afrikaner, effektief. Scholtz voer bewyse vir die ontstaan van Afrikaans teen 1770 aan, skets die konteks waarbinne die uitroep van die beskonke Bibault verstaan moet word, betwyfel sy nasionale trots en wys op die beperking van die benaming "Afrikaan(d)er" tot die inboorlinge.

Scholtz heg veel meer waarde (vgl. "ondubbelsinnige getuienis" op p. 114) aan die skout-by-nag, Stavorinus se

uitspraak in ongeveer 1770 omtrent die nasionale karakter van die Kapenaars.

Scholtz wys op die verandering in begripsinhoud van die benamings Afrikaner en Boer. Africaan of Afrikaan(d)er is aanvanklik vir inboorlinge gebruik, is in 1707 vir die eerste maal deur Bibault op Blankes toegepas, is later gebruik vir almal wat aan die Kaap gebore is, is later (volgens 'n 1819-boek) tot die hele bevolking aan die Kaap uitgebrei en is in 1838 deur die Voortrekkerleier, Andries Pretorius, en 1849 deur 'n volksraadslid J.J. Burger gebruik. Daar moet ook gewys word op die verbinding "ware Afrikaander" wat deur S.J. du Toit in 1874 gebruik word.

Scholtz voer aan dat die benaming Boor of Boer in navolging van Engels in Afrikaans gekom het. Die oorspronklike betekenis daarvan was "Dutch or German peasant", dit het later uitgebrei tot "Dutch colonist" tot daar in die veertigerjare emosionele voorkeur aan die benaminge Boer, Boerevolk en Boeretaal as sinonieme vir Afrikaner gegee is. Die verskillende variante vir "Afrikaans", o.a. "Kaaps- Hollands" en "Kaaps" word ook genoem.

Met hierdie hoofstuk slaan Scholtz heelwat algemene opvattinge (o.a. dat Bibault die eerste Afrikaner was, dat Afrikaners hulself vroeër Boere genoem het en dat Boere van Afrikaanse oorsprong is) die nek in.

#### 4.7.10 1980: Wording en ontwikkeling van Afrikaans - Eksterne geskiedenis

Hierdie afdeling "Eksterne geskiedenis van Afrikaans" is 'n bondige relaas van die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal. Die geskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 tot 1979 word vanuit 'n sosio-politiek-historiese oogpunt belig. Scholtz sonder drie belangrike tydperke uit, t.w: die voorgeskiedenis, eerste fase van die taalbeweging en tweede fase van die taalbeweging.

Scholtz gee hier 'n oorsig van die belangrikste faktore wat tot verengelsing gelei het tydens die voorgeskiedenis. Hy verwys ook na die eerste Afrikaanse geskrifte en die feit dat hulle hoofsaaklik die taal van die nie-blankes weergee.

Die feit dat Scholtz nie twee taalbewegings onderskei nie, maar twee fases van een taalbeweging, is volgens E.H. Raidt (1980:10) "nuut en wetenskaplik".

Onder die eerste fase van die taalbeweging (wat hy as die Hollandse fase etiketteer) bespreek Scholtz die politieke ontwaking van die Afrikaner en die daarmee gepaardgaande taalstryd. Hy fokus op die rol wat taalstryders (o.a. J.H. Hofmeyr, Arnoldus Pannevis en veral S.J. du Toit), tydskrifte/koerante (o.a. De Zuid-Afrikaan, Die Afrikaanse Patriot en Ons Klyntji), belangrike gebeurtenisse (o.a. die erkenning van Hollands as amptelike taal in die parlement in 1882), geskrifte (o.a. Catharina, die dogter van die advokaat) en organisasies (o.a. die G.R.A. en Afrikanerbond) in die taalbeweging gespeel het.

Die hooftema van die tweede fase van die taalbeweging (volgens Scholtz die "Afrikaanse" fase) is die vestiging van Afrikaans in die parlement, kerk, onderwys (primêr tot sekondêr) en letterkunde. Daar word gefokus op taalstryders (o.a. J.H.H. de Waal, D.F. Malan, J.B.M. Hertzog, Eugène Marais, C.J. Langenhoven, Totius, J.J. Smith), belangrike gebeurtenisse (D.F. Malan se toespraak "Het is ons ernst"), erkenning van Afrikaans deur die Kaapse Provinsiale Raad in 1914, Wet no. 8 van 1925 waarvolgens Afrikaans as amptelike taal erken is, die 1933-Bybelvertaling en die verskyning van die eerste ses dele van WAT in 1970), tydskrifte/koerante (o.a. Die Brandwaq, Ons Moedertaal en Die Burger), gedigte (o.a. Winternag deur E.N. Marais en Die Vlakte deur Jan F.E. Cilliers) en organisasies (o.a. die Afrikaanse taalbewegings).

## Hoofstuk 4.8: TAALKUNDIGE KORRESPONDENSIE

Die skryfster is van mening dat Scholtz se korrespondensie met ander taalkundiges onder sy taalkundige arbeid bespreek moet word. Dit verteenwoordig weliswaar 'n klein en miskien minder belangrike "informele" komponent van sy taalkundige werksaamhede, maar regverdig m.i. om die volgende redes 'n afsonderlike bespreking as deel van Scholtz se bydrae op taalkundige gebied.

- 4.8.1 Scholtz bou daardeur 'n netwerk van inligting op.
- 4.8.2 Hy tree as bemiddelaar/kontakpersoon op.
- 4.8.3 Afrikaanse taalkundige produkte word in die buiteland bekend gestel.
- 4.8.4 Scholtz toets sy insigte aan oorsese taalkundiges.
- 4.8.5 Interaksie tussen neerlandici en Afrikaanse taalkundiges is noodsaaklik vir 'n deeglike beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans (en dit kom in sy korrespondensie aan die lig).
- 4.8.6 Scholtz word op hoogte gehou van buitelandse navorsing/ontwikkeling.
- 4.8.7 Vakgenote dien as waardevolle bron van materiaal vir Scholtz se navorsing.
- 4.8.8 Scholtz word op hoogte gehou op die breë front van die Taal en Lettere in Suid-Afrika en Nederland.
- 4.8.9 Scholtz bou vriendskappe op d.m.v. sy werk (wat in die korrespondensie tot uiting kom).

Voor daar tot 'n volledige bespreking van elkeen oorgegaan word, net die volgende i.v.m. die bewaring van Scholtz se korrespondensie. Scholtz met sy versienheid en bewaringsin, het besef dat sy korrespondensie met taalkundiges wel waardevol kan wees en het dit deur die jare bewaar (vanaf 1923). Daar is 104 dokumente (briewe, poskaarte, kaartjies ens.) wat deel vorm van die Scholtz-versameling wat in die J.S. Gericke-biblioteek op Stellenbosch gehuisves word. Die skryfster het 'n alfabetiese en chronologiese lys saamgestel wat in hierdie tesis as bylaag I vermeld word en die korrespondensie onder die volgende hofies uiteengesit:

- i) Naam van taalkundige,
- ii) plek waarvandaan hy afkomstig is en skrywe,
- iii) datum van brief,
- iv) aanspreekvorm vir Scholtz,
- v) lengte en vorm van die brief en
- vi) 'n kort inhoud van die brief.

Volledige besonderhede oor die artikels van Scholtz waarna daar soms baie kripties verwys word in die briewe en wat partykeer 'n hele speurveldtog gekos het om te identifiseer, word ook verskaf.

#### 4.8.1 Netwerk van inligting

Scholtz het 'n baie breë netwerk van taalkundige kontak opgebou soos blyk uit die geskakeerdheid t.o.v. taalkundiges, hul nasionaliteite, plekke waarvandaan hul skryf en datums van korrespondensie.

Hy het gekorrespondeer met 34 taalkundiges, nl.: Blimsa, Tigfús; Bosman, D.B. - hoogleraar, Universiteit van Kaapstad; Bouman, A.C. - hoogleraar, Universiteit van Stellenbosch, later Groningen; De Vooy, C.G.N. - hoogleraar, Neerlandistiek, Rijksuniversiteit van Utrecht; De Villiers, Meyer - hoogleraar, Universiteit van Stellenbosch; Eksteen, L.C. - hoogleraar, Universiteit van Pretoria, in 1990 aangewys as kulturele attaché; Franken, J.L.M. - hoogleraar, Universiteit van Stellenbosch; Hellinga, W.Gs. - hoogleraar, Gemeentelike Universiteit van Amsterdam; Hendrickse, Bobbie; Hesseling, D.C. - hoogleraar, Rijksuniversiteit van Leiden; Hiemstra, L.W. - taalkundige, Universiteit van Pretoria; Jespersen, C.H. - taalkundige, Denemarke; Kloeke, G.G. - germanis en dialektoloog, Haarburg, Leiden; Kritzinger, M.S.B. - taalkundige en leksikoloog, Universiteit van Pretoria; Labuchagne, F.J. - Potchefstroomse Universiteit; Le Roux, T.H. - hoogleraar, Universiteit van Pretoria; Nienaber, G.S. - hoogleraar en diachroniese taalkundige, Universiteit van Natal, tans verbonde aan die R.G.N; Odendal,

F.F. - hoogleraar en leksikoloog, Randse Afrikaanse Universiteit; Pienaar, P. de V. - hoogleraar, Universiteit van Pretoria; Ponelis, F.A. - hoogleraar, Universiteit van Stellenbosch; Raidt, E.H. - hoogleraar, Universiteit van die Witwatersrand; Reichling, A. - hoogleraar, taalwetenskap, Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam; Schönfeld, M. - taalhistorikus/neerlandikus; Scür, G.S. - germanis, Rusland; Smith, J.J. - hoogleraar, Universiteit van Stellenbosch en leksikograaf: Stoett, F.A. - neerlandikus, Leiden; Stuiveling, G. - hoogleraar, Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam; Van de Wijer H.J. - hoogleraar, Universiteit van Leuven; Valkhoff, M. - hoogleraar, romanis, Universiteit van die Witwatersrand; Van den Berg, B. - hoogleraar, neerlandikus, Rijksuniversiteit van Utrecht; Van Haeringen, C.B. - hoogleraar, neerlandikus, Rijksuniversiteit van Utrecht; Van Loey, A. - hoogleraar, Nederlandse filologie, Universiteit van Brussel; Venter, Louis - MA by die Universiteit van Natal gedoen en Verhage, J.A. - Nederlandse taalkundige, Knysna, later Universiteit van Kaapstad.

Dit blyk dat hy die meeste gekommunikeer het met Hellinga (vyftien briewe wat saam nagenoeg veertien getikte velle; vier lang en vier kort, handgeskrewe velle bedra), Kloeke (nege briewe wat saam nagenoeg veertien en 'n driekwart getikte velle bedra), Van Haeringen (sewe briewe wat nagenoeg agt lang en een kort, handgeskrewe vel bedra), Nienaber (sewe briewe wat nagenoeg veertien velle bedra) en Van den Berg (vier briewe wat saam nagenoeg een en 'n half getikte vel en twee handgeskrewe velle bedra).


Die korrespondensie sluit ook vier briewe van Scholtz (aan Stuiveling en Hesseling i.s. 'n moontlike aanstelling aan die Amsterdamse Universiteit en aan G.S. Nienaber en D.B. Bosman), 'n omsendbrief en 'n kettingbrief in.

Die nasionaliteite wat verteenwoordig word, is: Deens, Nederlands, Engels, Russies, Vlaams en Afrikaans.

Die briewe was afkomstig van etlike groot sentra in Europa - Kopenhagen, Brussels en Hamburg - : Nederlandse stede - Leiden, Utrecht, Haarlem, Amsterdam, Wassenaar, Oesterbeek, Groesbeek en Hilversum - : Rusland en dan plekke in Suid-Afrika - Stellenbosch, Nuweland, Pretoria, Pietermaritzburg, Potchefstroom, Knysna en Johannesburg. Dit is opmerklik dat Scholtz gereelde kontak het met akademië van drie groot Nederlandse universiteite, nl. Amsterdam, Leiden en Utrecht.

Die volgende grafiese voorstelling reflekteer die drukste tye van sy korrespondensie wat oor 'n tydperk van 41 jaar strek:

Figuur 4.8.1: Korrespondensie-frekwensie



Daar was duidelik verhoogde korrespondensie in die tydperke 1948-1952, 1954-1956 en 1961-1964.

Die periode van 1948-1952 verteenwoordig 'n uiters produktiewe tydperk in Scholtz se loopbaan, soos ook uit die inhoud van die korrespondensie blyk. Hy word die nuwe hoof van die Afrikaanse departement aan die Universiteit

van Kaapstad, hy grawe homself in die nuwe strominge in die taalkunde in en skryf 'n belangrike korrektiewe re-sensie oor Kloeke se veelbesproke werk - Herkomst en groei van het Afrikaans (1950).

Die tweede periode 1954-1956 hang saam met Scholtz se lang besoek aan Europa (1954) waartydens hy navorsing oor die algemene taalwetenskap gedoen het. Die periode 1961-1964 hang ook saam met 'n Europese besoek (1961); hy laat baie publikasies die lig sien (behalwe sy versameling op-stelle - Taalhistoriese opstelle - ook vyf ander artikels alleenlik in 1963); hy word weer eens (vgl. hoofstuk 2) deur die Amsterdamse Universiteit genader vir die profes-soraat en hy sluit sy werksaamhede by die Universiteit van Kaapstad af (hy tree af in 1965).

#### 4.8.2 Hy tree as bemiddelaar/kontakpersoon op

Soos uit die briewewisseling blyk, moes Scholtz optree as bemiddelaar en/of kontakpersoon: hy was dikwels die Ne-derlanders se kontak in S.A., die Suid-Afrikaners se kon-tak in Nederland of moes as tussenganger tussen twee par-tye optree. Die volgende voorbeelde illustreer Scholtz se betrokkenheid in hierdie verband. Die briewe is genommer volgens bylaag I):

- 1) Blimsa van Kopenhagen word in 1925 deur Scholtz ge-nooi om lesings te kom lewer (brief 1).
- 2) Scholtz het in 1948 by Hellinga navraag gedoen oor die moontlikheid om een van die studente wat Afri-kaans in die buiteland studeer, as dosent te verkry (brief 19).
- 3) In 1954 en 1955 tree Scholtz as bemiddelaar op tussen Hellinga en die skool vir doofstommes by Worcester i.s. Hellinga se linguistiese ondersoek na die doof-stommes (briewe 23 en 25).
- 4) Hellinga pols Scholtz in 1955 oor die moontlikheid om vir hom 'n betrekking in S.A. te vind (briewe 24 en 25).

- 5) Scholtz word in 1955 genader oor die wenslikheid van Van der Watt se opleiding in die strukturalisme in Amsterdam en dan word Scholtz gereeld genader om advies en beoordeling i.s. sy navorsing (briewe 24, 25 en 26).
- 6) Scholtz het 'n leeu-aandeel gehad in die uitnodiging in 1956 aan Hellinga om Suid-Afrika te kom besoek (briewe 26 en 27).
- 7) Scholtz het Hellinga ingelig omtrent E.H. Raidt se koms in 1963 (brief 33).
- 8) Scholtz is die skakelpersoon wat Kloeke in 1950 kontak i.v.m. J.A. Verhagè se dissertasie (brief 44).
- 9) Kloeke vra Scholtz in 1951 na die Suid-Afrikaanse belangstelling vir 'n moontlike publikasie van Meerhoff se joernaal en aantekeninge oor Jacob Cloete in Schouten se Aanmerkelyke Voyagie (brief 47).
- 10) Scholtz dien in 1950-1952 as aankoper van boeke vir Kloeke uit 'n honorarium wat hy van die Universiteit van Kaapstad ontvang het (briewe 44,45 en 48).
- 11) In 1963 bied Scholtz aan om Stuiveling behulpsaam te wees met name van moontlike kandidate vir 'n profesoraat aan die Amsterdamse Universiteit, aangesien hy self nie beskikbaar is nie (brief 82).
- 12) Valkhoff doen in 1949 by Scholtz navraag oor die kandidatuur vir 'n professorskap by die Universiteit van die Witwatersrand waarin hy belangstel (brief 86).
- 13) Scholtz sal in 1964 die eerste Suid-Afrikaanse naam op 'n kettingbrief wees waarvolgens linguïste en ander akademici uit die geesteswetenskappe hul publikasies/werkstukke aan mekaar stuur (brief 91).

#### 4.8.3 Suid-Afrikaanse taalkundige produkte word in die buiteland bekend gestel

Scholtz het erns daarmee gemaak om sy taalkundige publikasies aan Nederlandse akademici te stuur en veral goeie kontak op te bou met De Nieuwe Taalgids. Hieronder volg etlike van sy publikasies wat hy aan kollegas/vriende in die buiteland gestuur het:

- 1) 1934: "Bespreking van G.S. Nienaber, Oor die Afrikaanse Taal" (Die Burger, 23 Julie 1934) is in 1934 aan Hesseling gestuur (brief 36).
- 2) 1934: "Afrikaanse geskrifte aan Louis Henry Meurant uit die jare 1844-1850" (TWK, Julie 1934) is in 1934 aan Hesseling gestuur (brief 37).
- 3) 1935: "Afrikaanse geskrifte in ou Kaapse koerante en tydskrifte" (TWK, Mei 1935) en "Bydrae tot die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat" (TWK, Oktober 1935) is in 1935 aan Hesseling gestuur (brief 38).
- 4) 1935: "Bydrae tot die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat" (TWK, Oktober 1935) is in 1936 aan Stoett gestuur (brief 79).
- 5) 1938: Hy stuur in 1938 stellings i.v.m. sy proefskrif Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 aan C. de Vooy (brief 11).
- 6) 1943: "Die onderlinge verhouding van 'i' en 'e' in geslote sillabe" (Lingua, Junie 1943) is in 1949 aan Kloeke gestuur (brief 10).
- 7) 1947: "Leksikologiese aantekeninge uit ou Kaapse bronne" (TWK, Mei 1947) is in 1949 aan Kloeke gestuur (brief 42).
- 8) 1950: "Oor die herkoms van Afrikaans - 'n bespreking van G.G. Kloeke, Herkomst en groei van het Afrikaans" (Die Huisgenoot, 14 Julie - 4 Augustus 1950) stuur hy in 1950 en 1951 aan Bouman, Hellinga, Kloeke en Schönfeld (briewe 10,20,46 en 74).
- 9) 1950: "Die intervokaliëse 'd' in Afrikaans" (TWK, Oktober 1950) is in 1951 aan Hellinga gestuur (brief 21), Kloeke (brief 47) en Schönfeld (brief 73).
- 10) 1951: "Nederlandse invloed op die Afrikaanse woordeskat" (intreelesing, Lesingreeks van die Universiteit van Kaapstad, 1951) is in 1952 aan Kloeke gestuur (brief 49).
- 11) 1953: "Die geskiedenis van die Afrikaanse aanspreekvorme" (TWK, Oktober 1953) is in 1954 aan De Vooy (brief 12), Kloeke (brief 51), Van Haeringen (brief 92) en Van Loey (brief 99) gestuur.

- 12) 1953: "Aanspreekvorme aan die Kaap in die 18de eeu" (aanvulling by 1953, TGW, Desember 1962) is in 1963 aan Hellinga (brief 32), Van den Berg (brief 89) en Van Haeringen (brief 96) gestuur. Hierdie artikel en bespreking daarvan sou ook in De Nieuwe Taalgids verskyn.
- 13) "Die ontstaan van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel" en "Die ondergang van die nominale tweeklassesistiem in Afrikaans" (TWK, Oktober 1958) is in 1962 aan Van den Berg gestuur (brief 88).
- 14) 1963: "Woorde met sekondêre -'ing' in Afrikaans" verskyn in 1963 in De Nieuwe Taalgids (brief 97).
- 15) 1964: "Intervokaliëse labiodentale en bilabiaale konsonante in Afrikaans" (aanvulling by 1963 en 1950, TGW, Maart 1964) is in 1964 aan Hellinga (brief 34) en Van den Berg (brief 90) gestuur.
- 16) (s.j). Die Rus Scūr vra in 1964 Scholtz se Taalhistoriese opstelle aan (brief 75).

#### 4.8.4 Scholtz toets sy insigte aan oorsese taalkundiges

Uit die voorafgaande afdeling blyk dit dat Scholtz heelwat van sy publikasies deur buitelandse kollegas onder oë laat neem het om 'n bespreking uit te lok. Hy kon dan weer die kritiek, positiewe terugvoering en aanbevelings herkou en verwerk in daaropvolgende navorsing. Onder volgende van die terugvoering wat Scholtz van kollegas gekry het:

- 1) Bouman bespreek in 1950 kortliks sy Kloeke-resensie (brief 10), asook Hellinga (brief 20), Kloeke (brief 46) en Schönfeld (brief 74).
- 2) De Vooy's spreek in 1938 groot tevredenheid uit oor Scholtz se proefskrif Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875 (brief 13).
- 3) Hellinga bespreek in 1951 kortliks die "intervokaliëse 'd'" en verwys na die Kloeke-polemiek (brief 21), terwyl Kloeke e.g. volledig bespreek (brief 47).

- 4) Hellinga verwys in 1964 na die wetenskaplike kwaliteit van Scholtz se artikel oor die "intervokaliëse konsonante" (brief 34).
- 5) Hesseling maak enkele opmerkings oor Scholtz se Nienaber-resensie aangesien hy self 'n resensie oor Nienaber geskryf het (brief 36).
- 6) Kloeke verwys na die parallelle gevolgtrekkings waartoe hy en Scholtz kom soos blyk uit Scholtz se "Leksikologiese aantekeninge" (brief 42).
- 7) Kloeke gee 'n breedvoerige bespreking van Scholtz se Lingua-artikel (brief 43).
- 8) Kloeke verwys kortliks na die lesing wat Scholtz in 1948 in Leiden gehou het - "Die Afrikaanse taalkunde - 'n wetenskap in wording". Kloeke bespreek in 1951 volledig die "intervokaliëse 'd'" en streep twee belangrike prinsipiële gevolgtrekkings waartoe Scholtz kom, aan (brief 47).
- 9) Kloeke beaam Scholtz se opinie oor die Afrikaanse woordeboek (brief 48).
- 10) Kloeke bespreek kortliks Scholtz se intreelesing as nuwe departementshoof by die Universiteit van Kaapstad (brief 49).
- 11) Kloeke bespreek in 1954 die Scholtz-artikel oor Afrikaanse aanspreekvorme en in die besonder dit en julle volledig (brief 51). In dieselfde brief beaam hy Scholtz se siening dat die Duminy-dagboeke nie Afrikaans is nie.
- 12) Schönfeld bespreek in 1951 kortliks die "intervokaliëse 'd'" en verwys Scholtz na Pauwels se Album-Danse (brief 73).
- 13) Van den Berg is in 1964 deur Raidt gevra om Taalhistoriese opstelle te resenseer (brief 90).
- 14) Van Loey wys Scholtz in 1954 op 'n interpretasieprobleem van De Vooy wat in 'n voorbeeld in Scholtz se artikel oor die Afrikaanse aanspreekvorme voorkom (brief 99).
- 15) Scholtz gesels na sy referaat te Leiden met geleerdes soos Kloeke, De Vooy, Van Loey, Van de Weijer en Van Haeringen oor sy werk (brief 5).

4.8.5 Interaksie tussen neerlandici en Afrikaanse taalkundiges is noodsaaklik vir 'n deeglike beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans

Uit die korrespondensie word die mening helder geformuleer dat neerlandici en Afrikaanse taalkundiges moet meewerk aan die beskrywingstaak van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Die volgende weerspieël hierdie mening:

- 1) Hellinga en Scholtz het saamgewerk aan 'n navorsingstaak i.v.m. 'n struktuurvergelyking tussen Afrikaans en Nederlands. Uit die briewewisseling aangaande hul gesamentlike projek blyk dit dat wisselwerking tussen die twee taalkundiges onontbeerlik is vir die suksesvolle voltooiing daarvan.

Hellinga vra Scholtz bv. vir aanvullende materiaal/inligting/vrae, aangesien sy eie "brokkeliger" en "onvollediger" is. Hellinga bou voort op die werk - "substantivishce klassifikasie" - wat Scholtz met sy derdejaars gedoen het. Hellinga sou graag in daaglikse kontak met Scholtz wou wees om aan die projek te werk.

Hellinga besluit om 'n Afrikaanse student Van der Watt in te span om te help met die projek. Alhoewel hy onder Hellinga en Reichling sou werk, was Scholtz se raad en sy beoordeling van die Afrikaanse komponent van sy werk noodsaaklik (briewe 23,24,25 en 26).

- 2) Hellinga praat van 'n samewerking op universitêre gebied. (brief 27).
- 3) Scholtz self bestempel die kontak met Nederlandse vakgenote as een van die belangrikste beweegredes hoekom hy die pos aan die Universiteit van Amsterdam sou aanvaar (brief 30).

- 4) Die taalkundiges gebruik mekaar se voorbeelde/gevolgtrekkings in hul publikasies. Kloeke en Scholtz kom baie keer tot dieselfde gevolgtrekkings/verkry parallelle resultate i.v.m. hul studie oor die herkoms en groei van Afrikaans. Kloeke haal Scholtz dan ook aan in sy belangrike werk (Kloeke 1950). Van Loey sou graag die 1741-jully-voorbeeld waarop Scholtz afgekom het in die vyfde druk van sy historiese grammatika wou gebruik, maar het te laat daarvan kennis geneem (briewe 42,43 en 99).
- 5) Nederlandse akademici tree soms as eksterne eksaminators by Afrikaanse proefskrifte op, o.a. Kloeke by die beoordeling van J.A. Verhage se dissertasie - 'n Sintakties-stilistiese studie van die dagregister van Jan van Riebeeck - waarvan Scholtz die promotor was (brief 44).
- 6) D.m.v. Kloeke kon Scholtz enkele woorde waaroor hy meer dialektgeografiese inligting wou hê, deur die Dialekburo laat ondersoek. Scholtz moes weer op sy beurt Kloeke behulpsaam wees met inligting aangaande woorde wat hy vir sy eie studie dialektgeografies laat ondersoek het (brief 45).
- 7) Kloeke meen dat hy "nog soveel" van Scholtz kon leer (brief 43).
- 8) Schönfeld wys op die wenslikheid van gereelde kontak tussen Nederlandse en Afrikaanse vakgenote (brief 74).
- 9) Van den Berg sê dat hy Scholtz se opdrag vir die samewerking van neerlandici ernstig opneem deurdat hy materiaal vir Scholtz in argiewe gaan soek (brief 89).
- 10) Kloeke gesels dikwels met Scholtz om sy Afrikaans te verbeter. Scholtz reken dat Kloeke nie sy werk oor

Afrikaans kan skryf sonder die samewerking van Afrikaanse kollegas nie (brief 5).

Scholtz besoek die WNT (brief 5).

#### 4.8.6 Scholtz word op hoogte gehou van buitelandse navorsing/ontwikkeling

Scholtz word d.m.v. sy briewewisseling goed op hoogte gehou van die navorsing waarmee kollegas besig is, nuwe publikasies vanuit buitelandse geleedere en lesings wat oorsee gehou word soos blyk uit die volgende:

- 1) Hellinga verstrek inligting oor die nuwe De Groot-publikasie waaroor Scholtz navraag gedoen het en hy beveel aan dat Scholtz moet inteken op sekere tydskrifte om tred te hou met ontwikkelings t.o.v. die strukturalisme (brief 19).
- 2) Scholtz verneem van verskeie publikasies wat Hellinga persklaar kry, nl. twee publikasies oor die boekdruk-kuns, die Bradshaw-korrespondensie, 'n omvattende bibliografie van Nederlandse inkunabele en 'n Gysbrecht-uitgawe (briewe 32 en 33). Reichling stuur in 1958 vir Scholtz 'n afskrif van sy publikasie oor Maleis aan die Kaap (brief 72).
- 3) Hellinga doen navorsing oor verskeie handskrifte by Paryse biblioteke met die oog op 'n Reynaert-uitgawe (brief 13).
- 4) Hellinga en 'n kollega Fried Balk-Smit is werksaam op die gebied van die taal terapie - 'n ondersoek na die taalwerwing van doofstommes (briewe 22,23 en 24).
- 5) Hellinga bekom inligting oor taalstoornisse, bv. woordblindheid (brief 24).
- 6) Hellinga werk saam met ander dissiplines op die gebied van die neurolinguistiek (brief 25).
- 7) Scholtz kry 'n goeie aanduiding van die werk wat in 1923 by die Kopenhaagse Universiteit deur akademici soos Pedersen, Jespersen, Bogholm en Brussendorff gedek word (brief 40).

- 8) Schönfeld meld in 1951 'n nuwe ondersoek, i.v.m. die naamkunde, waarmee hy besig is (brief 74).
- 9) In 1961 vind daar 'n colloquium in Amsterdam plaas oor "Meganisering in die taalkunde" waaraan sprekers soos Reichling en De Tollenaere deelneem (brief 94).

#### 4.8.7 Vakgenote dien as waardevolle bron van materiaal vir Scholtz se navorsing

Scholtz se buitelandse kollegas diep gereeld materiaal op uit oorsese publikasies, gesprekke met ander vakkundiges, argiewe of uit hul eie skat van kennis wat vir hom tot nut in sy studies kan wees. Die prikkel in die meeste gevalle was die lees van een van Scholtz se artikels. Die volgende dien as voorbeelde hiervan:

- 1) Bouman vestig Scholtz se aandag in 1951 op leksikologiese interessantheite wat hy raakgeloop het in 'n gesprek met 'n botanicus-vriend, die publikasie - A dictionary of plantnames (H.L. Gerth van Wyk)- en sy eie kennis (brief 9).
- 2) Hesseling wys Scholtz op die ooreenkoms tussen 'n rymple/spreuk wat Meurant gebruik het met een van Vondel. (brief 37).
- 3) Hesseling wissel interessante eie gedagtes oor 'n paar woorde wat hy onder Scholtz se aandag bring (brief 38).
- 4) Stoett verstrek in 1936 heelwat aanvullende inligting by Scholtz se artikel oor die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat (brief 79).
- 5) Van den Berg soek vir Scholtz materiaal oor ou aanspreekvorme in die Haarlemse gemeente-argief en stuur vir hom interessante voorbeelde uit die kerktaal van Delfsthaven, St. Bavo en Weesp en uit die Leidse taalatlas (briefe 90 en 91).
- 6) Franken vestig Scholtz se aandag op Bouman se Het Nederlands voorvoegsel -ka (brief 18).
- 7) Verhage noem nog 'n voorbeeld i.s. Scholtz se relaas oor die verkleiningsuitgang in Oud-Beierland (brief 103).

- 8) Verhage lig Scholtz in oor sy Knysna-personeel se gebruik van "voorskooie" en hy noem ook die voorbeeld "wederom" naas Scholtz se "weder" (brief 104).
- 9) Scholtz verkry ook materiaal/inligting d.m.v. vraelyste wat hy aan kollegas stuur (vgl. brief 42).
- 10) Eksteen stuur vir Scholtz 'n lys van Nederlandse werke oor die gemene reg wat Scholtz aangevra het (brief 15).

#### 4.8.8 Hy word op die hoogte gehou op die breër front van die Afrikaanse Taal en Lettere

Scholtz word op die hoogte gehou van die werksaamhede van en nuus oor ander taalkundiges en letterkundiges.

Hy verneem o.a. van G.J. Labuschagne se doktorale skripsie oor sinsverbindings in Afrikaans, Fried Balk-Smit se proefskrif oor Het liplezen als linguïstisch probleem, Hellinga en Merwe Scholtz se manuskrip oor die stilistiek, Hellinga se interpretasie van die Nagwag wat tot boekvorm verwerk word, Hellinga se populêre Reynaert-uitgawe en Van den Berg se deelname aan 'n filoloëkongres in 1963 (briewe 19,22,24 en 90).

Scholtz hoor van Hellinga en van Wyk Louw se lesings oor "De eenheid van het literaire kunstwerk", Elize Lindes se proefskrif oor Opperman se "Sprokie van die spikkelkoei" en Merwe Scholtz se dissertasie wat nie byval by Bouman gevind het nie (briewe 10,22,23 en 24).

#### 4.8.9 Scholtz bou vriendskappe op d.m.v. sy werk

Scholtz se vriendekring het hoofsaaklik uit kollegas/vakgenote bestaan. Baie van hulle was eers kollegas, maar het later d.m.v. gesamentlike projekte en belangstellingsvriende geraak (soos aangedui deur die aanspreekvorme in die briewe). Hellinga het Scholtz aanvanklik aangespreek as Kollega, maar na noue kontak tydens Scholtz se oorsese

toer as Canis ('n ou bynaam). Van den Berg se Professor het mettertyd Kollega geraak. De Villiers, Bouman en Hesseling spreek hom aan as Canis, terwyl Valkhoff sy voor- naam Du Plessis gebruik en sy ou leermeester Stoett en Franken hom aanspreek as Scholtz.

### Slot

Uit die briewewisseling wil dit deurskemer hoe toegewyd hy aan sy werk was; hy was 'n ywerige korrespondent in soverre dit sy taalhistoriese arbeid betref en het selfs sy "vryetyd", kuiertjies van vriende/kollegas en oorsese vakansies gewy aan sy navorsing en studies. Dit was dus vir hom 'n lewenstaak - inspanning sowel as ontspanning.

Daar moet pertinent gewys word op die goeie kontak wat Scholtz met Hellinga, Hesseling en Kloeke gehad het. Veral die briewewisseling en noue relasie met Hesseling is belangrik, aangesien hy seker die mees vooraanstaande neerlandikus van die jare vyftig is. Ook van belang is die feit dat Scholtz hom na Suid-Afrika wou bring in 'n doseerhoedanigheid.